

6140 92542

U.O.V.S. BIBLIOTEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

University Free State



34300001167281

Universiteit Vrystaat

**DIE VERBAND TUSSEN HOOP EN  
PSIGOLOGIESE WELSTAND BY  
ADOLESENTE**

**Ida Pienaar**

Proefskrif

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad  
Philosophiae Doctor in die Fakulteit Geesteswetenskappe, Departement  
Sielkunde,

(in Kindersielkunde en Aanverwante Terreine)

aan die Universiteit van die Vrystaat

Januarie 2002

PROMOTOR: Dr. R.B.I. Beukes

## ERKENNINGS

Hiermee wil ek graag my opregte dank uitspreek aan die volgende persone en instansies:

- My promotor, dr. Roelf Beukes, vir sy kreatiewe denke, leiding en beskikbaarheid.
- Dr. Karel Esterhuyse vir sy kundigheid in die statistiese verwerkings.
- Die datatikers van die Universiteit van die Vrystaat vir die insleutel van die vraelyste.
- Dr. Manie Wolfaardt vir die taalkundige versorging.
- Die skoolhoofde en leerders van die skole waar die vraelyste van die navorsing afgeneem is.
- Louise Boshoff vir die saamwerk aan die afneem van die vraelyste.
- My ouers vir die luisterende oor.
- Jancke vir sy presiesheid, bystand en ure se saamwerk.

## INHOUDSOPGAWE

**Bladsy**

Erkennings .....	(ii)
Inhoudsopgawe .....	(iii)
Lys van figure .....	(xi)
Lys van tabelle .....	(xii)
Opsomming .....	(xvi)
Summary .....	(xvii)

### HOOFSTUK 1

#### PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLING VAN NAVORSING

1.1 Inleiding .....	1
1.2 Probleemstelling .....	1
1.3 Spesifieke doelwitte .....	4
1.4 Terminologie .....	4
1.4.1 Hoop .....	5
1.4.2 Psigologiese welstand .....	5
1.5 Opsomming en uiteensetting van die navorsing .....	6

### HOOFSTUK 2

#### 'N TEORETIESE ONDERSOEK NA DIE KONSEP "HOOP"

2.1 Inleiding .....	8
2.2 Ontstaan van die konsep "hoop" .....	9
2.3 Begripsverklaring .....	10

2.3.1	Definiëring.....	10
2.3.2	Verbandhoudende bewussynstoestande.....	11
2.3.2.1	Behoeftte of begeerte.....	11
2.3.2.2	Optimisme.....	11
2.3.2.3	Self-effektiwiteit.....	13
2.3.2.4	Self-aktualisasie.....	15
2.3.2.5	Lokus van kontrole.....	16
2.3.2.6	Hoop as soeke na betekenis.....	18
2.3.3	Hoop, hopeloosheid en wanhoop.....	19
2.3.4	Ware of vals hoop.....	21
2.3.5	Samevatting.....	22
2.4	Teoretiese verklaring van hoop.....	22
2.4.1	Algemene verklarings.....	22
2.4.1.1	Sosiaal-konstruksionisme.....	23
2.4.1.2	Fenomenologies eksistensiële benadering tot hoop.....	24
2.4.2	Spesifieke verklaring.....	26
2.4.2.1	Snyder se teorie oor hoop.....	27
2.4.2.1.1	Fasiliteringsbaan- en werkbaankomponente.....	27
2.4.2.1.2	Ontwikkeling van hoop soos beskryf deur Snyder, Cheavens en Sympson (1997).....	28
2.4.2.1.3	Die toepassing van die hoopteorie.....	30
2.4.2.1.4	Snyder se navorsing.....	31
2.4.2.2	Averill, Catlin en Chan se teorie.....	31
2.4.2.3	Lazarus se siening oor hoop.....	33
2.4.2.4	Hoop as gemoedstoestand.....	34
2.5	Hoop en ander psigiese funksies.....	37
2.5.1	Hoop en godsdienst.....	37
2.5.2	Hoop as hanteringsmeganisme.....	39
2.6	Samevattende hoopmodel.....	41
2.7	Hoopproses.....	41
2.8	Aard van Hoop.....	44
2.8.1	Geslag.....	44

2.8.2 Ouderdom ..... 44

2.8.3 Kultuur ..... 45

2.9 Die waarde van hoop vir die sielkunde ..... 46

2.10 Samevatting ..... 48

### HOOFSTUK 3

#### PSIGOLOGIESE WELSTAND

3.1 Inleiding ..... 51

3.2 Paradigma skuif: Patogene vs. positiewe paradigma ..... 54

3.3 Definiëring van psigologiese welstand as metateorie ..... 56

3.3.1 Begripsverklarings ..... 56

    3.3.1.1 Salutogenese ..... 56

    3.3.1.2 Fortogenese ..... 57

    3.3.1.3 Psigofortologie ..... 58

3.3.2 Teoretiese verklarings op mikrovlak ter konseptualisering van sterktes (Hipotese vlak) ..... 58

    3.3.2.1 Koherensiesin ..... 59

    3.3.2.2 Fortaliteit ..... 60

    3.3.2.3 Lewenstevredenheid ..... 60

    3.3.2.4 Gehardheid en Coping ..... 61

    3.3.2.5 Potensie ..... 61

    3.3.2.6 Aangeleerde vindingrykheid ..... 62

3.3.3 Strukturele modelle ter verklarings van teoretiese konsepte ..... 62

    3.3.3.1 'n Holistiese model vir welstand en voorkoming oor die lewenspan (Witmer & Sweeney, 1992) ..... 63

        3.3.3.1.1 Samevattend ..... 66

    3.3.3.2 Multidimensionele sisteemmodel van Crose, Nicholas, Gobble en Frank (1992) ..... 66

        3.3.3.2.1 Samevattend ..... 72

    3.3.3.3 Tweede-ordekubernetika ..... 72

        3.3.3.3.1 Samevattend ..... 73

3.3.3.4	Eberst (1984).....	74
3.3.3.5	Opsomming.....	74
3.4	Psigologiese weerbaarheid.....	75
3.4.1	Funksionele model: Kumpfer se transaksionele raamwerk vir weerbaarheid.....	77
3.4.1.1	Stressore of uitdagings.....	78
3.4.1.2	Die eksterne omgewingskonteks en beskermende faktore.....	79
3.4.1.3	Persoon-omgewing-interaksionele proses.....	80
3.4.1.4	Interne selfweerbaarheidsfaktore.....	82
3.4.1.4.1	Spirituele of motiverende kenmerke.....	82
3.4.1.4.2	Kognitiewe vermoëns.....	84
3.4.1.4.3	Gedrag/sosiale vaardighede.....	86
3.4.1.4.4	Emosionele stabiliteit en hantering van emosies.....	87
3.4.1.4.5	Fisieke gesondheid en vaardighede.....	88
3.4.1.5	Weerbaarheidsproses.....	89
3.4.1.6	Positiewe lewensuitkomste.....	90
3.4.2	Beoordeling van Kumpfer se model.....	90
3.5	Die rol van hoop in psigologiese welstand.....	91
3.6	Psigologiese welstand in die Suid-Afrikaanse konteks.....	92
3.7	Samevatting ten opsigte van die begrip "psigologiese welstand".....	92

## HOOFSTUK 4

### ADOLESENSIE

4.1	Inleiding.....	94
4.2	Adolesensie: 'n Geskiedkundige oorsig.....	94
4.3	Teorie van verandering.....	96
4.4	Sosiale ekologieë van die adolessent.....	97
4.4.1	Ontwikkelingsteorie van Vygotsky.....	98
4.4.1.1	Kultuur.....	99
4.4.1.2	Politiek.....	101

4.4.1.3	Sosio-ekonomiese omstandighede.....	102
4.4.1.4	Geslag .....	103
4.4.1.5	Onderwys .....	104
4.5	Identiteitsvorming.....	107
4.5.1	Identiteitsontwikkeling vs. rolverwarring.....	108
4.5.2	Toepassing .....	110
4.6	Toepassing van 'n hoopmodel op adolessensie.....	114
4.6.1	Spiritueel.....	114
4.6.1.1	Ontwikkelingsteorie: Kohlberg.....	115
4.6.2	Gedrag .....	116
4.6.2.1	Seksualiteit .....	118
4.6.2.2	MIV/VIGS .....	120
4.6.2.3	Tienerswangerskap.....	122
4.6.2.4	Geweld .....	122
4.6.2.5	Middelmisbruik: alkohol, sigarette en ander dwelms.....	124
4.6.3	Kognitiewe ontwikkeling .....	126
4.6.3.1	Ontwikkelingsteorie: Piaget .....	126
4.6.4	Emosionele aspekte: Depressie en selfmoord.....	128
4.7	Samevatting.....	129

## HOOFSTUK 5

### ONDERSOEKMETODE

5.1	Inleiding.....	131
5.2	Kriteria- en voorspeller veranderlikes.....	132
5.2.1	Kriteria vir bepaling van psigologiese welstand.....	132
5.2.2	Voorspeller veranderlikes .....	132
5.3	Meetinstrumente.....	133
5.3.1	Instrumente vir die meting van hoop (voorspeller veranderlike).....	133
5.3.1.1	Hoopskaal.....	133
5.3.1.1.1	Ontwikkeling en rasionaal.....	133



5.3.1.1.2	Aard, administrasie en interpretasie .....	134
5.3.1.1.3	Geldigheid en betroubaarheid .....	135
5.3.1.1.4	Motivering vir gebruik .....	136
5.3.1.2	Aard van hoop .....	136
5.3.1.2.1	Ontwikkeling en rasionaal .....	136
5.3.1.2.2	Aard, administrasie en interpretasie .....	136
5.3.1.2.3	Geldigheid en betroubaarheid .....	137
5.3.1.2.4	Motivering vir gebruik .....	140
5.3.1.3	Oop vraag .....	140
5.3.1.3.1	Motivering vir gebruik .....	140
5.3.2	Instrumente vir die meting van psigologiese welstand (kriterium) .....	141
5.3.2.1	Die Lewenstevredenheidskaal (Diener et al, 1985) .....	141
5.3.2.1.1	Ontwikkeling en rasionaal .....	141
5.3.2.1.2	Aard, administrasie en interpretasie .....	141
5.3.2.1.3	Geldigheid en betroubaarheid .....	142
5.3.2.1.4	Motivering vir gebruik .....	142
5.3.2.2	Die Fortaliteit-vraelys (Pretorius, 1997) .....	142
5.3.2.2.1	Ontwikkeling en rasionaal .....	142
5.3.2.2.2	Aard, administrasie en interpretasie .....	143
5.3.2.2.3	Geldigheid en betroubaarheid .....	143
5.3.2.2.4	Motivering vir gebruik .....	144
5.3.2.3	Die Lewensoriëntasieskaal of koherensiesinskaal (Antonovsky, 1987) .....	144
5.3.2.3.1	Ontwikkeling en rasionaal .....	144
5.3.2.3.2	Aard, administrasie en interpretasie .....	144
5.3.2.3.3	Geldigheid en betroubaarheid .....	145
5.3.2.3.4	Motivering vir gebruik .....	145
5.3.2.4	Interne konsekwentheid van bogenoemde drie vraelyste .....	146
5.4	Ondersoekgroep .....	146
5.5	Insameling van gegewens .....	147
5.6	Navorsingsvraag .....	148
5.7	Statistiese prosedure .....	148

## HOOFSTUK 6

### RESULTATE EN BESPREGING DAARVAN

6.1	Inleiding.....	152
6.2	Beskrywende statistiek.....	152
6.3	Voorkoms van hoop.....	153
6.3.1	Sosiaal.....	155
6.3.2	Loopbaankeuse.....	157
6.3.3	Ekonomie.....	158
6.3.4	Uitgebreide gesin en betekenisvolle ander.....	160
6.3.5	Hoop: werkbaan.....	162
6.3.6	Hoop: fasiliteringsbaankomponent.....	164
6.4	Resultate van die oop vraag.....	167
6.4.1	Geslagsverskille.....	171
6.4.1.1	Intrapersoonlike aspekte.....	172
6.4.1.2	Finansiële sukses.....	173
6.4.1.3	Sukses op sportgebied.....	174
6.4.2	Taalverskille.....	175
6.4.2.1	Sosiale verhoudinge/intimiteit.....	176
6.4.2.2	Erkenning van goddelikheid.....	177
6.5	Resultate van hiërargiese regressie-ontledings.....	178
6.6	Samevatting.....	184

## HOOFSTUK 7

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1	Inleiding.....	190
7.2	Navorsingsvrae.....	190

7.2.1	Hoe word hoop in die literatuur as 'n konstruk omskryf en hoe kan 'n teoretiese hoopmodel ontwikkel word? .....	190
7.2.2	Wat is die hoopproses soos wat dit in die literatuur na vore kom? .....	191
7.2.3	Wat is die aard van hoop van die adolessent? .....	192
7.2.4	Wat is die aard van psigologiese welstand soos wat dit in die literatuur omskryf word? .....	193
7.2.5	Wat is volgens die literatuur die rol van hoop en psigologiese welstand by die adolessent? .....	194
7.2.6	Wat is die empiriese verband tussen hoop en psigologiese welstand van die adolessent? .....	194
7.2.6.1	Fortaliteit .....	195
7.2.6.2	Koherensiesin .....	195
7.2.6.3	Lewenstevredenheid .....	196
7.2.7	Is daar enige verskille tussen verskillende geslagte en taalgroepe betreffende die vlak van psigologiese welstand en hoop? .....	197
7.2.8	Wat is die bydrae van hierdie navorsing? .....	198
7.3	Aanbevelings vir verdere navorsing .....	200
	<b>BRONNELYS</b> .....	201
	<b>BYLAAG A</b> .....	236

## LYS VAN FIGURE

	Bladsy
<b>Figuur 2.1:</b> Herhalende werking van fasiliteringsbaan- en werkbaankomponente (Snyder, in press).....	28
<b>Figuur 2.2:</b> Hoopmodel.....	41
<b>Figuur 2.3:</b> Die hoopproses.....	42
<b>Figuur 3.1:</b> Model ter verklaring van psigologiese welstand (Wissing, 2000).....	53
<b>Figuur 3.2:</b> Die wiel van welstand en voorkoming van Witmer en Sweeney (1992) (Aangepas deur Van Eeden (1996, p.77).....	64
<b>Figuur 3.3:</b> 'n Sisteemmodel van psigologiese welstand (Croese et al. , 1992, p. 150).....	68
<b>Figuur 3.4:</b> Weerbaarheidsraamwerk van Kumpfer (1999, p.185).....	78

## LYS VAN TABELLE

	<b>Bladsy</b>
<b>Tabel 3.1:</b> Multidimensionele evalueringskomponente (Croese et al., 1992, p.153).....	71
<b>Tabel 5.1:</b> <i>Oblique</i> -geroteerde faktormatriks rakende items van die hoopskaal.....	138
<b>Tabel 5.2:</b> Spesifieke items waaruit subskale van die hoopskaal saamgestel is.....	139
<b>Tabel 5.3:</b> Cronbach se $\alpha$ -koëffisiënte vir die vier hoopskale en vir die taalgroepe afsonderlik.....	139
<b>Tabel 5.4:</b> Cronbach se $\alpha$ -koëffisiënte vir die meting van psigologiese welstand vir die drie taalgroepe.....	146
<b>Tabel 5.5:</b> Frekwensieverspreiding van ondersoekgroep volgens geslag en taalgroepering.....	147
<b>Tabel 6.1:</b> Gemiddeldes en standaardafwykings vir die totale ondersoekgroep rakende die kriteria- en voorspeller veranderlikes.....	152
<b>Tabel 6.2:</b> Samestelling van skaalindekse vir die subskaal: sosiaal.....	154
<b>Tabel 6.3:</b> Samestelling van skaalindekse vir die ses hoopskale.....	154

<b>Tabel 6.4:</b>	Mate van hoop op sosiale vlak wat deur die adolessente volgens taal en geslag ervaar word.....	155
<b>Tabel 6.5:</b>	Mate van hoop rakende loopbaankeuse wat deur die adolessente volgens taal en geslag ervaar word.....	157
<b>Tabel 6.6:</b>	Mate van hoop op ekonomiese vlak wat deur die adolessente volgens taal en geslag ervaar word.....	159
<b>Tabel 6.7:</b>	Mate van hoop op die vlak van uitgebreide gesin en betekenisvolle ander wat deur die adolessente volgens taal en geslag ervaar word.....	160
<b>Tabel 6.8:</b>	Mate van hoop op hoop: werkbaan wat deur die adolessente volgens taal en geslag ervaar word.....	162
<b>Tabel 6.9:</b>	Mate van hoop op hoop: fasiliteringsbaan wat deur die adolessente volgens taal en geslag ervaar word.....	164
<b>Tabel 6.10:</b>	Interkorrelasies vir die totale groep.....	166
<b>Tabel 6.11:</b>	Aanvanklike kodering van response op die oop vraag.....	168
<b>Tabel 6.12:</b>	Saamgestelde groeperinge van aspekte.....	169
<b>Tabel 6.13:</b>	Chi-kwadraatwaardes vir die toets van geslagsverskille in die belangrikste aspek waarop deur adolessente gehoop word.....	171

## Bladsy

<b>Tabel 6.14:</b> Kruistabulering van seuns en dogters rakende intrapersoonlik as belangrikste aspek waarop gehoop word.....	172
<b>Tabel 6.15:</b> Kruistabulering van seuns en dogters rakende finansiële sukses as belangrikste aspek waarop gehoop word.....	173
<b>Tabel 6.16:</b> Kruistabulering van seuns en dogters rakende sukses op sportgebied as belangrikste aspek waarop gehoop word.....	174
<b>Tabel 6.17:</b> Chi-kwadraatwaardes vir die toets van taalverskille in die belangrikste aspek waarop deur die adolessente gehoop word.....	175
<b>Tabel 6.18:</b> Kruistabulering van die drie taalgroepe rakende sosiale verhoudinge/intimiteit as belangrikste aspek waarop gehoop word.....	176
<b>Tabel 6.19:</b> Kruistabulering van die drie taalgroepe rakende erkenning van goddelikheid as belangrikste aspek waarop gehoop word.....	177
<b>Tabel 6.20:</b> Bydraes van die verskillende veranderlikes tot $R^2$ vir lewenstevredenheid.....	179
<b>Tabel 6.21:</b> Bydraes van die verskillende veranderlikes tot $R^2$ vir fortaliteit.....	181

**Tabel 6.22:** Bydraes van die verskillende veranderlikes tot  $R^2$   
vir koherensiesin.....

183



## OPSOMMING

### DIE VERBAND TUSSEN HOOP EN PSIGOLOGIESE WELSTAND BY ADOLESSENTE.

**KERNWOORDE:** Hoop, psigologiese welstand, adolessent, hoopmodel, hoopproses, gemoedstoestand, lewenstevredenheid, koherensiesin, fortaliteit, Suid-Afrikaanse konteks.

Die primêre doel van hierdie navorsing was om die verband tussen **hoop** en **psigologiese welstand** by die **adolessent** te ondersoek. Die konstruk "hoop" is in hierdie navorsing teoreties ondersoek en 'n **hoopmodel**, asook 'n **hoopproses** is ontwikkel. Hoop is beskryf as 'n wat 'n konatiewe funksie inhou, ten einde die uitvoering van doelwitte te bewerkstellig. Hoop is vir die doel van hierdie studie binne 'n fenomenologies-eksistensiële raamwerk geplaas. Die aard van hoop by die adolessent is ook ondersoek. Psigologiese welstand soos wat dit binne die wetenskap, psigofortologie, voorkom, is teoreties ondersoek. Psigologiese welstand is gedefinieer as 'n toestand aan die positiewe kant van 'n kontinuum, wat bereik word nadat daar deur 'n dinamiese proses van weerbaarheid beweeg is. Die konstrakte, **lewenstevredenheid**, **koherensiesin** en **fortaliteit** is gebruik om psigologiese welstand te bepaal.

Adolessensie is teoreties as 'n belangrike ontwikkelingsfase omskryf. Daar is spesifiek gelet op die rol wat hoop speel in die uitbouing van psigologiese welstand van die adolessent binne die **Suid-Afrikaanse konteks**.

In die empiriese ondersoek is van die trossteekproeftrekkingsmetode gebruik gemaak om 6 skole in die Oos-Kaap en 5 skole in Gauteng te identifiseer, wat aan die navorsing sou meedoen. Al die Graad 12-leerders van daardie spesifieke skole is genader om vraelyste te voltooi. Die ondersoekgroep het bestaan uit 1238 adolessente. In hierdie navorsing is psigologiese welstand vasgestel deur die Lewenstevredenheidskaal van Diener, Emmons, Larsen en Griffen (1985), die Fortaliteitvraelys van Pretorius (1997) en die Lewensoriëntasieskaal van Antonovsky (1987). Die voorkoms van hoop is bepaal deur die

Hoopskaal van Snyder et al. (1991a) en die aard van hoop is vasgestel deur 'n selfopgestelde vraelys en 'n oopeinde vraag. Die statistiese beduidendheid van die selfopgestelde vraelys is bepaal. Goeie betroubaarheidsindekse is vir al die vraelyste en skale wat gebruik is verkry.

Die hoopvlakke van die adolessent is op 6 subskale van hoop bepaal, naamlik: sosiaal, loopbaankeuse, ekonomie, uitgebreide gesin en betekenisvolle ander, hoop: werkbaan en hoop: fasilitering. Uit die komponente is die hoogste hoop geplaas op ekonomie, uitgebreide gesin en betekenisvolle ander asook hoop: fasilitering. Die afleiding is gemaak dat adolessente se motiveringsvlakke (fasilitering) hoër is as wat hulle strategieë (werkbaandenke) is. Wat die resultate van die oopeinde vraag betref, is sosiale verhoudinge/intimiteit, akademiese prestasie en erkenning van goddelikheid as belangrike aspekte waarop gehoop word, aangedui.

Daar is bevind dat dit elke keer die stel hoopkomponente was wat die grootste bydrae tot die verklaring van variansie van die verskillende komponente (lewenstevredenheid, fortaliteit, koherensiesin) van psigologiese welstand gelewer het, en nie die biografiese stel veranderlikes nie. Dit was opvallend dat hoop: werkbaan in al drie die psigologiese welstandsfaktore 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van variansie gelewer het, asook 'n groot effekgrootte. By fortaliteit en koherensiesin het die komponent sosiaal 'n beduidende statistiese bydrae tot die verklaring van variansie gelewer. By fortaliteit het die komponente uitgebreide gesin en betekenisvolle ander ook 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van variansie gelewer.

Uit die resultate is daar aanbevelings vir verdere navorsing gemaak. Dit het geblyk asof die model wat die proses van hoop aandui, suksesvol gebruik kan word om hoop en so ook psigologiese welstand van die adolessent uit te bou.

## SUMMARY

### THE RELATIONSHIP BETWEEN HOPE AND PSYCHOLOGICAL WELL-BEING IN ADOLESCENTS

**KEYWORDS:** Hope, psychological well-being, adolescent, model of hope, process of hope, mood, sense of coherence, satisfaction with life, fortitude, South African context.

The primary goal of this research was to investigate the relationship between **hope** and **psychological well-being** in **adolescents**. The construct "hope" was theoretically explored and a **model of hope**, as well a **process of hope** was developed. Hope is described as a **mood**, which contains a conative function in order to accomplish the execution of goals. Hope was, for the purpose of this research, placed within the phenomenological existensial framework. The nature of hope of the adolescent was also investigated. Psychological well-being was explored as it can be found within the science of psychofortology. Psychological well-being is defined as a position on the positive side of a continuum, which can be reached after a dynamic process of resilience, has been completed. The constructs **sense of coherence**, **satisfaction with life** and **fortitude** was used to determine psychological well-being.

Adolescence is theoretically described as an important developmental stage. Specific attention was paid to the role of hope in the extension of psychological well being of the adolescent within the **South African context**.

Cluster sampling was used in the empirical research to identify 6 schools in the Eastern Cape and 5 schools in Gauteng. The entire Grade 12-learners of these specific schools was asked to complete the questionnaires. The research sample consisted of 1238 adolescents. Psychological well-being was determined in this research by the use of the Satisfaction With Life Scale (Diener, Emmons, Larson & Griffen, 1985), Fortitude Questionnaire (Pretorius, 1977) and The Sense of Coherence Scale (Antonovsky, 1987). The level of hope was determined by the Hopescale of Snyder et al. (1991a) while the

nature of hope was determined by a questionnaire which the researcher has developed, as well as an open ended question. The statistical significance of the questionnaire, which was developed for this research, was determined. All the questionnaires and scales, which were used in this research, obtained good indexes of reliability.

The levels of hope of the adolescent was determined on 6 subscales of hope, namely: social, choice of career, economy, extended family and significant others, hope: pathways and hope: agency. From these components, the highest hope was placed on economy, extended family and significant others, as well as hope: agency. From the results was deducted that the motivational levels (agency) of the adolescents was higher than their strategies (pathways). The results of the open-ended question showed the following as aspects on which hope was placed: social relationships/intimacy, academic performance and acknowledgement of a deity.

It was found that it was the set of components of hope, which contributed the greatest to the explanation of variance of the different components (sense of coherence, satisfaction with life, fortitude) of psychological well being, and not the biological set of variables. It was significant that hope: pathways made a statistical significant contribution to the explanation of variance of all three of the factors of psychological well-being. The component "social" contributed significantly to the explanation of variance of fortitude and sense of coherence. Extended family and significant others contributed significantly to the explanation of variance of fortitude.

Recommendations for further research were made from the results of the research. It appeared as if the model, which indicates the process of hope, could be used successfully in the extension of psychological well being of adolescents.

## HOOFSTUK 1

### PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLING VAN NAVORSING

#### 1.1 Inleiding

Hierdie navorsing vorm deel van 'n navorsingsprojek, waarin die psigologiese welstand van die adolessent ondersoek word met spesifieke verwysing na die verband tussen sekere konstrunkte en psigologiese welstand. Die onderwerp van hierdie spesifieke navorsing is om die verband tussen hoop en psigologiese welstand te ondersoek.

In hierdie hoofstuk sal probleemstelling, doelwitte en hipoteses van die navorsing uiteengesit word. 'n Verklaring van terminologieë, soos wat dit in die navorsing voorkom, sal ook aangebied word.

#### 1.2 Probleemstelling

Die ingang van die nuwe eeu het toekomsverwagtinge omtrent verandering geskep. Suid-Afrika, in die post-apartheidsera, het ook deel geword van 'n proses van verandering. Die veranderinge in die land het 'n duidelike impak op sosiale, ekonomiese en politieke gebiede. Binne die Sielkunde is verskeie skrywers dit met mekaar eens dat die sosio-historiese konteks onlosmaaklik deel is van die mens, en dat veranderinge in hierdie konteks ook veranderinge binne psigologiese verband beteken (Bulhan, 1985; Stevens & Lockhat, 1997).

Die adolessent is in 'n ontwikkelingsfase, waar identiteitsvorming, aanpassing by nuwe lewensdomeine en herintegrasie in 'n nuwe sosiale konteks belangrik is (Erikson, 1968). In Suid-Afrika word die adolessent daagliks gekonfronteer met sosiale, ekonomiese en kulturele veranderinge (Smith & Stones, 1999). Verandering kan gesien word op 'n kontinuum wat aan die een kant positiewe en aan die ander kant negatiewe aspekte reflekteer. Alhoewel sekere navorsing aangetoon het dat

adolesente in Suid-Afrika slagoffers is van 'n bevrydingspolitiek, het ander weer die adolessent se aanpasbaarheid en weerbaarheid beklemtoon (Barnes, 1991). Die samelewing stel al meer eise aan die adolessent, wat tot verhoogde spanning kan lei (Stevens & Lockhat, 1997). Die vraag kan gevra word hoe goed adolessente daartoe toegerus is om die eise wat die samelewing aan hulle stel, te hanteer.

Dit het belangrik geword vir die Sielkunde om menslike weerbaarheid te ondersoek. 'n Nuwe psigologiese paradigma, waar die fokus rus op die oorsprong, aard en verryking van welstand, is besig om te ontwikkel (Wissing & Van Eeden, 1998; Strümpfer, 2000). Psigologiese welstand kan op 'n metateoretiese vlak vanuit die salutogenetiese paradigma gekonseptualiseer word, waardeur gefokus word op sielkundige sterktes, vermoëns en welstand, eerder as op patologie, wat die fokus is van 'n patogeniese paradigma. Op 'n hipotese vlak is verskeie holistiese, dinamiese modelle soos dié van Crose, Nicholas, Gobble en Frank, (1992), Witmer en Sweeney (1992) en Eberst (1984) ontwikkel, wat die struktuur van psigologiese welstand verklaar. Verskeie konstrakte, wat aanduiders van psigologiese welstand is, is **koherensiesin** (Antonovsky, 1987), **lewenstevredenheid** (Diener, Emmons, Larsen & Griffen, 1985), **fortaliteit** ("fortitude") (Pretorius, 1997), **gehardheid** (Kobasa, 1979), **coping** (Meichenbaum & Turk, 1982) **potensie** ("potency") (Ben-Sira, 1985), en **aangeleerde vindingrykheid** ("resourcefulness") (Rosenbaum in Strümpfer, 1990). In hierdie navorsingsprojek sal Diener et al. se (1985) lewenstevredenheidvraelys, Antonovsky (1987) se koherensiesinvraelys en Pretorius (1997) se fortaliteitsvraelys gebruik word om die psigologiese welstand van die adolessent empiries te ondersoek.

Die aanname word gemaak dat hoop een van die belangrike aspekte van psigologiese welstand is (Seligman & Csikszentmihalyi, 2000). Hierdie aanname is egter nog nie voldoende empiries ondersoek nie, aangesien hoop as te vaag om empiries ondersoek te word, beskryf is (Snyder & Forsyth, 1991b). Hoop, as die teenoorgestelde van wanhoop, staan sentraal tot die toekomsvisie van die mens. Waaroor in die literatuur ooreengestem word, is dat hoop 'n toekomsgerigheid, toekomsbeplanning en gevolglike positiewe affek impliseer. Snyder et al. (1991a)

het hoop as 'n "kognitiewe konstruk" beskryf en 'n hoopskaal vir die meting daarvan ontwerp. Navorsing het getoon dat hoop positief korreleer met akademiese en sportprestasie, maar ook negatief met lewensgebeure soos terminale siektes (Snyder, Cheavens & Sympson, 1997). 'n Debat bestaan egter oor die vraag of hoop as 'n kognitiewe of 'n emosionele konstruk beskryf kan word. Skrywers soos Lazarus (1999) beskou hoop as 'n emosie, terwyl ander soos Averill, Catlin en Chan, (1990) weer 'n meer sosiaal konstruksionistiese siening oor hoop het. Hulle het ook klem gelê op die emosionele aspek daarvan. In eksistensiële werke van Frankl (1964) het hoop ook 'n belangrike plek gevul met 'n sterk kognitiewe ondertoon. Die teenwoordigheid van hoop kom ook sterk na vore op 'n spirituele vlak (Bringle, 1990; Conradie, 2000).

Dit is dus duidelik dat verskeie opinies rakende die konstruk "hoop", 'n teoretiese ondersoek nodig maak om dit binne 'n hanteerbare kader te plaas. Die bydrae wat hoop het tot psigologiese welstand, is ook 'n sterk aanname wat nog nie empiries ondersoek is nie. Alhoewel verskeie teorieë oor psigologiese welstand bestaan, is verdere empiriese ondersoek nodig om hierdie nuwe paradigma verder wetenskaplik binne die sielkunde te vestig.

Die primêre vraag wat in hierdie navorsing ondersoek sal word, is: **Wat is die verband tussen hoop en psigologiese welstand by adolessente?**

Spesifieke vrae wat gevra word is:

- Hoe word hoop in die literatuur as 'n konstruk omskryf en hoe kan 'n teoretiese hoopmodel ontwikkel word?
- Wat is die hoopproses soos wat dit in die literatuur na vore kom?
- Wat is die aard van hoop van die adolessent?
- Wat is die aard van psigologiese welstand soos wat dit in die literatuur omskryf word?
- Wat is volgens die literatuur die rol van hoop en psigologiese welstand by die adolessent?

- Wat is die empiriese verband tussen hoop en psigologiese welstand van die adolessent?
- Is daar enige verskille tussen verskillende geslagte en taalgroepe betreffende die vlak van psigologiese welstand en hoop?
- Wat is die bydrae van hierdie navorsing?

### 1.3 Spesifieke doelwitte

Die primêre doelwit van hierdie navorsing is om teoreties en empiries die verband tussen hoop en psigologiese welstand by adolessente te ondersoek.

Die spesifieke doelwitte is:

- Om 'n ondersoek te doen na hoe hoop in die bestaande literatuur omskryf word en hoe 'n hoopmodel ontwikkel kan word.
- Om die hoopproses te beskryf soos wat dit in die literatuur na vore kom.
- Om die aard van hoop by die adolessent te ondersoek.
- Om psigologiese welstand volgens die literatuur te omskryf.
- Om 'n literatuurstudie te doen om die verband tussen hoop en psigologiese welstand by die adolessent te ondersoek.
- Om die empiriese verband tussen hoop en psigologiese welstand van die adolessent te bepaal.
- Om te bepaal of daar enige verskille tussen geslagte en taalgroepe is rakende die vlak van psigologiese welstand en hoop by die adolessent.
- Om te bepaal wat die bydrae van hierdie navorsing is.

### 1.4 Terminologie

Die hoofkonstrukte wat in die navorsing gebruik word, sal breedvoerig in Hoofstukke 2 en 3 gekonseptualiseer word. Die volgende is kort beskrywings van elke konstruk, ten einde 'n oriëntasie van die hoofkonsepte van die navorsing te bied.



### 1.4.1 Hoop

Vir die doel van hierdie navorsing is hoop as 'n multi-dimensionele konstruk beskryf, wat op verskeie vlakke in die mens se lewe teenwoordig kan wees. Daar is 'n sterk konatiewe aspek by hoop teenwoordig, wat die aktivering van 'n hoopproses moontlik maak. Daar sal deur die bespreking in Hoofstuk 2 gewys word dat hoop binne die kader van gemoedstoestande geplaas kan word, met die onderafdelings van affek as 'n oorhoofse konstruk oor die emosionele ervaringe wat uit die proses van hoop volg. Laasgenoemde dui weer die belangrikheid van die aanwesigheid van 'n kognitiewe proses aan.

### 1.4.2 Psigologiese welstand

Vir die doel van hierdie navorsing word psigologiese welstand omskryf as 'n staat wat bereik word nadat daar deur 'n weerbaarheidsproses beweeg is. Hierdie staat mag staties wees, maar is ook veranderlik na aanleiding van nuwe uitdagings, wat uit die omgewing verkry word. Psigologiese welstand word deur Wissing (2001) op 'n kontinuum gesien, waar daar beter en minder beter welstand tussen die twee pole ervaar kan word. Hierdie kontinuum loop parallel met die siekte-gesondheid-kontinuum (health-ease, dis-ease) wat deur Antonovsky (1987) beskryf is. Wissing (2001) is van mening dat 'n persoon sonder siekte (health-ease) nie noodwendig psigologiese welstand hoef te ervaar nie. In die weerbaarheidsproses is daar verskeie bio-psigososiale faktore wat as risikofaktore of bronne vir die individu kan dien.

Konsepte wat goeie aanduiders is van die bepaling van psigologiese welstand en wat ook in hierdie navorsing gebruik is om die psigologiese welstand van die adolessent te bepaal, is **koherensiesin**, **lewenstevredenheid** en **fortaliteit**.

## 1.5 Opsomming en uiteensetting van die navorsing

In Hoofstuk 2 word 'n literatuurondersoek gedoen van die bestaande literatuur aangaande hoop. Verskeie teoretiese besprekinge oor hierdie konsep sal bespreek, en teenoor mekaar geplaas word. Verbandhoudende konsepte en psigiese bewussynstoestande sal ook ondersoek word en die verskille tussen die konsepte en hoop sal toegelig word. 'n Eie teoretiese beskrywing van die konstruk "hoop" sal volg, waarna gekyk sal word na wat die implikasies van hoop vir Suid-Afrika inhou.

In Hoofstuk 3 word "psigologiese welstand" as 'n konstruk, volgens bestaande literatuur beskryf. Verskeie modelle van psigologiese welstand word bespreek en die bydrae van elk tot die verklaring van die konstruk word ondersoek. Die weerbaarheidsproses wat belangrik is vir die ervaring van psigologiese welstand, word ondersoek, met spesifieke verwysing na faktore wat as bronne en risikofaktore kan dien in die weerbaarheidsproses.

Hoofstuk 4 handel oor adolessensie' as ontwikkelingsfase. Verskeie ontwikkelingssteorieë wat verband hou met die spesifieke navorsing sal bespreek word. Die adolessent se ervaring van verskeie risikofaktore in verskeie lewensdomeine word ondersoek, met spesifieke verwysing na wat die rol van hoop en psigologiese welstand in elk van hierdie domeine is.

In Hoofstuk 5 word die empiriese metode van ondersoek beskryf met inligting oor die steekproef, meetinstrumente en statistiese prosedures.

Hoofstuk 6 bied die resultate van die kwantitatiewe navorsing aan. Inligting omtrent die statistiese betroubaarheid van die meetinstrumente word verskaf. Die bevindinge word ook in verband gebring met die literatuurondersoek en bevindinge.

In Hoofstuk 7 word die samevatting en gevolgtrekkings beskryf aan die hand van die spesifieke navorsingsvrae wat in Hoofstuk 1 gestel is. Aanbevelings sal gemaak

word vir verdere navorsing, asook hoe om die hoop en psigologiese welstand van die adolessent uit te brei.

## HOOFSTUK 2

### 'N TEORETIESE ONDERSOEK NA DIE KONSEP "HOOP"

*Hope is the worst of all evils, for it prolongs the torment of man*

- Nietzsche, Human All-too-Human, 1978 in Menninger (1959, p. 483).

*Everything that is done in the world is done by hope*

- Martin Luther in Menninger (1959, p. 483).

#### 2.1 Inleiding

Die lewe word oor die algemeen beskryf as vol stres en uitdagings. In ons samelewing word daar al hoe meer gefokus op die uitbouing van gesondheid (fisieke en psigiese gesondheid) en die behoud daarvan. 'n Toename in stresvolle lewensgebeurtenisse soos gebroke gesinne, geweld, ekonomiese en politieke onsekerhede bevestig die nodigheid vir mense om hanteringsmeganismes te ontwikkel. Mense se soeke na 'n beter lewenskwaliteit word op verskeie lewensdomeine gevind, onder andere, finansieël, spiritueel, sielkundig, familiaal en met betrekking tot verhoudingsvlakke. Die toename in populêre literatuur is kenmerkend hiervan (Bays, 1999; Gray, 1992; Lauer & Lauer, 1999; Pipher, 1994).

Hoop vorm 'n onlosmaaklike deel van menslike bestaan. Hieroor stem verskeie kenners op spirituele (Bringle, 1990; Conradie, 2000) en sielkundige gebiede saam (Averil et al., 1990; Breznitz, 1983; Frankl, 1964; Frank, 1965; Snyder et al., 1991a, b, 1995, 1997, 1998, in press; Stotland, 1969). Die ontwikkeling van konsepte soos "salutogenese" (Antonovsky, 1979, 1987) en "psigofortologie" (Wissing, 2000) dui daarop dat die Sielkunde die belangrikheid van 'n konsep soos "hoop", as 'n aspek van psigologiese welstand sal erken. Meer navorsing is sedert die sewentigerjare gedoen oor hanteringsmeganismes, stres en positiewe denke. Positiewe kennisies en emosionele motiveringsvlakke is met mekaar en met gesondheidsuitkomst in verband gebring (Seligman & Csikszentmihalyi, 2000). Lazarus (1999) noem dat dit vreemd is dat daar nie lankal meer navorsing oor hoop gedoen is nie, aangesien dit

so sentraal tot die mens se lewe staan. Hy stem saam met Snyder (1991b) dat daar in die Sielkunde meer aandag gewy was aan negatiewe aspekte van die lewe, soos hopeloosheid en depressie. Hierdie navorsing se fokus op psigologiese welstand maak dit belangrik om te ondersoek of hoop 'n aspek is wat mense help om psigologies gesond te wees.

In hierdie hoofstuk gaan die verskeie sieninge van die konsep "hoop" soos wat dit in die sielkundige literatuur bestaan, bespreek word. Alhoewel sekere verwante konsepte van hoop uitgelig sal word, is dit nodig om 'n hanteerbare kader daar te stel wat noodwendig sekere nuanses van hoop sal uitsluit. 'n Kort oorsig van hoop binne 'n spirituele konteks sal ook gegee word. 'n Hoopmodel- en proses van hoop wat uit die literatuur ontwikkel is, word voorgestel. Ten slotte sal hoop binne die Suid-Afrikaanse konteks, asook die terapeutiese implikasies daarvan, bespreek word.

## **2.2 Ontstaan van die konsep "hoop"**

Die historiese grondbegrip van hoop word in die Griekse mitologie in die mite van Pandora vertel. Pandora was die Griekse ekwivalent van Eva in die Bybel. Prometheus het vuur van die hemel gesteel en aan die mens op aarde gegee. Zeus was hieroor kwaad en wou Prometheus en die aarde straf. Hy het 'n vrou (Pandora) geskep wat aangestel sou word om aan die mensdom leed te verskaf. Verskeie gode en godinne het saamgewerk om Pandora perfek te vorm. Pandora is aan Epimetheus (Prometheus se broer) as vrou gegee. Alhoewel Epimetheus gewaarsku is om nie geskenke van die gode te aanvaar nie, het hy haar as vrou aanvaar. Zeus het geweet dat Pandora 'n swakheid gehad het, naamlik dat sy haar nuuskierigheid nie kon beheer nie. Tydens die huwelik het hy aan haar 'n houer gegee met die opdrag dat sy dit onder geen omstandighede mag oopmaak nie. Haar nuuskierigheid het haar oorkom en sy het dit wel gedoen. Die houer was gevul met siektes en kwale wat die mensdom vir ewig daarna sou kwel. Plae soos rumatiek en koliek (vir die liggaam), asook jaloesie, afguns en wraak (vir die gees) het uit die houer geglip en die aarde gevul. Pandora het die houer toegemaak, voordat die

laaste een van hierdie plae, naamlik "hoop", kon uitglip (Menninger, 1959; Snyder et al., 1991a).

Die verhaal van Pandora is ambivalent. Die vraag kan gevra word of hoop 'n plaag was soos al die ander plae wat in die houer was en of dit van die ander onderskei kan word juis omdat dit in die houer agtergebly het. Was dit miskien dan bedoel as 'n geskenk aan die mensdom wat kon help met die oorkoming van die res van die probleme wat die aarde gevul het?

Die Grieke het hoop wel as 'n euwel gesien. Die Griekse filosowe het geglo dat, aangesien die noodlot onveranderlik is, hoop 'n illusie is (Menninger, 1959). Skrywers soos Sophocles en Nietzsche keur hoop af as 'n bose mag, wat verantwoordelik is vir die verlenging van menslike lyding (Snyder et al., 1991a).

## **2.3 Begripsverklaring**

### **2.3.1 Definiëring**

Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booyen (1984) verklaar hoop as 'n verwagting. Definisies oor hoop konstateer dat om te hoop is om te glo dat iets positiefs, wat nie onmiddellik ter sprake is in 'n mens se lewe nie, steeds kan materialiseer - daarom strewende ons daarna. Hoop kan teenwoordig wees in negatiewe, sowel as in positiewe situasies. Smith (1983) noem dat as mense hoop vir die toekoms verloor, daar dikwels 'n fokus op die onmiddellike plaasvind, waardeur mense dan betrokke kan raak in self-destruktiewe en/of impulsiewe gedrag. Hy gebruik die sestigerjare met die Hippy-era in Amerika as 'n voorbeeld van 'n tydperk van ontnugtering in 'n regering en sosiale bestel, asook 'n aanhang van 'n hedonistiese lewenstyl van onmiddellike behoeftebevrediging. 'n Kognitiewe aspek van positiewe verwagting van doelwitbereiking is teenwoordig in die konsep "hoop" (Barnum, Snyder, Rapoff, Mani & Thompson, 1998; Breznitz, 1983; Lazarus, 1999; Snyder et al., 1991a,b, 1995, 1998).

Hoop word deur verskeie skrywers as 'n belangrike hanteringsmeganisme gesien (Snyder, 1998; Marden & Rice, 1995). Dit het verskillende betekenis vir verskeie mense. Die wye gebruik van dié term dui daarop dat hoop 'n multi-dimensionele konsep is en dat dit nie tot een begrip verskaal kan word nie. Hoop is 'n toestandwoord vir sommige mense, byvoorbeeld "ek hoop my rugbyspan sal die wedstryd wen", maar 'n werkwoord vir ander, byvoorbeeld "ek hoop om goed te vaar in die eksamen". Laasgenoemde dui op die aanwending van handeling om 'n toekomsverwagting moontlik te maak. Laasgenoemde wyse van hoop staan teenoor 'n Polyanna-tipe hoop, wat geen werklike aksie onderskryf nie en wat verwant is aan verbeeldingsvlugte ( W. Jordaan, 21 Maart 2001, Telefoniese onderhoud).

### **2.3.2 Verbandhoudende bewussynstoestande**

Omdat "hoop" so 'n wye term is in die Sielkunde, word dit dikwels as sinoniem gesien met terme soos **behoefte**, **begeerte**, **optimisme**, **self-effektiwiteit**, **self-aktualisasie**, **lokus van kontrole** en 'n **soeke na betekenis**.

#### **2.3.2.1 Behoefte of begeerte**

Navorsing deur Averill et al. (1990) het getoon dat daar sekere kenmerke is wat hoop onderskei van behoeftes of begeertes. Die objek van hoop is óf meer óf minder realisties as die objek van 'n behoefte. Die belangrikheid wat geheg word aan die objek van hoop is ook 'n onderskeiding. 'n Persoon mag miskien 'n behoefte hê aan iets wat nie werklik van emosionele belang is nie (soos om 'n behoefte te hê aan 'n roomys). Hoop is meer tiperend van aspekte wat werklik belangrik is. Die objek waarop gehoop word, is ook minder materialisties, sosiaal meer aanvaarbaar en het 'n langer duurte as behoeftes of begeertes.

#### **2.3.2.2 Optimisme**

Optimisme word volgens Scheier en Carver (1992) gedefinieer as verwagtinge omtrent die toekoms. Optimisme word gesien as 'n disposisionele eienskap. Dit

word beskryf as 'n geneigdheid om te glo dat daar positiewe in plaas van negatiewe uitkomst verwag word. Mense wat optimisties is, het 'n groter gevoel van geestelike gesondheid, ervaar meer positiewe emosies en toon 'n vinniger aanpassing by lewensveranderinge (Peterson & Bossio, 1991). Daar is bevind dat persone wat optimisties is, ook meer lewenstevredenheid ervaar en oor aktiewe probleem-gefokusde hanteringsmeganismes beskik, terwyl persone wat nie optimisties is nie, dikwels substansies soos alkohol as hanteringsmeganismes gebruik (Harju & Bolen, 1998).

Marshall, Wortman, Kusulas, Hervig en Vickers (1992) sluit aan by die disposisionele kenmerk van optimisme, deur die teorie dat optimisme en pessimisme tiperend is van sekere karaktereenskappe. Optimisme kan hoofsaaklik geassosieer word met 'n ekstroverte persoonlikheid en positiewe emosionele toestand. Pessimisme word weer geassosieer met neurotiese karaktereenskappe en 'n negatiewe emosionele toestand.

Die ooreenkomste tussen optimisme en hoop soos gedefinieer deur Snyder et al. (1991a, 1995), is dat beide hierdie konsepte fokus op positiewe verwagtinge omtrent die toekoms en dat hierdie verwagtinge meer algemeen as spesifiek is. Die grootste toepaslikheid van hierdie twee begrippe lê dus by probleme wat algemeen en voortdurend voorkom (Snyder et al., 1991a). Althoos het ook 'n impak op die algemene welsyn (fisiek en psigologies) en aanpassing by moeilike omstandighede. Die verskille tussen hoop en optimisme word deur Averil et al. (1990) en Snyder et al. (1991a, 1995) soos volg uiteengesit:

Volgens Averil et al. (1990) ontbreek daar 'n emosionele komponent by optimisme. 'n Persoon kan optimisties wees as daar 'n groter moontlikheid is dat 'n gebeurtenis sal plaasvind of dat 'n probleem opgelos kan word. Optimisme kan derhalwe afwesig wees, terwyl hoop steeds moontlik is. 'n Persoon met kanker kan byvoorbeeld vertel word dat daar nie optimisme is omtrent heling nie, maar dat hy/sy nie moet hoop verloor nie. 'n Verdere verskil tussen hoop en optimisme is dat hoop meer gebonde is aan moraliteit, terwyl optimisme meer neutraal is in hierdie verband. Om hierdie



stelling te vereenvoudig, kan gesê word dat hoop ons vertel van 'n persoon se waardesisteem, terwyl optimisme vertel van 'n persoon se evaluering van die situasie waarbinne hy/sy is.

Uit bogenoemde blyk dit dat hoop lei tot 'n aktiewe gerigtheid tot doelwitbereiking en dat dit grootliks 'n individuele proses is. Hoop kan teenwoordig wees in die mees desperate en negatiewe omstandighede, waar alle optimisme verlore is.

### **2.3.2.3 Self-effektiwiteit**

Self-effektiwiteit is deur Bandura (1977) as 'n teorie beskryf wat, soos hoop en optimisme, fokus op doelgerigte gedrag.

Bandura (1982) is van mening dat die mens oor die vermoë beskik om beheer uit te oefen oor sy/haar eie gedagteprosesse, motivering en gedrag. Die mens funksioneer dikwels nie optimaal nie, omdat daar self-verwysende gedagtes is, wat optree as kognitiewe mediator tussen kennis en gedrag. Die kern van die self-effektiwiteitsteorie lê daarin dat die inisiasie van, en volharding met sekere aksies hoofsaaklik bepaal word deur die (a) verwagte waarde van die uitkoms (die belangrikheid van sekere waardes, gevolge en doelwitte), (b) verwagting van die uitkomst (verwagting van die effektiwiteit van sekere gedragswyses om doelwitte te bereik) en (c) die verwagting van self-effektiwiteit (beoordeling van eie vermoëns om suksesvol te wees of nie) (Snyder & Forsyth, 1991b). Self-effektiwiteit verwys dus na hoe mense hul vermoëns beoordeel en hoe hulle hul gedrag motiveer deur hulle persepsies van hul eie effektiwiteit. 'n Vermoë is slegs so goed as die uitvoering daarvan. Persepsies van self-effektiwiteit bepaal derhalwe mense se keuse van aktiwiteite en omgewingsopset. Persone wat oor hoë self-effektiwiteit beskik, is ook geneig om hoër doelwitte te stel, daartoe verbind te wees en langer daarin te volhard (Bandura, 1989). Alhoewel 'n mate van self-twyfel teenwoordig by almal is, sal te veel onsekerheid en self-twyfel, self-effektiwiteit verlaag (Bandura, 1982).

Bandura (1977, 1982, 1989) is van mening dat self-effektiwiteit 'n goeie voorspeller is van toekomstige gedrag. Dit word dus gesien as 'n oorsaaklike bydraer tot verandering (Cervone, 2000). Die wyse waarop die individu die mate van self-effektiwiteit beoordeel, is gegrond op die volgende vier inligtingsbronne:

- **Vasgestelde bereiking.** Hierdie vorm van informasie wat verkry word oor self-effektiwiteit, is die belangrikste bron, aangesien dit gebaseer kan word op outentieke ervarings, waardeur sukses of bemeestering bepaal is.
- **Tweedehandse ervarings.** Waarneming van ander se sukses laat persone besluit of hulle self oor die vermoëns beskik om suksesvol te kan wees al dan nie.
- **Verbale oorreding.** Die rol wat sosiale omgewing speel om 'n individu te oorreed dat hy/sy wel oor sekere vermoëns beskik om suksesvol te wees.
- **Fisiologiese status.** Mense vertrou op hul fisiologiese status om te bepaal of hulle fisies daartoe in staat is om suksesvol te wees (Bandura, 1982).

Bogenoemde dui daarop dat 'n persoon se waargenome self-effektiwiteit gebonde is aan spesifieke situasies. 'n Kritiek op Bandura (1982) se fokus op verwagtinge omtrent die uitkoms van situasies is dat hy nie uitkomst wat meer afhanklik is van eksterne faktore soos godsienis of ander mense, insluit nie.

Die teorie van self-effektiwiteit verskil van die hoopteorie, deurdat hoop wel gefokus kan wees, maar dat dit ook oor verskeie situasies kan strek. Die situasionele self-effektiwiteitgedagtes kan vergelyk word met Snyder et al. (1991a, 1995) se werkbaankomponent met die implikasie dat die fasiliteringsbaan-komponent ontbreek. Beide hierdie komponente is teenwoordig by die hoopteorie (Snyder, in press). In situasies waar daar na algemene veranderinge gekyk word sal 'n teorie soos dié oor hoop, wat meer algemene verwagtinge aandui, dus 'n beter voorspeller van psigologiese welstand wees.

### 2.3.2.4 Self-aktualisasie

Maslow (1954, 1971) het in die vyftigerjare 'n belangrike bydrae gelewer om die oorsprong van gesondheid, in stede van die epidemiologie van siekte, te ondersoek. Hy het ondersoek ingestel na die optimale funksionering van die mens. Die term "self-aktualisasie" is gebruik vir die individu wat maksimaal gesond is en tot sy/haar volle vermoëns ontwikkel het.

Maslow (1971) het geglo dat die mens se toekoms bestaan uit planne, doelwitte en potensiaal, of die gebrek daaraan. Aktiwiteit is gerig tot die verwesenliking van hierdie doelwitte. Groei beteken dat daar 'n tree geneem word in die onbekende en dat die veiligheid van 'n bekende en eenvoudige lewenstyl opgegee word. Maslow het sekere persoonlikheidstreke soos selfaanvaarding, die vermoë om alleen te wees, outonomie en doelgerigtheid wat aanwesig moet wees vir self-aktualisasie bespreek (Summerlin, 1997). Fisiologiese behoeftes na veiligheid, liefde, 'n gevoel van geborgenheid en 'n positiewe selfbeeld moet egter eers teenwoordig wees, voordat 'n persoon volledige self-aktualisasie kan bereik. So 'n persoon sal ook verdedigings kan opwerp ten einde die self bloot te stel aan verandering (Summerlin, 1997).

Uit navorsing (Summerlin, 1997) blyk dit dat self-aktualisasie 'n meer omvangryke en moontlik ook vaer konsep as hoop is. Self-aktualisasie is gerig tot die mens se groei tot bereiking van sy/haar volle potensiaal. Daar is weereens die onderliggende ooreenstemming met hoop as 'n konsep, wat ook toekomsgerigtheid aandui. Hoop is egter meer spesifiek en fokus op die belangrikheid van die wyse waarop doelwitte bereik word. Vanuit 'n sosiaal konstruksionistiese oogpunt kan ook gevra word of kwaliteite werklik gespesifiseer kan word ten opsigte van self-aktualisasie van 'n persoon. Self-aktualisasie kan vir verskillende mense verskillende betekenis hê. Dit kan nie werklik rigied omskryf word, deur slegs sekere kenmerke of kriteria daarvoor te gebruik nie. Self-aktualisasie word ook gesien as 'n Westerse begrip, wat interne lokus van kontrole onderskryf. In swart kulture is daar 'n kollektiwisme, wat 'n eksterne lokus van kontrole ondersteun (White, 1991). Die fenomenologies-

eksistensiële benadering beklemtoon die mens se bestaan in sy/haar wêreld as 'n eksterne, sowel as 'n interne beleving.

### 2.3.2.5 Lokus van kontrole

Rotter (1966) se konsep van interne en eksterne lokus van kontrole is gefundeer in die sosiale leerteorie. Daarvolgens is die potensiaal vir gedrag om in 'n gegewe situasie plaas te vind 'n funksie van 'n verwagting dat die gedrag sal lei tot 'n versterking van wat vir die individu waardevol sal wees. Die basiese beginsel van die konsep van interne en eksterne lokus van kontrole is, volgens Rotter (1966), dat mense met 'n eksterne lokus van kontrole sal glo dat hul gedrag versterk sal word bloot as 'n gevolg van geluk, kans of noodlot. Individue met 'n interne lokus van kontrole sien weer dat versterkings sal afhang van hul eie gedrag. Hierdie teorie voer aan dat mense met 'n interne lokus van kontrole meer geneig sal wees om hul gedrag te verander deur te reageer op positiewe of negatiewe versterking. Sulke mense sal ook meer in beheer voel van hulle omgewing. In teenstelling hiermee glo individue met 'n eksterne lokus van kontrole weer dat deur hul gedrag te verander, dit nie werklik 'n impak op hul omgewing sal hê nie, en dat wat met hulle gebeur slegs 'n gevolg is van geluk, kans of noodlot (Marks, 1998; Van der Voort & Luis, 1997).

Die belangrikheid van die konsep "lokus van kontrole" word aangedui in die hoeveelheid navorsing wat sedert die sestigerjare gedoen is (Chubb & Fertman, 1997; Kulan, 1996; Leone & Burns, 2000; Marks, 1998; Van der Voort & Luis, 1997). Marks (1998) noem dat daar meer as 4000 werke sedert 1974 daaroor gepubliseer is. Lokus van kontrole soos wat dit deur Rotter (1954, 1966) ontwikkel is, word egter in die huidige sosiale bestel gedekonstrueer. Daar is gevind dat die teorie die positiwiteit van 'n interne lokus van kontrole onderskryf het, terwyl 'n eksterne lokus van kontrole as negatief gesien is. Hierdie siening is kenmerkend van die Westerse kultuur, wat persoonlike outonomie en onafhanklikheid onderskryf. Interne lokus van kontrole is gesien as 'n belangrike aspek wat prestasie (akademies, sport en beroep) sou help ontwikkel. Fisieke en geestelike gesondheid is ook in verband

gebring met 'n interne lokus van kontrole (Van der Voort & Luis, 1997). Die vraag kan gevra word of 'n politieke bestel soos Afrikanernasionalisme, nie ook in verband gebring kan word met 'n eksterne lokus van kontrole nie, aangesien die onderdrukking van sekere kulturele groepe aan die orde van die dag was in so 'n bestel.

Verskeie studies het kulturele verskille getoon met betrekking tot lokus van kontrole. Weisz, Rothbaum en Blackburn (1984) het bevind dat Japanese meer eksterne lokus van kontrole het as Amerikaners. Wenzel (1993) het weer gevind dat swartmense meer glo aan eksterne magte as witmense. Marks (1998) kom tot die gevolgtrekking dat hoër sosio-ekonomiese status en verminderde fokus op kulturele waardes, 'n interne lokus van kontrole ondersteun.

Levenson en Miller (1976) het 'n multidimensionele siening van lokus van kontrole ontwikkel. Eksterne lokus van kontrole is enersyds verdeel in kontrole deur belangrike eksterne figure, en toeval of noodlot andersyds. Die geloof dat ander belangrike figure beheer het, kan 'n realistiese oordeel wees in 'n sosio-politieke bestel en nie slegs 'n teken van 'n wanaangepaste persoonlikheid nie. Weisz et al. (1984) het 'n onderskeid getref tussen primêre kontrole, wat aanduidend is van die effek wat die persoon op sy omgewing het en sekondêre kontrole, wat aanduidend is van die aanpassing van die individu by sy omgewing.

Uit bogenoemde navorsing blyk dit asof lokus van kontrole, soos hoop, nie as 'n een-dimensionele konsep beskou kan word nie. 'n Balans tussen interne en eksterne lokus van kontrole blyk belangrik te wees vir 'n individu om aan te pas in sy/haar omgewing. Dit blyk asof die konsep "hoop" ook interne (motivering) en eksterne (doelwitte) aspekte inhou. Wong en Sproule (1984) het gevind dat realisme verband hou met eksterne lokus van kontrole, terwyl idealisme verband hou met 'n interne lokus van kontrole. Die idealisme waarvan hier gepraat word, hou ook verband met die Polyanna-tipe hoop waarvan Snyder (1995) praat en wat 'n aspek van hoop insluit, wat nie gegrond is in die werklikheid nie. Vir hoop om hoog te wees, is 'n interne sowel as eksterne lokus van kontrole belangrik.

### 2.3.2.6 Hoop as soeke na betekenis

Snyder (in press) het daarop gewys dat hoop as 'n konsep verwantskap toon met die konsep van die soeke na sin of betekenis in die lewe. Die vraag "Wat is die aard van betekenis?" is 'n vraag wat baie filosowe en sielkundiges probeer beantwoord het.

Frankl (1964) se oorlewing van die konsentrasiekampe het baie mense aangegryp. Hy het gefokus op eksistensiële kwessies en het geglo aan die belangrikheid vir die mens om betekenis te vind. Hy noem dat die kollektiewe versteuring in ons samelewing dit is dat mense nie hul betekenis of doel in die wêreld kan vind nie. Hy het beklemtoon dat die mens, ten spyte van sy/haar omgewing, steeds die vryheid van keuse het om waardes te kan vind wat aan die lewe betekenis kan gee. Hierdie vermoë van die individu om waarde te vind en betekenis te skep word geïllustreer in die rolprent "Life is Beautiful" (Benigna, 1998). Die hoofkarakter het dit reggekry om, ten spyte van doodsbedreigende situasies, steeds vir sy seun 'n realiteit van veiligheid te skep. Die veronderstelling kan gemaak word dat die hoofkarakter se doel, naamlik sy seun se veiligheid en oorlewing, hom betekenis en hoop gegee het en ook aan ander hoop verskaf het.

Snyder (in press) sluit hierby aan deur die stelling dat "the individual's sense of meaning in life is interwoven with the perception of successful goal accomplishment" (p.7). Doelwitte kan varieer van groot doelwitte wat lank kan neem om bereik te word, tot kleiner doelwitte wat maklik bereikbaar is. Persone wat nie doelwitte kan stel nie en wat nie met verantwoordelikheid kan omgaan met keuses nie, ly dikwels aan depressie en voel hopeloos. 'n Interessante studie gedoen deur Snyder (in press) onder oorlogsveterane, het getoon dat daar 'n groter mate van doelwitstelling en ook hoop was by die veterane gedurende hulle betrokkenheid in die oorlogssituasie. Dit kan wees dat daar meer strategieë beplan was om te oorleef, omdat doelwitte nagevolg moes word. Na die oorlog was daar 'n gevoel van verlies van doelwitte en hoop was oor die algemeen laer. Smith (1983) gebruik die lewe van die Amerikaanse tiener in die ghettos as voorbeeld van 'n situasie waar mense voel dat hulle geen beheer het oor die toekoms nie en geen betekenis kan vind in die

lewe nie. Dit lei tot 'n gevoel van geen hoop nie. Daarom is daar ook dikwels destruktiewe gedrag teenwoordig. Die kritiek teen so 'n stelling is dat dit nie in ag neem hoe ander individue wel hanteringsmeganismes aanleer, betekenis vind en hoop het, ten spyte van omstandighede wat gesien kan word as onmoontlik om in te oorleef nie.

Dit moet beklemtoon word dat hoop en betekenis nie eenderse konsepte is nie en dat die een nie noodwendig tot die ander sal lei nie. Wat wel deur Snyder (in press) bevind is, is dat daar 'n sterk verhouding tussen hierdie konsepte bestaan. Die werkbaankomponent, 'n term wat deur Snyder et al. (1991a) ontwikkel is, het 'n sterk korrelasie getoon met die sin van betekenis by die mens. Die mens se motivering tot verwesenliking van doelwitte veroorsaak ook 'n verhoogde persepsie van die betekenis van die lewe. Om 'n sterk lewensbetekenis te hê, laat die individu ook meer energiek en gemotiveerd voel om doelwitte na te volg. Die vind van lewensin lê in sowel die bereiking van doelwitte in die verlede as die persepsie van eie vermoë om toekomstige doelwitte te bereik (Snyder, in press). Die betekenis wat mense vind, gee 'n aanduiding van die kognitiewe inhoud van hoop.

### 2.3.3 Hoop, hopeloosheid en wanhoop

Verskeie teorieë word gebruik om die gebrek aan hoop te beskryf. Dit is egter nodig om die verskille tussen dié teorieë aan te dui en duidelikheid te kry omtrent die term wat in hierdie navorsing gebruik sal word om 'n gebrek aan hoop aan te dui.

Kwon (2000) het onderskeid getref tussen **lae hoop**, **hopeloosheid** en **wanhoop**. Volgens hom verwys **hopeloosheid** na 'n algemene kognitiewe en emosionele aanvoeling en geloof dat positiewe uitkomst nie bereik sal word nie. **Lae hoop** verwys weer spesifiek na 'n kognitiewe geloof dat doelwitte nie bereik sal word nie. Volgens Snyder et al. (1991a) het navorsing 'n negatiewe korrelasie tussen **hoop** en **hopeloosheid** aangetoon. McGee (1984) het weer die verskil tussen **hopeloosheid** en **wanhoop** beklemtoon. **Wanhoop** beteken dat die persoon weg beweeg van hoop, terwyl hopeloosheid 'n ekstreme vorm van wanhoop is. Hierdie definisie stem

ooreen met Kwon (2000) se definisie van hopeloosheid. Moon en Snyder (2000) het verder lig op hierdie konsepte gewerp, deur te noem dat, indien daar 'n blokkasie in doelwitbereiking is, die volgende psigologiese proses plaasvind: Intense woede wat lei tot wanhoop, en wanhoop wat weer kan lei tot apatie. 'n Onmiddellike reaksie is woede, wat steeds beteken dat daar energie is wat gefokus kan word. Indien hierdie toestand van opwekking nie gehandhaaf kan word nie, word daar na **wanhoop** beweeg, wat beteken dat die persoon hom/haarself onderwerp aan die feit dat die doelwit nie bereik sal word nie. Hierdie konsep kan ook in verband gebring word met Seligman (1975) se beskrywing van aangeleerde hulpeloosheid, wat aanduidend is van persone wat aanvaar dat geen aksie wat hulle self doen, hulle situasie sal verander nie. Indien die situasie voortduur, tree daar 'n apatiese houding in, wat ook as depressie en **hopeloosheid** beskryf word. In hierdie navorsing sal die term **hopeloosheid** gebruik word om die absolute verlies van positiewe kognisie (motivering) en emosie (affek) wat die bereiking van doelwitte blokkeer, aan te dui.

Hopeloosheid word dikwels in verband gebring met depressie, angstigtheid en selfs selfmoord. Abramson, Alloy en Metalsky (1989) het hopeloosheid as 'n sub tipe van depressie omskryf. Hopeloosheid kan veroorsaak word deur verskeie psigiese, asook fisieke verliese.

Kroniese fisieke pyn is 'n voorbeeld van 'n fisiologiese oorsaak van 'n psigologiese patologie, soos hopeloosheid. Snyder (1998) het gewys hoe 'n verhoging van hoop die ervaring van pyn kan temper, sodat die ontwikkeling van lyding verhoed kan word. Lyding sal kan lei tot 'n ervaring van hopeloosheid. Fisieke pyn is hoofsaaklik 'n fisieke ervaring, maar die sielkundige effek daarvan kan nie ontken word nie. Indien 'n persoon fisieke pyn ervaar, is daar gewoonlik ook 'n verlies of verwagte verlies van vorige lewenstandaarde of doelwitte. Om hierdie verstaan van pyn binne die hoop-model te plaas kan gesê word dat pyn die werkbaankomponent blokkeer. Die persoon kan nie meer die strategieë uitvoer wat voorheen vir hom/haar gewerk het nie. Ook die fasiliteringsbaankomponent word geblokkeer, aangesien die persoon se motiveringsvlakke daal. Indien pyn verlig word en verdwyn, kan hoop weer herstel word, maar dit is dikwels só dat pyn nie verlig kan word nie.



Volgens Snyder (1998) sal persone met hoë hoop alternatiewe strategieë uitwerk om die blokkasies van die fasiliteringsbaankomponent te oorkom, ten einde doelwitte te bereik. Doelwitte self kan verander word en so sal motivering ook verhoog. Dit is egter belangrik om nie te vinnig doelwitte te verander nie, aangesien die individueers die verlies van lewenstandaarde wat verander het moet verwerk. Hierdie model het implikasies vir terapeutiese werk met mense wat kronies pyn ervaar (vir 'n bespreking van die terme fasiliterings- en werkbaankomponente, kyk Paragraaf 2.4.2.1).

'n Gepaste aanhaling deur Snyder (2000) gemaak, is hier van toepassing: "In the struggle for existence, it is only on those who hang on for ten minutes after all is hopeless, that hope begins to dawn" (C.R. Snyder, persoonlike kommunikasie, September 16, 2000).

#### **2.3.4 Ware of vals hoop**

Alhoewel hoop as inherent positief gesien word, word daar 'n onderskeid getref tussen vals en ware hoop. Vals hoop word beskryf as 'n leë tipe hoop wat gebaseer is op illusies. Tillich (1965) skryf die volgende: "Hope is easy for the foolish, but hard for the wise. Everybody can lose himself into foolish hope, but genuine hope is something rare and great" (p.17). Lazarus (1983) bespreek illusie en self-deseptie as onlosmaaklik van menslike lewe. Die persoon met vals hoop mag die verwagting hê dat die uitkoms bereik sal word, maar sal nie die nodige strategieë hê om dit te doen nie. Kwon (2000) is van mening dat vals hoop moeilik empiries identifiseerbaar is. 'n Persoon mag derhalwe op 'n hoopskaal 'n telling behaal wat as ware hoop aanvaar kan word, maar die betekenis van die telling mag van individu tot individu verskil. McGee (1984) beskryf 'n voorbeeld van onrealistiese hoop wat teenwoordig kan wees op mediese gebied, wanneer 'n persoon hoë verwagtinge plaas op 'n enkele aspek van heling en sodoende moontlik nie 'n totale beeld van genesing ondersteun nie. So 'n persoon sal dan nie verbind wees tot die ondersteuning van 'n volle mediese behandeling nie. Hierdie hoop is dikwels onrealisties en kan ook in verband gebring word met die konsep "vals hoop". Kwon (2000) se navorsing het

getoon dat mense met vals hoop dikwels deur die samelewing gekorrigeer word. In hierdie navorsing word daar juis gekyk na dit waarop die adolessent hoop plaas, ten einde die aard van hoop by so iemand te bepaal. 'n Kwalitatiewe of longitudinale navorsing sou egter gedoen moes word om vas te stel of dit waarop adolessente hoop plaas, realisties en nie vals is. So sal gesien kan word of die samelewing wel 'n korrigerende rol speel ten opsigte van mense se hoop.

### **2.3.5 Samevatting**

Bostaande bespreking toon hoop as 'n konstrukverwantskap met ander konsepte, wat ook in verband gebring word met psigologiese welstand. Daar is egter ook kenmerke van hoop wat dit onderskei van ander konstrakte. Hoop blyk te fokus op belangrike doelwitte, wat positiewe toekomsverwagting impliseer. Die uitvoering van doelwitte impliseer motivering (konatiewe), asook kognitiewe (beplanning) wat dan lei tot gedrag (uitvoering). Hoop kan selfs in negatiewe omstandighede teenwoordig wees en is 'n individule proses, wat 'n persoon wel kan aanleer, maar wat ook in verband gebring kan word met die predisposisie van die mens. Waarop 'n persoon hoop plaas, reflekteer die waardesisteem van so 'n persoon.

## **2.4 Teoretiese verklaring van hoop**

### **2.4.1 Algemene verklarings**

Navorsing omtrent hoop het gedurende die laaste twee dekades meer uitgebrei, aangesien die konsep voorheen as te vaag om empiries beskryf te word, gesien is (Farber, 1968; Menninger, 1959). Menninger het alreeds in die vyftigerjare die belangrikheid van hoop herken deur sy werk met psigiatriese pasiënte en ervaringe met mense wat die uitwissing tydens die Tweede Wêreldoorlog oorleef het.

Alhoewel daar ooreenkomste is tussen die verskeie sieninge oor hoop, is daar ook teorieë wat wesentlike verskille toon in die omskrywing van hoop.

Die konstruk "hoop" sal vervolgens binne 'n teoretiese raamwerk geplaas word, waarna spesifieke teorieë wat ontwikkel is, bespreek sal word.

#### **2.4.1.1 Sosiaal-konstruksionisme**

Die sosiaal-konstruksionisme staan in kontras met die konstruktivistiese siening van die bestaan van logika as 'n vaste en absolute waarheid en identiteit. Volgens die sosiaal konstruksionisme konstrueer die mens sy eie realiteit. Betekenis word interpreterend, in stede van outoritêr (Kotzé, 1994; Lechte, 1994; Spivak, 1976). Die mens verkry kennis deur in interaksie met die wêreld te wees. Die persoon se hipotese omtrent die wêreld is nie direk bewysbaar nie. Bestaande hipoteses word gebruik, omdat dit bruikbaar is. Dit bly slegs 'n hipotese en word nie 'n absolute feit nie (Efran & Lukens, 1985).

Vanuit bogenoemde siening van realiteit blyk dit asof daar nie so 'n helder onderskeid getref hoef te word tussen ware en vals hoop nie. Lazarus (1983) sluit hierby aan deur te noem dat mense hulle eie realiteit skep. Realiteit is derhalwe nie 'n gesette werklikheid nie. Een persoon se geloof kan 'n ander se delusie wees. Hoop is 'n individuele ervaring, wat verskillende betekenis het vir verskeie persone. Die ervaring van hoop kan steeds 'n positiewe ervaring wees ten spyte van die sogenaamde valsheid daarvan.

Die sosiale impak op hoop kan ook binne die Suid-Afrikaanse konteks gesien word. Individue se doelwitte, sinsoeke en daarom ook hoop sal verskillend wees. Averill et al. (1990) het reeds deur navorsing kulturele verskille gevind. Daarom kan ook verwag word dat daar binne die Suid-Afrikaanse konteks met al die sosio-politieke veranderinge ook verskille behoort te wees. Die intensiteit van stressore sal moontlik ook die intensiteit van hoop en dit waarop gehoop word, beïnvloed.

Uit bogenoemde kan gesien word dat daar sosio-kulturele invloede op hoop behoort te wees. Die mens se hoop hou ook verband met sy/haar siening oor die persoonlike beheer wat hy/sy oor die omgewing kan uitvoer. Soos reeds genoem,

sal 'n persoon se hoop beïnvloed word deur die wyse waarop hy/sy in die wêreld is.

Die kompleksiteit van die konsep "hoop" maak dit belangrik om dit nie te sien as 'n modernistiese begrip wat laterale denke impliseer nie, maar as 'n post-moderne konstruk wat sirkulêre denke aanmoedig. Eksistensiële filosofie is deel van 'n reaksie teen die rasionalisme van onder andere Immanuel Kant se beklemtoning van die wetenskap en sluit filosowe soos Descartes, Locke en Hume in. Fenomenologie in filosofie het ontwikkel uit die werk van Brentano, Husserl en Heidegger (Owen, 1994a). Die werk van genoemde skrywers het ook in die sielkunde 'n groot invloed uitgeoefen op teorieë soos die humanistiese sielkundiges wat hulself sien as die derde mag in Sielkunde, eksistensiële werk van Jaspers, Boss en Binswanger, asook sosiaal-konstruksionisme (DeCarvalho, 1996; Owen, 1994a). Ook die werk van Victor Frankl met sy logoterapie vind aanslag by hierdie teorieë (Das, 1998; Zika & Chamberlain, 1992). Die eksistensiële filosofie sal 'n goeie raamwerk bied waarbinne hoop beskryf kan word, aangesien dit sal poog om nie uitsluitend te wees ten opsigte van sekere aspekte van 'n wye konsep soos hoop nie. Vir die doel van hierdie navorsing sal daar nie 'n uitgebreide bespreking van fenomenologie en eksistensialisme gegee kan word nie en sal slegs kernaspekte wat op hoop van toepassing is, bespreek word.

#### **2.4.1.2 Fenomenologies eksistensiële benadering tot hoop**

Spiegelberg (1970) definieer fenomenologie soos volg:

*...the direct investigation and description of phenomena as consciously experienced, without theories about their causal explanation and as free as possible from unexamined preconceptions and presuppositions (p.810).*

Kenmerklike eksistensiële konstrakte is intersubjektiviteit, tydelikheid, individualiteit, betekenis, dood, angstigheid, etiek, skuld, keuse en 'n soeke na die vind van kernaspekte van die mens (Owen, 1994b). Die konsep "hoop" kan ook as 'n

eksistensiële motief ingesluit word, aangesien dit in verband gebring kan word met lewensbetekenis, die oorkoming van negatiewe lewensgebeure en individualiteit.

Fenomenologie fokus weg van bestaande aannames, teorieë en verwagtinge en poog om die subjektiewe ervaringe van die self en ander te beskryf. Dit vorm nie hipoteses oor ander se verstaan nie. Dit poog om data omtrent die weselike siening van die wêreld te produseer (Owen, 1994a). Fenomenologie beskou die mens as onlosmaaklik van sy/haar wêreld, 'n wêreld wat deur persone ko-gekonstrueer word. Om die mens se betrokkenheid in sy/haar wêreld uit te druk word daar verwys na eksistensie as "in-die-wêreld-syn" (De Vos, 1987). Om in die wêreld te wees is ook om in ko-eksistensie daarmee te wees. Heidegger se begrip 'Dasein' dui op die mens se unieke syn in die wêreld en die vermoë om sy/haar eksistensie te bevraagteken (Kruger, 1984). Dasein dui egter ook op 'n intersubjektiewe syn in 'n mede-wêreld (Mitwelt), wat aanduidend is van 'n gedeelde bestaan (Owen, 1994a).

Uit bogenoemde ontwikkel 'n volgende aspek, naamlik dat die mens keuses het en daarvoor verantwoordelikheid moet neem. Jean-Paul Sarte het geglo dat die essensie van die menslike bestaan vryheid is, met die taak om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar (Owen, 1994b). In aansluiting hiermee bespreek DeCarvalho (1996) James Bugental se werk wat fokus op die keuses wat die mens het en die verantwoordelikheid wat daarmee gepaardgaan. Die Christelike Wetenskap erken ook die kernbeginsel van "Vryheid in gebondenheid", met ander woorde, so vry soos 'n voël in die lug, maar sonder die lug kan die voël nie vlieg nie (Conradie, 2000). 'n Kernaspek van Victor Frankl (1964) se werk sluit ook hierby aan, naamlik dat die mens 'n vryheid van keuse het en dat, ten spyte van negatiewe omstandighede, wat ontstaan omdat die mens in die wêreld bestaan (syn), mense steeds die vermoë het om teen sulke omstandighede standpunt in te neem en sodoende bo die negatiewiteit uit te styg. Die vind van betekenis in 'n gegewe situasie is ook, volgens Frankl (1964), noodsaaklik om negatiewiteit te oorkom. Daar kan nie slegs een universele betekenis wees nie, aangesien dit vir individue binne sekere situasies sal verskil (Das, 1998).

Die afleiding kan gemaak word dat 'n outentieke self (Heidegger se begrip) in staat sal wees om keuses te maak en betekenis te vind in sulke keuses, wat tot psigiese gesondheid sal lei. So 'n persoon sal ook 'n hoopvolle persoon wees.

Die teendeel van bogenoemde is die ontwikkeling van eksistensiële angs, indien 'n outentieke self nie gevorm word nie. Kierkegaard het hierdie konsep onderskryf, deur dit te sien as die mens se reaksie op die veelvuldigheid van keuses waarmee hy/sy gekonfronteer word en die verantwoordelikheid van die vorming van eie norme en waardes wat daarmee gepaardgaan (Owen, 1994b). Psigopatologie kan in verband gebring word met hierdie wyse van bestaan, wat gevolglik hopeloosheid sal impliseer. So 'n individu wat nie betekenis kan vind in die chaos van eksistensiële besluite nie, sal dit nie suksesvol en verantwoordelik kan hanteer nie. Negatiewe omstandighede sal moeilik oorkom word, toekomsvisie sal vertroebel en hoop dus afneem.

Die mens se wyse van in die wêreld wees (Dasein) hang nou saam met sy/haar hoop vir die self en die wêreld waarbinne hy/sy in ko-ekistensie is met ander. Om hoop te ondersoek is dit dus nodig om daarna te kyk sonder vooropgestelde en beperkende idees. Dit is belangrik om deur 'n fenomenologies-eksistensiële blik die fenomeen "hoop" toe te laat om te ontvou binne die verstaan van die mens se leefwêreld.

#### **2.4.2 Spesifieke verklaring**

Teorieë van hoop is ontwikkel ten einde spesifieke verklarings te gee van die konstruk. Uitgebreide werk is deur Snyder et al. (1990a) gedoen, wat gelei het tot die daarstelling van 'n hoopteorie. Hierdie teorie sal bespreek word. Verdere werk gedoen deur Averill et al. (1990), asook deur Lazarus (1983, 1999) sal ook bespreek word ten einde die diversiteit van opinies aan te dui. Dit blyk asof van die grootste verskille wat wel tussen hierdie skrywers bestaan, gesenteer is oor die vraag of hoop 'n emosie of kognisie is.


## 2.4.2.1 Snyder se teorie oor hoop

### 2.4.2.1.1 Fasiliteringsbaan- en werkbaankomponente

Snyder et al. (1991a, b, 1995) het hoop as 'n komplekse konstruk beskryf, wat verskil van die meer algemene eendimensionele beskrywing van hoop as "positive expectations for goal attainment" (Snyder, in press, p.3). Hoop kan van toepassing wees op verskillende situasies waar verskillende doelwitte geld (kenmerkend), óf dit kan van toepassing wees op spesifieke doelwitte in 'n gegewe situasie (situasie gebonde). Snyder et al. (1997) noem ook dat hoop kollektivisties van aard kan wees en dat dit nie slegs 'n narsistiese selfgeabsorbeerdheid reflekteer nie. Die wortels en funksie van hoop lê in die promosie van 'n kollektiewe sin van gesondheid. Die kollektiewe hoop van 'n groep mense word dikwels reflekteer in die gemeenskaplike ideale en verwagtinge vir die toekoms.

Hoop word gedefinieer as 'n kognitiewe konsep wat uit twee doelgerigte faktore bestaan: die (a) **fasiliteringsbaankomponent** en die (b) **werkbaankomponent**. Die **fasiliteringsbaankomponent** reflekteer 'n individu se waargenome vermoë om beplanning te doen ten einde 'n doelwit te bereik. Indien een van hierdie planne geblokkeer word, of nie slaag nie, sal die persoon met hoë hoop die vermoë hê om alternatiewe planne te beraam. Buiten 'n hoë fasilitering, moet die individu die vermoë hê om op die gekose weg te beweeg. Dié doelgerigte determinasie word beskryf as die "werkbaankomponent". Dit is aanduidend van die vermoë om beweging op die pad na doelwitbereiking vol te hou. Gedagtes wat die **werkbaankomponent** onderlê, is gewoonlik motiverend en bestaan uit self-bevestigende stelling soos die volgende: "Ek weet ek kan dit doen", "Ek sal dit klaarmaak". Hoë hoop dui 'n samewerking of interaksie tussen genoemde twee komponente aan. Beide moet teenwoordig wees vir 'n persoon om hoë hoop te hê. 'n Toename in een komponent sal egter ook 'n toename in die ander teweegbring.

Die herhalende werking van fasiliterings- en werkbaankomponente word in Figuur 2.1 voorgestel.



**Figuur 2.1: Herhalende werking van fasiliteringsbaan- en werkbaankomponente (Snyder, in press)**

#### 2.4.2.1.2 Ontwikkeling van hoop soos beskryf deur Snyder, Cheavens en Sympson (1997)

Die mens bou fasiliteringsbaan- en werkbaangedagtes vandat hy/sy gebore word. Snyder et al. (1997) is van mening dat hoop alreeds tydens babajare ontwikkel word. Fasiliteringsbaangedagtes tree in werking by geboorte, as die kind begin bewus word van stimuli, van watter objekte saam gevoeg kan word en ook later van wat oorsaak en gevolg is. Doelwitte word dan gevorm.



Die werkbaangedagtes ontwikkel weer uit die kind se bewuswording van die self as 'n aparte entiteit, saam met die besef dat hy/sy oor die vermoë beskik om gebeure te laat plaasvind (Snyder, in press). Deur die leiding van voldoende positiewe versorgers kan die kind se hoop versterk word, deur die oorkoming van blokkasies wat wel by normale ontwikkeling teenwoordig is. Die suksesvolle oorkoming van blokkasies leer kinders om fasiliteringsbaan- en werkbaangedagtes te stimuleer en strategieë te vind om doelwitte te bereik. Kinders wat hoë hoop het, is dikwels ook weerbare kinders.

Snyder et al. (1997) se teorie aangaande die ontwikkeling van hoop toon verwantskap met teorieë binne die ontwikkelingsielkunde. Piaget se teorie van kognitiewe ontwikkeling beskryf die ewilbriumproses, waar assimilasië en akkomodasië plaasvind om verandering teweeg te bring (Sternberg, 1997). Dit toon 'n sterk ooreenkoms met blokkasies van strategieë en die daaropvolgende uitwerking van nuwe moontlikhede (Snyder et al., 1997).

Erikson (1963) het hoop as 'n belangrike aspek in sy ontwikkelingsteorie beskryf. Hoop is gesien as die positiewe en gesonde deel van die orale stadium van psigoseksuele ontwikkeling. Erikson (1963) het hoop verbind met die suksesvolle oplossing van die ontwikkelingstaak: vertrou vs. wantrou, wat alreeds by die ontwikkelingstaak van die baba teenwoordig is. Indien die kind hierdie taak suksesvol kan voltooi, kan hy/sy die wêreld met hoop binnegaan.

Farber (1968) is van mening dat die mens se hoop die hoogste is in die vroeë jare van ontwikkeling, aangesien daar nog fisieke gesondheid teenwoordig is en geleenthede meer beskikbaar is. Hy noem dat hoop met ouderdom afneem. Kritiek op hierdie siening is dat dit nie in ag neem dat die mens deur ontwikkeling meer kognitief (Piaget, 1972) en sosiaal (Erikson, 1963, 1968) gesofistikeerd word met die oplossing van sekere ontwikkelingstake nie.

### 2.4.2.1.3 Die toepassing van die hoopteorie

Snyder et al. (1991a) definieer hoop as "a positive motivational state that is based on an interactively derived sense of successful (a) agency (goal-directed energy), and (b) pathways (planning to meet goals)" (p.287). 'n Goeie illustrasie van hierdie twee komponente van hoop kan gesien word in die volgende gevallestudie soos deur Snyder en Forsyth (1991b) beskryf.

Daar is gediagnoseer dat kanker deur 'n sekere mnr. Wright se liggaam versprei het en nie behandelbaar was nie. Ten spyte van sy fisieke gesondheid was mnr. Wright se wil om te lewe hoog. Hy het gevra om 'n sekere medikasie (Krebiozen), wat wel nog nie goed nagevors was nie, maar wat baie positiewe moontlikhede gehad het, te ontvang. Mnr. Wright het binne 10 dae nadat hy Krebiozen begin gebruik het, ongelooflik gevorder. Byna alle simptome van sy kanker het verdwyn. Twee maande later het navorsing negatiewe verslae omtrent die effektiwiteit van Krebiozen opgelewer. Mnr. Wright het hiervan te hore gekom en sy gesondheid het skielik afgeneem.

Sy sielkundige het besluit om hom te oorreed om weer die medikasie te neem en het hom oortuig dat daar nuwe navorsing gedoen is, wat Krebiozen se effektiwiteit bevestig het. Mnr. Wright het weereens dieselfde resultate getoon van uitstekende vordering. Na twee simptome-vrye maande het die Amerikaanse Mediese Assosiasie 'n verslag vrygestel wat bevind het dat Krebiozen 'n waardelose middel was. Binne 'n paar maande nadat hierdie verslag bekend geword het, is mnr. Wright gehospitaliseer en is hy oorlede.

Snyder en Forsyth (1991b) noem dat bogenoemde proses van hoop mnr. Wright se wil om te lewe (fasiliteringsbaan) onderskei van die manier waarop hy kon voortgaan om te lewe (werkbaan). Sy wil om te lewe (fasiliteringsbaangedagtes) was sterk genoeg om hom te laat soek vir medikasie. Die ontdekking van Krebiozen het aan hom 'n werktuig gegee wat lewe moontlik gemaak het. Toe hierdie werktuig wegval, het sy hoop ook verdwyn.

#### **2.4.2.1.4 Snyder se navorsing**

Snyder (1995) het beklemtoon dat hoop disposisioneel is, wat ten spyte van negatiewe situasies en kulturele verskille kan bly voortbestaan. Farber (1968) se werk sluit ook hierby aan, deurdat hy hoop as 'n deel van persoonlikheid sien. Hy glo derhalwe dat individuele verskille sal bestaan ten opsigte van hoe mense hoop en waarop hoop geplaas word. Snyder (1995) is van mening dat die mens se disposisionele hoop wel mettertyd verander kan word deur 'n proses soos terapie. Daar is bevind dat persone met hoër hoop meer fokus op sukses as mislukkings. Studente wat hoër hoop het, se akademiese prestasies, selfvertroue en motivering is hoog. Atlete wat hoër hoop het, behaal meer sukses (Curry, Ruby, Rehm, Snyder, & Cook, 1997). Adollesente met hoër hoop het minder selfdestruktiewe (eksternalisasie van negatiewe gedrag) gedrag getoon. Die vermoë om konstruktief te werk aan probleme, toon verhoogde self-waarde en aanpassing in die samelewing (Barnum et al., 1998). Werk met kankerpatiënte het getoon dat diegene met hoër disposisionele hoop meer kennis bekom oor die siekte en dit beter hanteer. Meer kennis omtrent 'n gesonde lewenstyl is ook by persone met hoër hoop gevind. Dit lei weer tot 'n hoër mate van voorkoming van siektes soos kanker. Kennis is ook belangrik in die konstruktiewe uitvoering van doelwitte. Stresvolle gebeurtenisse word deur individue met hoër hoop as 'n uitdaging in plaas van 'n bedreiging gesien. So is dit dan ook moontlik om beter hanteringsmeganismes te ontwikkel (Irving, Snyder & Crowson, 1998). Mense met hoër hoop het hoër vlakke van serotonien, asook sterker immuunsisteme getoon (Udelman & Udelman, 1985). Verdere navorsing gedoen deur Elliot, Witty Herrcik en Hoffman (1991) het getoon dat persone met hoër hoop vinniger aansterk na fisieke beserings en kroniese siektes beter hanteer.

#### **2.4.2.2 Averill, Catlin en Chan (1990) se teorie**

Averill et al. (1990) verskil van Snyder se beskrywing van hoop as 'n disposisie wat, ten spyte van kulturele verskille, teenwoordig of afwesig kan wees. Navorsing wat deur genoemde skrywers gedoen is, het wesenlike verskille tussen Amerikaanse en

Koreaanse persone met betrekking tot hul siening en ervaring van hoop gevind. Daar is bevind dat hoop vir 'n Koreaanse persoon beskryf kan word as 'n ideaal, ambisie of poging. Die Amerikaner beskou en ervaar hoop weer as 'n emosie en 'n hanteringsmeganisme. Sinonieme van hoop vir die Amerikaner is geloof, hoop en gebed. Averill et al. (1990) het 'n hoopmodel met die volgende beginsels daarin vervat, ontwikkel:

- **Weloerwoë/verstandige beginsel:** Die klem val hier op die realiteit van dit waarop gehoop word. Hoop moet verstandig wees.
- **Moralistiese beginsel:** Persoonlike en sosiale aanvaarbaarheid is hier ter sprake. Hoop is verwant aan 'n persoon se waardesisteem op 'n manier waarop behoeftes en begeertes nie is nie. ('n Onderskeid tussen hoop en behoeftes/begeertes is alreeds vroeër in hierdie hoofstuk bespreek).
- **Prioriteitbeginsel:** Die objek waarop hoop geplaas word moet vir die persoon belangrik wees.
- **Aksie georiënteerdheid:** 'n Persoon wat hoop, moet bereid wees om die nodige, gepaste aksie te neem om doelwitte uit te voer.

Averill et al. (1990) se hantering van hoop is begrond binne die sosiaal-konstruksionisme. Dit is duidelik dat die mens binne sy sosio-kulturele konteks gesien word; daarom sal hoop as konstruk beïnvloed word deur die kulturele aspekte waarbinne die mens leef.

As na Averill et al. (1990) se beginsels van hoop gekyk word, kom daar sekere vrae na vore omtrent die suiwerheid van die sosiaal konstruksionistiese aard van hulle teorie. Die eerste beginsel, naamlik die realisme van hoop, sal bevraagteken word, aangesien die sosiaal-konstruksionisme nie hoop sal verklaar as realisties of onrealisties nie. Binne dié model is realiteit nie 'n gesette werklikheid nie (kyk vorige bespreking van sosiaal-konstruksionisme, Paragraaf 2.5.1.1). Alhoewel Averill et al. (1990) se teorie van Snyder (1995) s'n verskil, is daar tog onderliggende ooreenkomste. Snyder (1995) se konsep van fasiliteringsbaan-gedagtes impliseer ook dat die doelwit (of dit waarop hoop gevestig word) vir die individu belangrik moet wees. Gemotiveerdheid sal ook werkbaan-gedagtes meebring, wat 'n aksiegeoriënteerdheid impliseer.

#### **2.4.2.3 Lazarus se siening oor hoop**

Lazarus (1999) is van die opinie dat die mens kan hoop, sonder om werklik aktief iets te doen om 'n situasie te verander. As voorbeeld gebruik hy die informele gebruik van die woord "hoop", soos in "Ek hoop jy het 'n goeie dag". In so 'n geval is daar nie werklike aksie teenwoordig nie. Aksie-georiënteerde hoop kom meer na vore as daar 'n desperate of negatiewe situasie is, waaruit weggekomp wil word. Hy verskil van Snyder et al. (1991a) se klem op die teenwoordigheid van werkbaan-gedagtes, deur te sê dat die mens steeds kan hoop, sonder dat daar 'n geloof hoef te wees in die vermoë om aksies uit te voer. Hy beweer dat selfs al is daar 'n ongelooft in die eie vermoë om uit 'n negatiewe situasie te beweeg, die mens steeds kan hoop op hulp van buite, byvoorbeeld op God, ander mense of die geluk. Om hierby aan te sluit kan die mens se reaksie op 'n lotery-trekking genoem word. Baie mense koop byvoorbeeld loterykaartjies met die wete dat die kans op geluk skaars is. Dit neem egter nie die hoop weg om steeds te wen nie.

'n Interpretasie van Snyder et al. (1991a) se werk dui aan dat selfs al gebruik die mens hulp van buite om 'n doelwit te bereik, hoop wel 'n motiveringsaspek

(fasiliteringsbaankomponent) aandui. Die persoon sal byvoorbeeld vir hulp vra, of die lotery-kaartjie gaan koop (werkbaan), omdat daar die bewussyn is van 'n doelwit wat dan weer die teenwoordigheid van fasiliteringsbaan-gedagtes onderskryf. Hier moet weereens verwys word na die bespreking oor lokus van kontrole. 'n Eksterne lokus van kontrole sal die persoon laat hoop plaas op eksterne bronne, byvoorbeeld lotery en geluk, terwyl 'n interne lokus van kontrole die persoon se eie fasilitering reflekteer. Soos reeds genoem, kan een van hierdie aspekte nie as negatief en die ander as positief beskryf word nie, aangesien beide nodig mag wees om 'n doelwit te bereik.

Die belangrikste aspek waaroor skrywers verskil, is of hoop 'n emosie of kognisie is. Psigodinamiese perspektiewe sien emosie as 'n sentrale konsep van hoop. Buechler (1995) noem dat die kognitiewe element van hoop die individu in terapie begelei, maar dat die emosionele komponent van hoop die aksie mobiliseer. Die kognitiewe en psigodinamiese skole ontken nie die belangrikheid van sowel emosie as kognisie in die hoopkonsep nie, maar verskil ten opsigte van die klem wat hulle daarop lê.

#### **2.4.2.4 Hoop as gemoedstoestand**

Lazarus (1999) is van die opinie dat hoop 'n emosie is. Eerstens glo hy dat hoop as 'n emosie ontstaan vanuit 'n sterk behoefte om in 'n ander situasie as die huidige te wees, asook vanuit die persepsie dat so 'n posisie moontlik is. Hy impliseer derhalwe dat hoop 'n reaksie is op die behoefte na 'n verandering van 'n situasie. Emosies is nie dieselfde as doelwitte nie, maar dit ontstaan as 'n reaksie op doelwitte. Negatiewe emosies ontstaan as gevolg van 'n vertraging of bedreiging van doelwitte, terwyl positiewe emosies weer ontstaan as gevolg van die bereiking van of vordering in die bereiking van doelwitte. Hoop is dus volgens Lazarus (1999) 'n reaksie op doelwit - uitkomst en word as 'n emosie gesien.

'n Tweede rede vir Lazarus (1999) se standpunt is dat die ervaring van hoop 'n verandering in die intensiteit van 'n persoon se psigiese staat teweegbring. Hy noem wel ook dat die verskil tussen emosies soos woede, liefde en hoop lê in die toekomsgerigtheid (hoop) en gerigtheid op die verlede, of ervaringe vanuit die verlede (woede en liefde).

Averill et al. (1990) se navorsing onderskryf Lazarus se teorie, deurdat ook hulle hoop as 'n emosie beskryf. Emosie word nie gesien as 'n inherente reaksie nie, maar as 'n sosiaal gekonstrueerde patroon van gedrag. Averill et al. (1990) het 'n emosiemodel daargestel, wat die volgende kenmerke van emosie beklemtoon:

- 'n Emosie is moeilik om te beheer (Dit is dus 'n passie, eerder as 'n aksie). Hoop, liefde en woede val in hierdie kategorie. Ons word byvoorbeeld oorweldig deur woede, of raak verlief, of "Kan nie anders as om te hoop nie". Gegewe 'n spesifieke stimulus of situasie, is dit duidelik dat hoop outomaties plaasvind.
- 'n Emosie affekteer die wyse waarop jy dink en kan lei tot ongewone gedragsreaksies.
- 'n Emosie motiveer gedrag.

Alhoewel Averill et al. (1990) hoop as 'n emosie beskryf, is daar nie duidelikheid in dié teorie oor hoe die aspek van hoop as 'n kognisie hanteer word nie. Die verskil tussen hoop en ander emosies word juis deur hulle beskryf as die "largely cognitive state" (p.48) wat hoop onderlê.

Snyder et al. (1991a) is van opinie dat sy omskrywing van hoop as 'n kognitiewe konstruk nie emosie as irrelevant beskou nie, maar emosie sien as 'n gevolg van kognitiewe beoordeling van doelgerigte aktiwiteite. Die kwaliteit van emosie vir 'n spesifieke doelgerigte omstandigheid sal afhang van 'n persoon se verwagte

hoop vir daardie spesifieke omstandigheid. Hoë hoop (kognitief) sal derhalwe lei tot 'n positiewe emosionele psigiese staat.

Skrywers soos Stotland (1969), Frankl (1964) en Breznitz (1983) stem met mekaar ooreen dat hoop wel 'n kognitiewe element inhou (doelwit stelling). Navorsing gedoen deur Carlyn & Farris (2000) het bewys dat patrone van hoop na vore kom, sodra die mens verantwoordelikheid moet neem vir eie gedrag. Hierdie aspek dui 'n kognitiewe komponent aan.

Die debat oor die omskrywing van hoop as 'n emosie of kognisie kan uitgebrei word deur die vraag of hoop 'n affektiewe toestand, 'n gemoedstoestand of 'n emosie is.

Fredrickson (2001) is van mening dat emosies 'n onderfabeling is van 'n wyer klas affektiewe verskynsels. **Emosies** word gekonseptualiseer as 'n multi-komponent respons wat oor 'n relatiewe kort tydspan ontvou. 'n Emosie begin deur 'n individu se assessering van die persoonlike betekenis van 'n voorafgaande gebeurtenis. Die evalueringsproses kan bewustelik of onbewustelik plaasvind en dit veroorsaak 'n kaskade van reaksies, wat manifesteer as verskeie moontlikhede soos subjektiewe ervarings, gesigsuitdrukings, kognitiewe prosessering en fisiologiese veranderinge.

**Affek** is 'n meer algemene konsep wat verwys na bewustelike toeganklike gevoelens. Emosies verskil van affek, deurdat dit persoonlik betekenisvol is, kortstondig is en binne diskrete kategorieë kan pas, soos vrees, woede en belangstelling. Affek word weer dikwels gekonseptualiseer as 'n variasie tussen twee dimensies, naamlik aangenaamheid en aktivering, of positiewe en negatiewe aktivering (Frederickson, 2001). Verskeie definisies van **gemoed** bestaan. Gemoed word in die psigologiese woordeboek van Gouws, Louw, Meyer en Plug (1979) gedefinieër as 'n wye begrip, wat dui op die gevoelstoestand waarin 'n persoon verkeer (byvoorbeeld vrolik of depressief). Dit kan dui op 'n toestand van die oomblik, maar meestal word 'n meer blywende



toestand wat kenmerkend van 'n persoon is, aangedui. Kaplan en Saddock (1988) verwys na gemoed as die interne emosionele toestand van 'n individu en affek as die eksterne uitdrukking van emosionele inhoud. Hierdie definisie blyk aan te sluit by wat Frederickson (2001) bedoel met affek as die aktivering van positiewe of negatiewe emosionele ervaring. Gemoed blyk dus 'n wyer begrip te wees, waaronder affek en spesifiek emosie sou val.

Uit bogenoemde bespreking van die verskillende konsepte kan die argument gevoer word dat hoop as 'n gemoedstoestand beskryf kan word, omdat dit langer kan duur, omdat dit nie spesifiek as 'n negatiewe of positiewe emosie gekonstrueer kan word nie en omdat dit as 'n wye begrip beskryf word (Averill et al., 1990; Lazurus, 1999; Magaletta & Oliver, 1999; Snyder et al., 1991). Hoop sluit aan by die omskrywing van affek as 'n aktivering van emosie, aangesien die konatiewe aspek van hoop gedrag kan aktiveer of inisieer. Die kognitiewe komponent van hoop kom dan as 'n gevolg van die konatiewe aspek na vore deur die beplanningsaspek, wat deur Snyder et al. (1991a) se fasiliterings- en werkbaankomponente aangedui word.

## **2.5 Hoop en ander psigiese funksies**

### **2.5.1 Hoop en godsdiens**

Die Joods-Christelike tradisie van persone soos Saint Paul en Martin Luther het die belangrikheid van hoop beklemtoon, deur dit saam met liefde te kategoriseer as die essensie van wat goed en waar is in die lewe (Snyder & Forsyth, 1991b). Hoop is 'n aspek waarop in die Christelike godsdiens baie fokus geplaas word. 'n Soeke na 'n sinvolle lewe en spiritualiteit bring mense dikwels terug by godsdiens. Daar word geglo dat hoop uit chaos gebore word. Louw (2000) sluit hierby aan deur die jeug se dilemma binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk te beskryf. Hy noem dat adolessente in Suid-Afrika in 'n sosio-politieke bestel is, waar ontnugtering in sisteme bestaan. Die soeke na sekuriteit en veiligheid bring

mee dat hoop geplaas word op eksterne, materiële objekte, terwyl inherente spiritualisme daaronder ly.

Die teenoorgestelde van hoop, naamlik wanhoop, staan volgens Bringle (1990) in kontras met die moontlikheid van 'n hoopvolle lewe. Dit verwerp die moontlikheid van 'n vervulling van God se beloftes vir die mens en die wêreld. Thomas Aquinas het geglo dat 'n verlies aan hoop die mens toelaat om in sonde te verval. Hy het wanhoop en desperaatheid as 'n sonde beskryf, wat hoop vernietig (Bringle, 1990).

Religie is vir baie mense 'n eksterne bron van hoop wat 'n interne behoefte aan spirituele verryking vervul. Zika en Chamberlain (1992) noem dat religie 'n raamwerk bied wat vir baie betekenis aan, asook doelwitte en hoop vir die lewe gee.

Hoop, is volgens die Christendom een van die drie deugde wat in die mensdom teenwoordig behoort te wees. Die ander twee is geloof en liefde (Averill et al., 1990). Die Christelike hoop bestaan, volgens Conradie (2000) daarin dat daar 'n God is, dat daar verlossing is van sonde en onderdrukking en dat daar 'n ewige lewe is. Die Christendom plaas hoop op die wederkoms van Christus (eskatologie), 'n hereniging met God en daarom die uiteindelijke deurbraak van Christendom in die wêreld. Die mens word egter aangemoedig om nie slegs met passiwiteit te hoop op die wederkoms nie, maar om aktief te poog om 'n lewe volgens Christelike standarde te lei. Daar moet dus nie 'n passiewe hoop wees op 'n eksterne mag, wat probleme sal oplos en toekomsverwagtinge sal vervul nie. So sal daar 'n onderskeid getref kan word tussen die mate van hoop, passief of aktief, wat deur Christene ervaar mag word. Die mens se spirituele soeke in die laaste dekades word deur verskeie skrywers onderskryf. Hoop kom dikwels na vore in literatuur wat handel oor die spirituele verdieping van die mens se lewe (Bays, 1999)

## 2.5.2 Hoop as hanteringsmeganisme

Kwon (2000) noem dat die aanpassingswaarde van die mens se hoop-kognisies afhanklik is van die kwaliteit van die mens se verdedigingstyl. Navorsing wat hy gedoen het, het getoon dat verdedigingsmeganismes die verhouding tussen hoop en disforie modereer. Individue met lae hoop en onvolwasse verdedigingsmeganismes het hoë vlakke van disforie gehad. Daar moet 'n onderskeid getref word tussen verdedigingsmeganismes en hanteringsmeganismes, sodat hoop binne een van hierdie kategorieë geplaas kan word.

Die gebruik van die term "verdedigingsmeganismes" het begin met Freud se klassifisering van "onderdrukking" as verdedigingsmeganisme (Cramer, 1998). Verdedigingsmeganismes is hoofsaaklik 'n onbewustelike proses wat deur die onderbewuste gebruik word om intra-psigiese konflikte op te los. Dié konflikte kan ontstaan vanuit 'n werklike eksterne bedreiging, of vanuit innerlike konflik. 'n Verdedigingsmeganisme varieer in effektiwiteit deurdat sommige toepaslik (volwasse) en sommige ontoepaslik (onvolwasse) is.

Die hoofdoel van verdedigingsmeganismes is om die mens teen bedreigende situasies te beskerm en afstand daarvan te verkry. Aangepaste (toepaslike) verdedigingsmeganismes soos intellektualisering of humor, weer bedreiginge effektief af, sonder dat realiteit versteur word, terwyl wanaangepaste (ontoepaslike) meganismes soos vermyding of projeksie, weer realiteitsversteuring meebring. Aangepaste meganismes lei tot konstruktiewe aksie. Kwon (2000) noem dat 'n konsep soos "vals hoop" aanduidend kan wees van 'n onvolwasse verdedigingsmeganisme. 'n Voorbeeld hiervan is 'n geval waar 'n werknemer afgedank is as gevolg van swak werkstandaarde. Indien die werknemer verdedigingsmeganismes soos ontkenning en onderdrukking gebruik, sal hy/sy redeneer dat dit nie sy/haar fout was nie, dat die afdanking onregverdig


was en daarom sal so 'n persoon nie veranderinge aanbring om verbetering van die self te bewerkstellig nie. So 'n persoon sal dan vals hoop hê vir toekomstige werksituasies (Kwon, 2000). Volwasse verdedigingsmeganismes hou verband met realistiese hoop. Wat interessant was van Kwon (2000) se navorsing is dat mense met hoë hoop lae vlakke van disforie getoon het, en dat verdedigingsmeganismes nie 'n groot rol hierin speel nie. Mense met lae hoop, maar volwasse verdedigingsmeganismes, het ook nie 'n wanaangepaste lewe gehad nie. Kwon (2000) noem dat hierdie amper 'n "blissful ignorance" (p.220) van lewensprobleme reflekteer.

Hanteringsmeganismes en verdedigingsmeganismes toon ooreenstemming. Sowel verdedigings- as hanteringsmeganismes se hoofdoel is om die individu te help om stres te hanteer. Die verskil lê daarin dat hanteringsmeganismes hoofsaaklik op 'n bewustelike vlak opereer. 'n Hanteringsmeganisme se hoofdoel is om met intensie op te tree, terwyl verdedigingsmeganismes nie intensioneel is nie. Laasgenoemde funksioneer om die interne psigologiese staat te verander, sonder om werklik 'n verandering in die eksterne realiteit mee te bring (Cramer, 1998).

Die kognitiewe hoopmodel (Snyder et al., 1991a) beklemtoon die bewustelike gebruik van kognisies in die proses van hoop. Ware hoop sal dus eerder as 'n hanteringsmeganisme as 'n verdedigingsmeganisme beskryf word. Hoop behels 'n doelgerigte keuse en buigbare denkskuif; dit motiveer 'n intensionele aktiwiteit, wat die waargenome probleem aanspreek en ook negatiewe affek verlaag (Cramer, 1998).

## 2.6 Samevattende hoopmodel

'n Integrasie van bogenoemde teorieë dui daarop dat hoop 'n wye konstruk is wat binne die eksistensiële fenomenologie geplaas kan word. Hierdie model word skematies in Figuur 2.2 voorgestel.




**Figuur 2.2: Hoopmodel**

Hoop speel 'n kardinale rol in die mens se bestaan. Dit motiveer (konatief) die mens tot 'n ervaring van welstand en het 'n impak op die mens se kognitiewe, emosionele, gedrag en spirituele ervaring van sy/haar wêreld.

## 2.7 Hoopproseses

Uit bogenoemde hoopmodel is daar 'n hoopproses ontwikkel wat deur Figuur 2.3 skematies voorgestel word.



**Figuur 2.3: Die hoopproses**

In teenstelling met die verkleining van die konstruk "hoop" as 'n emosie of 'n kognisie, word hoop as 'n gemoedstoestand beskryf, wat dui op 'n langblywende interne toestand van die individu. 'n Persoon kan verskeie emosies ervaar, wat deel vorm van sy/haar gemoed. Die gemoedstoestand sal lei tot die eksternalisering van emosies. Hierdie eksterne proses kan dan as affek beskou word, wat dui op die aktiveringsproses van meer spesifieke emosies. Affek is

ook 'n wye konstruksie wat nie op een spesifieke emosie dui nie. Na aanleiding van die aktiveringsproses kan daar negatiewe emosies (soos angs en onsekerheid), asook positiewe emosies (soos vasberadenheid en selfvertroue) na vore kom. By die ervaring van hoop tree daar nou 'n integrasie van die positiewe en negatiewe emosies in, wat lei tot 'n kognitiewe proses met die spesifieke doel om doelwitte te bereik.

Hierdie proses bestaan uit fasilitering- en werkbaankomponente. Na aanleiding van hierdie proses is daar 'n uitkoms. 'n Positiewe uitkoms sal lei tot die bereiking van doelwitte, sal ware hoop impliseer, sal hoop as 'n gemoedstoestand verhoog, sal psigologiese welstand verhoog en sal langstaande negatiewe emosies uitwis, of verminder. 'n Negatiewe uitkoms sal beteken dat die doelwit nie bereik is nie. So 'n uitkoms dui op 'n blokkasie van 'n persoon se kognitiewe aksie en sal by die hoopvolle persoon 'n herhaling van aksie motiveer. Nuwe fasilitering- en werkbaandenke sal na vore tree, ten einde eindelijk die doelwit te bereik.

Hierdie proses herinner aan Frederickson (2001) se uitbreiding-en uitbouingsteorie. Positiewe emosie, selfs as dit diskreet is, verbreed die individuele repertoire van denke en aksiegeoriënteerdheid. Op so 'n wyse bou die individu langdurende persoonlike bronne, wat as reserwes dien vir die hantering van negatiewe omstandighede. So sal die motivering vir herhaalde aksie ook hoër wees. Indien daar nie herhaalde aksie plaasvind nie, sal dit impliseer dat die doelwit nie bereik sal word nie, dat die persoon vals hoop ervaar, dat hoop verlaag sal word en dat psigologiese welstand sal verminder. So 'n persoon sal dan hopeloosheid ervaar. Die uitkoms van hoop kan ook op 'n kontinuum geplaas word van positief, wat dui op die bereiking van doelwitte en hoë hoop, tot negatief wat lei tot doelwitte wat nie bereik word nie en gevolglike lae hoop. 'n Persoon beklee nie 'n statiese plek op die kontinuum nie, aangesien hoop deur 'n proses soos terapie verhoog kan word.

## 2.8 Aard van hoop

Snyder et al. (1991a) se hoopskaal bepaal of mense hoë of lae hoop het. Vanuit 'n sosiaal konstruksionistiese model gaan 'n verdere aspek, veral in 'n diverse Suid-Afrikaanse konteks, belangrik wees om te ondersoek, naamlik: hoe hoop vir mense verskillend is binne hul verskillende kontekste. In hierdie navorsing sal ook gefokus word op dit waarop die adolessent hoop plaas. Mense mag miskien dieselfde tellings op 'n hoopskaal behaal, maar dit waarop hulle hoop, kan verskillend wees. Dit moet bevestig word dat, alhoewel hoop 'n individuele proses is, die individu ook in die wêreld saam met ander mense lewe. Hy/sy ervaar met ander woorde ook 'n kollektiewe sin van behorendheid (Owen, 1994a). Hoop mag daarom ook kollektief wees. In hierdie navorsing sal daar onderskeid getref word tussen die geslag, ontwikkelings stadium (ouderdom) en taalgroep van die respondente, ten einde die ervaring van hoop op grond van hierdie veranderlikes te differensieer.

### 2.8.1 Geslag

Snyder (1995) het deur navorsing bevind dat daar geen verskille tussen mans en vrouens was by die toepassing van die hoopskaal nie, met ander woorde, die een geslag het nie hoër tellings op die hoopskaal bereik as ander nie. Met sosiale rolle wat dikwels toegeskryf word aan verskeie geslagte, kan egter verwag word dat daar 'n verskil mag wees tussen dit waarop mans en dit waarop vrouens hul hoop plaas (Briscoe, 1982). Hierdie navorsing sal derhalwe nie slegs die verskil in die hooptelling tussen mans en vrouens ondersoek nie, maar ook verskille betreffende die aard van hoop bepaal.

### 2.8.2 Ouderdom

Smith (1983) noem dat persone met verhoogde hoop 'n verbintenis tot sekere doelwitte het. Indien daar geen verbintenis is nie, is daar 'n geneigdheid om



slegs vir die teenwoordige te lewe, en nie vir die toekoms nie. Self-destruktiewe gedrag soos alkohol- of dwelmmisbruik kom gewoonlik voor by sulke individue. Daar is bevind dat hoopvolle individue impulsiewe gedrag kan beheer en meer langtermyn verbintnisse stel. Adolessensie word dikwels as 'n ontwikkelings stadium in verband gebring met impulsiewe en destruktiewe gedrag (Heaven, 1996). 'n Studie wat deur Smith (1983) beskryf is, het egter getoon dat adolessente meer hoop vir hul eie lewens en eie land het, as vir die wêreld. Dit is dus belangrik om by die adolessent ondersoek in te stel omtrent sy/haar ervaring van 'n eie leefwêreld en 'n gewaarwording en ervaring van die groter wêreld buite die onmiddellike ervaringswêreld. Dit kan afgelei word dat adolessente eendersyds in/van toekomsverwagtinge 'n verhoogde mate van hoop kan laat ontstaan, wat moontlik nie in die geval van bejaardes teenwoordig is nie. Daar kan egter andersyds ook hopeloosheid ontwikkel by die adolessent by wie toekomsverwagtinge ontbreek.

### **2.8.3 Kultuur**

Snyder (1995) is van mening dat daar verskille mag bestaan tussen die hooptellings van verskillende kulture. Averill et al., (1990) het wel verskille gevind tussen die aard van hoop van verskillende kulture. Smith (1983) glo dat hoop meer beïnvloed word deur historiese gebeure as korttermynervaringe. Daar kan dus verwag word dat ervaringe wat gegrond is op kulturele verskille (byvoorbeeld apartheid en onderdrukking) mense se hoop sal beïnvloed. White (1991) onderskryf dit deur te noem dat die swart Amerikaanse jeug dikwels beter voorbereid is op negatiewe lewensomstandighede, as hul wit landsgenote. Daar word egter terselfdertyd gevra of die toekomsverwagtinge nie laer is as gevolg van politieke omstandighede nie.

Die adolessent in Suid-Afrika bied 'n goeie steekproef om navorsing te doen omtrent individue wat in 'n veranderende politieke bestel leef. Die vraag word

gevra of daar verskille op grond van kultuur sal wees in dit waarop adolessente in Suid-Afrika hul hoop plaas.

Met die oog op bogenoemde het hierdie navorser 'n vraelys opgestel wat gemik is op die adolessent se aard van hoop. Die areas waarop spesifiek gefokus word, is (a) sosiaal, (b) loopbaankeuse, (c) die ekonomie, (d) die uitgebreide gesin en betekenisvolle ander. Daar sal ook 'n oop vraag aan die adolessent gestel word oor waarop hoop geplaas word. 'n Aspek wat nie deur hierdie wyse van ondersoek gedek kan word nie, is of die adolessent se hoop waar (realisties) of vals (verbeeldingsvlugte/Polyanna-tipe) is. So 'n ondersoek sal deur 'n kwalitatiewe navorsing gedoen kan word.

## **2.9 Die waarde van hoop vir die Sielkunde**

As na die Suid-Afrikaanse konteks gekyk word, sal daar baie verhale van hoop in die sosio-historiese en politieke konteks gevind kan word. In 'n land waar die gevolge van apartheid mense op verskeie wyses geraak het en steeds raak, is daar sekere individue wat ten spyte daarvan steeds suksesvol leef, terwyl ander met geen hoop nie, betrokke geraak het in 'n blote oorlewing en fokus op die hede. Die veranderinge in ons land het terselfdertyd verhoogde en verlaagde hoop gebring. Die toename in geweld, opbreking van gesinne, verswakte onderwys en middelmisbruik kan 'n gevolg wees van 'n gebrek aan beheer van onmiddellike behoeftebevrediging, impulsiewe gedrag en 'n gebrek aan toekomsgerigtheid.

Hoop het definitiewe terapeutiese implikasies vir die terapeut. Verskeie skrywers (Frank, 1965; Menninger, 1956; Shechter, 1999) het die terapeut se hoop as sentraal tot die terapeutiese situasie beskryf. Werk gedoen onder verpleegpersoneel het getoon dat diegene wat hoër hoop het, nie so gou emosioneel in hul werk uitbrand nie. In die terapeutiese werk met mense is dit belangrik om te weet wat die kliënt se disposisionele hoop is, aangesien dit die

terapeut kan toelaat om voorspellings te maak aangaande prognose en eidelike verandering.

Uit die geraadpleegde navorsing is dit duidelik dat mense met hoë hoop verskeie situasies beter kan hanteer en moontlik ook psigologies gesonder is. Aanpassing ten opsigte van veranderinge vind makliker plaas. Negatiewe situasies word beter hanteer as hoop teenwoordig is, selfs al blyk die oplossings nie so helder te wees nie.

Die komponente van hoop soos deur Snyder et al. (1991a) uiteengesit, bied 'n manier om kliënte wat terapie ondergaan te help om nie net doelwitte te stel nie, maar ook om strategieë te beplan en uit te voer om doelwitte te verhoog. Diagnostiese informasie kan verkry word in omstandighede waar 'n persoon sterk ontwikkelde werkbaan-denke het en dus die energie het om hom-/haarself te motiveer, maar nie fasiliteringsbaan-gedagtes het om strategieë mee te genereer nie (Snyder, 1995). Werk op hierdie gebied kan derhalwe motiverend en probleem-gefokus wees. Mense wat werklik hopeloos voel, het geen doelwitte om voor te leef nie. So word selfmoord gesien as 'n afsterwe van hoop. Die dood self word die eidelike doelwit en selfmoord die werktuig waardeur die doelwit bereik word. Dit is waarom mense wat depressief is, selfmoord kan pleeg as hulle gemoedstoestand verbeter het en hulle dus oor meer energie beskik vir die uitvoering van werktuig-gedagtes.

Snyder (1995) het 'n aantal voorstelle gemaak wat die terapeut tydens terapie kan gebruik om die kliënt te help om werkbaan- en fasiliteringsbaangedagtes te ontwikkel. Die werk is kognitief en probleem-gefokus van aard en is gerig op korttermyn terapie. Voorbeelde is die volgende: leer om jouself te herinner aan suksesse, stel duidelike doelwitte, fisieke oefening, dink aan teleurstellings as uitdagings, lag vir jouself, leer spesifieke vaardighede aan en vergoed jouself vir doelwitte wat bereik is. Snyder et al. (1991a, b) noem dat, indien een van die komponente van hoop verhoog word, die res ook sal verhoog. Motivering kan

derhalwe positiewe aksie tot gevolg hê, wat natuurlik hoop verhoog. Lopez, Floyd, Ulven en Snyder (2000) het 'n terapeutiese model vir die uitbreiding van hoop ontwikkel, wat hulle die "Huis van Hoop" genoem het en wat die ontwikkeling, uitbouing en vaslegging van hoop in terapie ondersteun.

Alhoewel korttermyn-probleemgefokusde terapie in die huidige finansiële milieu dikwels noodsaaklik geraak het, is daar ook plek vir die verkenning en verhoging van hoop in ander eksistensiële terapieë. Die ontwikkeling van hoop kan aan mense weer 'n greep op betekenis in die lewe gee (Logoterapie). Ook die narratiewe terapie beskou hoop as sentraal, aangesien daar tydens terapie gefokus word op unieke uitkomst wat die kliënt laat besef dat daar wel hoop lê in die suksesvolle hantering van situasies, selfs al was die suksesse klein (White & Epston, 1990).

## 2.10 Samevatting

Die volgende samevattende gevolgtrekkings kan nou gemaak word:

- Die konsep "hoop" sal in hierdie navorsing omskryf word as 'n eksistensiële fenomenologiese konstruk wat 'n impak het op verskeie vlakke van die mens se bestaan. Dit kan nie tot een konstruk verklein word nie, aangesien dit so wyd is en in verskeie terreine teenwoordig is (byvoorbeeld godsdiens, filosofie, sielkunde).
- Hoop het 'n impak op verskeie lewensdomeine, naamlik spiritueel, kognitief, emosioneel en gedrag.
- Hoop kan vir sommige 'n gevoelswoord wees, wat 'n Polyanna-tipe hoop aandui, of vir ander 'n werkwoord, wat 'n aksie aandui. Alhoewel daar 'n onderskeid in die literatuur getref word tussen hoop as 'n emosie of 'n

kognisie, word daar in hierdie navorsing 'n oorkoepelende blik op die verskillende standpunte gewerp en word hoop in 'n breër konteks geplaas.

- Hoop toon verbandhoudende betekenis met verskeie konstruksies soos optimisme, behoefte of begeerte, self-effektiwiteit, self-aktualisasie, lokus van kontrole en die soeke na betekenis. Die verskille tussen hoop en elkeen van hierdie konsepte word in hierdie hoofstuk aangedui.
- Hoop is 'n integrerende deel van die mens se ervaringswêreld. Hoop kan teenwoordig wees in die mees negatiefste omstandighede, wanneer alle optimisme verloor is. Sonder hoop word hopeloosheid ervaar.
- Hoop is noodsaaklik as 'n hanteringsmeganisme wat mense toelaat om negatiewe situasies te hanteer en te verander.
- Hoop is gepredisponeer, maar kan ook in 'n proses soos terapie uitgebou word.
- Die uitbreiding van hoop impliseer 'n proses van hoop wat in hierdie navorsing ontwikkel is. Vir hierdie doel is hoop as 'n interne gemoedstoestand beskryf. Affek, 'n onderafdeling van gemoedstoestand, aktiveer 'n eksternalisering van emosies. Hierdie emosies kan positief en/of negatief wees. 'n Kognitiewe proses tree dan in werking, wanneer fasliteringsbaandenke (stel van doelwitte) en werkbaandenke (beplanning en uitvoering van strategieë) plaasvind. Die uitkoms sal bepaal of die doelwitte bereik en hoop verhoog is, al dan nie. Positiewe doelwituitkomstes sal uiteindelik 'n positiewe gemoedstoestand teweegbring.
- Persone wat hoë vlakke van hoop ervaar, ervaar verhoogde verwagtinge van selfbeheer. Hierdie verwagtinge behels fundamentele konsepsies omtrent die self en die wêreld. Mense wat hoë hoop het, beskou die wêreld as ontvanklik

vir individuele pogings en vind maniere om vaardighede uit te brei, wat 'n positiewe bydrae tot die wêreld kan lewer.

- Hoë vlakke van hoop bring bring positiewe emosionele en psigiese toestande en verhoogde psigologiese welstand na vore.

## HOOFSTUK 3

### PSIGOLOGIESE WELSTAND

#### 3.1 Inleiding

*And so I went on a journey to answer for myself a few questions: What are our most human qualities? What sets us apart from animal and machine? From the masses and the monster? How can we believe in our infinite possibilities when our limitations are so conspicuous? And hope? What is this stubborn thing in man that keeps him forever picking the lock of time?... The odds are against him, the odds have always been against him, and he knows it, but he has never believed it...*

Lillian Smith (1954), *The Journey*

Die sentiment van bogenoemde skrywer word deur baie mense gedeel in tye wanneer toenemende veranderinge ook toenemende stres beteken. In Suid-Afrika word daar in die media gereeld verslag gelewer oor die toename in geweld, werkloosheid, MIV-getalle, armoede, gebrek aan basiese geriewe soos water, behuising en elektrisiteit. Jonker-Bryce (2001) rapporteer dat, ten spyte van die pogings om skole in die Oos-Kaap te beveilig, daar nie programme in plek is wat die sielkundige effek van die geweld teenoor die kinders van hierdie skole ondersoek nie. Mzimba (2001) rapporteer weer dat VIGS verantwoordelik is vir 'n dramatiese afname in die aantal leerders en onderwysers in die Transkei.

Ten spyte van bogenoemde faktore, wat as nasionale krisis bestempel kan word, word daar tog ook na aanleiding van 'n opname berig dat Suid-Afrika meer "hoopvol" is omtrent die toekoms van die land (Daily Dispatch). Werner en Smith (1982) se werk met kinders wat blootgestel word aan armoede, voorgeboortelike stres, onstabiele families, lae sosio-ekonomiese omgewings en opvoedingsvlakke, het getoon dat sulke individue ook ontwikkel het in wel

aangepaste volwassenes. Dit is hierdie vermoë van mense om, ten spyte van negatiewe omstandighede, steeds psigologies gesond te wees, wat deur verskeie navorsers ondersoek is (Seligman & Csikszentmihalyi, 2000). Psigologiese welstand kan bestaan, ten spyte van negatiewe omstandighede.

Hierdie hoofstuk se fokus is om psigologiese welstand te omskryf soos wat dit tans as 'n paradigma binne die sielkunde deur verskeie skrywers ontwikkel en beskryf word (Kumpfer, 1999; Pretorius, 1997; Strümpfer, 2000; Wissing & Van Eeden, 1998). Wissing (2000) gebruik die teorie van Madsen (1988) om 'n raamwerk te bied vir die werking van psigologiese welstand op verskillende vlakke. Die model van Madsen (1988) behandel wetenskaplike teorieë as bestaande uit drie vlakke, naamlik die (a) metavlak, (b) hipotesevlak en (c) empiriese vlak. Elke vlak verskil van mekaar op grond van dit wat in die teorie ondersoek of beskryf word.

Die **metateoretiese** vlak bied 'n metamodel, of filosofiese beskrywing van die ander twee vlakke. Die aard en aannames oor die wetenskap word in hierdie vlak bespreek. Op 'n metateoretiese vlak sal daar derhalwe gekyk word na salutogenese as fokus op gesondheid, sterkte, vermoëns en welstand.

Die **hipotesevlak**, wat die teoretiese beskrywing insluit, vorm die sentrale kern van die wetenskap. Op 'n hipotesevlak sal daar gefokus word op die oorsprong, manifestering, patrone, verryking en bou van vermoëns wat welstand sal verhoog. Teoretiese verklarings van konsepte wat op mikrovlak funksioneer, byvoorbeeld selfaktualisering, koherensiesin, lewensatisfaksie, hanteringsmeganismes en fortaliteit sal ook hier bespreek word.


Strukturele en dinamiese modelle wat deur verskeie skrywers ontwerp is om psigologiese welstand te beskryf, sal voorts ondersoek word. Strukturele modelle sal insluit die multidimensionele sisteemmodel van Crose et al. (1992), tweede- orde kubernetika, die holistiese model van Witmer en Sweeney (1992)



en die multidimensionele gesondheidsmodel van Eberst (1984). Die dinamiese model sal klem lê op die transaksionele model van Kumpfer (1999). Daar word op hierdie vlak nie slegs gefokus op psigologiese welstand nie, maar ook op bio-fisiologiese welstand (Wissing, 2000).

Die **empiriese** vlak behels die spesifieke waarnemings van die individu (Madsen, 1988). Op 'n empiriese vlak sal daar gebruik gemaak word van data om die manifestering en observasie van psigologiese welstand te bepaal. Op hierdie vlak kan die weerbaarheidsproses ook ondersoek word.

Die volgende figuur, aangepas vanuit Wissing (2000) se werk, plaas psigologiese welstand binne Madsen (1988) se model. Hierdie hoofstuk sal volgens hierdie model gestruktureer word.



**Figuur 3.1: Model ter verklaring van psigologiese welstand (Wissing, 2000).**

### 3.2 Paradigmaskuif: Patogene vs. positiewe paradigma

Sielkunde word deur twee gesondheidsmodelle gedomineer, naamlik die kliniese/mediese model en die publieke gesondheidsmodel (Pretorius, 1997). Van hierdie twee modelle het die kliniese/mediese model, met die fokus op patologie, die sielkunde grootliks oorheers. Seligman en Csikszentmihalyi (2000) noem dat 'n eksklusiewe fokus op patologie 'n model tot gevolg het wat die positiewe aspekte van die mens, wat die lewe die moeite werd maak, grootliks ontken. Volgens hierdie skrywers het die Sielkunde sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n wetenskap geword wat op heling fokus. Dit konsenteer op die herstel van skade binne 'n siektemodel van menslike funksionering.

Thoresen en Eagleston (1985) het die volgende kritiek teen die mediese model: Daar is 'n oormatige klem op gesofistikeerde tegnologie en 'n oorspesialisasie van gesondheidsverskaffers; slegs fisieke faktore van siekte word erken en sosiale, fisiologiese en gedragsdimensies word nie beskryf nie; dit is 'n model van siekte en nie gesondheidsorg nie. Thoits (1994) noem verder dat dié model geneig is om mense as passiewe objekte te beskryf, wat deur eksterne magte beheer word, eerder as subjekte wat in beheer is van hul eie lewens. Die fokus is op kondisies waaronder mense ingee onder stres, eerder as op kondisies waarbinne mense stres suksesvol hanteer.

'n Antwoord op die mediese model was die gesondheidsmodel met die fokus op 'n vroeë bespeuring van siekte as 'n alternatief vir diagnose en terapie. Op so 'n wyse kan siekte voorkom word (Pretorius, 1997). Beide die mediese- en die gesondheidsmodel het tot 'n mate van die vertrekpunt uitgegaan dat die aan- of afwesigheid van siekte ondersoek moet word. 'n Ondersoek na die aanwesigheid van positiewe sielkundige funksionering of psigologiese welstand is nie gedoen nie. Wissing (2000) waarsku dat gesondheidsielkunde en psigologiese welstand dikwels as konstrakte verwar word. 'n Onderskeid tussen die konstrakte toon dat gesondheidsielkunde 'n erkende navorsingsdomein in die

Sielkunde is, wat fokus op faktore wat fisieke gesondheid of siekte mag beïnvloed. Psigologiese welstand is weer die navorsingsonderwerp in die aparte subdissipline van psigofortologie waarin die fokus op sterktes is. Hierdie navorsing sal dus plaasvind vanuit 'n salutogenetiese/fortogeniese perspektief.

Volgens Wissing (2000) resoneer die fokus op welstand met die sogenaamde derde mag in Sielkunde, waarin die humanistiese sielkunde bygedra het tot die totstandkoming van 'n groot aantal terapeutiese self-help en persoonlike groeibewegings. Strümpfer (2000) noem dat die fundamentele idee van "wat reg kan gaan", in stede van "wat verkeerd kan gaan", reeds vroeg in die Sielkunde teenwoordig was. Hy gee 'n historiese uiteensetting van skrywers wat so vroeg soos Adler in 1927 reeds gefokus het op positiewe sielkundige aspekte. Strümpfer (1999, 2000) noem tereg dat ons vandag aan 'n nuwe paradigma kan dink, omdat ons op die skouers van reuse staan.

Die ontwikkeling van al die verskeie teorieë het egter nie daarin geslaag om 'n voldoende empiriese basis te vorm om idees op te fundeer nie (Seligman & Csikszentmihalyi, 2000). Wissing (2000) noem dat daar nou 'n vierde mag in die Sielkunde is, wat fokus op die diversiteit van verskille tussen individue en kulture wat psigologiese welstand aan betref. Deur voldoende navorsing sal aangedui kan word wat die kenmerke van individuele en kollektiewe psigologiese welstand in verskeie kontekste is, asook wat met 'n balans tussen individuele en kollektiewe welstand bedoel word.

Strümpfer (2000) beskryf die volgende drie aannames wat deur die nuwe paradigma van positiewe sielkunde gemaak word:

- Stressore, teenspoed en ander buitengewone eise is inherent deel van die menslike bestaan.
- Daar is kragbronne wat die mens help om eise te verduur en te oorkom.

- Fisieke, emosionele en sosiale beproewinge kan baie mense gunstig beïnvloed – dit kan voortdurende groei stimuleer en nuwe vaardighede en insigte ontwikkel.

### 3.3 Definiëring van psigologiese welstand as metateorie

Verskeie definisies van "psigologiese welstand" bestaan. Pretorius (1997) en Wissing (2000) gebruik die definisie van gesondheid van die Wêreld Gesondheidsorganisasie soos volg:

*..health is a state of complete physical, mental, and social well-being and not merely the absence of disease or infirmity (p.158).*

Welstand word gesien as die boonste punt van 'n kontinuum van holistiese welstand in die volgende belangrike areas van die lewe: kognitief, emosioneel, spiritueel, fisiek, sosiaal, beroep en ekologie (Wissing, 2000). Om die begrip te definieer is dit belangrik om die begrippe wat verwant is aan die konsep en die ontwikkeling daarvan kortliks te beskryf.

#### 3.3.1 Begripsverklarings

##### 3.3.1.1 Salutogenese

Antonovsky (1979, 1987) het die konstruk "salutogenese" voorgestel om die oorsprong van gesondheid of welstand aan te dui ("salus" = Latyn vir "gesond" en "genesis" = Grieks vir "oorsprong"). Antonovsky se werk word gesien as belowende en vernuwende werk vir die sosiale wetenskap (Strümpfer, 1990). Sy paradigma fokus op die aanwesigheid van positiewe gesondheid en nie slegs die afwesigheid van siekte nie. Dit is hoofsaaklik gemoeid met die verhoging en instandhouding van welstand in mense se algemene funksionering. Strümpfer (1990) beskryf die volgende implikasies van die salutogenekonsep:

- Salutogenese het 'n **kontinuum-benadering** tot die siekte-gesondheiddigotomie. Antonovsky (1987) beskryf 'n multidimensionele kontinuum van "health ease – disease" (p.3), wat aandui dat alle mense op die kontinuum tussen twee pole van totale welstand en terminale siekte beweeg. Dit sal derhalwe belangrik wees om te kyk na die faktore wat mense se beweging op die kontinuum sal bepaal.
- Salutogenese beskou **stres** as 'n normale aspek van daaglikse funksionering en derhalwe nie as negatief nie. Stres kan positiewe of negatiewe gevolge hê en kan as 'n uitdaging beskou word. Dit is derhalwe nie die afwesigheid van stres wat bepalend sal wees van welstand of gesondheid nie, maar die aard van 'n persoon se reaksie daarop, wat dit sal bepaal.
- Salutogenese fokus op wat die **uitsondering** is op patogene lewenspatrone. Dit bevraagteken waarom sekere mense patologies word en ander weer in dieselfde omstandighede patologie vryspring. Salutogenese ondersoek hanteringsmeganismes (sterktes) wat mense gebruik om weerstand te bied teen stres, of om stres te hanteer.

Salutogenese verskil radikaal van 'n patogene model wat siekte en gesondheid as digotome konsepte sien. Stres word deur die salutogenese gesien as 'n normale en selfs belangrike potensiaal, wat mense kan noop om hanteringsmeganismes uit te brei en sodoende welstand te verhoog. Die plek wat die mens bekleef op die kontinuum van gesondheid, moet ondersoek word, sodat bepaal kan word wat die faktore is wat mense laat beweeg van algehele siekte na gesondheid (Van Eeden, 1996).

### 3.3.1.2 Fortogenese

Strümpfer (1995) het die term, fortogenese ("fortis" = Latyn vir "sterk", "genesis" = "oorsprong") ontwikkel, ten einde die konsep "salutogenese" uit te brei vanaf die

klem op gesondheid tot 'n meer verklarende konstruk van die paradigma. Fortogenese dui op die oorsprong van psigologiese sterktes (Strümpfer, 2000). Waar daar binne 'n patogene perspektief gefokus word op risikofaktore, word daar in fortogenese hoofsaaklik gefokus op beskermingsfaktore.

### **3.3.1.3 Psigofortologie**

Na aanleiding van die ontwikkeling van die begrip "fortogenese" het Wissing en Van Eeden (1998) genoem dat daar in psigopatologie en kliniese sielkunde 'n duidelike patogeniese oriëntasie gevind word, wat 'n wetenskaplike studie van patologie moontlik maak. Die vraag word gevra, wat die wetenskaplike studie van psigologiese welstand, wat sielkundige sterktes ondersoek, genoem kan word. Dié skrywers het die term "psigofortologie" (die wetenskap van psigologiese sterktes) wat voortbou op Strümpfer se term "fortogenese", voorgestel. Volgens Wissing (2000) fokus psigofortologie op die aard, manifestering, patrone, oorsprong, dinamika en verryking van sterktes op individuele, groeps- en gemeenskapsvlak. Psigologiese welstand is 'n konstruk wat binne die wetenskaplike terrein van psigofortologie verskyn (Wissing, 2001)

### **3.3.2 Teoretiese verklarings op mikrovlak ter konseptualisering van sterktes (Hipotesevlak)**

Strümpfer (2000) verwys na verskeie idees wat deur verskeie skrywers ontwikkel is en wat verwant is aan die fortogeniese paradigma. Adler (1927, 1938) het die mens as sosiale wese beskryf, wat na superioriteit strewende maar ook gesosialiseer word in sosiale belang van die groter samelewing. Allport (1937) se teorie van die volwasse persoonlikheid het ook 'n betekenisvolle bydrae gelewer (Strümpfer, 2000). Rogers (1947, 1951, 1961) se konsepte soos die tendens van die mens tot self-aktualisering en die vermoë om buigbaar aan te pas by probleemsituasies, word steeds erken. Roe (1953) het ook klem gelê op die aanpassingspotensiaal van die mens. Erikson (1968) se

ontwikkelingsteorieë het ook, volgens Strümpfer (2000), net soveel te sê oor fortogenese as patagonese. Strümpfer (2000) verwys na Block (1951) se gebruik van die term “weerbaarheid” in ‘n doktrale skripsie. Rotter (1954) se konstrakte “interne-eksterne lokus van kontrole” kan as ‘n oorsprong van fortogenese gesien word. Maslow (1954) se ontwikkeling van humanistiese sielkunde plaas ook die fokus op wat reg kan gaan. Frankl (1964) se logoterapie het kommentaar gelewer op die betekenis van die lewe en die mens se vermoë om moeilike tye te oorkom.

Verdere konstrakte wat ook in verband gebring word met psigologiese welstand is **koherensiesin, fortaliteit (fortitude), lewenstevredenheid, coping, geharde persoonlikheid, potensie (potency) en aangeleerde vindingrykheid (resourcefulness).**

### 3.3.2.1 Koherensiesin

Antonovsky (1979, 1991, 1993) het die konsep “koherensiesin” (sense of coherence) as ‘n sentrale begrip in die salutogenese model gekonseptualiseer. Tesame met hierdie konstrak het hy die konsep “generalized resistance resources” (GRR) beskryf as enige kenmerk van ‘n persoon, groep, subkultuur of gemeenskap wat die oorkoming van stressore fassiliteer. Indien ‘n persoon gereeld en voldoende weerbaarheidsbronne (GRR) ervaar, verhoog koherensiesin, en koherensiesin verhoog weer weerbaarheidsbronne (Strümpfer, 1995). Van Eeden (1996) beskryf koherensiesin as ‘n “disposisionele oriëntasie en ‘n dinamiese aspek van psigologiese funksionering, wat perseptuele, kognitiewe, affektiewe, motiverings- en gedragsaspekte behels” (p.19). Dit is ‘n bron van hantering wat lewenstres matig deur die algemene kwaliteit van die individu se kognitiewe en emosionele evaluering van stimuli (Bowman, 1996; Strümpfer, 2000). Dit spruit uit die vertroue dat die stimuli wat vanuit die omgewing ontvang word, gestruktureerd, betekenisvol en hanteerbaar sal wees, dat daar interne sowel as eksterne bronne beskikbaar sal wees wat die individu

sal help om die eise wat hierdie stimuli mag veroorsaak, te hanteer en dat die eise wat ervaar word as uitdagings gesien sal word, wat dit vir die individu die moeite werd sal maak om daarin betrokke te raak (Antonovsky, 1979).

### **3.3.2.2 Fortaliteit**

Pretorius (1997) het die konstruk "fortaliteit" ontwikkel op grond van die paradigma van psigologiese welstand. Hy verklaar dat "Fortitude in essence, therefore is the strength derived from appraising ourselves and our world positively which enables us to cope with life stress" (p.170). Die individu met fortaliteit word gekenmerk deur positiewe beoordeling van die self, die familie, omgewing, asook ondersteuning van ander. Hierdie teorie sluit ook aan by die sosiaal-konstruksionisme wat sal sê dat die mens se konstruksie van die self en sy/haar wêreld sal bepaal of hy/sy psigologies sterk sal wees.

### **3.3.2.3 Lewenstevredenheid**

Diener (1984) en Diener et al. (1985) het die term "lewenstevredenheid" gekonseptualiseer, wat 'n subjektiewe ervaring van welstand aandui. Die individu beoordeel sy/haar eie lewe op grond van kognitiewe, asook affektiewe prosesse en besluit of sy/haar lewe betekenisvol is (Diener, 2000). Die veld van subjektiewe welstand fokus derhalwe op mense se eie beoordeling van hul lewens.

In hierdie navorsing sal die Lewenstevredenheid-skaal van Diener et al. (1985) as meetinstrument gebruik word om 'n komponent van psigologiese welstand te bepaal.



### 3.3.2.4 Gehardheid en coping

Kobasa (1979) beskou gehardheid as 'n globale persoonlikheidskonstruk, wat 'n modereerder is tussen stres en gesondheid. Strümpfer (1990) beskryf drie komponente wat kenmerkend is van gehardheid, naamlik (1) **Verbintenis** ('n geloof in die waarheid, belangrikheid en waardevolheid van die self en aktiwiteite wat uitgevoer word), (2) **beheer** ('n geneigdheid om te glo dat die self grootliks die eksterne gebeure in die lewe kan beïnvloed) en (3) **uitdaging** ('n verwagting dat veranderinge, eerder as stabiliteit, die norm in die lewe is en dat veranderinge geleenthede vir persoonlike ontwikkeling sal bring).

**Coping** word gesien as 'n aktiewe poging om omgewingstres en interne eise en konflikte wat 'n persoon se bronne oorskrei, te hanteer (Meichenbaum & Turk, 1982). Strümpfer (1990) wys op die kritiek wat gelewer word op die konstruk "gehardheid", wat onder andere noem dat dié konstruk patogene veranderlikes meet en nie soseer salutogene veranderlikes nie.

Williams, Wiebe en Smith (1991) het bevind dat die konsepte van **gehardheid** verband hou met verskeie **coping-strategieë**. **Coping** korreleer dus met gehardheid, maar modereer ook die effek van gehardheid op persoonlikheid. Gepaste hanteringsgedrag vind plaas wanneer 'n individu wat besonder gehard is, weerbaar is teen negatiewe effekte van stres.

### 3.3.2.5 Potensie

Ben-Sira (1985) het die konstruk "potensie" ontwikkel, wat aanduidend is van 'n individu se vertroue in sy/haar eie vermoëns. Daar is ook 'n verbintenis tot sy/haar sosiale omgewing, wat beskou word as kenmerkend van 'n basiese voorspelbare orde en betroubare en regverdigte vergoeding. **Potensie** is die resultaat van suksesvolle hantering daarvan en dien ook as 'n meganisme om

die spanning van onsuksesvolle hantering van stres te oorkom. Strümpfer (1990) noem dat daar 'n noue ooreenkoms tussen potensie en koherensiesin is. Hy noem egter dat die koherensiesinteorie 'n wyer beskrywing bied en dit derhalwe beter sal wees om eerder die koherensinsinskaal in navorsing oor salutogenese te gebruik, as die potensieskaal.

### 3.3.2.6 Aangeleerde vindingrykheid

Strümpfer (1990) beskryf Rosenbaum se uitbreiding van hierdie konstruk as 'n "personality repertoire" (p.273) wat 'n aantal komplekse vorms van gedrag, kognisies en affeksies is wat in konstante interaksie met die persoon se fisieke en sosiale omgewing is en wat deur verskeie situasies opgewek word. Dit voorsien ook die basis vir toekomstige leer. Hierdie begrip het veral gegroei in die gedragsterapie, wat veral fokus op selfbeheer en selfhanteringsmeganismes in probleemareas soos rook, alkoholisme en dwelmmisbruik. Hierdie konstruk tree in werking as 'n aksie om die negatiewe effek van interne en eksterne veranderinge te hanteer. 'n Vindingryke persoon sal derhalwe **verskeie vaardighede** gebruik in 'n negatiewe situasie om angstigheid te verminder.

Ander konstrunkte wat verwant is aan psigologiese welstand, maar wat reeds in Hoofstuk 2 vollediger bespreek is, is **hoop, self-effektiwiteit, self-aktualisasie** en **optimisme**.

### 3.3.3 Strukturele modelle ter verklarings van teoretiese konsepte


Die diversiteit van die begrip "psigologiese welstand" het verskeie modelle laat ontstaan wat die aard, oorsprong, dinamika en uitbouing van psigologiese welstand konseptualiseer. Daar sal dus onderskei word tussen **strukturele** en **dinamiese** modelle wat ontwikkel is om psigologiese welstand te beskryf. Die **strukturele** modelle is dié van Witmer en Sweeney (1992), Crose, Nicholas, Gobble en Frank (1992) en tweede-ordekubernetika (Eberst, 1984; Hoffman,

1985; Madison, 1990; Sluzki & Ransom, 1976; Von Foerster, 1984). Die **dinamiese** model, soos deur Kumpfer (1999) ontwikkel, sal ook belig word. Psigologiese weerbaarheid sal deur die dinamiese model omskryf word. Die begrippe “weerbaarheid” en “veerkragtigheid” (“resilience”) word in die literatuur as wissel terme gebruik (Wissing, 2001). Vir hierdie navorsing sal daar egter gebruik gemaak word van die term “psigologiese weerbaarheid”.

### **3.3.3.1 'n Holistiese model vir welstand en voorkoming oor die lewenspan (Witmer & Sweeney, 1992)**

Witmer en Sweeney (1992) bied 'n geïntegreerde paradigma van welstand, wat die persoon in sy totaliteit, in alle lewensfasette en oor die hele lewenspan insluit. Teoretiese konsepte vanuit verskeie velde (sielkunde, antropologie, sosiologie, godsdiens en opvoeding) word in hierdie model geïnkorporeer. 'n Kosmiese bewussyn wat die interkonneksie van alle dinge aandui, word onderskryf. Daar word nie slegs gefokus op wat genoegsame welstand is nie, maar ook op wat nodig is om optimale funksionering en welstand te verseker.

Die kenmerke van die gesonde persoon word beskryf deur vyf lewensake, wat vergeyk word met 'n wiel van **welstand** (“wheel of **wellness**”) (Figuur 3.1).



Figuur 3.2 : Die wiel van welstand en voorkoming van Witmer en Sweeney (1992) (Aangepas deur Van Eeden, 1996, p. 77)

- **Lewenstaak 1: Spiritualiteit**

Hierdie begrip is sentraal geleë in die sirkel van welstand en beskryf sekere lewensverrykende oortuigings omtrent menslike waardigheid, menseregte en eerbied en ontsag vir die lewe. Konsepte wat hier belangrik is, is die mens se behoefte aan eenheid en 'n innerlike lewe, doelgerigheid, optimisme en waardes. Waardes is op hierdie vlak universeel van aard en oorskrei grense van kultuur en tyd. Die onderwerp van hierdie navorsing, naamlik hoop, kan ook in hierdie dimensie geplaas word as 'n belangrike spirituele aspek wat deur verskeie religieë ondersteun word (Zika & Chamberlain, 1992).

- **Lewenstaak 2: Self-regulasie**

Deur hierdie lewenstaak kry die individu dit reg om hom-/haarself te rig, te beheer en te hanteer, ten einde die self te verryk binne die norms van die gemeenskap as 'n geheel. Kenmerkende konsepte in hierdie dimensie is 'n sin vir eie waarde, 'n sin van beheer, realistiese denke, spontane en emosionele responsiwiteit, intellektuele stimulasie, probleemoplossing en kreatiwiteit, humorsin en fisieke fiksheid, asook dieetkundige versorging. Hoop as positiewe verwagting vir doelwituitkomste kan ook met self-regulasie in verband gebring word.

- **Lewenstaak 3: Werk**

Die sielkundige, sosiale en ekonomiese voordele van werk word hier in aanmerking geneem. Werkstevredenheid is belangrik ten einde lewensatisfaksie te verkry. Die konsep "hoop" impliseer 'n aksiegeoriënteerdheid, wat 'n positiewe impak op werksverrigting sal hê.

- **Lewenstaak 4: Vriendskap**

Hierdie taak dui sosiale konneksies aan wat die individu het, maar dit sluit nie seksuele, huweliks-, of familiële verhoudinge in nie. Die kontak wat die mens met die menslike gemeenskap het is volgens Witmer en Sweeney (1992) aanduidend van 'n beter lewensverwagting, lewenstevredenheid en verbeterde fisieke gesondheid.

- **Lewenstaak 5: Liefde**

Hierdie lewenstaak sluit intimiteit, vertrouwe, self-openbaring, samewerking en langtermynverbintenisse en dikwels ook seksuele verhoudinge in.

## **Lewenskrigte**

Witmer en Sweeney (1992) sluit lewenskrigte in die buiterand van hulle sirkel van welstand in. Hierdie lewenskrigte word geïdentifiseer as familie, geloof, opvoeding, gemeenskap, media, regering en besigheid/industrie.

## **Globale gebeure**

Bo en behalwe die lewenskrigte sluit Witmer en Sweeney (1992) ook globale gebeure en kosmiese bewussyn in, wat 'n impak het op die individu se daaglikse funksionering en lewe. Hierdie gebeure sluit in oorlog, droogte, siekte, oorbevolking, uitbuiting, werkloosheid en armoede, wat almal probleme op internasionale vlak is.

### **3.3.3.1.1 Samevattend**

Van Eeden (1996) noem tereg dat Witmer en Sweeney (1992) se eklektiese model op welstand fokus (gesonde funksionering), sowel as op die potensiaal van patologie. Hierdie raamwerk het dit ten doel om teorieë verder uit te bou, navorsing en kliniese aanwending aan te moedig en bewussyn te vergroot en uit te brei (Witmer & Sweeney, 1992). Dit blyk dus dat hoop, soos wat dit in Hoofstuk 2 as 'n multidimensionele konstruk beskryf is, ook in hierdie model ingesluit kan word.


### **3.3.3.2 Multidimensionele sisteemmodel van Crose, Nicholas, Gobble en Frank (1992).**

Crose et al. (1992) stel 'n multidimensionele sisteemmodel vir evaluering en voorligting voor. 'n Sisteem word beskryf as "a whole, comprising subparts, whose unique properties emerge from the interaction of these subparts" (p.149). Konsepte wat sentraal is in die beskrywing van gesondheid, is "kubernetiese self-

regulasie" en "ontvouing". Kotzé (1994) noem dat die algemene sisteemteorie van Bertalanffy en kubernetika van Wiener ontwikkel is as 'n reaksie teen die verhoogde spesialisasie en fragmentasie in die wetenskap. Kubernetika is deur Wiener ontwikkel om die interaksionele proses tussen sisteme aan te dui. Kubernetika wys, volgens Kotzé (1994), daarop dat kommunikasie tussen dele van die sisteem plaasvind, ten einde teenstrydighede te verminder. Die negatiewe terugvoerkring, so genoem omdat dit die verskille of teenstrydighede in die sisteem moet verminder of negeer, is die basiese eenheid van kubernetiese beheer en begin met 'n invoer van inligting in die sisteem. Sodra die invoer plaasvind, word daar 'n vergelyking getref tussen 'n waargenome kondisie en 'n spesifieke verwysingsraamwerk of waarde. Indien daar 'n onreëlmatigheid in hierdie vergelyking is vind daar sisteemproduksie ("output") plaas, wat die waargenome onreëlmatigheid moet korrigeer. Ontvouing is die proses wat plaasvind wanneer nuwe, unieke kenmerke ontvou uit die interaksie tussen die verskeie dele van die sisteem. Ontvouing beklemtoon die belangrikheid om 'n sisteem as 'n geheel te ondersoek en nie slegs die dele daarvan nie (Croese et al., 1992).

Optimale gesondheid word gevolglik volgens die sisteemmodel gedefinieer as die toestand van 'n lewende sisteem waartydens "all feedback loops (are) intact and free from excessive noise or impedance to signal flow" (Croese, et al., 1992, p.150). Welstand ontvou uit die lewende, menslike sisteem wat optimaal gesond is.

'n Welstandsmodel word voorgestel, met die fokus op vier beginsels wat in Figuur 3.3 voorgestel is. Dit moet genoem word dat welstand gesien word as 'n voortdurende, dinamiese ontwikkelingsproses.



**Figuur 3.3: 'n Sisteemmodel van psigologiese welstand (Croese et al., 1992, p.150)**

- **Gesondheid is multi-dimensioneel.** "Welstand" is 'n konstruk wat bestaan uit 'n variëteit van welstandsdomeine of lewensdimensies. Die ses lewensdimensies word in Figuur 3.3 voorgestel. Die benaming van die dimensies is minder belangrik as die konsep dat optimale welstand deur 'n aantal verskillende lewensdimensies beïnvloed word. Die dimensies word aangedui deur die nommer 1 in Figuur 3.3.
- **Gesondheid is veranderlik, nie staties nie.** Hierdie beginsel word voorgestel deur die silindriese buise wat aandui dat gesondheid 'n dinamiese, fluktuierende toestand van 'n organisme is, wat normale grade van veranderlikheid betreffende sommige hoër en laer perke weerspieël. Binne elke lewensdimensie is daar voortdurende reflektiewe aspekte, wat die unieke individuele verskille tussen persone, geslag en kultuur aandui. Nommer 2 dui hierdie aspek in Figuur 3.3 aan.



- **Gesondheid is selfregulerend binne lewensdimensies.** Hierdie begrip word deur die golfpatroon in Figuur 3.2 geïllustreer. Daar vind 'n fluktuasie binne die normale reeks van veranderlikheid plaas. Die fluktuasie begin op 'n middelvlakposisie voordat dit verhoogde veranderlikheid ervaar en keer dan finaal, deur die kubernetiese self-reguleringsproses, na 'n middelvlakposisie terug.
- **Gesondheid is selfregulerend oor verskeie lewensdimensies heen.** Hierdie begrip word in Figuur 3.2 geïllustreer deur die pyle wat tussen die verskillende lewensdimensies getrek is. Dit beteken dat daar self-regulerende kubernetiese terugvoerprosesse bestaan tussen die lewensdimensies, en dat 'n verandering op een dimensie 'n effek sal hê op elk van die ander.

Hierdie model beklemtoon dat, vir optimale menslike funksionering, die sisteem oop en ontvanklik moet wees vir terugvoer en dat daar self-regulerende prosesse moet bestaan wat 'n balans regoor die lewensdimensies moet handhaaf. Crose et al. (1992) bespreek ook ander invloede op die gesondheid van die individu. Omdat hierdie werk prakties van aard is en gerig is tot die terapeut se evaluering en werk met die kliënt, noem Crose et al. (1992) dat aspekte soos kultuur, ouderdom en geslag die kubernetiese self-regulerende proses, wat die fluktuasies op die kontinuum van die verskillende lewensdimensies bepaal, sal affekteer. Crose et al. (1992) bespreek geslagsverskille breedvoerig en noem dat in die literatuur na verskille gewys word op grond van geslag in biologiese welstand, diagnose en behandeling van fisieke en psigiese versteurings, beroepspatrone, ekonomiese hulpbronne, sosiale netwerke, ontwikkeling en spirituele welstand. Welstand vereis die gebruik van 'n totale reeks van morele, psigologiese en intellektuele vermoëns. Geslagsverskille sal derhalwe van 'n man of vrou vra om te voldoen aan geslagsverwante patrone, maar so 'n individu moet ook die vermoë hê om as individu binne die verskeie lewensdimensies te

funksioneer, en om nie slegs tradisioneel manlik of vroulike patrone na te volg nie.

Croese et al. (1992) het 'n praktiese toepassing van die sisteemmodel gemaak, deur die volgende drie aspekte te spesifiseer:

- **Evaluering: Skenk aandag aan die veelvuldige lewensdimensies.** Die model vereis van die terapeut om aandag te skenk aan die verskeie lewensdimensies, asook moderende veranderlikes soos byvoorbeeld geslag. Dit onderskryf 'n dinamiese evaluering wat verskil van die mediese model, wat statiese diagnoses en etikettering van versteurings en siektes onderskryf. Aanvanklike en voortdurende evaluering van die dimensies van die individuele gesondheid en interaksie is belangrik. Uit die evaluering behoort 'n welstandsprofiel te kom wat sal aandui in watter areas die individu "goed" vaar en in watter areas nie.
- **Doelwitstelling: Skenk aandag aan geslagsensitiewe patrone binne die lewensdimensies.** Mans en vrouens mag moontlik dieselfde doelwitte hê, maar as in aanmerking geneem word wat die verwagte ontwikkelings-verskille tussen die geslagte is, sal die terapeut die kliënt kan help om gepaste doelwitte te stel.
- **Intervensie. Skenk aandag aan selfregulasie oor verskeie lewensdimensies.** Beplanning vir kompensering in die welstandstelsel om optimale balans te behaal word aanbeveel. Indien 'n persoon byvoorbeeld swakker is in die fisieke dimensie, sal 'n ander dimensie moontlik versterk moet word om te kompenseer ten einde 'n holisties gesonde stelsel te kry.

Die volgende model gee 'n uiteensetting van die lewensdimensies en spesifieke aspekte wat daarbinne bestaan.

**Tabel 3.1: Multidimensionele evalueringskomponente (Crose et al., 1992, p.153)**

<b>Item</b>	<b>Komponente</b>
Fisieke gesondheid en welstand.	Mediese geskiedenis/medikasie. Voortplantingsgesondheidsgeskiedenis. Ligaamsbewustheid/liggaamsbeeld. Oefening- en eetgewoontes. Houding teenoor fisieke fiksheid en gesondheidsorg.
Emosionele gesondheid en welstand.	Psigiatriese geskiedenis/medikasie. Hanteringstyl/patrone (coping). Selfbewussyn/ selfbeeld. Houding teenoor uitdrukking van emosies/selfopenbaring.
Intellektuele gesondheid en welstand.	Opvoedkundige/leergeskiedenis. Psigiese status. Kognitiewe styl/ buigbaarheid. Houding teenoor leer.
Sosiale gesondheid en welstand.	Psigososiale geskiedenis/geskiedenis van belangrike verhoudings. Sosiale netwerk/hegtheid. Verhoudingstyle/patrone. Houding teenoor verhoudings en hulp-soek van ander.
Beroeps-gesondheid en welstand.	Werkgeskiedenis. Beroep/afleiding/ontspanningspatrone en balans. Beroepsdoelwitte. Houding teenoor werk en ontspanning.
Spirituele gesondheid en welstand.	Spirituele/geloofsgeskiedenis. Lewenstevredenheid. Lewensdoel- en singewing/siening van dood. Houding teenoor transpersoonlike aspekte van lewe.

### 3.3.3.2.1 Samevattend

Die model van Crose et al. (1992) bied 'n multidimensionele sisteemmodel vir welstand wat holistiese gesondheid ondersteun, 'n multidimensionele evaluering en behandeling beskryf, sisteemseiendomme insluit en geslagsverskille beskryf. In samehang met die multidimensionele aard van welstand, moet moderende aspekte soos kultuur, geslag en ouderdom ook in aanmerking geneem word. Die terapeut moet kennis dra van geslag-, kultuur en ouderdomsverwante patrone, asook die dinamiese interaksie tussen die verskeie dimensies. Daar kan, soos in die vorige model, ook aandag geskenk word aan die konsep "hoop" wat 'n relevante rol speel in bykans al ses die lewensdimensies.

### 3.3.3.3 Tweede-ordekubernetika

'n Uitbreiding van kubernetika het binne die familieterapie plaasgevind. Die uitbreiding het plaasgevind as gevolg van kritiek dat in so 'n model die terapeut steeds die objektiewe, onafhanklike waarnemer is wat vasstel hoe die sisteem funksioneer (patologie/diagnosties) en dit gevolglik herstel soos wat dit moet funksioneer (normaliteit/behandeling). Familieterapeute het gevoel dat sosiale wetenskappe en psigoterapie nie binne dieselfde logiese empiriese konteks van die sogenaamde natuurlike wetenskappe val nie (Anderson & Goolishian, 1988; Anderson, 1995). 'n Ekosistemiese of tweede-ordekubernetika is ontwikkel (Hoffman, 1985; Madison, 1990; Sluzki & Ransom, 1976; Von Foerster, 1984). Vir die doel om 'n holistiese beeld van welstand te bespreek en om die multidimensionele sisteemteorie uit te brei, is dit belangrik om die tweede-ordekubernetika kortliks te bespreek.

Die tweede-ordekubernetika beskryf sosiale sisteme as kommunikasienetwerke wat deur en in taal onderskei word. Dit beteken dat sisteme met mekaar kommunikeer; dat hulle in diskoers is met mekaar. Dialoog en kommunikasie is 'n dinamiese sosiale proses. Die konstruksie van menslike sisteme verander

voortdurend, is kreatief en dinamies (Anderson & Goolishian, 1988). Die konsep van 'n gesette realiteit word in hierdie model onmoontlik weens die dinamiese aard van menslike sisteme.

Bateson (1971) bevraagteken die konsep "objektiewe realiteit" en noem dat terapeute dikwels interpreterend werk, sodat hulle dit wat hulle alreeds weet, kan bevestig. Hy beskryf die wyse waarop binne hierdie model gewerk word, **die ekologie van idees**. Die terapeut verstaan in dialoog slegs dit wat die kliënt vertel. Verstaan daarvan is nooit voltooid nie, maar dit is altyd 'n proses "on the way and never fully achieved" (Anderson & Goolishian, 1988, p.378). Probleem-georganiseerde sisteme is in dieselfde asem ook nie gesette sisteme nie, maar verander soos wat die gesprek daarvoor verander (terapie). Die sisteem verander dus die omgewing waarbinne dit funksioneer (Kotzé, 1994).

Terapie word gesien as sisteme (kliënt en terapeut) wat in diskoers is met mekaar. Volgens Freedman en Combs (1996) hou enige diskoers moontlikhede in van dit wat nog nie voorheen gesê is nie. Daar moet melding gemaak word van die belangrikheid van die terapeut as deel van die terapeutiese sisteem en nie as 'n onafhanklike waarnemer nie. Hoe die terapeutiese diskoers sal ontvou, sal bepaal watter nuwe realiteite of narratiewe belangrik word en hoe dit die probleem-gekonstrueerde sisteem sal verander.

### 3.3.3.3.1 Samevattend

Die tweede-ordekubernetika beklemtoon die belangrikheid van die dinamiese interaksie tussen die individu en sy/haar leefwêreld. Die individu is 'n medeskepper van sy/haar konteks. In die huidige sosiale konteks is die veranderinge wat in sekere aspekte plaasvind, soos kulturele beleving, 'n aanduiding van die effek wat die individu op die sosiale bestel het. 'n Voorbeeld hiervan is die tradisionele Xhosa- kultuur wat meer Westerse beginsels aangeneem het. Die ervaring van globalisering verminder verskille tussen

groepe. Terselfdertyd moet kulturele verskille ook in ag geneem word, indien met 'n individu gewerk word. Dit is daarom belangrik om inklusief te wees ten opsigte van die effek van veranderlikes op welstand, maar nie rigied daarmee om te gaan nie.

Die terapeut moet ook in die praktyk versigtig wees om vasgestelde idees oor byvoorbeeld geslagsverskille te hê, aangesien dit weer etiketering (patogene model) kan onderskryf en nie individuasie toelaat nie. 'n Dinamiese, veranderlike omskrywing van welstand moet beklemtoon word.

#### **3.3.3.4 Eberst (1984)**

Eberst stel 'n gesondheidskubus ("health cube") voor om die multidimensionaliteit van welstand aan te dui. Hy beskou welstand as 'n komplekse kwaliteit van lewe en beskryf vyf dimensies van gesondheid, wat voortdurend fluktueer en wat dan verskillende kombinasies bied wat vir individue se welstand verantwoordelik kan wees (Walker, 1999). Die vyf dimensies wat deur Eberst (1984) voorgestel word, is die fisieke, emosionele, psigiese, sosiale, en die spirituele dimensies. Elkeen van hierdie dimensies het sy eie aard en kleiner sub-elemente, maar funksioneer in interaksie met die ander.

Walker (1999) se kritiek op Eberst (1984) se model is dat sy konseptualisering van die emosionele dimensie aspekte insluit wat verskil van emosies. Sy voel dus dat hierdie dimensies verder ondersoek moet word om beter konseptualisering moontlik te maak.

#### **3.3.3.5 Opsomming**

Die strukturele modelle wat beskryf is, toon ooreenstemming in die wyse waarop psigologiese welstand beskryf word. Welstand word gesien as 'n multi-dimensionele konstruk en nie uni-dimensioneel nie. 'n Sterk sistemiese kenmerk

wat die individu en omgewing in interaksie met mekaar beskryf, word ondersteun. Omgewings verskil van mekaar en so ook individue. Daarom kan verwag word dat 'n aspek soos kultuur 'n rol sal speel in die welstand van die persoon. Die verskillende dimensies van welstand, wat hierdeur beskryf word, blyk grootliks met mekaar ooreen te stem en kan breedweg gedefinieer word as **spiritueel, emosioneel, psigies, gedrag, fisiek en kognitief**. Soos vroeër bespreek, kan die invloed van 'n konstruk soos "hoop" in hierdie dimensies gesien word. Hoop kan dus, volgens die literatuur, as 'n belangrike aspek van psigologiese welstand beskou word. Die persoon met 'n hoë mate van psigologiese welstand het ook ondersteuningsbronne en beskermingsfaktore wat wel in die literatuur onderskei word, maar wat ook met mekaar kan oorvleuel. Beskermingsfaktore en bronfaktore blyk uit die gemeenskap en familie te kom, maar kan ook vanuit die individu se eie sterktes, byvoorbeeld konstitusionele en persoonlikheidsfaktore ontwikkel (Rutter, 1995; Tiet et al., 1998).

Die konstrunkte wat psigologiese welstand beskryf, is empiries deur verskeie navorsers ondersoek (Wissing, 2000). Hierdie konstrunkte is statiese aspekte, wat die dimensies en die aard van welstand ondersoek. Wissing (2000) noem egter dat dit belangrik is om kennis te dra van beskermingsfaktore, positiewe persoonlikheidstrekke en konstrunkte wat welstand uitbou, maar dat die **proses** van die ontwikkeling van psigologiese welstand of die opbou van weerstand teen stressore of uitdagings, ook ondersoek moet word. Hierdie **proses** kan as die **psigologiese weerbaarheidsproses** beskryf word.

### 3.4 Psigologiese weerbaarheid

Die konsep "psigologiese weerbaarheid" ("resilience") is in die laaste twee dekades deur verskeie navorsers ondersoek (Cicchetti & Rogosch, 1997; Cowen, 1986; Demos, 1989; Freitas & Downey, 1998; Grotberg, 1997; Kumpfer, 1999; Wandersman & Nation, 1998). Van die navorsers het gepoog om programme op te stel wat psigologiese weerbaarheid van kinders sal ontwikkel.

Dit blyk asof hierdie behoefte juis ontstaan as gevolg van die praktiese waarde van sulke programme en die behoefte om kinders in 'n toenemend stresvolle omgewing weerbaar te maak. Vir die doel van hul navorsing het elkeen van genoemde skrywers gevolglik psigologiese weerbaarheid gedefinieer. Kumpfer (1999) noem dat, ten spyte van al hierdie definisies, psigologiese weerbaarheid steeds 'n los, breed gedefinieerde konstruk is.

Cicchetti en Rogosch (1997) definieer psigologiese weerbaarheid as die individu se vermoë om suksesvol aan te pas en met bevoegdheid te funksioneer ten spyte van die ervaring van kroniese stres of teenspoed. Hierdie suksesvolle funksionering kan ook volg na 'n blootstelling aan trauma of traumatiese gebeure. Masten (1994) en Masten en Coatsworth (1998) se definiëring sluit ook aan by hierdie definisie, maar noem dat weerbaarheid 'n proses is waarvolgens individue aanpas by hul omstandighede. Dit blyk dus dat weerbaarheid nie 'n statiese toestand is nie, maar 'n dinamiese transaksie "with intra- and extra-organismic forces" (Cicchetti & Rogosch, p.797). Hierdie siening van weerbaarheid as 'n proses, is volgens Kumpfer (1999), 'n uitbreiding van die beskrywing van weerbaarheid, waar die fokus slegs val op beskermende persoonlikheidstreke. Kumpfer (1999) noem verder dat so 'n vernouing van die begrip die komplekse interaksie van die individu met sy/haar gemeenskap maskeer.

Rutter (1987) bevestig ook dat daar 'n interaksie is tussen risiko- of weerloosheids- en beskermingsfaktore en dat dit derhalwe 'n proses impliseer. Enige spesifieke veranderlike of faktor kan in een situasie as 'n risikofaktor dien en in 'n ander as 'n weerloosheidsfaktor. Beskermingsmeganismes kom slegs na vore in kombinasie met risikofaktore. Beskerming en weerloosheid is dus die negatiewe en positiewe pole van dieselfde konsep en nie van verskeie konsepte nie. Rutter (1987) beskryf weerbaarheid as die individu se reaksie op risiko. Sommige mense word oorweldig deur risiko en ander oorwin dit weer. Hy waarsku egter ook dat weerbaarheid nie as 'n vasgestelde karaktertrek gesien



kan word nie. Mense wat met sukses moeilikhede in hulle lewens in een situasie kan hanteer, mag moontlik in 'n ander situasie daarmee sukkel. Rutter (1987) noem dat weerbaarheid nog nie voldoende omskryf is nie. Sy fokus was derhalwe meer op die proses van weerloosheids- en beskermingsmeganismes.


Kumpfer (1999) het 'n weerbaarheidsraamwerk ontwikkel, wat 'n transaksionele model is. Hierdie raamwerk is ontwikkel om as opsomming te dien vir heelwat navorsing oor weerbaarheid, wat gebaseer is op verskeie definisies en gefokus is op verskillende navorsingspunte. Kumpfer (1999) beskryf haar raamwerk as 'n voorlopige raamwerk, wat gebruik kan word as 'n beginpunt om faktore en prosesse te organiseer en wat as voorspellers dien vir positiewe uitkomst by kinders wat hoë risikos ervaar. Die raamwerk sluit sowel proses- as uitkomstkonstrukte in, wat 'n integrasie is van die teorieë wat 'n sosiale ekologiemodel voorstel (Bronfenbrenner & Crouter, 1983), asook van teorieë wat argumenteer dat weerbaarheid eerder as 'n proses as statiese faktore gesien moet word (Rutter, 1987). Die beginsels van die sisteemmodel word ook hier gereflekteer. Kumpfer beskou weerbaarheid as 'n dinamiese proses tussen die individu en sy/haar hoë risiko-omgewing.

Die model van Kumpfer (1999) sal as 'n **funksionele model** van psigologiese welstand bespreek word. Hierdie model val binne die **empiriese vlak** van Madsen (1988) se raamwerk, aangesien empiriese data hier gestruktureerd aangebied word.

### **3.4.1 Funksionele model: Kumpfer se transaksionele raamwerk vir weerbaarheid**

Kumpfer (1999) stel in haar model ses hoofkonstrukte, wat voorspellers van weerbaarheid is, voor. Die eerste vier kan as domeine van beïnvloeding beskryf word, terwyl die laaste twee die transaksionele punte tussen die domeine is. Hierdie konstrukte word gebruik om bestaande navorsing omtrent weerbaarheid

te organiseer. Dit help om te onderskei tussen (1) omgewingstimuli, (2) transaksionele prosesse binne die omgewing wat as buffer teen stressore dien, (3) interne mediërende self-faktore, (4) weerbaarheidsprosesse wat gebruik word om na 'n uitdaging terug te bons en (5) die finale ontwikkelingsuitkomste van weerbare kinders. Kumpfer (1999) se weerbaarheidsmodel word soos volg uiteengesit:



**Figuur 3.4: Weerbaarheidsmodel van Kumpfer (1999, p.185)**

### 3.4.1.1 Stressore of uitdagings.

Die raamwerk begin met 'n aanvanklike gebeurtenis of stimulus en eindig met 'n uitkoms wat hopelik 'n suksesvolle weerspieëling van weerbaarheid sal wees. Aangesien weerbaarheid slegs gedemonstreer kan word as die persoon 'n tipe stressor of uitdaging ervaar, moet die stimulus in enige tipe weerbaarheidsituasie 'n stressor of uitdaging wees. Uitdagings help mense om nuwe stressore te

konfronteer en uit die ervaring te leer en te groei. Die inkomende stimuli aktiveer die weerbaarheidsproses en veroorsaak 'n disekwilibrium in die homeostasis van die individu of organisasie (byvoorbeeld familie, groep, gemeenskap) wat bestudeer word. Die persepsie van die individu van wat die graad van stres is, sal afhang van die persepsie, kognitiewe evaluering en interpretasie van die stressor as bedreigend. Sekere stressore kan beplan en self-verkose wees, byvoorbeeld verdere studie, terwyl ander weer onbeplande negatiewe lewenservaringe kan wees. Alhoewel mense dit nie kies nie, kan waardevolle lesse geleer word uit die positiewe negering van lewensgebeure.

#### **3.4.1.2 Die Eksterne omgewingskonteks en beskermende faktore.**

Die sosiale konteks waarbinne die kind funksioneer, het 'n sterk invloed op die weerbaarheidsproses. Sosialisering word beïnvloed deur aspekte van die familie, gemeenskap, kultuur, buurt, skool en interaksie met die portuurgroep. Indien akute of kroniese stressore ervaar word, kan die omgewingskonteks óf dien as 'n buffer, óf dit kan die negatiewe impak van die stressore op die kind vererger.

Kumpfer (1999) noem dat 'n beskrywing van hoë-risiko-kindere in navorsingsverslae grootliks gebaseer word op die basis van hoë-risiko-demografiese faktore soos armoede, familiekonteks, geweld, minderheidstatus en enkel-ouerstatus. Biologiese, genetiese of persoonlikheidsdisfunksies soos kognitiewe of biologiese skade wat kan volg uit voorgeboortelike blootstelling aan dwelms, hiperaktiwiteit, anti-sosiale persoonlikheid, biologiese verskille in endokrine of metaboliese funksionering word, volgens Kumpfer (1999), nie genoegsaam nagevors nie. Daar word ook in navorsing onderskei tussen risikofaktore of stressore wat deur die individu beïnvloed kan word, byvoorbeeld skoolfaling, asook faktore wat buite die individu se beheer is soos die dood van 'n ouer. Kumpfer (1999) definieer risikofaktore in haar model as die teenwoordigheid van kroniese teenspoed in die omgewing van die individu.

Akute stressore word gesien as die stimuli wat die homeostases versteur en die weerbaarheidsproses aan die gang sit. Die omgewingskonteks kan dien as 'n buffer om die kind te help met die psigososiale fasiliteringsproses wat tot weerbaarheid kan lei.

### 3.4.1.3 Persoon-omgewing-interaksionele proses

Hierdie proses verteenwoordig 'n belangrike transaksionele proses wat as mediasie tussen die individu en sy/haar omgewing optree. Kumpfer (1999) noem dat die wyse waarop mense bewustelik of onbewustelik hul omgewing waarneem en verander, belangrik is in die ontwikkeling van voorkomingsprogramme. Alhoewel dit vir sommige individue moontlik is om uit hul omgewing te tree soos om na 'n ander skool te gaan en sodoende verbetering aan te bring, is daar weer ander wat dit nie kan doen nie. Weerbare individue het die vermoë om omgewingstres te verander deur pro-sosiale elemente in hul omgewing op te soek. Kumpfer (1999) noem die volgende interaksionele prosesse wat hoë-risiko-jongmense kan help om hul omgewing in 'n meer beskermende omgewing te verander, naamlik selektiewe persepsie, kognitiewe herbenaming, beplanning en drome, identifikasie en sosialisering met pro-sosiale persone, aktiewe verandering aan omgewing, asook aktiewe hantering van stressore. Die sosialisering en verbintenis met pro-sosiale persone wat ook as beskermingsfaktore kan dien, vind plaas deur modellering van rol, onderrig, advies, empatiese en emosionele versorging, betekenisvolle betrokkenheid, effektiewe toesighouding en dissiplinerig en redelike verwagting op ontwikkeling.

Kumpfer (1999) noem dat verskeie interne, individuele weerbaarheidsfaktore 'n rol speel in die wyse waarop kinders se weerbaarheid van mekaar verskil. 'n Belangrike onderskeid wat Kumpfer (1999) tref, is tussen genetiese en biologiese weerbaarheidsfaktore en interne psigologiese selfweerbaarheidsfaktore. Hierdie veranderlikes is wyd nagevors.

By **genetiese en biologiese faktore** word die volgende veranderlikes in ag geneem:

- **Intelligensie:**

'n Liniêre siening dat lae intelligensie aanpassingsprobleme voorspel, is deur baie navorsers onderskryf (White, Moffitt & Silva, 1989). Hoë I.K., wat aanduidend is van hoë verbale vermoëns, is veral in verband gebring met aanpassing. Luthar en Zigler (1992) het egter bevind dat hoë I.K. 'n weerloosheidsfaktor kan wees in hoërisikogebiede waar die individu aangeleerde hulpeloosheid ervaar, nie goeie impulsbeheer het nie en 'n eksterne lokus van kontrole het.

- **Geslag:**

Navorsing het gewys dat dogters meer weerbaar is as seuns in hoë-risiko gebiede en- families (Werner, 1985). Schissel (1993) het ook bevind dat geslagsverskille bestaan ten opsigte van die persoon se ervaring en hantering van stressore

- **Temperament en persoonlikheid:**

Navorsing vind oor die algemeen dat konstitusionele en temperamentele disposisie 'n groot faktor in weerbaarheid is (Rutter, 1987). Positiewe temperament of positiewe persoonlikheidsfaktore (soos responsiwiteit tot die veranderinge in die omgewing, die vermoë om psigologiese ekwilibrium te handhaaf en die vermoë om vertrous te word na die ervaring van stres) is van die belangrikste aspekte betreffende weerbaarheid. Negatiewe persoonlikheidsstrekke wat deur navorsers beskryf word, is die volgende: afleibaarheid, drumpel van stimulus-sensitiwiteit, reaksie op nuwe stimuli, sosiale onttrekking en negatiewe gemoedstoestande soos angstigheid, geïrriteerdheid, hartseer en woede (Lerner & Vicary, 1984).

- **Ongebalanseerdheid van neuro-oordragstowwe.**

Chemiese wanbalanse kan veroorsaak word deur voorgeboortelike chemiese blootstelling, asook post-natale blootstelling. Kumpfer (1999) noem dat hierdie aspek nog verder nagevors moet word.

Die aspekte wat deur Kumpfer (1999) by **interne psigologiese selfweerbaarheidsfaktore** beskryf word, is die volgende:

- **Organisasie van interne persoonlikheidsfaktore of -trekke.**

Vyf domeine van self-faktore word onderskei, naamlik spirituele, kognitiewe, sosiale/gedrag, emosionele en fisiese. Hierdie domeine sal later bespreek word.

- **Weerbaarheid as interne kapasiteit of vaardigheid.**

Weerbare kinders het hanteringsvaardighede wat hulle help om stres of negatiewe impak te minimaliseer hul selfbeeld in stand te hou en om toegang tot geleenthede te verkry.

#### **3.4.1.4 Interne selfweerbaarheidsfaktore**

Kumpfer (1999) noem dat navorsing baie oorvleulende kenmerke van kinders wat weerbaar is, ontbloom het. Soos reeds genoem, is hierdie interne persoonlikheids- of kognitiewe vermoëns in vyf domeine georganiseer. Dit is belangrik om die faktore te ondersoek, aangesien dit die kern weerbaarheidsaspekte van individue beskryf.

##### **3.4.1.4.1 Spirituele of motiverende kenmerke**

Hierdie domein sluit hoofsaaklik primêre kognitiewe vermoëns of geloofsisteme in, wat die individu motiveer en rigting bied aan hulle pogings. Veranderlikes wat hier ingesluit word, is soos volg deur Kumpfer (1999) georganiseer:

- **Drome/doelwitte en lewensdoel.** (Bandura, 1989; Quinton, Pickles, Maughan, & Rutter, 1993). Die vermoë om te fantasieer en dan 'n doelwit wat uitvoerbaar is, te stel is belangrik vir kinders om in moeilike omstandighede te oorleef. Frankl (1964) het met sy eksistensiële teorie belangrike werk in hierdie verband gelewer. By hierdie aspek kan die konsep "hoop" ook ingesluit word. Hoop, soos deur Snyder (1995) beskryf, hou verband met positiewe oorkoming van negatiewe omstandighede en het te doen met die beplanning van doelwitte en die uitwerking van maniere om die doelwitte te bereik.
- **Spiritualiteit** (Dunn, 1994; Gordon & Song, 1994). 'n Geloofsisteem word in verband gebring met ankering en stabiliteit in moeilike lewensomstandighede. Godsdien is ook positief gevind in die verhouding wat met 'n ondersteunende gemeenskap in die tradisionele kerkgeskiedenis gebou word. Die konsep "hoop" is in die literatuur in verband gebring met spiritualiteit en godsdien, aangesien spirituele hoop, 'n hoop is op die oorkoming van negatiewe lewensituasies en die hereniging met 'n goddelike mag (Conradie, 2000).
- **Geloof in uniekheid en die self.** (Gordon & Song, 1994). Die familie en omgewing kan 'n rol speel in die uitbreiding van geloof in die self.
- **Onafhanklikheid.** By adolessente is hierdie aspek veral belangrik in die vorming van 'n groeidentiteit vs. die ontwikkeling van individualiteit. Kumpfer (1999) beklemtoon die vermyding van negatiewe groepsdruk.
- **Interne lokus van kontrole, hoopvolheid en optimisme.** (Burns & Seligman, 1991; Luthar, 1991; Luthar & Zigler, 1991; Rotter, 1966; Seligman, 1975; Snyder, 1995) Die konsep van interne lokus van kontrole wat beteken dat die individu oor die vermoë beskik om die omgewing te beïnvloed, is in verband gebring met weerbare persone, terwyl 'n eksterne lokus van kontrole

in verband gebring word met magteloosheid en afhanklikheid. Dit lei weer tot die afbreek van weerbaarheid (Luthar, 1991; Murphy & Moriarty, 1976.) Marks (1998) waarsku egter teen 'n liniêre siening van lokus van kontrole, aangesien eksterne lokus van kontrole dikwels belangrik is in sosiale aanpassing, byvoorbeeld politieke sisteme, asook binne spirituele domeine, byvoorbeeld die geloof dat daar positiewe eksterne magte is. Hoop en optimisme word ook in hierdie domein ingesluit. Vir 'n meer volledige bespreking van hierdie twee konsepte, kyk Hoofstuk 2 van hierdie studie.

- **Vasbeslotenheid en uithouvermoë.** (Bandura, 1989; Werner, 1986) 'n Kognitiewe styl, wat deursettingsvermoë en determinasie insluit, is in verband gebring met die weerbare persoon. So 'n persoon se hanteringstyl is beskryf as prakties, buigbaar en kreatief. Die vermoë om planne te maak en uit te voer word ook hier gesien. Daar kan weereens verwys word na Snyder (1995) se gebruik van hoop as 'n multidimensionele konsep wat die aspekte van motivering ("agency") en werkbaan ("pathways") insluit.

#### 3.4.1.4.2 Kognitiewe vermoëns

Hierdie vermoëns help die individu om drome en doelwitte te bereik en sluit die volgende aspekte in:

- **Intellektuele vermoëns.** (Kaufman & Zigler, 1989; Masten et al., 1988). Hierdie aspek is alreeds voorheen onder genetiese en biologiese faktore bespreek. Aspekte wat genoem word, is: akademiese prestasie (Masten et al., 1988), leesvaardighede (Luthar & Zigler, 1992) en die vermoë om die bevrediging van behoeftes uit te stel (Garmezy & Masten, 1991).
- **Morele redenering.** (Coles, 1989; Wolin & Wolin, 1993; Wolin, 1991) 'n Integrasie van morele waardes vind alreeds vroeg in die ontwikkelingsproses van die kind plaas (Wolin & Wolin, 1993). Moraliteit behels 'n ontwikkelde



gewete, asook die wens op 'n positiewe sosiale lewe vir ander. Morele energie kan kinders tot positiewe lewens lei.

- **Insig en intrapersoonlike, reflektiewe vaardighede.** (Flach, 1988; Wolin & Wolin, 1993, 1996) Insig word beskryf as die vermoë om indringende vrae omtrent die self te vra en eerlike antwoorde te verskaf. Die vermoë om jou eie psigologiese en fisiese sterktes te analiseer en dit met ander te vergelyk vra 'n sekere vlak van intrapersoonlike en interpersoonlike reflektiewe vaardigheid.
- **Selfbeeld.** (Bandura, 1989; Smith & Carlson, 1997) Weerbare jeugdiges toon die vermoë om self-effektief te wees en om gou weer hul selfbeeld te herstel nadat die homeostase versteur is. Bandura (1989) glo dat die aanvaarding van uitdagings nodig is vir die ontwikkeling van self-effektiwiteit, deursettingsvermoë en sodoende 'n positiewe selfbeeld.
- **Beplanningsvermoë.** (Anthony, 1987; Quinton et al., 1993) Hierdie vermoë behels die beplanning van toekomstige aktiwiteite, die vermoë om die oorsake van keuses raak te sien en om negatiewe omgewings te oorkom. Kumpfer (1999) noem navorsing wat gevind het dat beplanning 'n primêre interne kognitiewe kenmerk is van individue wat help voorkom dat daar met negatiewe omgewings omgegaan word. Beplanning, is volgens Snyder (1995), ook 'n belangrike aspek van hoop.
- **Kreatiwiteit.** (Jacobs & Wolin, 1991). Die skepping van nuwe idees, objekte en musiek dien as 'n versterking van die selfbeeld en help om weerbaarheid te verhoog.

#### 3.4.1.4.3 Gedrag/sosiale vaardighede

Hierdie aspek toon wel ooreenkoms met kognitiewe aspekte, maar verskil daarvan, omdat dit gedragsaksie en nie slegs denke nie, vereis. Die volgende word genoem:

- **Sosiale vaardighede.** (Platt, Belding & Husband, in press) Hierdie vaardigheid behels die vermoë van die individu om in verskillende omgewings te funksioneer en aan te pas.
- **Probleemoplossingsvaardighede.** (Platt et al., in press) Die vermoë om te fokus op probleme of uitdagings en elkeen op te los lei tot optimisme en persoonlike beheer. Kumpfer (1999) beskryf twee tipes probleemoplossingsvaardighede, wat verband hou met weerbare adolessente, naamlik (1) algemene probleemoplossing, wat verband hou met enige nuwe probleem of situasie en (2) spesifieke probleemoplossingsvaardighede, wat verband hou met spesifieke probleme soos alkohol- en dwelmmisbruik. Buigbaarheid, oorspronklikheid en kreatiewe probleemoplossing is al beskryf as die kenmerke van weerbare kinders. Probleemoplossing is ook deur Snyder (1995) aangedui as een van die belangrike aspekte van hoop.
- **Multikulturele en veelslagtige vaardighede.** (Dunn, 1994) Hierdie aspek is veral in die Suid-Afrikaanse konteks van belang. Daar is bevind dat individue wat suksesvol in verskeie kulture kan funksioneer en wat verskeie funksies wat normaalweg aan geslagte toegeken word kan uitvoer, psigologies meer weerbaar is.
- **Empatie en interpersoonlike sosiale vaardighede.** (Wolin & Wolin, 1993, 1996) Weerbare kinders toon die vermoë om verantwoordelikheid vir ander te aanvaar en sensitief te wees vir ander se behoeftes. Indien sosiale

ondersteuning beskikbaar is en die kind bereid is om van die ondersteuning gebruik te maak, sal so 'n kind sosiale ondersteuning as 'n buffer vir stresvolle situasies kan gebruik. Weerbare kinders het ook die vermoë om met ander te kan omgaan (Scwartz, Jacobson, Hauser & Dornbush, 1989).

#### 3.4.1.4.4 Emosionele stabiliteit en hantering van emosies

Die volgende kenmerke word beskryf:

- **Geluk en erkenning van emosies.** Weerbare individue word oor die algemeen beskryf as gelukkig en nie geneig tot depressie nie (Kumpfer, 1999).
- **Emosionele hanteringsvermoë.** Weerbare individue het die vermoë om gevoelens te erken en negatiewe emosies konstruktief uit te druk en te beheer (Hauser, Vieyra, Jacobsen & Wertlieb, 1989).

Alhoewel Kumpfer (1999) nie **emosionele intelligensie** gespesifiseer het as 'n aspek wat bydra tot emosionele stabiliteit nie, is die skrywer van mening dat hierdie konsep wel ingesluit kan word as 'n antwoord op hoe sommige mense beter emosionele welstand in hul lewens ervaar as ander. Salovey en Mayer (1990), asook Mayer, Di Palo en Salovey (1990) het die individu se vermoë om emosies te reguleer, ander se emosies akkuraat te peil en sosiaal aangepaste gedrag te ontwikkel, as aspekte van emosionele intelligensie geïdentifiseer.

Bar-On (1997) het die begrip "emosionele kwosient" ontwikkel om 'n meting van mense se nie-kognitiewe intelligensie te bepaal. Hy wys daarop dat emosionele intelligensie die emosionele, persoonlike, sosiale en oorlewingsdimensies van intelligensie omskryf. Hierdie aspekte is volgens

Bar-On (1997) dikwels belangriker in daaglikse funksionering as wat tradisionele kognitiewe aspekte van intelligensie is.

Emosionele intelligensie het te doene met die verstaan van die self en ander, verhoudings met ander, asook aanpassing en hantering van die onmiddellike omgewing ten einde meer suksesvol te wees in die hantering van omgewingseise. Emosionele intelligensie fokus op die onmiddellike funksionering, eerder as op die langtermyn-strategiese funksionering wat deur kognitiewe intelligensie verklaar word (Walker, 1999). Bar-On (1997) fokus emosionele intelligensie as prosesgeoriënteerd, eerder as uitkomsgeoriënteerd en noem dat dit 'n verhouding toon met die potensiaal van prestasie, eerder as met prestasie self (Bar-On, 1997).

- **Humor.** Weerbare persone gebruik humor dikwels as 'n hanteringsmeganisme (Thorson & Powell, 1993; Wolin & Wolin, 1993; Woods, 1990).
- **Hoop.** Die ervaring van hoop het ook emosionele konnotasies en veroorsaak 'n verhoging in positiewe emosionele ervaring (Lazarus, 1983; Snyder, 1995).

#### **3.4.1.4.5 Fisieke gesondheid en vaardighede**

Gesondheid, goeie fisieke status, fisieke talent, hantering en behoud van gesondheid en fisieke aantreklikheid is almal veranderlikes wat in verband gebring word met weerbaarheid (Kaufman & Zigler, 1989; Masten, 1994; Werner & Smith, 1982). Daar kan weereens gewys word op die belangrikheid van hierdie aspekte by adolessente, aangesien voorkoms en prestasie alles deel is van sosiale ervaring en identiteitsvorming (Louw, Van Ede & Louw, 1998).

### 3.4.1.5 Weerbaarheidsproses

Die finale proses wat plaasvind om positiewe uitkoms te voorspel, is die interaksie tussen die individuele karaktereenskappe van die persoon en die finale uitkoms. Alhoewel baie werk gedoen is om individuele faktore wat weerbaarheid beïnvloed uit te lig, is dit nodig om te bepaal hoe hierdie weerbaarheidsfaktore ontwikkel kan word deur die transaksie tussen die omgewing en die individu, ten einde weerbare jongmense te vorm. 'n Positiewe omgewing sonder stres sal weerbaarheid versterk. So 'n omgewing is egter onmoontlik, aangesien die individu altyd in sy omgewing stres sal ervaar. Weerbaarheid beteken juis dat die individu na 'n stresvolle ervaring terug kan kom.

Kumpfer (1999) se weerbaarheidsmodel wys dat stressore wat nie gebalanseer word deur eksterne omgewing-sosiale prosesse of interne bio-psigo-spirituele weerbaarheidsfaktore van 'n persoon nie, kan lei tot 'n versteuring in die homeostase van die persoon of sisteem. Disorganisasie van die persoon vind plaas wat verlig kan word en kan lei tot herintegrasie van homeostase as ondersteunende omgewing-sosiale prosesse plaasvind.

Vier verskillende vlakke van herintegrasie kan plaasvind, naamlik:

- **Herintegrasie van weerbaarheid**, of 'n hoër vlak van weerbaarheid en sterkte.
- **Homeostatiese herintegrasie**, of terugkeer na dieselfde staat vóór die stressor se invloed.
- **Wanaangepaste herintegrasie**, of 'n laer vlak van herintegrasie.

- **Disfunksionele herintegrasie**, of 'n groot **vermindering** in positiewe herintegrasie

Kumpfer (1999) noem ook vier verskeie intervensiepunte in die weerbaarheidsproses. Die eerste is om te verhoed dat die individu enige versteurings ervaar. Die ander drie is die volgende:

- Omgewing-sosiale verryking
- Omgewing-sosiale ondersteuning
- Omgewing-sosiale herintegrasieproses, wat weerbaarheidsintegrasie ondersteun.

Kumpfer (1999) noem tereg dat dit belangrik is om programme te ontwikkel wat weerbaarheid in kinders sal verhoog en dat daar, ten spyte van die belangrikheid hiervan, steeds navorsingsleemtes op hierdie gebied is.

#### **3.4.1.6 Positiewe lewensuitkomst**

Kumpfer (1999) is van mening dat dit moeilik is om 'n suksesvolle uitkoms te definieer wat weerbaarheid reflekteer, aangesien so 'n beoordeling deur kulture verskillend beïnvloed sal word. Navorsing oor weerbare kinders begin gewoonlik met 'n soeke na kinders wat suksesvol is, ten spyte van teenspoed. Navorsing wat buite die navorser se eie kultuur gedoen word, sal gevul wees met teenstrydighede, aangesien verskeie kulture verskillende tipes funksionering as sukses sal sien.

#### **3.4.2 Beoordeling van Kumpfer se model**

Kumpfer (1999) het waardevolle werk gelewer in die integrasie van empiriese bevindinge in die proses wat tot uiteindelijke uitkoms of aanpassing lei. Van Eeden (1996) het juis kritiek uitgespreek oor die tekort aan empiriese werk in die strukturele modelle van Crose et al. (1992) en Witmer en Sweeney (1992).

Kumpfer (1999) se teorie toon wel raakpunte met die strukturele modelle, deurdat interne weerbaarheidsfaktore ook as multi-dimensioneel beskou word en daar ook op dieselfde dimensies gefokus word as wat die ander modelle doen.

Dit blyk asof hoop 'n konstruk is wat teenwoordig is in al vyf die interne selfweerbaarheidsfaktore wat die weerbaarheidsproses onderskryf.

Kritiek teen Kumpfer (1999) sou uitgespreek kon word op die kompleksiteit van die model. Die **persoon- omgewing- transaksionele proses** en die **weerbaarheidsproses** dui beide 'n interaksionele proses aan tussen die interne weerbaarheidsfaktore en die omgewingskonteks. Al twee lei tot die verwagte aanpassing of herintegrasie. Wissing (2001) is ook van mening dat hierdie prosesse in kombinasie geplaas kon word met dieselfde integrasie- en uitkomsprosesse.

### 3.5 Die rol van hoop in psigologiese welstand

In Hoofstuk 2 is 'n hoopmodel voorgestel, wat dit as 'n belangrike konstruk beskryf in verskeie lewensdomeine, naamlik spiritueel, kognitief, gedrag en emosies. Hoop is ook op 'n metavlak teenwoordig in die fenomenologies-eksistensiële beskrywing van die mens. As 'n konatiewe aspek kan hoop ook op 'n hipotese- teoretiese vlak beskryf word.

Genoemde bespreking toon dat hoop op verskeie vlakke in die multidimensionele konstruk van psigologiese welstand teenwoordig is. Die huidige literatuurstudie toon dat die implementering van hoop 'n aksiegeoriënteerde proses is, wat by die weerbaarheidsproses ingeskakel kan word. Hoop kan 'n bydrae lewer tot 'n opgaande spiraal van beter psigologiese welstand.

### **3.6 Psigologiese welstand in die Suid-Afrikaanse konteks**

Die sosiale samestelling van Suid-Afrika bied 'n wye veld van ondersoek oor die psigologiese welstand van persone. Die veranderende sosio-politieke omstandighede bring stressore (risiko faktore), asook beskermingsfaktore mee wat nagevors moet word ten einde meer weerbare individue te bou. Smith en Stones (1999) noem dat die ontwikkelingsfase van die adolessent 'n rykdom van navorsing bied, aangesien dit die persone is wat alreeds verandering moes hanteer, maar ook nog verdere veranderinge moet ondergaan. Die huidige navorsing se fokus is gemik op die psigologiese welstand van die adolessent. 'n Hele aantal beskermingsfaktore, asook risikofaktore wat die adolessent se welstand sal beïnvloed is deur navorsing ondersoek (Gnaulti & Heine, 2001; Louw et.al., 1998; Macleod, 1999; Smith & Stones, 1999; Stead, 1996; Stevens & Lockhat, 1997; White, 1991). Van hierdie veranderlikes wat met die adolessent verband hou, sal in Hoofstuk 4 bespreek word.

### **3.7 Samevatting ten opsigte van die begrip "psigologiese welstand"**

Uit bogenoemde literatuurstudie kan die volgende kenmerke van psigologiese welstand gedefiniëer word:

- Stressore waaraan persone daaglik blootgestel word, is alomteenwoordig. Vanuit 'n sistemiese oogpunt veroorsaak enige stressor 'n versteuring in die homeostase van die mens.
- Die wyse waarop 'n persoon die stressore as uitdagings aanvaar en hanteer, sal sy/haar psigologiese welstand bepaal. Sommige persone sal 'n herintegrasië in die sisteem toon, die nodige veranderinge aanbring in die sisteem en sodoende psigologiese welstand ervaar, terwyl ander weer disintegrasië sal toon (patologie).



- Psigologiese welstand is die toestand wat bereik word, nadat daar deur 'n dinamiese weerbaarheidsproses beweeg is.
- Psigologiese welstand is veranderlik, omdat die konteks van die mens voortdurend verander. Nuwe stressore vereis nuwe weerbaarheidsprosesse. Die veranderlikheid van die konsep kan in verband gebring word met die sosiaal gekonstrueerde aard daarvan, aangesien dit beskryf word as 'n proses wat die interaksie van die persoon met sy/haar omgewing toon.
- Veranderlikes wat in verband gebring word met psigologiese welstand, is interne persoonlikheidsfaktore, biologiese faktore, eksterne omgewingsfaktore en die interaksie tussen die persoon en omgewing.
- Faktore, soos ouderdom, geslag en kultuur, kan na verwagte die weerbaarheidsproses beïnvloed, wat weer 'n effek op psigologiese welstand sal hê.

## HOOFSTUK 4

### ADOLESSENSIE

*Youth are the valued possession of the nation. Without them there can be no future. Their needs are immense and urgent. They are the centre of reconstruction and development.*

Nelson Mandela (1994)  
(National Youth Commission)

#### 4.1 Inleiding

Die adolessent in Suid-Afrika word gekonfronteer deur 'n aantal omgewingsfaktore en sosio-politieke veranderinge wat 'n definitiewe invloed op sy/haar lewenswyse en toekomsverwagtinge moet hê. Die veranderinge kan eendersyds beskou word as uitdagings wat verrykend kan wees, maar andersins kan dit ook krisisse meebring, wat meer spanning op die normale ontwikkelingsproses van die adolessent sal plaas. Daar sal in hierdie hoofstuk gefokus word op 'n beskrywing van die invloed van hoop op die fase van adolessensie. Verwagte psigologiese welstandsaspekte in hierdie fase sal ook ondersoek word. Hierdie ondersoek kan moontlik belangrike terapeutiese implikasies binne die Suid-Afrikaanse konteks inhou.

#### 4.2 Adolessensie: 'n Geskiedkundige oorsig

Baie is gedoen oor adolessensie as 'n ontwikkelingsfase. Ayman-Nolly en Taira (2000) beskryf hoe skrywers byna 'n obsessie ontwikkel het om "the dark side of adolescence" (p.1) te ondersoek. Uit vroeër werk blyk dit werklik asof dié periode as 'n donker tyd beskou is volgens Hall (1904) se bewering dat "in all civilized lands, criminal statistics show two sad and significant facts: First: that there is a marked increase of crime at the age of twelve to fourteen...Second... that the proportion of juvenile delinquents seems to be everywhere increasing"

(p.325). Ook Anna Freud (1937) skryf dat aggressiewe impulse gedurende adolessensie toeneem tot die punt waar dit oorgaan in kriminele gedrag.

Adolessensie is eers in die 20ste eeu as 'n ontwikkelingsperiode vasgestel. Die pre-industriële samelewing het die afsluiting van kinderjare gesien as 'n tyd wanneer verbruikers (kinders) produseerders kon word (Ayman-Nolly & Taira, 2000). Die siening omtrent adolessente het in die tweede helfte van die twintigste eeu verander deur die bydraes van skrywers soos Piaget (1972, 1977), Vygotsky (1962, 1978) en Erikson (1963,1968), wat adolessensie as belangrike ontwikkelingsfase tot volwassenheid gesien het.

Die persepsie van adolessensie as storm- en drangjare is steeds baie sterk. Heaven (1994) noem dat verskeie skrywers met mekaar ooreenstem dat adolessente emosionele onrus ervaar. Die media het ook 'n groot rol daarin gespeel om hierdie periode as 'n stormagtige tyd te identifiseer. Begrippe soos rebelsheid, vervreemding, konflik en abnormaliteite word aan adolessente toegeskryf (Ayman-Nolly & Taira, 2000). Louw et al., (1998) wys op navorsing wat bevind het dat die adolessent in Suid-Afrika sukkel met kwessies van lae selfbeeld, emosionele stabiliteit, fisieke gesondheid, moraliteit, familieverhoudinge en groepsosialisering.

Ten spyte van die negatiwiteit, is daar ook ander navorsers wat vind dat slegs 'n persentasie van adolessente sukkel om ontwikkelingstake te voltooi en dat baie nie die negatiewe emosionele ervaringe vertoon wat aan hulle toegeskryf word nie (Garmezy & Masten, 1986; Heaven, 1994). Ook Masten (1994) noem dat, alhoewel sekere tieners wanaangepas is en risiko ervaar, ander weer die uitdagings van die tydperk suksesvol tegemoetkom. Die psigofortologie gee erkenning aan risikofaktore wat adolessente ervaar, maar sien dit ook as uitdagings wat, as dit suksesvol opgelos word, psigologiese welstand teweeg kan bring (Kumpfer, 1999).

Dat adolessensie wel 'n unieke stadium is met sy eie geassosieerde probleme, moeilikhede en ontwikkelingstake, is reeds goed bewys (Gecas & Seff, 1990). Alhoewel spesifieke ontwikkelingstake deur skrywers voorgestel is, blyk dit asof hierdie take dit in gemeen het dat die adolessent hoofsaaklik verskeie sosiale aanpassings moet maak wat individualisasie kan laat ontwikkel. Bempechat en Abrahams (1999) noem dat in Suid-Afrika die politieke veranderinge 'n sterk impak op die adolessent het, wat aan die navorser 'n unieke geleentheid bied om ontwikkeling te ondersoek.

### 4.3 Teorie van Verandering

Jones (1991) het vier stadia van verandering beskryf wat ook relevant is vir die adolessent in Suid-Afrika.

**Die eerste stadium fokus op die kondisies betreffende veranderinge.** In hierdie fase is die adolessent nog vasgevang in die aanvanklike omgewing wat verander moet word. Hierdie omgewing spreek van probleme en ongesondheid.

**Die tweede fase is 'n skielike verandering, wat die gevoel kan gee van die mat wat onder die voete uitgeruk word.** Die ou identiteit voel dan onvanpas en die nuwe identiteit aantreklik. Aan die einde van hierdie fase het die persoon nog nie die verandering aangebring nie, maar is die besluit geneem om op die veranderingsreis te gaan.

**Die derde fase is dié een wanneer alles wat die ou identiteit onderskryf, vernietig word.** Dit kan ekstreme, emosionele ervarings meebring. Daar is in hierdie fase aggressie teenwoordig.

**Die vierde fase bring 'n internalisering van die nuwe identiteit mee.** Konflikte wat tussen die ou en die nuwe identiteite bestaan het, word nou opgelos. As hierdie nuwe self geïntegreer is, sal so 'n persoon 'n beter en

sekerder kennis ontwikkel van waarheen hy/sy oppad is en wat sy/haar behoeftes is. In hierdie fase word ook genoegsame ego-strukture ontwikkel om die ou identiteit beter te verstaan en te eksplorieer.

Die adolessent in Suid-Afrika moet deur 'n soortgelyke proses van verandering gaan om aan te pas by die verwagtinge wat 'n veranderende samelewing stel. As daar ondersoek ingestel word, sal gevind word dat verskillende persone in verskeie stadia van verandering is. Hierdie proses van verandering kan vergelyk word met Kumpfer (1999) se weerbaarheidsproses, wat sal impliseer dat die persoon wat suksesvol deur die proses van verandering beweeg, ook psigologiese welstand sal ervaar. Daar kan verwag word dat die konatiewe aspek van hoop die weerbaarheids- en veranderingsproses sal motiveer.

Omdat hoop en psigologiese welstand die belangrikste fasette van hierdie navorsing is, sal hierdie twee konsepte as agtergrond dien by die bespreking van adolessensie as ontwikkelingsfase. Verskeie risikofaktore, asook beskermingsfaktore wat psigologiese welstand sal beïnvloed, sal binne die vlakke van hierdie teorie geplaas word, ten einde 'n raamwerk te bied om die kenmerke van psigologiese welstand van die adolessent te beskryf.

In die hoopmodel, wat in Hoofstuk 2 ontwikkel is, word hoop beskryf as 'n sentrale deel van die mens se wese in die wêreld (eksistensie). Die adolessent se ervaring van hoop sal gekonstrueer word deur sy/haar sosiale verstaan daarvan. Die adolessent leef binne verskeie sosiale ekologieë, wat die ontwikkelingsproses sal beïnvloed.

#### **4.4 Die sosiale ekologieë van die adolessent**

Sekere aspekte of ekologieë vorm die sosiale realiteit van die adolessent. Die werk van Vygotsky (1978) kan gebruik word om die ontwikkelingsproses van die adolessent binne sy/haar leefwêreld verklaar. Vygotsky se werk is gekies,

aangesien hy 'n klem geplaas het op die onlosmaaklike invloed wat die sosiale omgewing het op die mens se ontwikkeling het (Sternberg, 1997).

#### 4.4.1 Die ontwikkelingsteorie van Vygotsky

Vygotsky (1978) beklemtoon die rol van die omgewing by die kind se intellektuele ontwikkeling. Inligting word vanuit die omgewing geïnternaliseer. Die sosiale konteks waarbinne die individu lewe, speel derhalwe 'n onlosmaaklike rol in sy/haar ontwikkeling. Vygotsky bespreek ook die sone van proksimale ontwikkeling, wat die verskil is tussen die kind se geobserveerde en latente vermoëns (Sternberg, 1997).

Vygotsky (1978) is van mening dat alles wat geleer word, op twee vlakke geskied, naamlik deur interaksie met ander en daarna deur integrasie. So vorm kultuur en sy institusies soos skole, ekonomiese en politieke sisteme ons denke en verskaf dit die waardes en standaarde daarvan (Bempechat & Abrahams, 1999). Deur interaksie konstrueer die adolessent sy/haar kennis en maak hy/sy betekenis van die wêreld.

Bempechat en Abrahams (1999) haal Haste (1994) se interpretasie van Vygotsky se werk aan om die betekenisvorming van die mens te beskryf. Hierdie betekenisvorming kan op drie vlakke verstaan word en word die "driehoek van betekenisvorming" genoem. Die volgende drie vlakke word geïdentifiseer: (1) Die intrapersoonlike, wat die persoonlike kognitiewe proses van konstruering is, asook refleksie en konsolidering, (2) Die interpersoonlike, wat 'n area is waar die individu deur sosiale interaksie betekenis vorm en (3) Die sosiaal-historiese of kulturele, waar die individu met kulturele norme kontak het en kennis maak met kultureel gedefinieerde verwagtinge wat 'n lang sosiale geskiedenis het. Vir die adolessent om die wêreld te begryp kan die langstaande sosiale geskiedenis soos wat dit bestaan het en besig is om te verander in Suid-Afrika, nie uitgesluit, word as daar na die ontwikkeling gekyk word nie. 'n Andersoortige

adolescentontwikkeling sou wel gesien kon word as daar 'n optimale omgewing sonder steurnisse of stres moontlik was (Sternberg, 1997).

Antonovsky (1987, 1991) se teorie van salutogenese kan hiermee in verband gebring word deur sy uitgangspunt dat stres normaal is en dat die persoon se interaksie daarmee bepalend sal wees van psigologiese welstand. Hierdie begrip is volledig in Hoofstuk 3 bespreek. Die aspekte wat die sosiale ekologie van die adolescent vorm en wat ook die vlak van hoop en eindelike psigologiese welstand sal beïnvloed, sal vervolgens geïdentifiseer en bespreek word.

#### 4.4.1.1 Kultuur

Aangesien hierdie navorsing in 'n multi-kulturele konteks sal geskied en kultuur as een van die veranderlikes ondersoek sal word, is dit belangrik om die begrip "kultuur" teoreties te fundeer. McGoldrick (1993) noem dat 'n fokus op kulturele verskille 'n mens wel kan blootstel aan veralgemenings wat vooroordele kan bevestig, maar dit is slegs deur die uitspraak van aannames en opinies omtrent kultuur, dat nuwe inligting vorendag kan kom.

Gilbert (1989) definieer kultuur as 'n stel meganismes (soos byvoorbeeld planne, reëls en instruksies) wat gedrag reguleer. Kultuur verskaf die simbole waarvan die betekenis deur die mens gebruik word om die gebeure in sy/haar lewe te konstrueer. Gilbert (1989) sluit soos volg hierby aan: "Culture is not just a human product, but an essential condition for human existence." (p.95). Hy noem voorts dat die transformasieproses van kulture die meeste veranderinge aanbring op beide die kulturele en individuele vlak.

Ayman-Nolley en Taira (2000) wys daarop dat daar in die literatuur vooroordele bestaan teenoor die onrus wat adollesente ervaar en dat hierdie vooroordele veral bevind word deur navorsing wat in swart kulture gedoen word. In teenstelling hiermee, is daar weer ander navorsers soos byvoorbeeld Werner en

Smith (1982) wat in 'n studie klem gelê het op die psigologiese weerbaarheid en groei wat adolessente ten spyte van negatiewe lewensomstandighede ervaar.

Steven en Lockhat (1997) noem dat die skuif in die sosio-historiese konteks van individue in Suid-Afrika ook veranderinge op kulturele vlak gebring het. Stead (1996) glo dat daar in die post-apartheidera 'n beweging is tot individualisasie, onafhanklikheid, self-aktualisasie en kompetendheid, wat 'n Westerse lewenstyl onderskryf. Die tradisionele Afrika-lewenstyl beklemtoon, in teenstelling hiermee, weer samewerking en gemeenskapsoriëntasie. Bodibe (1993) is egter van mening dat verskille op grond van kultuur in Suid-Afrika kleiner word met die toename in verwestering. Dit blyk tog asof die diversiteit binne kulture krisisse kan meebring vir die adolessent wat aan verwagtinge van beide 'n bestaande kultuur met sterk tradisies en 'n westerse kultuur moet voldoen. In die Oos-Kaap is daar byvoorbeeld steeds bestaande rituele onder die Xhosa-kultuur soos die inisiasie van die seun. Alhoewel hierdie ritueel onder die Christene nie meer streng nagevolg word nie, word daar tog steeds erkenning daaraan verleen. So moet ook die adolessent vanuit 'n Westerse kultuur weer aanpassings maak vir 'n integrasie van meer tradisionele kulture.

'n Interaksie tussen sosiale sisteme sal afhang van die verhoudinge tussen die verskillende subsysteme. Volgens Barnes (1991) is die kenmerke van subsysteme belangrik vir die vorming van verhoudinge tussen hulle subsysteme. Die volgende kenmerke kan onderskei word: (a) Die graad van identifikasie van die sub sisteem met die res van die gemeenskap, (b) die ontwikkeling van eie waardesisteme binne die sub sisteem, (c) die graad van identifikasie ten opsigte van kultuur, (d) familiestabiliteit en (e) die vlak van aanvaarding deur ander subsysteme.

Barnes (1991) dui die verwarring wat kan bestaan in die integrasie van kulture aan deur 'n bekende liedjie soos volg aan te haal: "got one mind for white folk to see, another for what I know is me" (Barnes, 1991, p. 672). Navorsing omtrent



die psigologiese welstand van adolessente het getoon dat die persoon wat die vermoë het om in veelvuldige kulture te funksioneer, se aanpassing meer suksesvol is (Buriel, Calzada & Vasquez, 1982; Oetting & Beauvais, 1990).

Die teenwoordigheid van hoop by verskillende kulture en die verskil tussen kulture is 'n aspek wat wyd nagevors is (Averill et al., 1990; Snyder et al., 1991). Uit die navorsing blyk dit asof die ontwikkeling van hoop nie noodwendig tussen kulture verskil nie, maar dat dit waarop gehoop word, wel kan verskil. Die huidige navorsing het juis 'n selfopgestelde vraelys, asook 'n oop vraag aan die adolessente in die navorsingsgroep gestel, ten einde die aard van hoop by verskeie taalgroepe te ondersoek.

#### **4.4.1.2 Politiek**

In aansluiting by kulturele ervaringe is die politieke ervaring van individue in Suid-Afrika deel van hul sosiale realiteit. Stead (1996) noem dat die sosio-politieke veranderinge baie adolessente gedwing het om van sosiale stryd tot sosiale herkonstruksie te beweeg.

As na die politieke geskiedenis van Suid-Afrika gekyk word, sal bevind word dat die swart adolessent deel was van 'n oppressiewe verlede, wat 'n invloed gehad het op alle aspekte van lewe, onder andere familielewe, psigiese gesondheid, loopbaan-ontwikkeling, akademiese prestasie, werkgerigtheid, asook emosionele interaksie. Onderdrukking kan, volgens Bulhan (1985) in Bempechat en Amrahams (1999), gedefinieer word as "Any relation, process or condition by which an individual or group violates the physical, social and/or psychological integrity of another person or group" (p.135). Geweld is 'n deel van ons samelewing. Onderdrukking vind steeds op 'n daaglikse basis tussen verskillende kulture plaas. Stead (1996) glo dat die jeug in Suid-Afrika se militante energie in die apartheidera ontwikkel het. Hy noem dat dit belangrik is om hierdie energie konstruktief te kanaliseer in die bou van 'n samelewing.

Terselfdertyd glo hy egter dat, in teenstelling met die positiewe verwerking van energie, dié energie destruktief gerig word. Stevens en Lockhat (1997) onderskryf dit deur te wys op die self-identiteit van die swart adolessent wat voor die 1994 verkiesings gevorm is en wat daarna moes verander. Hierdie skrywers glo dat die sosiale transformasie die kompleksiteit en kontradiksies van nuwe identiteitsvorming van die adolessent reflekteer.

#### **4.4.1.3 Sosio-ekonomiese omstandighede**

Armoede word gesien as 'n risikofaktor wat op verskeie gebiede 'n impak het op die adolessent. Gesondheidsrisiko's soos wanvoeding, loodvergiftiging, gebrek aan immunisasie en gebrekkige tandversorging is aangedui as faktore wat in Amerika hoë sterftes veroorsaak (Nettles & Pleck, 1994). Gebrekkige higiëne, onvoldoende sanitêre geriewe en tekort aan water in woongebiede is ook realiteite waarmee Suid-Afrikaanse adolessente moetsaamleef. Steinberg, Kinghorn, Söderlund, Schierhout en Conway (2000) rapporteer dat die huidige werkloosheidsyfer in Suid-Afrika 30% is. Hiervan is die grootste hoeveelheid vrouens.

In die familiële, sowel as gemeenskapsekologie van die adolessent, speel armoede 'n groot rol. Armoede op hierdie gebiede beteken 'n laer vlak van opvoeding as gevolg van vroeë skoolverlating ten einde finansiële onafhanklikheid te bekom. Om in 'n arm gemeenskap te woon stel adolessente ook meer in gevaar om slagoffers van geweld, rassediskriminasie en substansmisbruik te wees. Tienerswangeskappe blyk ook toe te neem in laer sosio-ekonomiese gebiede (Byrne & Sampson, 1986; Gottfredson, 1987). Steinberg et al. (2000) rapporteer 'n groter aantal geïnfekteerde persone in informele nedersettings teenoor privaat wonings. Dit blyk derhalwe dat swakker sosio-ekonomiese omstandighede meer MIV-gevalle tot gevolg het.

Ten spyte van die negatiewe impak van lae sosio-ekonomiese toestande, is daar tog bevind dat die langtermyngevolge van ekonomiese benadeling by middelklas adolessente positief kan wees. As volwassenes het van hierdie individue groter psigologiese welstand ervaar, meer selfvertroue gehad en was minder verdedigend as individue wat geen sosio-ekonomiese benadeling ervaar het nie (Werner & Smith, 1982). Die effek wat sosio-ekonomiese toestande op 'n persoon se hoop het, is 'n relevante aspek, aangesien hoop dikwels op materiële rykdom geplaas word. Die ervaring van hoop word egter meer betekenisvol as slegs konkrete behoeftes, wanneer daar in negatiewe situasies verkeer word. In Hoofstuk 2 word daar verwys na Averill et al., (1990) se beskrywing van die verskil tussen hoop en behoeftes/begeertes. Heelwat narratiewe oor hoopvolheid, ten spyte van negatieweiteit, byvoorbeeld armoede, siekte en onderdrukking, bestaan (Frankl, 1964). 'n Adolessent met hoë hoop sal beter in staat wees daartoe om meer positiewe verwagtinge te hê vir die toekoms, doelwitte te stel en maniere te vind om die doelwitte uit te voer wat die onmiddellike hindernisse van armoede sal oorkom (Smith, 1983; Snyder et al. 1991a).

#### 4.4.1.4 Geslag

Verskille tussen geslagte in adolessensie is aangedui in verskeie areas wat ondersoek is, byvoorbeeld selfbeeld en skeidings-individuele (Gnault & Heine, 2001), asook die persepsie van akademiese vaardigheid, groepspopulariteit, verhoudinge met familie en atletiese vaardighede (Quatman & Watson, 2001).

Snyder (1995) het geen geslagsverskille gevind in die toepassing van die hoopskaal nie. Hy het wel genoem dat die sosiale rolle wat toegeskryf word aan persone verwagte verskille kan meebring in 'n aspek soos die ervaring van hoop. Daar kan in die adolessensieperiode ook na geslagsverskille verwys word, as gevolg van verwagte sosiale rolle wat adolessente beklee. Dunn (1994) het bevind dat vrouens meer psigologies weerbaar is en groter lewensukses ervaar,

indien hulle oor die vermoë beskik om vaardig te wees in beide manlik- en vroulike tradisionele rolle.

#### 4.4.1.5 Onderwys

Die opvoedkundige sisteem in Suid-Afrika het in die afgelope dekades baie uitdagings ondergaan, wat noodwendig veranderinge meegebring het. Bempechat en Abrahams (1999) wys daarop dat skole in die Suid-Afrikaanse konteks in die 1980's belangrike plekke was waar die politieke stryd uitgeleef is. Baie swart leerders het hulle griewe deur wegblyksies getoon. Skole het dus, volgens genoemde skrywers, instrumente van politieke en psigologiese bemagtiging geword. Stead (1996) glo dat die opvoedkundige sisteem bepaal word deur die politieke party wat in 'n land in beheer is. As gevolg van politieke verandering is daar gevolglik in die onderwysstelsel veranderinge wat meer gerig is op multi-kulturele onderrig.

Die Onderwysdepartement van Suid-Afrika publiseer sy prioriteite vir die volgende vyf jaar soos volg:

- Om die provinsiale onderwysstelsel te laat werk deur ko-operatiewe regering te laat werk.
- Om te verseker dat ongeletterdheid onder die jeug en volwassenes in die volgende vyf jaar beëindig sal word.
- Om skole as sentra vir gemeenskapslewe te ontwikkel.
- Om die toestande van fisieke verswakking in die Suid-Afrikaanse skole te beëindig.
- Om die professionele kwaliteit van die onderwys uit te brei.

- Om die sukses van uitkoms-gebaseerde opvoeding te verseker.
- Om 'n dinamiese sisteem van voortgesette onderwys te ontwikkel, wat die jeug en volwassenes sal voorberei om te voldoen aan die sosiale en ekonomiese behoeftes van die 21ste eeu.
- Om met doelgerigheid die MIV/VIGS pandemie aan te spreek.

In meer spesifieke doelstellings stel die Onderwysdepartement dit duidelik dat geen diskriminasie in skole toegelaat sal word nie. Dit sluit derhalwe in dat daar ook gelykheid van leerlinge met MIV/VIGS verseker sal word (James, 2001).

Deur uitgebreide opleiding en uitbreiding van bewussyn van die samelewing in die breë, en spesifiek van onderwysers en leerders, kan die spanning in die multi-kulturele onderwysbestel in Suid-Afrika waarvan Neethling (1995) praat, moontlik verlig word. Nel (1992) dui die volgende faktore wat spanning kan veroorsaak aan:

- Kultuurverskille
- Kurrikulum in die multi-kulturele onderwyssituasie
- Taalaspekte
- Verpolitisering van die onderwys
- Tyddruk en werklading
- Beperkte multi-kulturele onderrigervaring van onderwysers
- Leerlinghouding en- betrokkenheid
- Swak akademiese prestasie
- Sosio-ekonomiese omstandighede van leerders.

Verdere faktore wat 'n impak het op die sukses van leerders, is familie (verwagtinge, rolmodelle, verbrokkeling van familie en betrokkenheid),

groepsdruk en waardes van die portuurgroep (Heaven, 1994; Stead, 1996). Stead (1996) sluit ook beroepsaspirasies en die ekonomie van die land in. Ook kulturele faktore en lokus van kontrole van die individu speel 'n rol in leerders se sukses.

Die proses van verandering in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel word gereflekteer deur die stelselmatige insluiting van die uitkomsgebaseerde onderwys (Kurrikulum 2005) in 2000. Die probleme wat met hierdie stelsel ervaar is, het in 2001 'n hersiening van die kurrikulum meegebring. Die Minister van Onderwys het erken dat die kurrikulum beter resultate lewer in goed toegeruste kleiner klasgroepe en nie in groot groepe nie (Daily Dispatch, 2001). Die implikasie hiervan is dat daar steeds probleme ervaar word met groot klasse, dat die ratio van onderwysers en leerders ongelyk is en dat finansiële beperkinge 'n realiteit is. Venter (2000) noem ook dat groot klasse 'n bydraende faktor is tot skoolfaling.

Alhoewel bogenoemde mag fokus op die moeilike omstandighede wat leerders in skole ervaar, het navorsers getoon dat leerders steeds met goeie hanteringsvaardighede uit negatiewe situasies kan ontwikkel, en derhalwe psigologiese welstand kan ervaar (Garmezy, 1974; Garmezy & Masten, 1986; Garmezy & Neuchterlein, 1972; Rutter, 1987). In aansluiting hierby is daar ook bewys dat persone met verhoogde hoop beter doelwitte stel en wyses vind om dit uit te voer. Bempechat en Abrahams (1999) noem dat die veranderinge in Suid-Afrika verhoogde hoop op gelyke geleenthede gebring het. So kan aanvaar word dat die hoopvolle leerder beter akademiese prestasie kan verwag en ook psigologies weerbaar is ten opsigte van negatiewe omstandighede in skole.

#### 4.5 Identiteitsvorming

Identiteitsvorming is 'n ontwikkelingstaak van die adolessent wat deur verskeie skrywers geïdentifiseer word (Heaven, 1994, 1996; Smith & Stones, 1999; Thom, Louw, Van Ede en Ferns, 1998).

Die veranderinge wat tans in Suid-Afrika plaasvind het 'n impak op sosiale, politieke, kulturele en ekonomiese vlak. Verskeie navorsers (Smith & Stones, 1999; Stead, 1996; Stevens & Lockhat, 1997) het die verskil in identiteitsvorming tussen die swart en wit adolessent in Suid-Afrika ondersoek. Volgens Stevens en Lockhat (1997) is daar verskeie opinies rakende die effek wat die Suid-Afrikaanse proses van hervorming op die swart adolessent gehad het. In die tydperk van politieke verandering in Suid-Afrika, het sommige skrywers die swart adolessent as 'n slagoffer van die politiek van bevryding beskou (Mhlambo, 1993 in Stevens en Lockhat, 1997), terwyl ander weer klem gelê het op die aanpasbaarheid van die adolessent in die proses van sosiale transformasie (Dawes, 1994 in Stevens & Lockhat, 1997).

Die adolessent van vandag is deel van 'n demokratiese gemeenskap. Alhoewel apartheid as 'n sisteem nie meer ekonomies en polities bestaan nie, het die konkrete omstandighede in Suid-Afrika nog nie te veel verander nie. Die swart adolessent se identiteit het verander van dié van vryheidsvegter tot dié van jong entrepreneur. Die wit adolessent het ook 'n deel gehad aan beide regimes en moet ook tans met eie onsekerhede en oortuiging 'n her-definisie van die self vorm. Interessante navorsing gedoen deur Smith en Stones (1999) wys dat groeidentiteite, sowel as individuele identiteite, gedurende die laaste dekade verander het. Hierdie navorsers het kruis-kulturele data verkry, wat kommentaar lewer op die houdings en interaksies tussen verskeie kulturele groepe in Suid-Afrika. Kwessies rondom groep-identiteite speel steeds 'n belangrike rol in Suid-Afrikaanse gemeenskappe. Die navorsers het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die adolessent steeds in 'n transisionele stadium is. Wat wel beklemtoon kan

word, is dat die vorming van identiteit 'n komplekse proses is, wat die diversiteit van kulturele ervarings uitbeeld.

Vanuit hierdie agtergrond sal die identiteitsontwikkeling van die adolessent in Suid-Afrika bespreek word. Die teorie van Erikson (1963) sal gebruik word as 'n teoretiese raamwerk. Sy teorie word gekritiseer as behorend tot 'n sekere sosiale klas, waar die individu die vryheid het om konflikte op te los. 'n Voorbeeld hiervan is die adolessent se stadium van moratorium, wat tot identiteitsvorming lei wat nie altyd in 'n sosiale bestel moontlik is waar die adolessent vroeg moet begin werk om inkomste te verdien en nie die vryheid het om sy/haar opvoeding te voltooi nie. Ten spyte hiervan word daar tog saamgestem dat Erikson se teorie steeds 'n waardevolle bydrae lewer tot die verstaan van die adolessent se ontwikkeling (Bee, 1995).

#### **4.5.1 Identiteitsontwikkeling vs. rolverwarring**

Erikson (1968) se psigososiale teorie lê spesifiek klem op die ego-ontwikkeling as 'n sentrale komponent binne die persoon se funksionering. Sy teorie het 'n betekenisvolle impak op die verstaan van die ontwikkelingsproses van die mens en bied 'n fokus op die lewenspan as geheel (Bee, 1995). Die teorie is gebaseer op psigososiale stadia waarbinne verskillende interne sielkundige behoeftes deur verskeie sosiale invloede bemiddel word. Daar is by elke stadium 'n nuwe ontwikkelingskonflik wat opgelos moet word, wat óf 'n positiewe óf 'n negatiewe uitkoms kan hê. 'n Positiewe uitkoms lei gewoonlik tot psigiese gesondheid, terwyl 'n negatiewe uitkoms tot wanaanpassing lei (Stevens & Lockhat, 1997). 'n Persoon wat derhalwe nie die ontwikkelingskonflikte suksesvol kon oplos nie moet, volgens Erikson, voortdurend die daaropvolgende konflikte wat ontstaan as gevolg van vroeë mislukking probeer oplos (Sternberg, 1997). Volgens Bee (1995) moet hierdie fases egter nie as absoluut gesien word nie, maar eerder as 'n verteenwoordiging van voortdurende sielkundige ontwikkeling.



Erikson se teorie bevestig adolessensie as 'n periode van menslike ontwikkeling (Stevens & Lockhat, 1997). Identiteitsvorming is as 'n ontwikkelingstaak van die adolessent beskryf. Indien die konflik binne hierdie fase nie suksesvol opgelos word nie, vind daar rolverwarring plaas. In hierdie periode moet die adolessent hom-/haarself definieer en word seksuele, beroeps- en ideologiese identiteite ontdek. Hierdie proses behels dus 'n integrasie van beide intra-psigiese, sowel as sosio-historiese aspekte van die persoon se ontwikkeling. Erikson beskryf ook die term "sielkundige moratorium" in identiteitsvorming, wat 'n tydperk is waartydens die gemeenskap aan die adolessent die geleentheid bied om met verskeie identiteite te eksperimenteer. As hierdie proses egter te vroeg gestaak word, en selfdefinisie verkry is sonder die eksplorاسie van verskeie identiteite, gebruik Erikson die term "identiteitsverhindering" wat aanduidend is van 'n identiteit wat nie ten volle kongruent ontwikkel het nie (Stevens & Lockhat, 1997).

Marcia (1966, 1980) se teorie van identiteitsontwikkeling operasionaliseer Erikson (1963) se teorie. Hierdie paradigma beskryf vier identiteitstatusse wat gebaseer is op die aan- of afwesigheid van eksplorاسie en verbintenis. Die vier statusse kan soos volg omskryf word:

- 'n Individu wat nie betrokke geraak het in eksplorاسie of verbintenis nie, word gesien as een met 'n diffuse identiteit.
- 'n Verbintenis wat gemaak word sonder voldoende eksplorاسie (gewoonlik gegrond op ouerlike waardes), verteenwoordig 'n voorafsluiting ("foreclosure") van identiteitstatus.
- 'n Individu wat steeds eksplorieer sonder om 'n verbintenis te maak, verkeer in 'n identiteitsmoratorium.
- 'n Ferm verbintenis met die nodige voorafgaande eksplorاسie is 'n aanduiding van 'n identiteitsontwikkeling wat suksesvol behaal is.

Phinney (1989) noem dat, alhoewel die laaste fase van suksesvolle identiteitsontwikkeling beskou word as die mees gesofistikeerde status, hierdie paradigma nie 'n proses van ontwikkelingsprogressie suggereer nie.

#### 4.5.2 Toepassing

Erikson (1963) identifiseer verskeie take wat die adolessent moet oplos om 'n kongruente identiteit te ontwikkel.

**Ego-sintese** is belangrik, sodat die adolessent 'n gevoel van kongruensie kan ontwikkel, ten spyte van veranderinge wat sosiaal mag plaasvind (Thom et al., 1998). Soos reeds voorheen genoem mag hierdie fase vir die adolessent in Suid-Afrika 'n uitdaging wees as gevolg van die veranderinge wat binne die samelewing plaasvind. Sosiale rolle moet nog gevestig word (Stead, 1996). Barnes (1991) skryf dat die swart persoon in Amerika grootliks uitgesluit was van sosiale sisteme, soos politieke, opvoeding- en ekonomiese sisteme. Dit hou die swart adolessent in 'n ondergeskikte rol, waar die sisteem hom/haar beïnvloed, en nie andersom nie. Die vraag kan gevra word tot watter mate Suid-Afrika se adolessente meer interaktief ten opsigte van sosiale sisteme voel, en tot watter mate dit hulle selfdefinisie beïnvloed.

Die belangrikheid van interaksie tussen die adolessent en sy/haar omgewing word onderskryf deur die beginsels van kubernetika, wat 'n interaksionele proses tussen sisteme beskryf (Kotzé, 1994). Hierdie teorie is vollediger in Hoofstuk 3 bespreek. Volgens Crose et al. (1992) is dit belangrik om 'n sisteem as 'n geheel te ondersoek en nie slegs dele daarvan nie. Die adolessent vorm dus 'n geheel met sy/haar totale wêreld. Vir psigologiese welstand om optimaal te wees, moet daar dus 'n suksesvolle interaksie of kommunikasie tussen die verskeie lewensdomeine van die adolessent wees. Die teorie van Crose et al. (1992) word breedvoerig in Hoofstuk 3 bespreek.

Verskeie aspekte van hoop kan 'n rol speel in die identiteitsvormingsproses van die adolessent. Die konatiewe of motiveringsaspek van hoop sal die adolessent se eksplorasiëproses aanhelp en sal ook 'n rol speel in die persepsie van, en oorkoming van uitdagings in 'n veranderende sosiale bestel. In aansluiting hierby moet die kognitiewe aspek van die hoopteorie beklemtoon word. Die aktiewe rol van die individu in die vorming van doelwitte (fasiliteringsbaankomponent) en die uitvoering daarvan (werktuigkomponent) kan gereflekteer word in die aktiewe rol wat die adolessent behoort te speel in sy/haar eie eksplorasië en verbintenis wat sal lei tot 'n kongruente identiteit. 'n Persoon met hoë hoop sal wyses vind om die blokkasies van doelwitte te oorkom. Indien daar geen hoop is nie (hopeloosheid), sal depressie intree, wat die totale verlies van hoop reflekteer (Abramson et al., 1989; Kwon, 2000; Magletta & Oliver, 1999; Snyder, 1998).

**Self-determinasie** word ook deur Erikson (1963) gesien as 'n belangrike aspek vir die vorming van 'n positiewe identiteit. Die persoon wat binne sy/haar sisteem sekuriteit ervaar, hoef nie kunsmatig versterk te word nie (Barnes, 1991). In die Suid-Afrikaanse geskiedenis is dit duidelik dat die swart identiteit 'n her-definisie ondergaan het deur middel van aanmatigende optredes. In die post-apartheidsera was dit ook vir die wit adolessent nodig om binne 'n veranderde sosiale sisteem 'n her-definisie van identiteit te ondergaan.

Die verskeie statusse van identiteitsontwikkeling soos deur Marcia (1980) beskryf, wys ook op etniese identiteitsvorming, wat aandui hoe minderheidsgroepe aanvanklik hulself verbind tot waardes sonder voldoende eksplorasië ("foreclosed identity"). Atkinson, Mortem en Sue (1983) beskryf hierdie stadium as 'n stadium van konformasie, waar die individu voorkeur toon vir dominante kulturele waardes bo dié van hul eie kultuur. Adolessente wat nie blootgestel word aan 'n trots om 'n eie etniese identiteit te ontwikkel nie, kan in hierdie status geplaas word. Die teorieë oor minderheidsgroepe stel voor dat dit vir die adolessent belangrik is om 'n periode van eksplorasië in die betekenis van

die etnisiteit te ondergaan, ten einde 'n etniese identiteit te ontwikkel. Waterman (1985) beskryf die periode van eksplorasië as een van ondervraging en eksperimentering. 'n Longitudinale studie gedoen deur Phinney (1989), het getoon dat swart adolessente in Amerika in die vier statusse van Marcia se model geplaas kan word. Die wit adolessente in hierdie studie het egter nie dieselfde etniese gewaarwording getoon nie. Dié groep het dikwels nie 'n groot bewussyn van hul eie etniese identiteit getoon nie en beskou hulself slegs as Amerikaners.

In Suid-Afrika het die politieke transformasieproses 'n definitiewe gewaarwording van etniese identiteite geskep (Finchilescu & Dawes, 1998). Die paradigma van Marcia (1980) kan toegepas word op die onderskeie etniese gewaarwordinge en ontwikkeling van identiteite by die adolessent. Erikson (1963) onderskryf ook die ontwikkeling van 'n nasionale identiteit van die adolessent.

Hierdie punt bring ons by die kwessie van identifisering met sekere sosiale sisteme of kulture. Barnes (1991) noem dat daar dikwels verkeerdelik na swart mense verwys was as 'n homogene groep mense. Hy tref onderskeid tussen die sogenaamde homogene groep wat verdeeld is op grond van sosiale dimensies, sosiale klas, plaaslike of stedelike inwoners en die landstreek wat bewoon word. In die navorsing oor psigologiese welstand by adolessente waarsku skrywers ook dat die swart adolessent nie as 'n monolitiese groep gesien moet word nie. (McKenry, Everett, Ramseur, & Carter, 1989; Nettles & Pleck, 1994; Spencer & Dornbusch, 1990).

In Suid-Afrika is dit veral belangrik om hierdie verskille in die onderskeie kulture in ag te neem. 'n Voorbeeld van diversiteit binne 'n kultuur kan in die Xhosa-kultuur in die Oos-Kaap gesien word. Die Bhaca-stam word byvoorbeeld gesien as die ondergeskikte stam en word dikwels steeds nie sosiaal aanvaar deur sekere ander stamme nie. Alhoewel 'n persoon vanuit so 'n stam dieselfde finansiële status mag hê, sal hy/sy nie noodwendig sosiaal aanvaar word nie.

Klasverskille is derhalwe nie slegs gebaseer op 'n sosio-ekonomiese grondslag nie (McGoldrick, 1993). In teenstelling hiermee word die Mayekiso- en Gaikastamme weer as die magtige en erkende stamme gesien. Nelson Mandela (1994) noem in "Long Walk to Freedom" dat daar in sy kinderjare die amaMfengustam bestaan het, wat ook Xhosa-sprekend was, maar vir die witmense gewerk het, iets wat die ander Xhosa-sprekendes nie aanvaar het nie. Hy self het 'n verbintenis met die Thembu koninklike huis.

Die vraag kan gevra word hoe verdraagsaam die adolessent is en wat hul huidige houding teenoor kultuurverskille is. Navorsing onder universiteitstudente het gewys dat sowel swart as wit adolessente apartheid verwerp, optimisties is ten opsigte van die toekoms van die land en dat daar 'n verantwoordelikhedsbesef is ten opsigte van die land. Die navorsing impliseer 'n vorming van 'n nuwe nasionale identiteit (Smith & Stones, 1999). Dieselfde skrywers waarsku egter dat, alhoewel rassisme en bevooroordeeldheid in die nuwe bestel aan die afneem is, daar steeds veranderinge moet plaasvind om 'n positiewe aanvaarding van diverse kulture te ontwikkel, ten einde 'n nasionale identiteit te vorm. Gunning (2001) sluit hierby aan deur te berig dat "rasse in SA bly sku vir mekaar" (p.17).

In aansluiting hierby is daar ook 'n fokus om hoop te midde van konflik te ontwikkel. Die Daily Dispatch (2001) berig dat 'n opname getoon het dat meer rasseharmonie bestaan as wat verwag word, en dat Suid-Afrika hoopvol is omtrent die toekoms. Hoop as 'n onlosmaaklike aspek van die sosiale bestaan, kan teenwoordig wees in die mees negatiewe situasies.

Erikson (1963, 1968) se teorie bied 'n gepaste manier om die psigososiale ontwikkeling van die adolessent in Suid-Afrika te verstaan, wat gedurende sy/haar vroeëre kinderjare 'n basiese vertrouwe (hoop) moes opbou om sy/haar wêreld te vertrou en in interaksie met die omgewing sy/haar selfidentiteit en kongruente selfdefinisie te vorm.

## 4.6 Toepassing van 'n hoopmodel op adolessensie

Die hoopmodel, soos uiteengesit in Hoofstuk 2, beskryf vier lewensdomeine in 'n persoon se lewe waar hoop reflekteer word, naamlik die (1) spirituele, (2) gedrags, (3) kognitiewe en (4) emosionele domeine. Hierdie domeine stem ook ooreen met Wissing (2001) se beskrywing van die teenwoordigheid van psigologiese welstand in verskeie aspekte van die individu se lewe (kyk Hoofstuk 4 vir volledige bespreking).

### 4.6.1 Spiritueel

'n Aspek van die hoopteorie, naamlik spiritualisme, is sentraal tot die ontwikkelingsfase van adolessensie. Aalsama & Lapsley (1999) noem dat godsdiens geassosieer word met positiewe psigiese gesondheid by adolessente. Hierdie outeurs glo dat dit veral die behoud van waardes is, soos deur godsdiens onderskryf word, wat die adolessent kan help om outonomie te ontwikkel, narsisme te kanaliseer en risikogedrag te oorkom. Louw (2000) noem dat die adolessent vandag op soek is na spirituele ervarings, wat nie noodwendig altyd deur godsdiens ervaar word nie.

In die eksplorاسie en uitvoering van spiritualisme is 'n integrale begrip die vryheid van keuses wat mense het. DeCarvalho (1996) bespreek die feit dat keuses gepaard gaan met verantwoordelikheid. Frankl (1964) het ook geglo dat mense ten spyte van negatiewe keuses kan maak wat hulle bo sulke negatiewe keuses kan laat uitstyg. Die maak van keuses is 'n belangrike ontwikkelingsstaak wat adolessente moet deurgaang. Tesame hiermee vind die individu betekenis in die lewe wat in verband gebring kan word met spiritualisme en ook moraliteit. Kohlberg (1975, 1984) se werk omtrent morele ontwikkeling is deur Piaget (1972, 1977) se kognitiewe teorie geïnspireer.

#### 4.6.1.1 Ontwikkelingsteorie: Kohlberg

Kohlberg (1975) het die aanname gemaak dat morele ontwikkeling gebaseer is op kognitiewe ontwikkeling en relevante sosiale ervaringe. Kinders gaan deur verskillende stadia van kognitiewe ontwikkeling. Kohlberg (1975) het geglo dat morele redenering gedurende adolessensie meer kompleks raak. Hy het die stadia van morele ontwikkeling in drie vlakke verdeel en het elke vlak weer in twee stadia verdeel. Die verdeling is soos volg:

- Pre-konvensionele vlak: Heteronome moraliteit  
Individuele moraliteit
- Konvensionele vlak: Moraliteit van interpersoonlike verwagtinge, verhoudinge en konformasie  
Moraliteit van sosiale sisteme en gewete
- Post-konvensionele vlak: Moraliteit van sosiale ooreenkoms, bruikbaarheid en individuele regte  
Moraliteit van universele etiek.

Volgens (1975) Kohlberg ontwikkel die meeste adolessente en volwassenes nie verby die konvensionele vlak nie. Slegs 'n klein aantal volwassenes ontwikkel tot die post-konvensionele vlak (Sternberg, 1997).

Adolessente is in die konvensionele moraliteitsfase, wat beteken dat die individu konformeer tot die sosiale orde en verwagtinge van ander. Individuele morele standaarde word deur eksterne invloede beheer. Verwagting en standaard van familie, groep of kultuur word ondersteun. Die eerste stadium van hierdie fase, naamlik die "goeie seun/dogter"-oriëntasie, word gehandhaaf ten einde erkenning en goedkeuring van ander te kry. Wat "reg" is word nie begrond op individuele belangstelling nie, maar op ander se verwagtinge (Thom et al., 1998). Die adolessent is op hierdie stadium bewus van wat ander mense van hom/haar

dink en nie slegs van wat ander aan hom/haar mag doen (straf) nie (Clouse, 1985).

Die tweede stadium in die konvensionele fase is moraliteit van sosiale sisteme. Aangepaste gedrag word uitgedra gegrond op respek vir outoriteit en die handhawing van sosiale geregtigheid en orde (Clouse, 1985).

Kohlberg het geglo dat daar 'n verband bestaan tussen morele denke en gedrag. Pro-sosiale gedrag word verwag van individue wat op 'n hoër vlak van morele ontwikkeling is. Thom et al. (1998) verwys na studies wat dui daarop dat adolessente wat 'n hoër vlak van morele ontwikkeling ervaar, minder risikogedrag toon.

Kohlberg se teorie word gekritiseer, deurdadig te veel klem plaas op kognitiewe ontwikkeling en nie genoeg op sosiale en emosionele faktore wat ook morele ontwikkeling sal beïnvloed nie. Sosio-kulturele faktore word ook grootliks deur hom uitgesluit.

#### **4.6.2 Gedrag**

Adolessensie, as 'n verkenningstydperk, suggereer gedragswyses wat oor die algemeen as risikogedrag beskou word (Heaven, 1996). Die adolessent se persepsie van risikogedrag blyk egter nie altyd voldoende te wees om sulke gedrag te verander nie. Crawford, Turtle en Kippax (1990) en Moore en Rosenthal (1993) noem dat adolessente se bewussyn van die risiko van hul gedrag nie ooreenstem met voldoende voorkomende gedrag nie. Heaven (1996) definieer risikogedrag as "those behaviours, the outcome of which remain unclear". Hy voeg by: "Such behaviours may have either harmful or non-injurious effects" (p.14). Jessor, Donovan en Costa (1991) noem die volgende aantal faktore wat adolessente kan predisponer tot risikogedrag:



**Sosiale agtergrond:**

Opvoedingsvlak

Familiesamestelling en -netwerk

Positiewe en negatiewe lewensgebeure

**Sosiale psigologiese faktore**

Persoonlikheid (waardes, geloof, persoonlike beheer)

Persepsie van omgewing (byvoorbeeld ouerlike beheer, rol van sosiale modelle, erkenning van die groep)

**Gedragstelsel**

Probleemgedrag (byvoorbeeld dwelms, rook en algemene afwykinge)

Konvensionele gedrag

In elkeen van bogenoemde domeine is daar beskermingsfaktore sowel as risikofaktore teenwoordig. So byvoorbeeld, sal die moontlikheid van probleemgedrag verminder word indien ouers 'n outoritêre styl het, maar goeie kommunikasie aanmoedig (Heaven, 1996).

Kagan (1991) differensieer vyf tipes adolessente wat weerloos kan wees vir drie tipes gedragsprobleme, naamlik tienerswangerskap, misdaad en dwelms. Die vyf tipes is:

- Diegene wat kroniese skoolfaling ervaar.
- Diegene in 'n familie-omgewing van verwaarlosing, gebrekkige belangstelling en mishandeling.
- Diegene wat vatbaar is vir groepsdruk.
- Adolessente wat wil bewys dat hulle nie bang is vir risiko's nie.
- Families wat kommunikeer dat steel, dwelmmisbruik en swangerskap aanvaarbare gedrag is.

Smith (1983) verbind die individu se geneigdheid tot impulsiewe self-destruktiewe gedrag, byvoorbeeld dwelmmisbruik, met 'n fokus op onmiddellike behoeftebevrediging. Hy glo dat as daar geen doelwitte vir die toekoms is nie, daar ook geen hoop is nie. Daarom vind negatiewe gedrag meer dikwels plaas. Verskeie domeine van risikogedrag kan by adolessente onderskei word. Die hantering daarvan sal ook 'n effek hê op die psigologiese welstand van die adolessent.

#### 4.6.2.1 Seksualiteit

Adolessensie is 'n tydperk van die gewaarwording van 'n seksuele identiteit, wat saamgaan met die vorming van 'n persoonlike identiteit (Erikson, 1963). Gelyktydig met die fisieke ontwikkeling ontstaan daar 'n emosionele gereedheid en belangstelling in dieselfde of teenoorgestelde geslag, seksuele gedrag en seksuele dryf. Eksperimentering is 'n belangrike fase van adolessensie, wat dan ook ten opsigte van seksualiteit uitgeleef word. Sarrel en Sarrel (1981) beskryf in die tagtigerjare die seksuele ontwakingsproses soos volg:

- Die adolessent moet kennis bekom oor die feite van die fisieke veranderinge waardeur hul liggame gaan.
- Die adolessent moet die skuldgevoelens, skaamte en vrees omtrent hul seksuele fantasieë en gedrag verwerk. Hy/sy moet 'n gemaklike en aanvaarbare vlak omtrent hierdie kwessies bereik.
- Adolessente moet hulself stelselmatig losmaak van hul stewige, emosionele verhoudinge met hul gesinne. Dit is ook nodig om 'n noue verhouding met 'n individu van dieselfde ouderdom te ontwikkel.
- Adolessente moet onderskei tussen wat hulle eroties aangenaam en onaangenaam vind en moet dit so aan hul metgesel kan oordra.
- Adolessente moet konflik en verwarring oor hul eie seksualiteit verwerk.
- Dit is belangrik om bewus te wees van die self as 'n seksuele wese en dat daar verskeie seksuele opsies is.

Heaven (1996) noem dat nie alle adolessente tot die hoogste vlak, naamlik die kennis van die self as 'n seksuele wese sal beweeg nie, aangesien die proses van seksuele ontvouing nie noodwendig deur alle adolessente voltooi word nie. Uit die verslag wat deur die South African Health Review (2000) uitgereik is, blyk dit asof die teorie van seksuele ontwaking en hoe hierdie proses werklik in Suid-Afrika geskied, nie altyd met mekaar ooreenstem nie. Dickson-Tetteh en Ladha (2000) rapporteer dat die nasionale gemiddelde ouderdom waarop seuns en dogters seksueel aktief begin raak, onderskeidelik 14 en 15 jaar is. Natuurlik is daar ook afwykings, deurdat sommige adolessente reeds vroeër en ander veel later seksueel begin eksperimenteer. Verskeie mediaberigte bevestig die toename in tiener- seksuele bedrywighede (Beeld, 1997; Citizen, 2001; Citizen, 2001; Die Volksblad, 2000; Star, 2001; Sunday Tribune, 2001). Ten spyte van die bewuswordingsproses wat deur Sarrel en Sarrel (1981) beskryf is, toon studies tog dat adolessente se kennis omtrent seksualiteit gebrekkig is. Bogenoemde navorsing deur Dickson-Tetteh en Ladha (2000) toon dat adolessente 'n behoefte het aan kennis oor seksueel oordraagbare siektes, seksuele omgang en verhoudinge.

Die toename van seksueel oordraagbare siektes, MIV/VIGS en swangerskappe het 'n groter bewuswording van die noodsaaklikheid van seksuele opvoeding in instansies soos skole, asook onder individue, beklemtoon (Daily Dispatch, 2001; Dickson-Tetteh & Ladha, 2000). Ten spyte van die voorkomings- en bewussynsprogramme wat toegepas word, blyk dit tog asof die houdings omtrent seksualiteit steeds dieselfde is, veral in minder verwesterde gebiede. Nyanzi, Pool en Kinsman (2000) het deur navorsing onder adolessente in Uganda bevind dat seksuele verhoudinge tussen seuns en meisies deur goepsdruk geïnsinier word. In sosiale rolle van seuns en meisies is vasgelê dat seuns seks moet insinier. Indien die meisie dit sou doen sal daar vermoedens wees dat sy VIGS het en dit wil versprei.

Daar bestaan spanning tussen tradisionele seksuele onderdanigheid en die moderne beeld van seksuele vryheid. Veelvuldige seksuele maats word gesien as 'n teken van gesofistikeerdheid. Alhoewel kennis omtrent MIV bestaan, word nie te veel daarop ag geslaan nie en word kondome nie graag gebruik nie. Die South-African Health Review (2000) rapporteer dat Suid-Afrikaanse seksueel aktiewe adolessente wel 'n vorm van voorbehoedmiddel gebruik. Ten spyte hiervan is die aantal aborsies en tienerswangerskappe steeds baie hoog. Nadere ondersoek het, soos in Uganda, getoon dat kondome nie as 'n gunstige voorbehoedmiddel beskou word nie. Die gewildste voorbehoedmiddel blyk die inspuiting te wees. Dickson-Tetteh en Ladha (2000) noem dat die grootste aantal adolessente negatief teenoor kondome staan. Hulle noem dat in die 1998-uitgawe van die South African Health Review gerapporteer is dat slegs 4% van die vroulike adolessente kondome as 'n vorm van kontrasepsie gebruik. Die afleiding word dus gemaak dat adolessente nie kondome gebruik as 'n voorbehoedmiddel nie, maar eerder as 'n wyse om seksuele oordraagbare siektes en MIV te voorkom (Dickson-Tetteh & Ladha, 2000).

#### 4.6.2.2 MIV/VIGS

Daar bestaan 'n geweldige toename in MIV/VIGS-gevalle in Suid-Afrika. Die groot toename in mediaberigte bevestig dit (Beeld, 2001; Business Day, 2001; Daily News, 1999; Eastern Province Herald, 2000, 2001; Independent on Saturday, 2000; Mail & Guardian, 2000; The Star, 1999). Verskeie koerante verskaf voorts gereeld statistiek van navorsing daaroor. Die Daily Dispatch (2001) berig dat Anglo-America na 'n ondersoek bevind het dat 20% van sy 160 000 werknemers MIV-positief is. Diegene wat die meeste geraak word, is die jonger generasie. Daar bestaan groot kommer dat daar binnekort 'n groot aantal ouer mense en babas as weeskinders as enigste oorlewendes gaan wees. Steinberg et al. (2000) berig dat daar in 2005 'n verwagte 800 000 weeskinders onder die ouderdom van 15 jaar sal wees. Vrouens is oor die algemeen 'n hoër

risikogroep as mans om MIV/VIGS op te doen as gevolg van biologiese, sosiale en ekonomiese faktore (Steinberg et al., 2000).

Die invloed wat die MIV/VIGS pandemie op Suid-Afrika se ekonomie het en kan hê, is kommerwekkend. Die Daily Dispatch (2001) berig dat dit 'n groot impak het op die finansiële toestand van die Departement van Gesondheid. Meer as 1,4 miljoen persone in die Oos-Kaap is MIV-Positief. Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie getalle hoofsaaklik die infeksie in stedelike gebiede weerspieël. In 'n ander berig in dieselfde koerant word die implikasies van die toename uitgespel. Die VIGS-organisasie "Love Life" het berig dat Suid-Afrika tussen 40% en 50 % van sy werksmag weens hierdie siekte kan verloor (Daily Dispatch, 2001).

Amptelike statistiek van 1996 wat die regering vrygestel het, wys dat ongeveer 2,4 miljoen volwassenes in Suid-Afrika tóe geïnfekteer was. Ongeveer die helfte van alle MIV/VIGS lyers word voor die ouderdom van 25 geïnfekteer (<http://www.health.gov.za>).

Die toename van die MIV-virus onder adolessente is ook opvallend. In die Transkei is bevind dat die aantal matriekleeders in die afgelope paar jaar van 110 00 tot 83 000 gedaal het (Daily Dispatch, 2001). Adolessente raak toenemend bewus van MIV/VIGS. Dickson-Tetteh en Ladha (2000) rapporteer dat ongeveer 95% van die adolessente wat aan navorsing op nasionale vlak deelgeneem het, kennis dra van die siekte, hoe dit opgedoen kan word en hoe dit voorkom kan word. Ten spyte hiervan is daar steeds 'n verskil tussen kennis en aksie. Baie adolessente het steeds seksuele verhoudinge met veelvuldige seksmaats, gebruik nie kondome nie en het gelyktydige seksuele verhoudinge met verskeie maats.

'n Verdere probleem wat aangedui word is behandeling en die samewerking met medici. Murphy et al. (2001) het uit navorsing met geïnfekteerde adolessente in

Amerika bevind dat slegs 41% hul volle samewerking met die behandeling van hul siekte verleen. 'n Verminderde samewerking het ook 'n toename van depressie getoon. In 'n land soos Suid-Afrika is die probleem van behandeling egter groter weens min fondse om voldoende mediese geriewe beskikbaar te stel. Daar word oor die algemeen klem gelê op voorkomingsprogramme, aangesien dit 'n beter koste-effektiewe metode is om MIV/VIGS-getalle te laat afneem (Dickson-Tetteh & Ladha, 2000).

#### **4.6.2.3 Tienswangerskap**

Tienswangerskappe is 'n realiteit wat as 'n sosiale probleem aangespreek word. Dickson-Tetteh & Ladha (2000) rapporteer dat die getalle onder sogenaamde kleurlinge en swart dogters hoër is. Ongeveer 35% van alle adolessente het teen die ouderdom van 19 jaar 'n kind gehad, of was verwagting. Gekompliseerde geboortes onder adolessente is ook aanduidend van die impak wat swangerskap op die liggaam van die adolessent het. Macleod (1999) noem die volgende as bydraende faktore tot tienswangerskappe: onkunde omtrent reproduksie, vroeër aanvang van maandstonde, risiko gedrag, sielkundige probleme, groepsdruk, seksuele verhoudinge onder dwang, disfunksionele familiepatrone, swak gesondheidsdienste en die verbrokkeling van sosio-ekonomiese status en kulturele tradisies.

#### **4.6.2.4 Geweld**

Die toename in geweld word weerspieël deur berigte wat op 'n daaglikse basis in Suid-Afrikaanse koerante voorkom (Beeld, 1998; Cape Argus, 2000; Pretoria News, 2001; Sunday Times, 2001; The Star, 2000). Die Sowetan (1999) rapporteer dat meer as 8000 jeugdige in tronke aangehou word weens geweld, wat strek van moord, motorkapings, diefstal, dwelmverkope tot verkragting. Die Pretoria News (2000) berig dat kriminoloë die blaam van jeugmisdaad, plaas op disfunksionele families, sindikate en 'n gemeenskap wat gedesensitiseer word

teen geweld. Die Daily Dispatch (2001) berig dat 'n kwart van alle doodsyfers in Suid-Afrika toegeskryf kan word aan onnatuurlike oorsake. Die huidige minister van gesondheid sê die volgende: "A lot of people are dying of violence. We need to address that. We really are a violent society." (Daily Dispatch, 2001, p.1). Verder word vermeld dat die meeste van die slagoffers van geweld jongmense is, met 36% van alle gevalle tussen die ouderdomme van 15 tot 29 jaar. Die gebruik van vuurwapens in manslag was veral hoog onder dié ouderdomsgroep. 'n Hoër aantal manlike as vroulike slagoffers word aangegee. Die Daily Dispatch (2001) berig ook dat die geweld in skole die algemeenste voorkom in die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal. Meer as 293 skole het insidente van ernstige voorvalle van geweld soos verkragting en moord gerapporteer. Die Burger (1999) berig dat Asmal (die Minister van Onderwys) homself sterk uitgespreek het teen geweldenaars wat skole ontwrig. Hy het wetgewing aangemoedig om geweld in skole te hanteer.

Die DSM-IV het in die diagnostiese kriteria vir kinders en adolessente die diagnose "Opposisionele Uitdagende Versteuring" ("Oppositional Defiant Disorder") ingesluit vir gedragsversteurings wat baie gereeld voorkom. Gormly en Brodzinsky (1993) beskryf gedragsversteurings as gedrag waarin adolessente meedoën wat die basiese regte van ander en/of die gemeenskap aantast. Die aard van hierdie gedrag is gewoonlik herhalend en voortdurend en is meer ernstig as slegs onnutsige gedrag. Die DSM IV kriteria sluit die volgende in: (a) Verloor humeur, (b) argumenteer met volwassenes, (c) staan outoriteit aktief teen, (d) doen dinge met opset om ander kwaad te maak, (e) blameer ander vir eie foute, (f) raak gou kwaad, (g) word dikwels kwaad en gegrief en (h) dikwels nydig en wraaksugtig. Hierdie simptome moet vir meer as 6 maande duur, voordat dit gediagnoseer kan word. Blau en Gullotta (1996) noem ook dat alhoewel hierdie diagnose nie dikwels gemaak word nie, probleemgedrag wat verband hou met so 'n diagnose ook negativisme, rebellie, dwelmmisbruik, vyandigheid, opvoedkundige tekorte, weerstand teen veranderinge en

opponerende gedrag is, wat onmiddellike sosiale en familiale probleme veroorsaak.

Lorion en Saltzman (1993) noem dat die lewe binne 'n kroniese gewelddadige gemeenskap een is waar vertrouwe en hoop nie gekultiveer word nie. Hierdie skrywers spekuleer ook dat kinders wat voortdurend blootgestel word aan geweld 'n verkorte toekomsblik sal hê. Hinton-Nelson, Roberts en Snyder (1996) het deur 'n studie met adolessente wat blootgestel word aan geweld bevind dat diegene wat wel geweld waarneem maar nie die direkte impak daarvan persoonlik voel nie, 'n groter vermoë het om hoë hoop te behou. Snyder (1995) noem dat hoop gedurende die baba- en kinderjare gebou word, asook wanneer die adolessent kan sien dat sy/haar doelwitte bereik kan word. Solank geweld nie 'n direkte impak op die adolessent het nie, sal hy/sy steeds die persepsie kan hê dat persoonlike doelwitte bereik kan word en dat daar maniere kan wees waarop die gewelddadige omgewing hanteer kan word (Hinton-Nelson et al., 1996).

#### **4.6.2.5 Middelmisbruik: alkohol, sigarette en ander dwelms**

Heaven (1996) noem dat middelmisbruik 'n normale deel vorm die ontwikkeling van adolessente. Dit beteken dat adolessente wat strewe om 'n eie persoonlike identiteit te vorm, met gedragswyses en idees eksperimenteer. Kandel (1975) het die volgende stadia van middelmisbruik waardeur adolessente dikwels beweeg voorgestel: Bier of wyn of beide, sigarette of sterker drank, marijuana en ander onwettige dwelms. Kandel en Yamaguchi (1993) het bevind dat sterker onwettige dwelms gewoonlik deur die misbruik van marijuana gevolg word. Die wyse waarop die twee geslagte marijuana begin misbruik, verskil. Dit word by vroue marijuana gewoonlik voorafgegaan deur rook, terwyl mans alkohol voor marijuana (selfs sonder rook) misbruik. Heaven (1996) noem dat daar ook opinies is dat tieners nie noodwendig deur verskeie fases van dwelmmisbruik beweeg, soos wat Kandel (1975) voorgestel het nie, maar dat dwelmmisbruik 'n



kumulatiewe effek het. Persone verbreed hulle repertorium van dwelms deur nuwes by te voeg.

Alkoholmisbruik blyk die gewildste en algemeenste vorm van middelmisbruik onder adolessente te wees. Kinders van so jonk as tien jaar eksperimenteer reeds met alkohol (Heaven, 1996). 'n Verdere algemene eksperimentering is met sigarette. Heaven (1996) haal 'n studie aan wat in Australië gedoen is, waar ongeveer 'n kwart van die tieners (14 tot 19 jaar oud) wat betrokke was in die studie, gevoel het dat rook nie ongesond is nie. Dickson-Tetteh & Ladha, (2000) rapporteer dat alkohol die middel is wat die algemeenste deur adolessente misbruik word. 'n Nasionale studie onder swart adolessente tussen 10 en 21 jaar toon dat 80% op 'n stadium alkohol gebruik het, terwyl 34% gereeld alkohol misbruik het.

Tabak is ook 'n algemene vorm van middelmisbruik onder Suid-Afrikaanse adolessente. Ongeveer 10% van alle adolessente rook, met seuns wat die hoogste voorkoms (1 uit elke 7) toon. Die media berig gereeld oor die toename in dwelmmisbruik onder adolessente (Cape Argus, 2001; Cape Times, 2001; Citizen, 2001; Die Burger, 2001; Die Burger, 2001; Mail & Guardian, 2000; Sowetan Sunday World, 2001; The Daily News, 2000).

Blau en Gullotta (1996) dui die volgende risikofaktore aan vir dwelmmisbruik asook lang termyn misbruik:

- Die ouderdom tydens aanvanklike misbruik (Hoe vroeër begin word hoe groter die moontlikheid vir swaarder gebruik later).
- Swak skolastiese funksionering, tienerswangerskappe, jeugmisdaad.
- Lae selfbeeld, gebrekkige konformering.
- Familie-risikopatrone, byvoorbeeld 'n ouer of sib wat dwelms misbruik, of swak verhoudinge met die ouers.
- Groepsdruk.

### 4.6.3 Kognitiewe ontwikkeling

Die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent sal 'n direkte effek hê op sy/haar aanpassing binne sy/haar leefwêreld, ontwikkeling en integrasie van 'n identiteit. Piaget (1977) se kognitief-strukturele teorie is van die mees wyd erkende ontwikkelingsteorieë in die sielkunde (Meyer & Van Ede, 1998). Dit kan van toepassing gemaak word op die psigologiese welstand en die ontwikkeling van hoop van die adolessent.

#### 4.6.3.1 Ontwikkelingsteorie: Piaget.

Piaget (1972, 1977) verduidelik kognitiewe funksionering in terme van die interaksie tussen die individu en sy/haar omgewing. Kognitiewe funksionering vind plaas deur die ekwilibriumproses wat twee aspekte insluit, naamlik organisasie en aanpassing (Sternberg, 1997). Hierdie prosesse is altyd teenwoordig en verander nie. Aanpassing geskied deur die (a) assimilasie van nuwe materiaal in die bestaande kognitiewe struktuur en (b) die akkomodasieproses, wat beteken dat daar 'n verandering in die bestaande struktuur plaasvind. Organisasie verwys na die koördinasie en integrasie van kognitiewe skemas om 'n meer geïntegreerde en komplekse kognitiewe struktuur te vorm (Meyer & Van Ede, 1998).

Snyder (1995) se hoopteorie sluit hierby aan, deurdat die persoon doelwitte stel as 'n resultaat van interaksie met sy/haar omgewing (fasiliteringsbaan). Doelwitte verander die bestaande kognitiewe verstaan en kan vergelyk word met die assimilasië- en akkomodasieprosesse. Om die doelwit uit te voer, koördineer en integreer die persoon dan verskeie kognitiewe skemas (werkbaandenke). Die ekwilibriumproses vind plaas wanneer doelwitte geblokkeer word (ekwilibrium versteur word) en die individu weer alternatiewe weë vind om die doelwitte uit te voer (ekwilibrium herstel).

Piaget (1977) verdeel die menslike kognitiewe ontwikkeling in vier periodes. Die **formele operasionele periode** is die adolessent se ontwikkelingsfase en word ook beskou as die hoogste vorm van denke wat behaal kan word. Individue in hierdie stadium het die vermoë om tweede-ordegedagte-inhoude te hanteer. Die verband tussen verbande word verstaan, sonder dat die verbande konkreet teenwoordig moet wees. Die adolessent kan abstrak en logies dink en kan deduktiewe en induktiewe redenerings maak. Veelvuldige oplossings vir probleme kan ondersoek en 'n besluit kan geneem word op grond van wat die beste oplossing is. Hipoteties-deduktiewe redenering word gebruik. Dit beteken dat denke beweeg van die moontlikheid na die werklikheid. Wetenskaplike denke word ook hierby ingesluit, waardeur die adolessent soos 'n wetenskaplike hipoteses en data kan ondersoek en afleidings en gevolgtrekkings kan maak van wat die uitkoms of gevolg sal wees. Wetenskaplike denke het ook te doen met induktiewe redenering, wat beteken dat die adolessent van die spesifieke tot die algemene kan redeneer. Die adolessent kan ook dink oor sy/haar denke. Daar kan gereflekteer word oor die inhoud van denke (reflektiewe abstrahering) (Meyer & Van Ede, 1998; Piaget, 1977).

Bogenoemde eienskappe van die denkprosesse by die adolessent word ook gereflekteer in die hoopteorie van Feldman & Snyder (in press) en Snyder (1995). Die adolessent met hoë hoop sal strategieë uitwerk om blokkasies van doelwitte te oorkom. Hipoteties-deduktiewe denke word so gebruik om besluite te maak wat van moontlikhede, werklikhede maak. Daar is ook sterk verbande met die psigologiese weerbaarheidsproses, wat klem lê op kognitiewe evaluering van gebeure, ten einde positiewe uitkomst te verseker (Kumpfer, 1999).

Kritiek teen Piaget (1977) se model is eerstens dat sy ontwikkelingskonsep as 'n diskontinue proses bevraagteken word. Baie glo dat ontwikkeling grotendeels 'n kontinue proses is. Die akkuraatheid van Piaget (1977) se vasstelling van ouderdomme vir sy konsep word bevraagteken. Daar word ook geglo dat baie adolessente en volwassenes nie in alle situasies formeel-operasionele denke

toon nie. Laaste word gevoel dat sy teorie gebaseer is op werk binne 'n Westerse kultuur en dus nie altyd op ander kulture van toepassing is nie (Sternberg, 1997).

#### **4.6.4 Emosionele aspekte: Depressie en selfmoord**

Adolescente ervaar emosionele veranderinge saam met hulle fisieke, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling. Daar is 'n geneigdheid om meer negatiewe as positiewe emosies te hê en ook hierdie emosies meer intens te ervaar. Gemoedswaainge word dikwels ervaar as 'n resultaat van veranderinge waardeur hulle in die omgewing moet beweeg (Thom et al., 1998). In Suid-Afrika sal die adolessent se emosionele ervaringe ook verband hou met die veranderende sosio-politieke en sosio-ekonomiese situasies. Dickson-Tettah en Ladha (2000) berig dat armoede en versteuring van familie-eenheid 'n groot bydraer is tot geestesversteurings onder adolessente in Suid-Afrika. Beukes (1994) het deur navorsing met swart hoërskoolleerlinge in die Oranje-Vrystaat bevind dat baie van hierdie adolessente angstig en vreesagtig is. Selfmoordgedagtes en depressie is hoog en baie ervaar post-traumatische stres. Dickson-Tettah en Ladha (2000) rapporteer dat ongeveer 15% van alle jong mense in Suid-Afrika aan 'n geestesversteuring ly wat psigiatriese behandeling nodig maak. Verskeie mediaberigte weerspieël ook kommer oor die toename in tienerdepressie en selfmoord. Die voorkoms van VIGS en groepsdruk word as van die moontlike redes vir selfmoord aangedui (Argus, 2001; Beeld, 1999; Daily News, 2001; Die Burger, 1999; The Leader, 2000; Pretoria News, 1997; Pretoria News, 2001; The Sunday Independent, 1999).

Ten spyte van bogenoemde negatiewe ervaringe berig Beukes (1994) dat baie van die adolessente steeds geglo het dat hulle gelukkig kon wees. 'n Groot behoefte aan verandering en verbetering van hul situasie is uitgespreek. In die bespreking van adolessente wat in 'n gewelddadige situasie steeds psigologiese welstand ervaar, is daar ook op gewys hoe hoopvolheid gekweek kan word.

Kumpfer (1999) se transaksionele raamwerk vir weerbaarheid beskryf 'n persoon-omgewing-interaksionele proses, wat as mediasie tussen die individu en sy/haar omgewing dien. 'n Onderskeid word getref tussen genetiese en biologiese weerbaarheidsfaktore en interne, psigologiese selfweerbaarheidsfaktore. Hoop word as 'n interne selfweerbaarheidsfaktor (Lazarus, 1983) gesien en deur Snyder (2000) as 'n gepredisponeerde kenmerk beskryf. Die emosionele aspek van hoop word deur verskeie skrywers (Averill et al., 1990; Lazarus, 1999) ondersteun. In Hoofstuk 2 is tot die gevolgtrekking gekom dat verhoogde hoop ook 'n verhoogde emosionele toestand te weeg sal bring.

#### **4.7 Samevatting**

Adolesensie, as 'n belangrike ontwikkelingstadium, bied ryk navorsingsgeleenthede in Suid-Afrika, aangesien die huidige generasie deur soveel sosio-politieke veranderinge moes gaan. Die integrasieproses herinner aan Piaget (1977) se proses van ekwilibrium, wat beteken dat die adolessent ook deur stadia van assimilasië en akkommodasië moet beweeg. In hierdie proses van verandering blyk dit asof hoop 'n sentrale rol speel in die uitbreiding van psigologiese welstand. Verskeie lewensdomeine waardeur adolessente geraak word en waar hoop 'n rol speel, is in hierdie hoofstuk geïdentifiseer.

- Die adolessent se aanpassing by sy/haar sosiale omgewing is 'n deel van die ontwikkelingsproses. Psigologiese welstand behoort bereik te word nadat 'n suksesvolle interaksie tussen die adolessent en sy/haar wêreld plaasgevind het.
- Die interaksionele proses bring stressore na vore, wat deur die salutogenese as uitdagings gedefinieer word. Hoop, as deel van 'n toekomsvisie, sal die hantering van uitdagings beïnvloed.

- Aspekte soos kultuur, ekonomie, politiek, geslag en onderwys vorm deel van die sosiale ekologie van adolessente. Om psigologiese welstand te ervaar moet die uitdagings wat in hierdie domeine bestaan, met hoopvolheid hanteer word.
- 'n Adolessent met hoë hoop sal vertrouwe hê in sy/haar wêreld om sodoende 'n kongruente identiteit te vorm.
- Die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent sal hoopkognisies moontlik maak, wat weer 'n mediasie van moontlike destruktiewe gedrag sal veroorsaak.
- Verhoogde hoop bring 'n verhoogde positiewe psigiese toestand mee, wat die emosionele en spirituele ontwikkeling van die adolessent positief sal raak.
- Die verhoging en uitbreiding van hoop en psigologiese welstand sal terapeutiese implikasies vir die terapeut in praktyk inhou.

## HOOFSTUK 5

### ONDERSOEKMETODE

#### 5.1 Inleiding

'n Ondersoek van die literatuur betreffende die konstrakte "hoop" en "psigologiese welstand" en hoe dit inslag vind binne adolessensie, is in die voorafgaande hoofstukke weergegee. Die invloed van hoop op die adolessent se psigologiese welstand is teoreties ondersoek. In hierdie hoofstuk sal daar op die metode van die ondersoek gefokus word, met spesifieke verwysing na die samestelling van die ondersoekgroep, meetinstrumente wat in die navorsing gebruik is, die data-insamelingsproses, die navorsingsvraag en die statistiese prosedures wat gevolg is.

In aansluiting by Hoofstuk 1, waar die doelwit van die studie uiteengesit is, is dit duidelik dat die primêre fokus van hierdie ondersoek is om die empiriese verband tussen hoop en psigologiese welstand by adolessente te ondersoek. Addisioneel hiertoe sal ook die moontlike rol van geslag en taalgroep ter verklarung van die variansie in die adolessente se psigologiese welstand ondersoek word. Psigologiese welstand is in hierdie ondersoek die kriteriumveranderlike, terwyl hoop, tesame met die enkele biografiese veranderlikes, die voorspellerveranderlikes is. Weens hierdie benaderingswyse, word daar in die navorsing volgens Huysamen (1993) met 'n nie-eksperimentele prospektiewe ontwerp gewerk.

Voordat die meetinstrumente en die data-insamelingsproses in meer besonderhede bespreek word, sal die veranderlikes (kriteria- en voorspellerveranderlikes) eers kortliks belig word.

## 5.2 Kriteria- en voorspeller veranderlikes

### 5.2.1 Kriteria vir bepaling van psigologiese welstand

Om 'n aanduiding van die adolessente se vlak van psigologiese welstand te verkry, is metings rakende **lewenstevredenheid**, **fortaliteit** en **koherensiesin** verkry. Dit is gedoen deur die toepassing van die Lewenstevredenheidskaal (Diener et al., 1985), die Fortaliteitsvraelys (Pretorius, 1997) en die Lewensoriëntasievraelys (Antonovsky, 1987). Gevolglik sal in die studie drie kriteriumtellings (elkeen van die psigologiese faktore afsonderlik) gebruik word.

Voorgenoemde meetinstrumente word volledig in Paragraaf 5.3 bespreek.

### 5.2.2 Voorspeller veranderlikes

Soos reeds in Paragraaf 5.1 aangetoon, word verskillende voorspeller veranderlikes in hierdie navorsing benut. Eerstens is daar **hoop**, wat uit verskillende komponente bestaan. Snyder (1991a, b, 1995) het hoop as 'n multi-dimensionele konstruk met twee komponente, naamlik die **fasiliteringsbaankomponent** en die **werkbaankomponent**, bespreek. 'n Totaaltelling op elkeen van die komponente kan vir elke respondēt verkry word. Vir die doel van hierdie navorsing het die navorser ook 'n eie vraelys opgestel, wat gefokus het op die aard van dit waarop die adolessent hoop. Hierin is gefokus op vier komponente wat uit die literatuur vir die adolessent, belangrik blyk, naamlik: **sosiaal**, **loopbaankeuse**, **ekonomie**, asook **uitgebreide gesin en betekenisvolle ander**. 'n Oop vraag, naamlik: "Om jou lewe te verbeter, of ten minste dieselfde te hou, wat is die belangrikste ding (slegs een) waarop jy hoop of waarvoor jy begeer?" is ook gestel. Dit is gedoen om aan die adolessent 'n vrye keuse te gee om aan te dui waarop hy/sy hoofsaaklik hulle hoop plaas. Tweedens is inligting oor enkele biografiese veranderlikes, naamlik die adolessente se geslag en hulle taalverband, bekom.



Daar sal nou oorgegaan word tot die bespreking van die verskillende meetinstrumente wat gebruik is om hierdie kriterium- en voorspeller veranderlikes te meet.

### 5.3 Meetinstrumente

#### 5.3.1 Instrumente vir die meting van hoop (voorspeller veranderlike)

Om 'n meting van die proefpersone se vlak van hoop te verkry, is eerstens die gestandaardiseerde Hoopskaal, soos ontwikkel deur Snyder et al. (1991a), gebruik. Laasgenoemde skaal omvat egter nie al die fasette van hoop, soos in Paragraaf 5.2.2 geoperasionaliseer nie, en gevolglik het die navorser ook 'n hoopvraelys opgestel, wat op die aard van hoop konsentreer. Die enkele belangrikste aspek waarop die adolessente hulle hoop plaas, is by wyse van 'n oop vraag ook ondersoek.

##### 5.3.1.1 Hoopskaal

Die Hoopskaal, soos ontwikkel deur Snyder et al. (1991a), is gebruik om die proefpersone se hooptelling te bepaal en beskik oor die volgende eienskappe.

###### 5.3.1.1.1 Ontwikkeling en rasionaal

Alhoewel hoop as 'n belangrike konsep beskou is, het teoretici in die verlede beweer dat hoop te vaag is om empiries verklaar te word. Snyder et al. (1991a) het 'n hoopskaal opgestel wat die disposisionele hoop van mense bepaal. Snyder et al. (1991a) het die hoopteorie, soos voorheen beskryf in Hoofstuk 2 (Paragraaf 2.4.2.1), gebruik om die skaal te ontwikkel. Dié teorie beskryf hoop as 'n multi-dimensionele konstruk, bestaande uit **fasiliteringsbaan-** en **werkbaankomponente**. Vir 'n omskrywing van hierdie begrippe, kyk Hoofstuk 2 (Paragraaf 2.4.2.1). In die eerste fase van die ontwikkeling van die skaal is 45

items gebruik om die inhoud van hoop te bepaal. Hierdie voorstudie, soos uitgevoer deur Harris (1988), het 'n verminderde aantal items van 14 opgelewer. Vanuit hierdie items is die vier wat die duidelikste refleksie van die fasiliteringsbaan-, en vier wat die duidelikste refleksie van die werkbaankomponente gebied het, vir die finale weergawe van die skaal geselekteer.

### **5.3.1.1.2 Aard, administrasie en interpretasie**

Die Hoopskaal bevat agt hoop- en vier vuller-items. Die inhoud van die vier fasiliteringsbaanitems fokus op die persepsie van suksesvolle bepaling van 'n persoon se algemene doelwitte. Een van die vier items weergee die bepaling in die verlede ("Ek was nog altyd redelik suksesvol in my lewe"), twee die hede (Ek volg my doelwitte energiek na", "Ek behaal die doelwitte wat ek vir myself stel") en een item weergee die toekoms ("My ervarings uit die verlede het my goed voorberei vir die toekoms"): Die vier werkbaanitems weergee die persoon se kognitiewe evaluering van sy/haar vermoë om maniere te vind om blokkasies te oorkom en strategieë uit te werk om doelwitte te bereik. Hierdie items sluit in: "Ek kan aan 'n aantal maniere dink om uit die moeilikheid te kom, "Daar is 'n hele aantal maniere rondom 'n probleem", Ek kan aan 'n hele aantal maniere dink om dinge in die lewe te verkry wat vir my belangrik is" en "Ek weet ek kan 'n manier vind om 'n probleem op te los, selfs as ander moedeloos word".

Wanneer die skaal afgeneem word, word dit aan die toetslinge as 'n toekomsskaal aangebied. Elke item word deur die respondente beantwoord deur van die volgende skaal gebruik te maak: 1=Definitief vals, 2=Meestal vals, 3=Meestal waar, 4= Definitief waar. Die werkbaankomponenttelling word verkry deur items 2, 9, 10 en 12 bymekaar te tel. Die fasiliteringsbaan-komponenttelling word weer verkry deur items 1, 4, 6 en 8 bymekaar te tel. Die totale hooptelling word verkry deur die werkbaan- en fasiliteringsbaan-

komponentetellings bymekaar te tel. Items 3, 5, 7 en 11 is vullers wat as afleiers bygevoeg is om die inhoud van die skaal minder voorspelbaar te maak.

Die hoogste moontlike telling wat op die Hoopskaal behaal kan word, is 32 en die laagste moontlike telling is 8. Volgens die handleiding van die Hoopskaal, is die gemiddelde telling vir studente 24, terwyl die gemiddelde telling betreklik laer is vir persone wat sielkundige hulp soek, asook met persone in psigiatriese hospitale (Snyder et al., 1991a).

Snyder (1995) rapporteer dat geen verskille op grond van geslag gevind is nie. Daar is wel kulturele verskille gevind. Wit gemeenskappe in die V.S.A. se tellings was oor die algemeen hoër as die tellings van die swart gemeenskappe aldaar.

#### **5.3.1.1.3 Geldigheid en betroubaarheid**

Navorsing (Snyder et al., 1991a, 1995) het getoon dat die Hoopskaal se interne betroubaarheid aanvaarbaar was. Die alfa-koëffisiënt vir die items was tussen 0,74 en 0,84. Die vier werkbaankomponente het hoog met mekaar geïnterkorreleer; so ook het die vier fasiliteringsbaankomponente 'n hoë korrelasie met mekaar getoon. Die korrelasie van die twee tellings het getoon dat die komponente wel aan mekaar verwant is, maar nie identies nie. 'n Faktorontleding het getoon dat die twee komponente wel identifiseerbaar is, en dat die twee tellings saam 'n algemene hooptelling kan lewer.

Die toets-hertoetsbetroubaarheid van die Hoopskaal is ook ondersoek. Die korrelasiekoëffisiënte wat op hierdie wyse verkry is, is in die omgewing van 0,80, wat op 'n hoë mate van toets-hertoetsbetroubaarheid dui.

Die tellings op die Hoopskaal het positief gekorreleer met hoë tellings wat die volgende aspekte bepaal: selfbeeld, waargenome probleem-oplossingsvermoë, optimisme, positiewe affektiwiteit, asook positiewe verwagtinge omtrent

uitkomst. Daar was andersyds 'n negatiewe korrelasie met sosiale introversie, depressie, negatiewe affektiwiteit en angstigheid (Snyder, et al., 1991a, 1995).

#### **5.3.1.1.4 Motivering vir gebruik**

Snyder et al. (1991 et al., a,b,1995) se Hoopskaal het dit reggekry om hoop, wat as 'n vae konstruk beskou word, empiries te ondersoek. Snyder het wye navorsing gedoen in die toepassing van sy Hoopskaal en daar is telkens bevind dat persone met hoë hooptellings ook hoë hoop ervaar en op verskeie vlakke, byvoorbeeld sport, akademie en gesondheid beter funksioneer. (Vir 'n uitgebreide beskrywing van Snyder se navorsing, kyk Hoofstuk 2, Paragraaf 2.4.2.1.4). Die Hoopskaal is in hierdie navorsing gebruik om die kognitiewe proses van hoop by adolessente te meet.

#### **5.3.1.2 Aard van hoop (kyk bylae A)**

Die hoopvraelys wat deur die navorser self opgestel is en fokus op die aard van hoop, word hieronder belig.

##### **5.3.1.2.1 Ontwikkeling en rasionaal**

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat iemand moontlik 'n hoë hooptelling kan behaal, maar dat dit nog onseker is **wat** dit is waarop die persoon sy/haar hoop plaas. Gevolglik het die navorser 'n vraelys opgestel wat dit ten doel het om die aard van hoop wat adolessente ervaar, te bepaal.

##### **5.3.1.2.2 Aard, administrasie en interpretasie**

'n Literatuurondersoek en voorstudie het getoon dat vier komponente belangrik is om die aard van hoop te meet, naamlik **sosiaal** (Items 7,8,9 en 16), **loopbaankeuse** (Items 1,2,3,4 en 5), **ekonomie** (Items 6,14 en 15) en **uitgebreide gesin en betekenisvolle ander** (Items 10,11,12 en 13). Die

vraelys bestaan uit 16 vrae en kan individueel of in groepsverband afgeneem word. Totaaltellings vir elke komponent kan verkry word deur die betrokke items te sommeer. 'n Hoë totaalstelling op die komponenttellings dui op 'n hoë mate van hoop, wat deur die adolessente ervaar word.

Die items word beantwoord op 'n gegradeerde vyfpuntskaal waarvan die skaalwaardes die volgende is: 1=Definitief vals, 2= Meestal vals, 3=Onseker, 4=Grotendeels waar, 5=Definitief waar.

### 5.3.1.2.3 Geldigheid en betroubaarheid

Ten einde vas te stel of daar 'n onderliggende faktorstruktuur vir die items van hierdie vraelys is, is 'n faktorontleding gedoen. Die vraelys bestaan uit 16 items. Daar is eerstens van 'n ondersoekende hoofkomponentontledingsprosedure (Schepers, 1990) gebruik gemaak. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is deur 'n kombinasie van die Eigenwaardes groter as een kriterium en die *scree*-toets bepaal. Deur hierdie kriteria te gebruik, is besluit om vier faktore te onttrek. Die verkreeë faktormatriks is vervolgens aan die hand van die *varimax*-kriterium (Kaiser, 1958) na 'n ortogonale, eenvoudige struktuur geroteer. 'n Skuinsrotasie aan die hand van die *oblique*-kriterium (Jennrich & Sampson, 1966) is ook gedoen. Volgens Maas (1998) is die *varimax*-rotasie soms nie die geskikste oplossing nie, veral wanneer verskeie items op meer as een faktor 'n hoë lading toon. Laasgenoemde het wel voorgekom en gevolglik is die *oblique*-rotasie gedoen, sodat die faktorstruktuur makliker geïnterpreteer kon word. Die faktormatriks is deur middel van die SAS-rekenaarprogrammatuur (SAS Institute, 1985) verkry. Die resultate word in Tabel 5.1 verskaf. Slegs faktorladings van 0,3 en hoër word in die tabel aangedui, ten einde die interpretasie te vergemaklik.

Tabel 5.1: *Oblique*-geroteerde faktormatriks rakende items van die hoopskaal

Items	Faktore			
	I	II	III	IV
Item 7	0,452			
Item 8	0,860			
Item 9	0,809			
Item 16	0,389			
Item 1		0,535		
Item 2		0,375		
Item 3		0,793		
Item 4		0,554		
Item 5	0,365	0,511		
Item 6		0,447	0,515	
Item 14			0,712	
Item 15			0,879	
Item 10				0,468
Item 11				0,766
Item 12				0,774
Item 13				0,363
Eigenwaardes:	3,829	1,515	1,279	1,159

N = 1238

Die vier skuinsgeroteerde faktore verklaar gesamentlik 48,64 % van die totale variansie. Uit die geroteerde faktorpatroonmatriks is dit duidelik dat 14 van die 16 items op slegs een van die faktore 'n lading groter as 0,3 toon. Hierdie ladings kan redelik maklik geïnterpreteer word en voldoen ook aan Thurstone se kriteria vir eenvoudige struktuur. Die oorblywende 2 items toon beide 'n lading op twee faktore. Faktor I word gekenmerk deur hoë ladings op items wat handel oor hoop in die **sosiale verband**, terwyl Faktor II weer gekenmerk word deur hoë ladings op items wat handel oor hoop, rakende **loopbaankeuses**. Faktore III en IV word onderskeidelik gekenmerk deur hoë ladings op items wat handel oor hoop rakende **ekonomie** en die **uitgebreide gesin en betekenisvolle ander**. Gevolglik is vier subskale van hoop uit hierdie faktore saamgestel, deur telkens die items wat die hoogste lading toon, te selekteer.

Hierdie items is dan gesommeer om vir elke subskaal 'n totaalstelling te kan bereken. Die spesifieke items wat per subskaal geselekteer is, word in Tabel 5.2 verskaf.

Tabel 5.2: Spesifieke items waaruit subskale van die hoopskaal saamgestel is

Hoop subskaal	Item
Sosiaal	7, 8, 9 en 16
Loopbaankeuse	1, 2, 3, 4 en 5
Ekonomie	6, 14 en 15
Uitgebreide gesin/betekenisvolle ander	10, 11, 12 en 13

Hoe hoër die totaalstelling vir 'n spesifieke subskaal is, hoe hoër is die vlak van hoop wat die adolessent rakende die bepaalde aspek openbaar.

Hierna is die interne konsekwentheid waarmee die items in elk van hierdie vier subskale meet, ondersoek. Dit is gedoen deur Cronbach se  $\alpha$ -koëffisiënte met behulp van die SPSS-rekenaarprogrammatuur (SPSS Incorporated, 1983) te bereken. Die koëffisiënte word vir die vier faktore telkens vir die drie taalgroepe afsonderlik bereken en word so in Tabel 5.3 aangedui.

Tabel 5.3: Cronbach se  $\alpha$ -koëffisiënte vir die vier hoopsubskale en vir die taalgroepe afsonderlik

Vraelys/konstruk	$\alpha$ -koëffisiënte		
	Engels	Afrikaans	Afrikataal
Sosiaal	0,640	0,663	0,573
Loopbaankeuse	0,606	0,608	0,537
Ekonomie	0,716	0,592	0,603
Uitgebreide gesin/betekenisvolle ander	0,534	0,547	0,484

Die berekende koëffisiënte in Tabel 5.3 toon aan dat die subskale van die hoopskaal aanvaarbare interne konsekwente metings lewer. Volgens Foster en Parker (1999) is bostaande betroubaarhede aanvaarbaar, aangesien die skale

nie-kognitief van aard is. Volgens hierdie outeurs word in kognitiewe toetse betroubaarheid van 0,8 of hoër verwag, terwyl in nie-kognitiewe metings laer betroubaarheid verwag word, aangesien dit gewoonlik 'n breër konstruk meet. Verder bestaan die subskale uit relatief min items, soos byvoorbeeld die subskaal "ekonomie" wat uit net drie items bestaan en wat ook 'n invloed op die bepaling van die subskale se betroubaarheid het.

#### **5.3.1.2.4 Motivering vir gebruik**

Die skaal is opgestel ten einde 'n meting van die aard van hoop wat adolessente ervaar, te bekom en wel meer spesifiek om die hoopvlakke ten opsigte van sekere lewensdomeine wat vir die adolessent se ontwikkeling belangrik is, te bepaal

#### **5.3.1.3 Oop vraag**

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die adolessente meer keusevryheid sal hê, indien hulle nie slegs opinies op 'n gestruktureerde vraelys hoef te gee nie, maar ook spontane reaksies kan aandui.

'n Oop vraag is aan die adolessente gestel, ten einde vas te stel wat die belangrikste aspek is waarop hulle hul hoop plaas. Die vraag is soos volg geformuleer: "Om jou lewe te verbeter, of ten minste dieselfde te hou, wat is die belangrikste ding (slegs een) waarop jy hoop of waarvoor jy begeer?" Die resultate wat verkry is, is statisties verwerk, ten einde persentasies vas te stel van dit wat die meeste voorgestel is.

##### **5.3.1.3.1 Motivering vir gebruik**

Die doel van die oop vraag is om aan die adolessent die vryheid van eie keuse te gee en nie slegs 'n gestruktureerde aantal opsies nie. Daar kan ook verwag word dat van die adolessente meer sal fokus op onmiddellike



behoeftebevrediging. Op hierdie wyse is gepoog om 'n meer uitgebreide verstaan van die konstruk hoop te verkry, asook om inligting te bekom oor hoe adolessente hul hoop prakties ervaar en navolg, asook wat die verskil tussen ware en vals hoop is.

### **5.3.2 Instrumente vir die meting van psigologiese welstand (kriterium)**

#### **5.3.2.1 Die Lewenstevredenheidskaal (Diener et al., 1985)**

##### **5.3.2.1.1 Ontwikkeling en rasionaal**

Diener et al. (1985) het die Lewenstevredenheidskaal ontwikkel om globale lewenstevredenheid as 'n indeks van psigologiese welstand te meet. Die Lewenstevredenheidskaal fokus slegs op lewenstevredenheid en nie verwante konstrunkte soos positiewe affek nie. Die respondente moet hul hele lewe beoordeel, en nie net domeine daarvan nie. Die skaal meet lewenstevredenheid op 'n kognitief-beoordeelde proses en vind plaas volgens die respondent se eie subjektiewe kriteria.

##### **5.3.2.1.2 Aard, administrasie en interpretasie**

Die Lewenstevredenheidskaal is 'n vraelys wat uit vyf items bestaan. Hierdie items word op 'n gegradeerde sewepuntskaal beantwoord. Skaalpunt 1 dui daarop dat sterk van die die item verskil word en 7 dat sterk daarmee saamgestem word. Hierdie vraelys kan individueel of groepsgegewys afgeneem word. Die afneemtyd wissel tussen 2 en 5 minute. Die strekwydte van die tellings in die skaal is van 5 (lae tevredenheid) tot 35 (hoë tevredenheid).

### 5.3.2.1.3 Geldigheid en betroubaarheid

'n Toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënt van 0,82 en 'n alfa-koëffisiënt van 0,87 word vir die Lewenstevredenheidskaal aangedui (Diener et al., 1985). Die skaal is in 1993 deur Pavot en Diener (1993) hersien en ses ondersoeke is gerapporteer waarin toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënte van 0,50 tot 0,84 verkry is. Alfa-koëffisiënte van 0,79 tot 0,89 is aangedui.

### 5.3.2.1.4 Motivering vir gebruik

Persone beoordeel hul lewenstevredenheid deur hul omstandighede te evalueer met hul eie subjektiewe standarde en waardes (Diener et al., 1985). Lewenstevredenheid behels 'n kognitiewe beoordelingsproses van die persoon se lewenskwaliteit. Die kognitiewe proses is teenwoordig in psigologiese welstand en toon ook ooreenstemming met die proses wat in die bepaling van lewenstevredenheid gebruik word. Hierdie vraelys sou dus relevant wees vir die huidige navorsing.

## 5.3.2.2 Die Fortaliteit-vraelys (Pretorius, 1997)

### 5.3.2.2.1 Ontwikkeling en rasionaal

Die Fortaliteit-vraelys is deur Pretorius (1997) ontwikkel. Pretorius definieer fortaliteit as die krag om stres te hanteer en gesond te bly. Volgens Pretorius (1997) word fortaliteit afgelei vanuit positiewe beoordelings van die volgende drie aspekte:

- Die **persoon** self en vermoëns van die self. Dit sluit die globale beoordeling van die self, asook meer spesifieke beoordelings soos probleemoplossing en bevoegdhede in.

- Die **familie-omgewing** waarin die individu funksioneer. Dit sluit die ondersteuning, kohesie en waardes van die gesin/familie in.
- Die **ondersteuning** van betekenisvolle ander in die persoon se omgewing. Dit sluit sowel kwantitatiewe (soos vlakke van ondersteuning) as kwalitatiewe (soos tevredenheid) dimensies van ondersteuning in.

#### **5.3.2.2.2 Aard, administrasie en interpretasie**

Die Fortaliteit-vraelys bestaan uit 20 items en kan individueel of in groepsverband gadministreer word. Die vraelys bestaan uit sewe items oor die self, sewe oor die familie/gesin en ses items oor die ondersteuning van ander. Die totaalstelling van die vraelys word in hierdie studie gebruik om 'n aanduiding van die proefpersone se globale welstand te verkry.

Die items word op 'n gegradeerde vierpuntskaal beantwoord, en dui die volgende toepaslikhede aan:

Skaalpunt 1: nie toepaslik nie.

Skaalpunt 2: geringe toepaslikheid

Skaalpunt 3: baie toepaslik

Skaalpunt 4: baie sterk toepaslik

Die afneemtyd wissel tussen 4 tot 6 minute. Die strekwydte van die tellings in die skaal wissel van 20 (lae fortaliteit) tot 80 (hoë fortaliteit). Hoe hoër die individu se telling, hoe hoër is die mate van fortaliteit wat die adolessent ervaar.

#### **5.3.2.2.3 Geldigheid en betroubaarheid**

Pretorius (1997) rapporteer itemtotaalkorrelasies van 0,38 tot 0,77. Die alfa-koëffisiënt vir die verskillende subskale wissel tussen 0,74 en 0,82. Pretorius

(1997) beskryf ook die inhoudsgeldigheid, voorspellingsgeldigheid en gelyktydige geldigheid van die Fortaliteit-vraelys as gunstig.

#### **5.3.2.2.4 Motivering vir gebruik**

Pretorius (1997) se Fortaliteit-vraelys is relevant vir die bepaling van psigologiese welstand. Die fokus op die ondersteuning van die familie/gesin en ander persone in die individu se omgewing sluit aan by die eksterne omgewingskonteks van Kumpfer (1999) se model, wat in die bespreking van psigologiese welstand in Hoofstuk 3 (Paragraaf 3.4.1.2) gebruik is.

#### **5.3.2.3 Die Lewensoriëntasie- of koherensiesinskaal (Antonovsky, 1987)**

##### **5.3.2.3.1 Ontwikkeling en rasionaal**

Die Lewensoriëntasieskaal is in 1987 deur Antonovsky ontwikkel. Dit is 'n operasionalisering van die koherensiesinkonstruksie, wat hy reeds in 1979 begin ontwikkel het. Hierdie skaal staan ook bekend as die Koherensiesinskaal (Antonovsky, 1993). Die Lewensoriëntasieskaal meet die mate waarin 'n individu 'n deurdringende, blywende en dinamiese gevoel van sekerheid het dat: (1) die stimuli wat uit interne en eksterne omgewings spruit, gestruktureer kan word en ook voorspelbaar en verklaarbaar is (verstaanbaarheid), (2) bronne beskikbaar is om aan die eise van die interne en eksterne omgewing te voldoen (beheerbaarheid) en (3) die eise van die stimuli wat uit eksterne en interne omgewings spruit, uitdagings is wat die moeite werd is om by betrokke te raak (sinvolheid).

##### **5.3.2.3.2 Aard, administrasie en interpretasie**

Die Lewensoriëntasieskaal is 'n vraelys wat uit 29 items bestaan. Hierdie 29 items word in drie komponente verdeel, wat bestaan uit verstaanbaarheid, beheerbaarheid en sinvolheid. Die items word op 'n gegradeerde sewepuntskaal

beantwoord. Slegs die ekstreme response op ankerpunte een en sewe word beskryf, byvoorbeeld:

Item 1 - Vraag: As jy met mense praat, kry jy die gevoel dat hulle jou nie verstaan nie?

Antwoord: Kry nooit die gevoel nie 1 2 3 4 5 6 7 Kry altyd dié gevoel

Die Lewensoriëntasieskaal kan individueel of in groepe afgeneem word. Die afneemtyd wissel tussen 15 – 20 minute. Die tellings op die Lewensoriëntasieskaal se strekwydte is van 29 tot 203. 'n Hoë telling dui 'n positiewe koherensiesin aan. In hierdie ondersoek word die totaalstelling van die skaal gebruik, aangesien Antonovsky (1983) die gebruik van die komponente as subskale afraai en die Lewensoriëntasieskaal as 'n eendimensionele meetinstrument van koherensiesin beskryf.

#### **5.3.2.3.3 Geldigheid en betroubaarheid**

Cronbach alfa-koëffisiënte vir interne konsekwentheid, wat van 0,78 tot 0,93 wissel, is in 26 studies deur Antonovsky (1993) vermeld. Toets-hertoetsbetroubaarheid in agt ondersoekte dui op korrelasiekoëffisiënte wat van 0,56 tot 0,97 wissel. Die inhoudsgeldigheid, operasionele geldigheid en kriteriumgeldigheid van die Lewensoriëntasieskaal word as gunstig beskryf.

#### **5.3.2.3.4 Motivering vir gebruik**

Koherensiesin sluit perseptuele, kognitiewe, affektiewe en konatiewe aspekte in, wat sterk in psigologiese welstand verteenwoordig word. Verskeie navorsers het bevind dat koherensiesin direk aanleiding gee tot individuele aanpassing en suksesvolle funksionering wat tot psigologiese welstand bydra (Antonovsky, 1993; Bowman, 1996; Strümpfer, 1995;).

### 5.3.2.4 Interne konsekwentheid van bogenoemde drie vraelyste

Die interne konsekwentheid van die bogenoemde vraelyste wat gebruik is om die kriteria (psigologiese welstand) te bepaal, is ook ondersoek. Soos voorheen aangedui, is hierdie vraelyste ook in Afrikaans vertaal. Dit beklemtoon dus die belang van interne konsekwentheid. Die interne konsekwentheid is deur middel van Cronbach se  $\alpha$ -koëffisiënte ondersoek. Die koëffisiënte vir die drie taalgroeperinge word in Tabel 5.4 aangedui. Die SPSS-rekenaarprogrammatuur (SPSS Incorporated, 1983) is vir hierdie doel gebruik.

Tabel 5.4: Cronbach se  $\alpha$ -koëffisiënte vir die meting van psigologiese welstand vir die drie taalgroepe

Konstruk	$\alpha$ -koëffisiënte		
	Engels	Afrikaans	Afrikataal
Lewenstevredenheid	0,792	0,738	0,645
Fortaliteit	0,857	0,841	0,823
Koherensiesin	0,859	0,837	0,770

Die berekende koëffisiënte in Tabel 5.4 toon aan dat die skale van die meetinstrumente waarmee psigologiese welstand gemeet is, vir al drie die taalgroepe redelike hoë interne konsekwente metings lewer.

## 5.4 Onderzoekgroep

Die biografiese veranderlikes wat in die ondersoek ter sprake is, is die adolessente se geslag en die taalgroepering waaraan hulle behoort. Beide die biografiese veranderlikes is op die nominale skaal gemeet en kan slegs in terme van frekwensies en persentasies beskryf word. Inligting oor die verspreiding van die 1238 adolessente betreffende die twee biografiese veranderlikes, is met behulp van die SAS-rekenaarprogrammatuur (SAS Institute, 1985) bereken. Dit word in Tabel 5.5 verskaf.

Tabel 5.5: Frekwensieverspreiding van ondersoekgroep volgens geslag en taalgroepering

Biografiese veranderlike	N	%
Geslag:		
Manlik	527	42,8
Vroulik	705	57,2
Subtotaal	1232	100,0
Taalgroepering:		
Engels	584	47,9
Afrikaans	448	36,7
Afrikataal	188	15,4
Subtotaal	1220	100,0

Dit is vanuit Tabel 5.5 eerstens duidelik dat ses adolessente nie hulle geslag aangetoon het nie en 18 nie hul taalgroepering nie. Daar was bykans ewe veel van elke geslag. Die meerderheid adolessente (47,9%) was Engelsspreekend, terwyl net 15,4% Afrikataalsprekers was. Dit is opvallend, aangesien die meeste leerders wel Afrikataalsprekend was. Dit blyk egter dat die meeste Afrikataalsprekende leerders verkies het om hulself as Engelsspreekend te identifiseer.

Die gemiddelde ouderdom van die respondente was 17,3 jaar, met 'n standaardafwyking van 0,74 jaar. Die jongste adolessente was 15 jaar (3 persone) en die oudste 22 jaar. Ongeveer 95% van die ondersoekgroep was tussen 16 en 18 jaar oud.

## 5.5 Insameling van gegewens

Die ondersoekgroep het bestaan uit 1238 adolessente uit die Oos-Kaap en Gauteng. Die getal adolessente uit die Oos-Kaap was 674 en uit Gauteng 564. Die proefpersone was in Graad 12 by 11 skole van Nasionale Onderwys. Vyf van die skole was in die Oos-Kaapomgewing en ses in die Gautengomgewing.

In die Oos-Kaap en Gauteng is die steekproef verkry deur al die gemengde skole ten opsigte van Engels, Afrikaans en Engels/Afrikataal skole te lys. Daar is van die trossteekproeftrekkingsmetode gebruik gemaak. Nadat 'n bepaalde skool vanuit die groep skole (trosse) getrek is, is al die Graad 12-leerders van daardie skool genader om die vraelyste te voltooi.

Slegs leerders in Graad 12 is in hierdie navorsing betrek. Die nodige toestemming is van die Departement van Onderwys en skoolhoofde verkry, ten einde die vraelyste by die skole te administreer. Die data is by die verskillende skole deur middel van groepsadministrasie van die vraelys ingesamel. Geen praktiese probleme is met die insameling van die data ervaar nie.

## **5.6 Navorsingsvraag**

Deur hierdie navorsing word gepoog om te bepaal of daar 'n verband is tussen die mate van psigologiese welstand wat deur die adolessente ervaar word en hulle vlakke van hoop, asook die rol wat geslag en taalgroepering hierin speel.

## **5.7 Statistiese prosedure**

In aansluiting by bogenoemde navorsingsvraag is die adolessente se vlak van psigologiese welstand aan die hand van a) lewenstevredenheid, b) fortaliteit en c) koherensiesin bereken. Dit sal as die drie kriteria in die ontledings gebruik word. Die ontledings is vir elk van hierdie kriteria herhaal.

Ten einde die mate waarin die variansie in psigologiese welstand (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin) deur die komponente van hoop, sowel as die biografiese veranderlikes (onafhanklike veranderlikes) verklaar kan word, sal hiërgiesse regressie-ontledings uitgevoer word. Om die biografiese veranderlikes in die regressie-ontleding te kon benut, is dit na skynveranderlikes geherkodeer. Veranderlikes met twee kategorieë is as -1 en



1 gekodeer, terwyl waar meer as twee kategorieë aanwesig was, -1, 0 en 1 gebruik is om die verskillende kategorieë te herkodeer.

Die bydrae van elkeen van die voorspellers, sowel as die bepaalde stel voorspellers is bepaal. Twee stelle voorspellers is hier ter sprake. Die eerste stel het betrekking op hoop (met die ses subskale: **sosiaal, loopbaankeuse, ekonomie, uitgebreide gesin en betekenisvolle ander, hoop: fasiliteringsbaan en hoop: werkbaan**). Die tweede stel is die biografiese veranderlikes.

Die werkswyse wat gevolg is, was om eerstens die totale variansie wat deur die voorspeller veranderlikes gesamentlik (volledige model) ten opsigte van elk van die drie kriteria verklaar word, te bepaal. Daarna is telkens een van die voorspeller veranderlikes weggelaat om daardie spesifieke veranderlike se bydrae tot die verklaring van die variansie te bepaal. Uiteindelik is al die veranderlikes van 'n bepaalde stel voorspellers weggelaat om die bydrae wat hulle gesamentlik tot die variansie in psigologiese welstand lewer, te bepaal. Die persentasie variansie wat deur 'n spesifieke stel veranderlikes verklaar word, word deur  $R^2$  (gekwadredeerde meervoudige korrelasiekoëffisiënt) aangetoon.

Om te bepaal of 'n spesifieke veranderlike, of stel veranderlikes, se bydrae tot die  $R^2$ -waarde statisties beduidend is, is dit met behulp van die hiërgiese  $F$ -toets ondersoek. Die berekening daarvan is die volgende (Van der Walt, 1980):

$$F = \frac{(R^2_{y,1\dots k_1} - R^2_{y,1\dots k_2}) / (k_1 - k_2)}{(1 - R^2_{y,1\dots k_1}) / (N - k_1 - 1)}$$

waar:

$R^2_{y,1\dots k_1}$  = Gekwadredeerde meervoudige korrelasiekoëffisiënt vir die groter aantal onafhanklike veranderlikes

$R^2_{y,1\dots k_2}$  = Gekwadreerde meervoudige korrelasiekoëffisiënt vir die kleiner aantal onafhanklike veranderlikes

$k_1$  = Groter aantal onafhanklike veranderlikes

$k_2$  = Kleiner aantal onafhanklike veranderlikes

$N$  = Totale aantal gevalle

Wanneer die beduidendheid van 'n toename in  $R^2$  ondersoek word, is dit ook nodig om die effekgrootte van die bydrae wat 'n bepaalde voorspeller of stel voorspellers lewer, te bereken. Die effekgrootte verskaf 'n aanduiding van die bydrae tot  $R^2$  in terme van die proporsie onverklaarde variansie van die volledige model. Volgens Van der Westhuizen, Monteith en Steyn (1989) kan die effekgrootte van die individuele bydraes betreffende  $f^2$  met behulp van die volgende formule bereken word:

$$f^2 = \frac{R^2 - R^2_1}{1 - R^2}$$

waar:

$R^2$  = proporsie variansie verklaar deur die volledige model

$R^2_1$  = proporsie variansie verklaar deur die kleiner aantal onafhanklike veranderlikes

Die riglynwaardes wat volgens Cohen (1988) gebruik kan word, is die volgende:

$f^2 = 0,01$  : klein effek

$f^2 = 0,15$  : medium effek

$f^2 = 0,35$  : groot effek

Hierdie effekgroottes verskaf inligting oor die praktiese belang van die verbande wat moontlik tussen die veranderlikes gevind sal word.

Behalwe die hiërargiese regressie-ontledings, sal ook die interkorrelasies tussen die voorspellers onderling, sowel as met die kriteriumveranderlike aangedui en kortliks bespreek word. Beskrywende statistiek (gemiddeldes en standaardafwykings) van die voorspeller- sowel as die kriteriumveranderlikes sal ook bereken en aangedui word.

## HOOFSTUK 6

### RESULTATE EN BESPREKING DAARVAN

#### 6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal die resultate van die ondersoekgroep aan die hand van die statistiese prosedures wat in die vorige hoofstuk bespreek is, ontleed en bespreek word. Dit is egter nodig om eers al die beskrywende statistieke (gemiddeldes, standaardafwykings en korrelasies) van al die betrokke veranderlikes vir die ondersoekgroep voor te hou.

#### 6.2 Beskrywende statistiek

Die beskrywende statistiek (gemiddeldes en standaardafwykings) word ten opsigte van die drie kriteria-, sowel as die voorspeller veranderlikes vir die totale ondersoekgroep in Tabel 6.1 aangetoon.

Tabel 6.1: Gemiddeldes en standaardafwykings vir die totale ondersoekgroep rakende die kriteria- en voorspeller veranderlikes

Veranderlike	N	X	s	Min.	Maks.
Kriteria veranderlikes:					
Lewenstevredenheid	1203	22,12	5,99	5	35
Fortaliteit	1182	55,77	9,50	20	80
Koherensiesin	1177	128,02	20,34	29	203
Voorspeller veranderlikes:					
Sosiaal	1220	14,67	2,89	4	20
Loopbaankeuse	1222	18,54	3,50	5	25
Ekonomie	1231	11,65	2,27	3	15
Uitgebreide gesin	1219	16,51	2,61	4	20
Hoop: werktuig	1221	12,13	1,98	4	16
Hoop: denkbaan	1205	12,49	1,94	4	16

Uit Tabel 6.1 blyk dit dat die ondersoekgroep effens hoër gemiddelde tellings op die drie kriteria as wat in Hoofstuk 5 aangetoon is (kyk Paragraaf 5.3.1), behaal het. Hierdie verskil is egter nie beduidend nie. Dit wil dus voorkom asof die groep 'n gemiddelde mate van psigologiese welstand ervaar.

### 6.3 Voorkoms van hoop

Daar is verder ondersoek ingestel na die hoopvlakke op die ses subskale (twee subskale van Snyder et al. (1991a) en vier subskale van die selfopgestelde vraelys), wat die adolessente openbaar. Om te bepaal wat die hoopvlakke op die ses subskale wat die adolessente openbaar is, is hulle tellings op die subskale in laag, gemiddeld en hoog verdeel.

Daar bestaan volgens die meetinstrumente (Snyder s'n sowel as die selfopgestelde vraelys) nie riglyne waarvolgens hierdie verdeling gedoen kan word nie. Gevolglik is op 'n sekere werkswyse besluit. Die subskaal, **sosiaal**, kan as voorbeeld voorgehou word om aan te toon hoe hierdie verdeling van laag, gemiddeld en hoog geoperasionaliseer is. Hierdie subskaal bestaan uit 4 items, wat op 'n vyfpuntskaal (1=definitief vals, 2=meestal vals, 3=onseker, 4=grotendeels waar en 5=definitief waar) beoordeel is. Indien 'n adolessent op al 4 die items 'n waarde 1 (definitief vals) gemerk het, sal sy/haar totaalstelling 4 punte wees (kyk Tabel 6.1). Indien hy/sy egter op al 4 items 'n waarde 5 (definitief waar) gemerk het, sal sy/haar totaalstelling 20 wees. Op dieselfde wyse sal 'n adolessent wat op al 4 items 'n waarde van 3 (onseker) gemerk het, 'n totaalstelling van 12 kry. Dit is egter duidelik dat die minimum en maksimum totaalstellings wat verkry kan word, afhanklik is van die aantal items wat per subskaal gebruik word. Die subskale **sosiaal** en **uitgebreide gesin en betekenisvolle ander** bestaan uit 4 items, terwyl **loopbaankeuse** 5 items en **ekonomie** net 3 items bevat. Die twee subskale van die Snydersmeetinstrument bestaan beide uit vier items, maar hier wissel die skaal van 1 (definitief vals) tot 4 (definitief waar).

Die wyse waarop die skaalindekse van laag, gemiddeld en hoog vir die subskaal **sosiaal** samgestel is, word in Tabel 6.2 aangetoon.

Tabel 6.2: Samestelling van skaalindekse vir die subskaal: sosiaal

	Definitief vals	Meestal vals	Onseker	Grotendeels waar	Definitief waar
Totaaltelling	4	8	12	16	20
Skaalinterval	(4-6)	(7-9)	(10-13)	(14-17)	(18-20)
Skaalwaarde	1	2	3	4	5
Skaalindeks	(4-9)		(10-14)	(15-20)	

Uit Tabel 6.2 is dit duidelik dat adolessente wat 'n telling tussen 15 en 20 op die subskaal, **sosiaal**, behaal het, aandui dat dit grotendeels, of definitief, van hulle waar is dat hulle op sosiale vlak 'n hoë mate van hoop ervaar. Vir interpretasiedoeleindes is die twee skale, naamlik "grotendeels waar" en "definitief waar", saamgevoeg om 'n indeks van hoë hoop te gee. Dieselfde is met die "definitief vals"- en "meestal vals"-skale gedoen om 'n indeks van lae hoop te verkry. In hierdie geval wissel die tellings tussen 4 en 9. Die gemiddelde indeks se skaalwaardes wissel vanaf 10-14.

Bostaande is slegs as voorbeeld verskaf. Wat die ander subskale van hoop betref, is reeds aangetoon dat van hulle verskillende aantal items het. Die finaal berekende skaalindekse vir al ses die subskale verskyn in Tabel 6.3.

Tabel 6.3: Samestelling van skaalindekse vir die ses hoopskale

Subskaal	Laag	Gemiddeld	Hoog
Sosiaal	4-9	10-14	15-20
Loopbaankeuse	5-11	12-18	19-25
Ekonomie	3-7	8-10	11-15
Uitgebreide gesin	4-9	10-14	15-20
Hoop: werktuig	4-8	9-11	12-16
Hoop: denkbaan	4-8	9-11	12-16

Die skaalindekse wat in Tabel 6.3 voorkom, is verder benut ten einde die adolessente in lae, gemiddelde en hoë hoopvlakke, volgens die ses saamgestelde subskale van die Snyders- en selfopgestelde vraelys te verdeel. Vir elke adolessent is sy/haar totaalstelling op al ses die hoopsubskale bereken. In Tabel 6.4 word die **proporsie** adolessente aangetoon wat lae, gemiddelde en hoë hoopvlakke rakende die eerste subskaal, naamlik **sosiaal**, openbaar. Die inligting word vir die ses subskale afsonderlik verskaf. Aangesien geslag en taalgroepering belangrike biografiese veranderlikes in die studie is, is besluit om die persentasies volgens hierdie veranderlikes te bereken en om met behulp van die  $\chi^2$ -toets vir homogeniteit te bepaal of daar beduidende verskille in proporsies voorkom. Die SAS-rekenaarprogrammatuur is vir hierdie doel gebruik. Die waardes in hakies dui op die frekwensies.

### 6.3.1 Sosiaal

Die mate van hoop wat die adolessente op sosiale vlak ervaar, word vir die verskillende taalgroepe en geslagte in Tabel 6.4 verskaf.

Tabel 6.4: Mate van hoop op sosiale vlak wat deur die adolessente volgens taal en geslag ervaar word

Subgroepe	Laag	Gemiddeld	Hoog
Engels	4,7 (27)	38,2 (220)	57,1 (329)
Afrikaans	4,5 (20)	44,9 (198)	50,6 (223)
Afrikataal	4,9 (9)	36,7 (68)	58,4 (108)
	$\chi^2 = 5,971$ ( $\nu = 3$ ; $p = 0,201$ )		
Manlik	3,3 (17)	39,7 (204)	57,0 (293)
Vroulik	5,9 (41)	40,8 (286)	53,3 (373)
	$\chi^2 = 4,880$ ( $\nu = 2$ ; $p = 0,087$ )		

Uit Tabel 6.4 blyk dit dat daar nie statisties beduidende verskille in die mate van hoop wat adolessente op sosiale vlak ervaar, vir die taalgroepe of geslagte voorkom nie. Die volgende tendense kom egter na vore:

- In vergelyking met die ander twee taalgroepe toon 'n kleiner proporsie Afrikaanssprekende adolessente (50,6%) hoë hoopvlakke ten opsigte van sosiale aspekte. Hoewel dit so is, moet in gedagte gehou word dat die meerderheid Afrikaanssprekende adolessente steeds 'n hoë mate van hoop rakende hierdie aspek ervaar.
- In vergelyking met die seuns, toon 'n kleiner proporsie adolessente dogters (53,3%) hoë hoopvlakke ten opsigte van sosiale aspekte. Hierdie verskil is egter nie groot nie. Die meerderheid adolessente van beide geslagte het aangedui dat hulle hul hoop op hierdie aspek plaas.

Hierdie bevindinge sluit aan by die literatuur daaroor wat die sosiale aspek van adolessensie beklemtoon (Thom et al., 1998). Die algemene proporsie hier was bo 50%. Hierdie aspek kan 'n eksterne lokus van kontrole (Hoofstuk, 2, Paragraaf 2.3.2.5) by die adolessent ondersteun.

In Hoofstuk 2 (Paragraaf 2.8.1) is genoem dat die verwagtinge geskep deur sosiale rolle wel 'n invloed kan uitoefen op hoe 'n persoon hoop ervaar. In hierdie geval kan ook verwag word dat sosiale rolle 'n impak op sosiale hoop kan hê. Daar is in Hoofstuk 2 (Paragraaf 2.8.3) genoem dat taal 'n rol kan speel in die ervaring van hoop. Die huidige navorsing bewys dat Afrikaanssprekendes hoop minder sosiaal ervaar as Engels- en Afrikataalsprekende leerders. Dit sluit aan by die bevindinge in die literatuur (kyk Hoofstuk 2; Paragraaf 2.3.2.5) wat taalverskille ten opsigte van lokus van kontrole aandui. Daar word beweer dat die Westerse taal groter outonomieit en onafhanklikheid (interne lokus van kontrole) voorstaan. Daar kan afgelei word dat die Afrikaanssprekende adolessent 'n groter interne lokus van kontrole het as die ander twee taalgroepe.



### 6.3.2 Loopbaankeuse

Die volgende gegewens is met betrekking tot die mate van hoop wat die adolessente rakende loopbaankeuse ervaar, bereken en word vir die verskillende taalgroepe en geslagte in Tabel 6.5 verskaf.

Tabel 6.5: Mate van hoop rakende loopbaankeuse wat deur die adolessente volgens taal en geslag ervaar word

Subgroepe	Laag	Gemiddeld	Hoog
Engels	4,0 (23)	43,5 (250)	52,5 (302)
Afrikaans	2,5 (11)	39,3 (174)	58,2 (258)
Afrikataal	2,7 (5)	47,3 (88)	50,0 (93)
	$\chi^2 = 6,443$ ( $\nu = 3$ ; $p = 0,168$ )		
Manlik	2,3 (12)	42,1 (217)	55,5 (286)
Vroulik	3,9 (27)	42,9 (301)	53,2 (373)
	$\chi^2 = 2,484$ ( $\nu = 2$ ; $p = 0,289$ )		

Uit Tabel 6.5 blyk dit dat daar nie statisties beduidende verskille vir die adolessente in die mate van hoop rakende loopbaankeuse wat hulle ervaar vir die taalgroepe of geslagte voorkom nie. Die volgende tendense kan aangedui word:

- In vergelyking met die ander twee taalgroepe toon 'n kleiner proporsie Afrikataalsprekende adolessente hoë vlakke van hoop ten opsigte van loopbaankeuse (50%). Hierdie tendens kan vergelyk word met Stead (1996) se bevindinge dat die swart Suid-Afrikaanse adolessente nie voldoende loopbaanonderrig en loopbaanontwikkeling ervaar nie. In Hoofstuk 4 (Paragraaf 4.4.1.5) is daar gewys na die probleme wat in die onderwys ervaar word en die pogings van die Onderwysdepartement tot insluiting van alle taalgroepe. Ten spyte daarvan is matriekuitslae steeds onbevredigend.

Die resultate wat verkry is ten opsigte van Afrikataalleerders wat laer vlakke van hoop ten opsigte van loopbaankeuse toon, kan ook verstaan word in die lig van die hoë werkloosheidsyfer in Suid-Afrika, wat ontmoedigend kan wees vir beplanning van hul loopbane na skoolverlating. Ten spyte van die laer proporsie, moet daar egter in aanmerking geneem word dat die proporsie in hierdie navorsing steeds 50% was. Daar is ook gevind dat Afrikaanssprekende adolessente die hoogste vlak van hoop ervaar ten opsigte van loopbaankeuse (58,2%). Hierdie tendens kan in aansluiting met die sosiale hoop (Tabel 6.4) geïnterpreteer word. Indien die interne lokus van kontrole (kyk Hoofstuk 2, Paragraaf 2.3.2.5) van 'n persoon hoog is, behoort loopbaanontwikkeling, wat verband hou met prestasiegerigtheid en onafhanklikheid, ook hoog te wees.

- In vergelyking met die dogters toon 'n groter proporsie adolessente seuns hoër vlakke van hoop rakende hulle loopbaankeuse. In hierdie verband kan na Hoofstuk 4 (Paragraaf 4.4.1.4) verwys word, waar die literatuur ondersoek aangetoon het dat dogters voorheen nie gesosialiseerd was om loopbaanontwikkeling aan te moedig nie, maar dat hierdie tendens tans besig is om te verander. Dit is daarom belangrik om te wys op die klein verskil in hoop tussen die twee geslagte.

### 6.3.3 Ekonomie

Die mate van hoop wat die adolessente op ekonomiese vlak ervaar, word vir die verskillende taalgroepe en geslagte in Tabel 6.6 verskaf.

Tabel 6.6: Mate van hoop op ekonomiese vlak wat deur die adolessente volgens taal en geslag ervaar word

Subgroepe	Laag	Gemiddeld	Hoog
Engels	3,8 (22)	32,8 (190)	63,4 (367)
Afrikaans	3,6 (16)	24,0 (107)	72,4 (323)
Afrikataal	2,7 (5)	14,9 (28)	82,4 (155)
	$\chi^2 = 27,777$ ( $\nu = 3$ ; $p = 0,001$ )		
Manlik	2,9 (15)	22,6 (118)	74,5 (388)
Vroulik	4,3 (30)	29,7 (209)	66,0 (465)
	$\chi^2 = 10,164$ ( $\nu = 2$ ; $p = 0,006$ )		

Uit Tabel 6.6 blyk dit dat daar by adolessente vir die verskillende taalgroepe en geslagte statisties beduidende verskille met betrekking tot hoop rakende die ekonomie voorkom. In beide gevalle is die verskille statisties beduidend op die 1%-peil. Die vernaamste bevindinge is die volgende:

- In vergelyking met die ander twee taalgroepe, toon 'n kleiner proporsie Engelssprekende adolessente dat hulle hoë vlakke van hoop rakende die ekonomie ervaar. Dit was veral die Afrikataalsprekendes wat hoë vlakke van hoop rakende hierdie aspek ervaar, aangesien 82,4% van hulle aangetoon het dat dit die geval was. Hoewel daar verskille was in die mate van hoop tussen die verskillende bevolkingsgroepe, het die meerderheid adolessente aangedui dat hulle hul hoop op die ekonomie plaas (bo 60%).
- In vergelyking met die dogters (66%) toon 'n groter proporsie adolessente seuns (74,5%) hoë vlakke van hoop rakende die ekonomie.

In Hoofstuk 4 (kyk Paragraaf 4.4.1.3) is aangetoon dat ekonomie en materiële behoeftes 'n beduidende rol speel in die adolessent se psigologiese welstand. Die hoë werkloosheidsyfer, gebrekkige mediese geriewe, swak higiëne en woongeriewe is van die realiteite waarmee baie adolessente (veral Afrikataalsprekende adolessente) lank reeds mee gekonfronteer is. In Hoofstuk 4 (Paragraaf 4.4.1.3) word gewys dat 'n adolessent met hoë hoop ook doelwitte

kan stel om die hindernisse van armoede te oorkom (Smith, 1983). Die afleiding kan gemaak word dat ekonomie juis so 'n groot fokuspunt vir die adolessent sal wees as gevolg van materiële tekorte in die verlede. Die oorkoming van ekonomiese moeilikhede kan daarom 'n sterk aspek wees waarop gehoop word. Die geslagsverskille wat ten opsigte van hoop op ekonomie gevind is, kan ook aansluit by die verwagte rolle waarin vroulike individue gesosialiseer word, naamlik dat die man die materiële versorging bied (kyk Hoofstuk 4, Paragraaf 4.4.1.4)

### 6.3.4 Uitgebreide gesin en betekenisvolle ander

Die verskillende taalgroepe en geslagte ervaar hoop betreffende die uitgebreide gesin en betekenisvolle ander soos volg:

Tabel 6.7: Mate van hoop op die vlak van uitgebreide gesin en betekenisvolle ander wat deur die adolessente volgens taal en geslag ervaar word

Subgroepe	Laag	Gemiddeld	Hoog
Engels	1,4 (8)	19,9 (114)	78,7 (452)
Afrikaans	0,7 (3)	21,1 (94)	78,2 (349)
Afrikataal	0,6 (1)	17,1 (31)	82,3 (149)
	$\chi^2 = 3,029$ ( $\nu = 3$ ; $p = 0,553$ )		
Manlik	1,7 (9)	22,4 (115)	75,9 (390)
Vroulik	0,4 (3)	18,2 (127)	81,4 (569)
	$\chi^2 = 9,000$ ( $\nu = 2$ ; $p = 0,011$ )		

Uit Tabel 6.7 blyk dit dat daar geen statisties beduidende verskille in hierdie kategorie voorkom nie. Die volgende tendense kom egter na vore:

- Van die drie taalgroepe, is dit veral die Afrikataalsprekendes wat hoë vlakke van hoop rakende uitgebreide gesin en betekenisvolle ander ervaar, aangesien 82,3% van hulle aangetoon het dat dit die geval is. Hoewel daar verskille was in die mate van hoop tussen die verskillende taalgroepe, het die

meerderheid adolessente (meer as 70%) aangedui dat hulle hul hoop plaas op die uitgebreide gesin en betekenisvolle ander.

- In vergelyking met die seuns (75,9%), toon 'n groter proporsie adolessente dogters (81,4%) hoër vlakke van hoop rakende die uitgebreide gesin en betekenisvolle ander.

Die literatuur daarvoor toon dat die adolessent deur 'n periode van eksplorasië beweeg, wat hom/haar laat differensieer van die familie-omgewing. Dit is egter ook duidelik dat die familie steeds 'n belangrike basis bly (Heaven, 1996; Barnes, 1991). Hierdie aspek sluit aan by Vygotsky se teorie wat die interpersoonlike, asook die sosiaal-historiese of kulturele aspek as twee van drie aspekte beklemtoon, waardeur die adolessent betekenis verleen aan sy/haar wêreld (kyk Hoofstuk 4, Paragraaf 4.4.1).

'n Bespreking van lokus van kontrole in Hoofstuk 2 (kyk Paragraaf 2.3.2.5) het getoon dat daar 'n sterk eksterne lokus van kontrole binne swart kulture is, waar daar ook 'n fokus op kulturele waardes bestaan. Die transformasieproses waardeur die adolessent in Suid-Afrika beweeg het, het ook 'n groter gewaarwording van etniese identiteit geskep (kyk Paragraaf 4.5.2). Daar is in Hoofstuk 4 aangetoon dat sowel Marcia (1980) as Erikson (1963) die ontwikkeling van nasionale identiteite van die adolessent onderskryf. Die bevindinge van hierdie navorsing (Tabel 6.7) ondersteun dit dat die Afrikataalsprekende leerders op hierdie terrein hoër hoop ervaar.

Dit is ook nodig om te noem dat die aantal adolessente wat hulself as Afrikataalsprekend beskryf het, minder is as die aantal swart leerders in die steekproef. 'n Afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat leerders wat hulself steeds as Afrikataalsprekend identifiseer, hul eie kultuur erken en ook die waardes van die kultuur sal ondersteun. Hierdie aspek word in die literatuur ondersteun as belangrik by adolessensie (kyk Paragraaf 4.4.1.1).

### 6.3.5 Hoop: werkbaan

Die mate van hoop wat die adolessente op hoop: werkbaan ervaar, word vir die verskillende taalgroepe en geslagte in Tabel 6.8 verskaf.

Tabel 6.8: Mate van hoop op hoop: werkbaan wat deur die adolessente volgens taal en geslag ervaar word

Subgroepe	Laag	Gemiddeld	Hoog
Engels	4,9 (28)	28,6 (164)	66,5 (382)
Afrikaans	4,1 (18)	25,3 (113)	70,6 (315)
Afrikataal	2,7 (5)	31,1 (57)	66,1 (121)
	$\chi^2 = 4,138$ ( $v = 3$ ; $p = 0,388$ )		
Manlik	4,4 (23)	25,7 (133)	69,9 (362)
Vroulik	4,1 (29)	29,6 (206)	66,3 (462)
	$\chi^2 = 2,225$ ( $v = 2$ ; $p = 0,329$ )		

Uit hierdie gegewens blyk daar vir hierdie kategorie geen statisties beduidende verskille te wees nie. Die volgende val egter op:

- In vergelyking met die ander twee taalgroepe toon vir hierdie kategorie 'n groter proporsie Afrikaanssprekende adolessente (70,6%) hoë vlakke van hoop. Hoewel dit so is, moet in gedagte gehou word dat die meerderheid Afrikaanssprekende adolessente steeds aangetoon het dat hulle hul hoop plaas op hoop: werkbaan (bo 60%).
- In vergelyking met die seuns (69,9%) toon 'n kleiner proporsie adolessente dogters (66,3%) hoë vlakke van hoop. Hierdie verskil is egter nie beduidend nie en die meerderheid adolessente in beide geslagte toon 'n hoë mate van hoop teenoor hul werkbaandenke.

Hierdie bevindinge sluit aan by wat in Hoofstuk 2 (kyk Paragraaf 2.8.3) ten opsigte van taalverskille bespreek is. Snyder (1995) noem dat kultuurverskille in hooptellings verwag kan word. Hoop word beïnvloed deur histories-kulturele invloede. Die hoë vlak van hoop: werkbaan van die Afrikaanssprekendes kan aanduidend wees van beter strategiese beplanning ten opsigte van doelwitbereiking en sluit ook aan by die hoër vlak van hoop ten opsigte van loopbaan, wat in Tabel 6.5 aangedui is.

Daar kan terselfdertyd ook afgelei word dat die Afrikataalsprekende en die Engelssprekende adolessente in Suid-Afrika nog nie soveel suksesvolle uitvoering van hul doelwitte ervaar het nie. Die veranderende politieke stelsel kan 'n bydraende faktor wees, aangesien sisteme nog nie gevestig is nie, maar steeds besig is om te verander.

Die geringe geslagsverskille ten opsigte van hoop: werkbaan sluit aan by Snyder (1995) wat geringe en geen geslagsverskille in sy navorsing gevind het nie (kyk Hoofstuk 2, Paragraaf 2.8.1). In Hoofstuk 4 is ook aangedui dat die persoon wat in beide geslagsrolle sukses kan behaal en groter psigologiese welstand kan ervaar (kyk Hoofstuk 4, Paragraaf 4.4.1.4). Dit blyk dus dat die vroulike adolessente in hierdie ondersoekgroep dieselfde mate van aksie (hoop: werkbaan) kan uitvoer ter bereiking van doelwitte as hul manlike eweknieë.

### 6.3.6 Hoop: fasiliteringsbaankomponent

Tabel 6.9 verskaf die mate van hoop wat die adolessente op hoop: fasiliteringsbaan ervaar.

Tabel 6.9: Mate van hoop op hoop: fasiliteringsbaan wat deur die adolessente volgens taal en geslag ervaar word

Subgroepe	Laag	Gemiddeld	Hoog
Engels	1,9 (11)	26,5 (152)	71,6 (410)
Afrikaans	3,0 (13)	24,9 (109)	72,1 (315)
Afrikataal	3,4 (6)	20,9 (37)	75,5 (134)
$\chi^2 = 3,745$ ( $\nu = 3$ ; $p = 0,442$ )			
Manlik	3,1 (16)	24,3 (125)	72,6 (373)
Vroulik	2,2 (15)	25,7 (176)	72,1 (494)
$\chi^2 = 1,197$ ( $\nu = 2$ ; $p = 0,550$ )			

Daar is volgens Tabel 6.9 nie statisties beduidende verskille in die mate van hoop wat adolessente op hoop: fasiliteringsbaan vir die verskillende taalgroepe of geslagte plaas nie. Die volgende tendense kom egter by hierdie kategorie voor:

- In vergelyking met die ander twee taalgroepe toon 'n kleiner proporsie Engelssprekende adolessente (71,6%) hoë vlakke van hoop. Hoewel dit so is, moet dit ook hier in gedagte gehou word dat die meerderheid adolessente steeds 'n hoë mate van hoop rakende hierdie aspek ervaar.
- Geringe geslagsverskille is getoon in die hoop: fasiliteringsbaankomponent. Die meerderheid adolessente (meer as 72%) in beide geslagte plaas 'n hoë mate van hoop hierop.



In Hoofstuk 2 (Paragraaf 2.4.2.1.1.) is gewys op Snyder et al. (1991a,b, 1995) se siening dat persone met 'n hoë hooptelling gewoonlik hoë tellings op sowel die fasiliteringsbaan- as die werkbaankomponent verkry. In hierdie navorsing blyk dit egter asof daar effense hoër hoop ervaar is op die fasiliteringsbaan-komponent as op die werkbaankomponent. Dit kan daarop dui dat die adolessente in hierdie navorsing hoë vlakke van motivering ervaar, maar dat hul strategieë om doelwitte uit te voer nie altyd suksesvol is nie, of nog nie voldoende ontwikkel is nie.

Hierdie aspek herinner aan Erikson (1963) se teorie van identiteitsmoratorium wat deur persone wat steeds eksploreer, ervaar word sonder om 'n verbintenis te maak (kyk Paragraaf 4.5.1). Dit blyk asof dit veral die Afrikataalsprekende leerders is wat hoër gemotiveerd is, maar 'n laer mate van strategieë ervaar om doelwitte uit te voer. Daar kan weereens afgelei word dat die politieke transformasie beloftes geskep het, wat die adolessent hoop gee ten opsigte van motivering om doelwitte te stel (fasilitering). Die uitvoering (werkbaan) van die doelwitte om hoop verder te verhoog is egter nie goed ontwikkel nie.

Die verbande tussen die voorspeller veranderlikes is onderling, asook met die drie kriteria (**lewenstevredenheid**, **fortaliteit** en **koherensiesin**) ondersoek. Vir hierdie doel is Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënte met behulp van die SAS-rekenaarprogrammatuur bereken. Dit is vir die totale ondersoekgroep gedoen. Die resultate verskyn in Tabel 6.10.

Tabel 6.10: Interkorrelasies vir die totale groep

Veranderlike	4	5	6	7	8	9
1 Lewensbevre diging	29*	29*	11*	30*	42*	20*
2 Fortaliteit	44*	37*	23*	52*	42*	28*
3 Koherensiesin	46*	38*	23*	38*	50*	37*
4 Sosiaal	-	37*	35*	34*	39*	38*
5 Loopbaankeuse		-	45*	26*	49*	36*
6 Ekonomie			-	21*	35*	38*
7 Uitgebreide gesin				-	27*	22*
8 Hoop: werktuig					-	50*
9 Hoop: denkbaan						-

L.W. Desimale tekens is weggelaat

\*  $p \leq 0,01$

Tydens die bespreking van die resultate van Tabel 6.10 sal hoofsaaklik op die korrelasies tussen die voorspellers en die drie kriteria gekonsentreer word. Die korrelasiekoëffisiënte toon die volgende aan:

- Al die voorspellers (ses hoopskale) korreleer met die drie komponente van psigologiese welstand (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin), terwyl hierdie koëffisiënte op die 1%-peil beduidend is. Verder is dit duidelik dat die korrelasiekoëffisiënte positief is, wat daarop dui dat hoë tellings op die hoopsubskale (hoë hoop) met hoë tellings rakende psigologiese welstand (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin) gepaard gaan. Adolesseente wat hoë vlakke van psigologiese welstand ervaar, sal dus geneig wees om ook hoë vlakke van hoop (op al ses skale) te ervaar. In Hoofstuk 3 is die teenwoordigheid van hoop as 'n konstruk sterk aangetoon in die weerbaarheidsmodel van Kumpfer (1999), wat impliseer dat 'n persoon met hoë vlakke van hoop ook 'n positiewe weerbaarheidsproses kan deurgaen wat psigologiese welstand tot gevolg kan hê.

- Al die subskale vir die meting van hoop (Snyder et al, 1991a se hoopskaal en selfontwerpte hoopvraelys) korreeleer beduidend met mekaar, terwyl koëffisiënte op die 1%-peil beduidend is. Hierdie koëffisiënte is ook almal positief, sodat die afleiding gemaak kan word dat adolessente wat hoë vlakke van hoop rakende een van die subskale ervaar, geneig sal wees om ook hoë vlakke van hoop op die ander komponente van hoop te ervaar. Snyder (1995) se bevindinge op sy hoopskaal het ook getoon dat hoë vlakke van hoop op beide die subskale bereik is, indien 'n algemene/totale hooptelling hoog was.

#### **6.4 Resultate van die oop vraag**

Soos aangetoon in Paragraaf 5.3.1.3 is ook 'n oop vraag in die vraelys opgeneem. Die doel hiermee was om aan die adolessente 'n vrye keuse te gee om aan te dui waarop hulle hoofsaaklik hulle hoop plaas. Die adolessente kon slegs een aspek aantoon. Die response op hierdie vraag is gekodeer.

Van die 1238 adolessente in die ondersoekgroep het 1122 (90,6%) wel die vraag beantwoord. Deur die kodering is 31 verskillende aspekte geïdentifiseer. Die frekwensies op hierdie aspekte is bereken en word tesame met die persentasie respondente wat die vraag beantwoord het, in Tabel 6.11 weergegee.

Tabel 6.11: Aanvanklike kodering van reponse op die oop vraag

Aspekte	N	%
Onafhanklikheid	12	1,1
Vriendskappe	72	6,4
Sukses (algemeen)	131	11,7
Aanvaarding	25	2,2
Akademiese prestasie	64	5,7
Self aktualisasie	48	4,3
Erkenning van goddelikheid	96	8,6
Geluk	100	8,9
Sukses op sportgebied	5	0,4
Gesondheid	21	1,9
Liefde	68	6,1
Selfvertroue	49	4,4
Verbeterde huislike omstandighede	15	1,3
Werk na skool	31	2,8
Geleenthede	6	0,5
Motivering	11	1,0
Determinasie	34	3,0
Finansiële sukses	67	6,0
Beroep	22	2,0
Hantering van probleme	10	0,9
Respek	2	0,2
Doelwitte bereik	53	4,7
Immigrasie	4	0,4
Familie bly konstant	23	2,0
Slaag matriek	29	2,6
Ander	57	5,1
Positiewe houding	22	2,0
Verbeterende politieke omstandighede	17	1,5
Waardering vir eie situasie en die self	14	1,2
Selfdisipline	13	1,2
Hoë seksuele waardes	1	0,1

Die aspek **sukses (algemeen)** verskil van **sukses op sportgebied** ten opsigte van die spesifieke aard van waarop gehoop word. **Sukses (algemeen)** is 'n vaer aspek as **sukses op sportgebied** en is só deur verskeie respondente aangedui.

Ten einde die interpretasieproses te vergemaklik, is besluit om sommige bogenoemde aspekte in hanteerbare eenhede te groepeer. Verwante aspekte is soos volg onder oorhoofse lewensdomeine gegroepeer:

Tabel 6.12: Saamgestelde groeperinge van aspekte

Aspek	N	%
Sosiale verhoudinge en intimiteit	167	14,9
Intrapersoonlik	310	28,1
Sukses (algemeen)	131	11,7
Finansiële rykdom	25	2,2
Akademie se prestasie	133	11,9
Sukses op sportgebied	5	0,4
Doelwitte bereik	53	4,7
Fisieke gesondheid	21	1,9
Polities	21	1,9
Familiaal	38	3,3
Erkenning van goddelikheid	68	6,1
Ander	57	5,1

Uit Tabel 6.12 kom die volgende tendense na vore:

- Die meerderheid adolessente wat op hierdie vraag gerespondeer het, naamlik 310 (28,1%) het **intrapersoonlike aspekte** aangetoon as die belangrikste aspek waarop hulle hul hoop plaas. Dit is dus aanduidend dat die adolessent geneig is tot selfeksplorasië en nie slegs op sosiale aspekte staatmaak om die self te verryk nie, maar ook op die innerlike kwaliteite. Hierdie aspek herinner weer aan die psigologiese weerbaarheidsproses van Kumpfer (1999), wat die interne selfweerbaarheidsfaktore onderskryf ten einde psigologiese welstand uit te brei. Dit moet egter in aanmerking geneem word

dat die groep adolessente wat as proefpersone gebruik is Graad 12-leerders was, naamlik skoolverlaters. Hulle mag derhalwe 'n meer intrapersonlike fokus hê, aangesien die aanpassing wat hulle ondergaan gerig is op voorbereiding vir minder gestruktureerde omgewings (skool).

- Benewens die intrapersonlike aspekte wat deur die adolessente aangetoon is, het 167 (14,9%) **sosiale verhoudinge en intimiteit**, 133 (11,9%) **akademiese prestasie** en 131 (11,7%) **sukses (algemeen)** aangetoon as die belangrikste aspek waarop hulle hul hoop plaas.

Daar was groeperinge wat afsonderlik geïnterpreteer is. Dit beteken dat 'n hele aantal leerders eenders gereageer het en dit dus nie saamgegroepeer is nie. Hierdie komponente was: **sukses (algemeen), finansiële rykdom, sportiewe sukses, doelwitte bereik, fisieke gesondheid en erkenning van goddelikheid**. Dit is duidelik dat 'n aantal komponente as meer betekenisvol gesien kan word, naamlik: **sukses, erkenning van goddelikheid, finansiële rykdom en doelwitte bereik**. Hieruit kan afgelei word dat die komponente **sukses** en **doelwitte bereik** nie as konkrete komponente beskou kan word nie, aangesien dit slegs vae aanduidings is van waarop die adolessent hoop plaas. Hierdie tendens herinner aan Jordaan (2000) se siening dat daar persone is wat hoop as 'n gevoelswoord beskou en dat dit amper 'n Polyanna-tipe hoop, en moontlike vals hoop impliseer (kyk Hoofstuk 2, Paragraaf 2.3.1). So kan weer gevra word of so 'n individu werklik genoegsame strategieë (**werkbaan**) sal kan ontwikkel om doelwitte te bereik. Dit blyk dus dat hierdie resultate aansluit by die feit dat die **fasiliteringsbaankomponent** van hierdie proefpersone hoër was as die **werkbaan** en dat dit juis die **werkbaankomponent** is wat moet verhoog, ten einde hoër hoop te ervaar.

Verskille ten opsigte van geslag en taalgroepe rakende die response op die oop vraag is ondersoek en sal vervolgens bespreek word.

### 6.4.1 Geslagsverskille

Ten einde ondersoek in te stel na moontlike geslagverskille rakende die belangrikste aspekte waarop die adolessente hoop plaas, is die  $\chi^2$  -toets vir homogeniteit met behulp van die SAS-rekenaarprogrammatuur uitgevoer. Die resultate word in Tabel 6.13 verskaf.

Tabel 6.13: Chi-kwadraatwaardes vir die toets van geslagsverskille in die belangrikste aspek waarop deur adolessente gehoop word (N = 1117 en vryheidsgraad = 1)

Aspek	$\chi^2$ -waarde	p-waarde
Sosiale verhoudinge/intimiteit	1,701	0,192
Intrapersoonlik	4,416	0,036*
Sukses (algemeen)	3,139	0,076
Finansiële sukses	8,746	0,003**
Akademiese prestasie	0,051	0,821
Sukses op sportgebied	7,307	0,007**
Doelwitte bereik	1,057	0,304
Fisiese gesteldheid	1,203	0,273
Polities	0,062	0,804
Familiaal	0,247	0,619
Erkenning van goddelikheid	1,893	0,169

\*\*  $p \leq 0,01$

\*  $p \leq 0,05$

Uit Tabel 6.13 blyk dit dat daar ten opsigte van **intrapersoonlike aspekte** op die 5%-peil en **finansiële sukses** en **sukses op sportgebied** op die 1%-peil beduidende verskille tussen die adolessente seuns en dogters voorkom. Ten einde die resultate rakende hierdie drie veranderlikes/aspekte beter te kan verstaan, word vervolgens kruistabelle hieronder verskaf en bespreek

### 6.4.1.1 Intrapersoonlike aspekte

Die frekwensies en rypercentasies vir die twee groepe (aspek wel aangetoon/nie aangetoon nie) rakende die intrapersoonlike aspekte vertoon die volgende resultate:

Tabel 6.14: Kruistabulering van seuns en dogters rakende intrapersoonlike as belangrikste aspek waarop gehoop word

Geslag	Intrapersoonlik		Rytotaal
	Aangetoon	Nie aangetoon nie	
Seuns	112 24,62%	343 75,38%	455 40,73%
Dogters	201 30,36%	461 69,64%	662 59,27%
Kolomtotaal	313 28,02%	804 71,98%	1117 100%

Uit Tabel 6.14 kan gesien word dat, in vergelyking met die seuns, 'n groter proporsie dogters intrapersoonlike as die belangrikste aspek waarop gehoop word, aangetoon het.

Hierdie tendens sluit aan by die bevindinge in Tabel 6.4 wat aandui dat 'n groter proporsie seuns (57%) hul hoop op sosiale aspekte plaas. In Hoofstuk 4 (Paragraaf 4.4.1.4) is getoon dat navorsers aandui dat groepspopulariteit tussen die geslagte verskil. Dit blyk dus dat 'n groter proporsie van die dogters as seuns in hierdie ondersoekgroep intrapersoonlike ontwikkeling as die een belangrike aspek beskou waarop hulle hul hoop plaas en gevolglik ook sterker identiteitsontwikkeling as die seuns sal ervaar.



### 6.4.1.2 Finansiële sukses

Die frekwensies en rypercentasies vir die twee groepe (aspek wel aangetoon/nie aangetoon nie) rakende finansiële sukses is die volgende:

Tabel 6.15: Kruistabulering van seuns en dogters rakende finansiële sukses as belangrikste aspek waarop gehoop word

Geslag	Finansiële sukses		Rytotaal
	Aangetoon	Nie aangetoon nie	
Seuns	3 0,66%	452 99,34%	455 40,73%
Dogters	22 3,32%	640 96,68%	662 59,27%
Kolomtotaal	25 2,24%	1092 97,76%	1117 100%

In vergelyking met die seuns, het 'n groter proporsie dogters finansiële sukses as die belangrikste aspek waarop gehoop word, aangetoon.

Hierdie bevindinge bied interessante interpretasiemoontlikhede, aangesien die grootste aantal seuns (74,5%) in die selfopgestelde vraelys hul hoop geplaas het op ekonomie (kyk Tabel 6.6). Daar kan afgelei word dat dogters, hul hoop sal plaas op ander lewensdomeine wat deur gestruktureerde vraelyste aan hulle gestel is, soos **byvoorbeeld uitgebreide gesin en betekenisvolle ander**. In Hoofstuk 4 is aangetoon dat in die literatuur daarvoor geslagsverskille aangedui is met betrekking tot 'n aspek soos familie verhoudinge (kyk Paragraaf 4.4.1.4). Daar kan egter uit hierdie resultate afgelei word dat, indien dogters 'n vrye keuse gebied word om 'n objek aan te dui waarop hoop geplaas word, hul ander keuses, soos **finansiële onafhanklikheid**, kan begin maak. In Hoofstuk 4, Paragraaf 4.4.1.4 word ook genoem dat adolessente se persepsies ten opsigte van geslag verander. Vrouens word nie meer as afhanklik gesien nie, maar ook

as suksesvol ten opsigte van tradisionele manlike rolle, soos byvoorbeeld ten opsigte van **finansiële voorsiening**.

#### 6.4.1.3 Sukses op sportgebied

Die resultate van die frekwensies en rypersentasies vir die twee geslagte adolessente (aspek wel aangetoon/nie aangetoon nie) rakende sukses op sportgebied is as die volgende bereken:

Tabel 6.16: Kruistabulering van seuns en dogters rakende sukses op sportgebied as belangrikste aspek waarop gehoop word

Geslag	Sukses op sportgebied		Rytotaal
	Aangetoon	Nie aangetoon nie	
Seuns	5 1,10%	450 98,90%	455 40,73%
Dogters	0 0,00%	662 100,0%	662 59,27%
Kolomtotaal	5 0,45%	1112 99,55%	1117 100%

'n Groter proporsie seuns as dogters het sukses op sportgebied as die belangrikste aspek waarop hulle hoop, aangetoon.

Hierdie resultate stem ooreen met die bevindinge in die literatuur daaroor wat geslagsverskille ten opsigte van persepsie van sportiewe vaardighede aandui (kyk Hoofstuk 4, Paragraaf 4.4.1.4). Daar kan ook die afleiding gemaak word dat, sedert Suid-Afrika se hertoelating in die internasionale sportarena in 1995, hier baie meer fokus geplaas word op die ontwikkeling van sport. Alhoewel daar ook meer ontwikkeling plaasvind op sportgebied vir vrouens (byvoorbeeld netbal), blyk dit tog asof die media steeds meer aandag skenk aan sport op manlike gebied (byvoorbeeld rugby en krieket). Daar is gevolglik meer manlike rolmodelle in sport, soos byvoorbeeld Breyten Paulse (rugby) en Makhaya Ntini

(krieket). Dit is derhalwe verstaanbaar dat seuns hoër hoop plaas op sportiewe sukses.

#### 6.4.2 Taalverskille

Ten einde ondersoek in te stel na moontlike taalverskille rakende die belangrikste aspekte waarop die adolessente hoop, is die  $\chi^2$  -toets vir homogeniteit weereens met behulp van die SAS-rekenaarprogrammatuur uitgevoer. Die resultate word in Tabel 6.17 verskaf.

Tabel 6.17: Chi-kwadraatwaardes vir die toets van taalverskille in die belangrikste aspek waarop deur adolessente gehoop word (N = 1117 en vryheidsgrade = 2)

Aspek	$\chi^2$ -waarde	p-waarde
Sosiale verhoudinge/intimiteit	25,131	0,001**
Intrapersoonlike	1,163	0,559
Sukses (algemeen)	4,923	0,085
Finansiële sukses	1,915	0,384
Akademiese prestasie	0,633	0,729
Sukses op sportgebied	1,731	0,421
Doelwitte bereik	0,622	0,733
Fisiese gesteldheid	1,658	0,437
Polities	5,922	0,052
Familiaal	0,301	0,860
Erkenning van goddelikheid	17,101	0,001**

\*\*  $p \leq 0,01$

Uit hierdie tabel blyk dit dat daar ten opsigte van **sosiale verhoudinge/intimiteit** en **erkenning van goddelikheid** op die 1%-peil beduidende verskille tussen die drie taalgroepe voorkom. Ten einde die resultate rakende hierdie twee veranderlikes/aspekte beter te kan verstaan, word vervolgens kruistabelle hieronder verskaf en bespreek

#### 6.4.2.1 Sosiale verhoudinge/intimiteit

Vir die drie taalgroepe is die frekwensies en rypersentasies die volgende:

Tabel 6.18: Kruistabulering van die drie taalgroepe rakende sosiale verhoudinge/intimiteit as belangrikste aspek waarop gehoop word

Geslag	Sosiale verhoudinge		Rytotaal
	Aangetoon	Nie aangetoon nie	
Engels	109 20,22%	430 79,78%	539 48,65%
Afrikaans	44 11,08%	353 88,92%	397 35,83%
Afrikataal	12 6,98%	160 93,02%	172 15,52%
Kolomtotaal	165 14,89%	943 85,11%	1108 100%

Uit Tabel 6.18 is dit duidelik dat in vergelyking met die Afrikaans- en Afrikataalsprekende adolessente, 'n groter proporsie Engelssprekende adolessente sosiale verhoudinge/intimiteit as die belangrikste aspek waarop gehoop word, aangetoon het.

Dit sluit aan by die resultate wat in Tabel 6.4 verskaf is. In laasgenoemde tabel toon 'n hoë proporsie Afrikataalsprekende respondente, sowel as Engelssprekende adolessente, dat hulle hoë hoop rakende sosiale aspekte ervaar. Daar kan weer afgelei word dat, indien 'n gestruktureerde vraelys aangebied word, respondente meer sal terugval op aspekte wat tradisioneel ondersteun sal word (byvoorbeeld sosiale ingesteldheid van Afrikataalsprekendes). Soos vroeër reeds gesê, moet onthou word dat die grootste aantal swart respondente hul huistaal as Engels aangegee het.

### 6.4.2.2 Erkenning van goddelikheid

Die volgende tabel verskaf die frekwensies en rypercentasies rakende die erkenning van goddelikheid:

Tabel 6.19: Kruistabulering van die drie taalgroepe rakende erkenning van goddelikheid as belangrikste aspek waarop gehoop word

Geslag	Erkenning van goddelikheid		Rytotaal
	Aangetoon	Nie aangetoon nie	
Engels	33 6,12%	506 93,88%	539 48,65%
Afrikaans	52 13,10%	345 86,90%	397 35,83%
Afrikataal	9 5,23%	163 94,77%	172 15,52%
Kolomtotaal	94 8,48%	1014 91,52%	1108 100%

'n Groter proporsie Afrikaanssprekende adolessente as die twee ander taalgroepe het erkenning van goddelikheid as die belangrikste aspek waarop gehoop word, aangedui.

In Hoofstuk 2 (Paragraaf 2.5.1) is aangedui dat hoop sterk aangedui word in die Christelike godsdiens. Spiritualisme is ook as 'n positiewe aspek van die mens se psigologiese welstand aangedui (Hoofstuk 3, Paragraaf 3.3.3.1). In Suid-Afrika het godsdiens tradisioneel nog altyd 'n belangrike rol gespeel. Baie Afrikaanssprekendes behoort tot 'n kerk, veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Daar is in Hoofstuk 2 (Paragraaf 2.5.1) ook getoon dat die kerk juis veranderinge ondergaan het ten einde meer vir die adolessent te bied, aangesien daar bekommernis was dat hulle al minder aansluiting by die kerk vind. Uit die resultate van hierdie navorsing blyk dit asof dit die

Afrikaanssprekende adolessente is wat steeds die belangrikheid van 'n goddelikheid erken.

Die resultate van hiërargiese regressie-ontledings sal vervolgens bespreek word.

### 6.5 Resultate van hiërargiese regressie-ontledings

Hiërargiese regressie-ontledings is met behulp van die SAS-rekenaarprogrammatuur (SAS Institute, 1985) gedoen, ten einde ondersoek in te stel na die bydraes van die verskillende hoopkomponente en biografiese veranderlikes tot die verklaring van die variansie in psigologiese welstand van adolessente. Inligting rakende die psigologiese welstand wat die adolessente ondervind, is verkry deur metings van hulle **lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin** in te samel.

Dit is dus duidelik dat in dié studie drie kriteria ter sprake is. Die hiërargiese regressie-ontledings is vir elk van hierdie drie kriteria afsonderlik gedoen en sal afsonderlik aangetoon en bespreek word.

Die persentasievariensie van die kriterium wat deur elk van die voorspeller veranderlikes verklaar word, word deur  $R^2$  aangedui. Ten einde die spesifieke bydrae wat elke voorspeller tot 'n bepaalde kriterium se variensie lewer vas te stel, sal die  $R^2$ -waarde met en sonder die bepaalde voorspeller bereken word. Die verskil in  $R^2$  wat voorkom, se beduidendheid sal met behulp van die hiërargiese  $F$ -toets bereken word.

Aangesien 'n relatief groot groep ( $N=1238$ ) adolessente in die studie betrek is, is verwag dat redelik maklik beduidende **statistiese** resultate verkry sou word. Gevolglik is ook die **praktiese** beduidendheid van die resultate ondersoek deur die effekgroottes ( $f^2$ ) te bereken. Dit is slegs vir die statisties beduidende resultate bereken. Volgens Cohen (Steyn, 1999) kan die volgende riglyne

gebruik word om die effekgroottes te beoordeel, naamlik 0,02 as 'n klein, 0,15 as 'n medium en 0,35 as 'n groot effekgrootte.

Die resultate van hierdie ontleding word eerstens vir lewenstevredenheid, daarna vir fortaliteit en laastens vir koherensiesin verskaf.

Tabel 6.20: Bydraes van die verskillende veranderlikes tot  $R^2$  vir lewenstevredenheid

Veranderlikes in ontleding	$R^2$	Bydrae tot $R^2$ : volledig minus verminderde model	$F$	$f^2$
1. [biogr]+[hoop]	0,2565	1-8 = 0,2502	62,257*	0,34+
2. [biogr]+sl	0,0897	2-8 = 0,0834	102,156*	0,09
3. [biogr]+lp	0,0888	3-8 = 0,0825	100,954*	0,09
4. [biogr]+ek	0,0185	4-8 = 0,0122	13,860*	0,01
5. [biogr]+ug	0,1042	5-8 = 0,0979	121,857*	0,11
6. [biogr]+hw	0,1847	6-8 = 0,1784	243,982*	0,22+
7. [biogr]+hd	0,0453	7-8 = 0,0390	45,550*	0,04
8. [biogr]	0,0063			
9. [hoop]+[biogr]	0,2565	9-13 = 0,0083	12,392*	0,01
10. [hoop]+dt1	0,2491	10-13 = 0,0009	1,333	-
11. [hoop]+dt2	0,2485	11-13 = 0,0003	0,444	-
12. [hoop]+dg	0,2553	12-13 = 0,0071	10,603*	0,01
13. [hoop]	0,2482			

Sleutel: [biogr=biografiese veranderlikes]; [dt1=taalgroep 1; dt2=taalgroep 2; dg=geslag]; [sl=sosiaal; lp=loopbaankeuse; ek=ekonomie; ug=uitgebreide gesin; hw=hoop:werktuig; hd=hoop:denkbaan]; [ ] dui die stelle veranderlikes aan

\*  $p \leq 0,01$

+ groot effekgrootte

Bostaande dui eerstens aan dat al die voorspeller veranderlikes gesamentlik 25,65% ( $R^2 = 0,2565$ ) van die variansie in lewenstevredenheid van die

adolescente verklaar. Hierdie berekende  $R^2$ -waarde is op die 1%-peil beduidend [ $F_{9;1111} = 42,579$ ].

Die resultate toon verder aan dat die **stel** hoopkomponente (sl, lp, ek, ug, hw en hd) 25,02% tot  $R^2$  in die totale model van **lewenstevredenheid** bydra [ $F_{6;1110} = 62,257$ ;  $p \leq 0,01$ ]. Al ses die hoopkomponente lewer 'n beduidende bydrae (op die 1%-peil) tot die verklaring van die variansie in **lewenstevredenheid**. Dit is voorts duidelik dat **hoop: werkbaan** alleen ongeveer 18% van die variansie verklaar. Die komponent **uitgebreide gesin en betekenisvolle ander** verklaar alleen bykans 10% van die variansie in **lewenstevredenheid**, terwyl sowel **sosiaal as loopbaankeuse** alleen ongeveer 8½% verklaar. **Hoop: fasiliteringsbaan** en **ekonomie** verklaar elkeen onderskeidelik 4% en 1% van die variansie.

Die stel biografiese veranderlikes (geslag en taalgroeperinge) dra 0,83% tot  $R^2$  in die totale model van **lewenstevredenheid** by [ $F_{3;1110} = 12,392$ ;  $p \leq 0,01$ ]. Die biografiese veranderlike geslag dra 0,71% tot die verklaring van die variansie in **lewenstevredenheid** van adolessente by. Dit is op die 1%-peil beduidend.

Na aanleiding van die riglynwaardes van die verskillende effekgroottes, is dit vanuit Tabel 6.20 duidelik dat die bydrae van die **stel** hoopkomponente aanduidend van 'n groot effekgrootte is, terwyl die unieke bydrae van die komponent **hoop: werkbaan** 'n groot effekgrootte aandui. Die ander statisties beduidende voorspellers toon egter almal klein effekgroottes.

Die hiërargiese regressie-ontleding se resultate rakende **fortaliteit** word in die onderstaande tabel.



Tabel 6.21: Bydraes van die verskillende veranderlikes tot R<sup>2</sup> vir fortaliteit

Veranderlikes in ontleding	R <sup>2</sup>	Bydrae tot R <sup>2</sup> : volledig minus verminderde model	F	f <sup>2</sup>
1. [biogr]+[hoop]	0,4308	1-8 = 0,4210	134,988*	0,74+
2. [biogr]+sl	0,2023	2-8 = 0,1925	265,481*	0,24+
3. [biogr]+lp	0,1407	3-8 = 0,1309	167,584*	0,15
4. [biogr]+ek	0,0622	4-8 = 0,0524	61,466*	0,06
5. [biogr]+ug	0,2927	5-8 = 0,2829	439,969*	0,40+
6. [biogr]+hw	0,1897	6-8 = 0,1799	244,230*	0,22+
7. [biogr]+hd	0,0880	7-8 = 0,0782	94,331*	0,09
8. [biogr]	0,0098			
9. [hoop]+[biogr]	0,4308	9-13 = 0,0129	8,272*	0,02
10. [hoop]+dt1	0,4179	10-13 = 0,0000	-	-
11. [hoop]+dt2	0,4227	11-13 = 0,0048	9,122*	0,01
12. [hoop]+dg	0,4268	12-13 = 0,0089	17,033*	0,02
13. [hoop]	0,4179			

Sleutel: [biogr=biografiese veranderlikes]; [dt1=taalgroep 1; dt2=taalgroep 2; dg=geslag];  
[sl=sosiaal; lp=loopbaankeuse; ek=ekonomie; ug=uitgebreide gesin; hw=hoop:werktuig;  
hd=hoop.denkbaan]; [ ] – dui die stelle veranderlikes aan

\*  $p \leq 0,01$

+ groot effekgrootte

Dit is eerstens duidelik dat al die voorspeller veranderlikes gesamentlik 43,08% ( $R^2 = 0,4308$ ) van die variansie in **fortaliteit** van die adolessente verklaar. Hierdie berekende R<sup>2</sup>-waarde is op die 1%-peil beduidend [ $F_{9;1096} = 92,171$ ].

Die resultate toon verder aan dat die **stel** hoopkomponente (sl, lp, ek, ug, hw en hd) 42,10% tot R<sup>2</sup> in die totale model van **fortaliteit** by dra [ $F_{6;1095} = 134,988$ ;  $p \leq 0,01$ ]. Soos in die geval met **lewenstevredenheid** lewer ook hier al ses die hoopkomponente 'n beduidende bydrae (op die 1%-peil) tot verklaring van die variansie in **fortaliteit** van adolessente. **Uitgebreide gesin en betekenisvolle**

**ander** verklaar meer as 28% van die variansie. Die twee komponente **sosiaal** en **hoop: werkbaan** verklaar ongeveer dieselfde persentasie van die variansie, naamlik 19,25% en 17,99%, terwyl **loopbaankeuse** ongeveer 13% verklaar. **Hoop: fasiliteringsbaan** en **ekonomie** verklaar onderskeidelik 8% en 5% van die variansie.

Die stel biografiese veranderlikes (geslag en taalgroeperinge) dra 1,29% tot  $R^2$  in die totale model van **fortaliteit** by [ $F_{3,1095} = 8,272$ ;  $p \leq 0,01$ ]. Die biografiese veranderlike, geslag dra 0,89% tot die verklaring van die variansie in **fortaliteit** van adolessente by en is op die 1%-peil beduidend.

Na aanleiding van die riglynwaardes van die verskillende effekgroottes, is dit ook duidelik dat die bydrae van die **stel** hoopkomponente aanduidend van 'n groot effekgrootte is, terwyl die unieke bydrae van die komponente **sosiaal**, **uitgebreide gesin** en **betekenisvolle ander** en **hoop: werkbaan** ook aanduidend van 'n groot effekgrootte is. Die ander statisties beduidende voorspellers toon egter almal klein effekgroottes.

Die hiërargiese regressie-ontleding se resultate rakende **fortaliteit** word in Tabel 6.22 verskaf.

Tabel 6.22: Bydraes van die verskillende veranderlikes tot  $R^2$  vir koherensiesin

Veranderlikes in ontleding	$R^2$	Bydrae tot $R^2$ : volledig minus verminderde model	$F$	$f^2$
1. [biogr]+[hoop]	0,3834	1-8 = 0,3777	112,011*	0,61+
2. [biogr]+sl	0,2137	2-8 = 0,2080	291,521*	0,26+
3. [biogr]+lp	0,1470	3-8 = 0,1413	182,558*	0,17
4. [biogr]+ek	0,0584	4-8 = 0,0527	61,681*	0,06
5. [biogr]+ug	0,1555	5-8 = 0,1498	195,485*	0,18
6. [biogr]+hw	0,2549	6-8 = 0,2492	368,585*	0,33+
7. [biogr]+hd	0,1405	7-8 = 0,1348	172,843*	0,16
8. [biogr]	0,0057			
9. [hoop]+[biogr]	0,3834	9-13 = 0,0040	2,372	-
10. [hoop]+dt1	0,3798	10-13 = 0,0004	0,709	-
11. [hoop]+dt2	0,3798	11-13 = 0,0004	0,709	-
12. [hoop]+dg	0,3823	12-13 = 0,0029	5,160	-
13. [hoop]	0,3794			

Sleutel: [biogr=biografiese veranderlikes]; [dt1=taalgroep 1; dt2=taalgroep 2; dg=geslag]; [sl=sosiaal; lp=loopbaankeuse; ek=ekonomie; ug=uitgebreide gesin; hw=hoop: werktuig; hd=hoop: denkbaan]; [ ] dui die stelle veranderlikes aan

\*  $p \leq 0,01$

+ groot effekgrootte

Die resultate in Tabel 6.22 dui eerstens aan dat al die voorspeller veranderlikes gesamentlik 38,34% ( $R^2 = 0,3834$ ) van die variansie in koherensiesin van die adolessente verklaar. Hierdie berekende  $R^2$ -waarde is op die 1%-peil beduidend [ $F_{9;1098} = 75,868$ ].

Die resultate toon verder aan dat die stel hoopkomponente (sl, lp, ek, ug, hw en hd) 37,77% tot  $R^2$  in die totale model van koherensiesin bydra [ $F_{6;1097} = 112,011$ ;  $p \leq 0,01$ ]. Soos in die geval met lewenstevredenheid en fortaliteit lewer ook hier al ses die hoopkomponente 'n beduidende bydrae (op die 1%-peil)

ter verklaring van die variansie in koherensiesin van adolessente. Uit Tabel 6.22 is dit duidelik dat die twee komponente **hoop: werkbaan** en **sosiaal** elk meer as 20% van die variansie in **koherensiesin** verklaar, naamlik 24,92% en 20,8% onderskeidelik. **Loopbaankeuse**, **hoop: fasiliteringsbaan** en **uitgebreide gesin en betekenisvolle ander** verklaar elk ongeveer 14% van die variansie.

Die stel biografiese veranderlikes (geslag en taalgroepering) dra 0,4% tot  $R^2$  in die totale model van **koherensiesin** by [ $F_{3,1097} = 2,371$ ]. Hierdie berekende  $F$ -waarde is nie op die 1%-peil beduidend nie. Die stel biografiese veranderlikes verklaar in hierdie geval dus nie 'n statisties beduidende proporsie van die variansie in koherensiesin van adolessente nie.

Dit is ook vanuit Tabel 6.22 duidelik dat die bydrae van die **stel** hoopkomponente aanduidend van 'n groot effekgrootte is, terwyl die unieke bydrae van die komponente **sosiaal** en **hoop: werkbaan** ook aanduidend van 'n groot effekgrootte is. Die ander statisties beduidende voorspellers toon egter almal klein effekgroottes.

## 6.6 Samevatting

Die primêre doelwit van die studie was om die bydrae van hoop, gekoppel aan enkele biografiese veranderlikes, tot die voorspelling van adolessente se vlakke van psigologiese welstand en spesifiek **lewenstevredenheid**, **fortaliteit** en **koherensiesin** te ondersoek. Hoewel dit die primêre doel van die studie was, is ook die hoopvlakke wat die onderskeie geslagte en taalgroeperinge openbaar, ondersoek. Die vernaamste bevindinge hiervan kan soos volg saamgevat word:

- 'n Groter proporsie Afrikataalsprekende leerders het, in vergelyking met die ander twee taalgroepe, die volgende komponente aangedui as die aspekte waarop hoop geplaas word: **sosiaal**, **uitgebreide gesin en betekenisvolle ander**, **ekonomie** en **hoop: fasiliteringsbaan**.

- 'n Groter proporsie Afrikaanssprekendes het, in vergelyking met die ander taalgroepe, hul hoop op die **loopbaanontwikkeling** en **hoop: werkbaan** geplaas. In die resultate van die oop vraag het die meerderheid Afrikaanssprekendes hul hoop geplaas op 'n **erkenning van goddelikheid**.
- 'n Groter proporsie Engelssprekendes het, in vergelyking met die ander twee taalgroepe, hul hoop geplaas op **verhoudinge/intimiteit**. Hierdie aspek is deur die resultate van die oopeinde vraag aangedui.

Wat die geslagsverskille betref, toon die resultate die volgende tendense:

- In vergelyking met die adolessente dogters, het 'n groter proporsie seuns hoë vlakke van hoop op die volgende komponente getoon: **sosiaal, loopbaan, ekonomie** en **hoop: werkbaan**. In die resultate van die oop vraag is bevind dat 'n groter proporsie adolessente seuns as dogters **sportiewe sukses** as die vernaamste aspek waarop hulle hul hoop plaas, aangedui het.
- In vergelyking met die adolessente seuns, het 'n groter proporsie adolessente dogters hoë vlakke van hoop op die volgende komponente geplaas: **hoop: fasiliteringsbaan** en **uitgebreide gesin en betekenisvolle ander**. In die resultate van die oop vraag is bevind dat 'n groter proporsie adolessente dogters as seuns **intrapersoonlike kwessies** en **finansiële sukses** as die vernaamste aspek waarop hulle hul hoop plaas, aangedui.

Uit die stel hoopkomponente het die meerderheid adolessente hoop geplaas op **ekonomie, uitgebreide gesin en betekenisvolle ander** en **hoop: fasilitering**. Die **loopbaan, sosiaal** en **hoop: werkbaan** was die komponente waarin die adolessente oor die algemeen die laagste proporsie van hoop getoon het.

Uit die literatuur daaroor het dit geblyk dat **loopbaanontwikkeling** en **sosiale** aspekte juis belangrike lewensdomeine vir die adolessent se ontwikkelingsfase

is. Die tendens in hierdie navorsing kan derhalwe met voortgesette navorsing ondersoek word, ten einde helderheid oor die adolessent in Suid-Afrika se ontwikkeling te verkry. Geen statisties beduidende resultate kon vir die twee geslagte of drie taalgroepering rakende **hoop: werkbaan** en **hoop: fasilitering** gevind word nie.

Rakende die **hoop: fasiliteringskomponent**, is geen beduidende verskille vir die twee geslagte gevind nie. Wat die ander komponent betref, naamlik **hoop: werkbaan**, het 'n groter proporsie adolessente seuns as dogters hoë vlakke van hoop getoon. 'n Groter proporsie Afrikaanssprekende adolessente het weer, in vergelyking met die ander twee taalgroepe, hoër vlakke van hoop getoon op die **werkbaankomponent**, terwyl 'n groter proporsie Afrikataalsprekende adolessente, in vergelyking met die ander twee taalgroepe, hoër vlakke van hoop getoon het op die **fasiliteringsbaankomponent**. Die afleiding kan gemaak word dat Afrikataalsprekende leerders se motivering hoër is as wat hulle strategieë is om hul hoop te verhoog. In teenstelling hiermee is Afrikaanssprekende leerders se **strategieë** (werkbaan) weer hoër as hul **motivering** fasilitering. Snyder (1995) het geen geslagsverskille ten opsigte van hooptellings gerapporteer nie, maar wel verwag dat daar kulturele verskille sal wees.

In Hoofstuk 2 (Paragraaf 2.4.2.1) is Snyder et al. (1991a,b, 1995) se hoopteorie beskryf, wat 'n onderskeid tref tussen die **werkbaan-** en **fasiliteringsbaankomponente**. 'n Uitbreiding van die hoopteorie in Hoofstuk 2 (Paragraaf 2.7) het getoon dat daar 'n aktiveringsproses in hoop is, wat die uitkoms van hoop sal fasiliteer. Ten einde 'n positiewe uitkoms te hê, is dit nodig om hoë mates van sowel motivering (**fasiliteringsbaan**) as strategieë (**werkbaan**) te ervaar.

Wat die resultate van die hoop vraag betref, kan die volgende opsommend genoem word:

- Die **intrapersoonlike** komponent is aangedui as die belangrikste komponent waarop die meerderheid adolessente hoop geplaas het, met aspekte soos onafhanklikheid, selfaktualisaie, motivering en positiewe houding as aanduidings van intrapersoonlike ontwikkeling. In vergelyking met die adolessente seuns, het 'n groter proporsie adolessente dogters hulle hoop op intrapsigiese komponente geplaas. 'n Groter proporsie adolessente dogters het ook hulle hoop op **finansiële sukses** as die adolessente seuns, geplaas. 'n Groter proporsie adolessente seuns het egter weer, in vergelyking met die dogters, hulle hoop op **sportiewe sukses** geplaas.
- Ander aspekte waarop adolessente volgens die oop vraag hoop plaas, is: **sosiale verhoudinge/intimiteit, akademiese prestasie en erkenning van goddelikheid**. Taalgroepverskille is aangedui vir **sosiaal/intimiteit** met 'n groter proporsie Engelssprekende adolessente wat, in vergelyking met die ander twee taalgroepe, hoë hoop op hierdie aspek plaas. In vergelyking met die ander twee taalgroepe het 'n groter proporsie Afrikaanssprekende adolessente weer hoë hoop op die komponent **erkenning van goddelikheid** geplaas.
- Dit is voorts merkbaar dat hoop op nie-spesifieke aspekte geplaas word, soos byvoorbeeld **sukses** (algemeen) of **geluk**, sonder om werklik spesifieke konsepte te identifiseer. Dit kan aansluit by swakker **werkbaandenke** en nie genoeg strategiese ontwikkeling nie.
- Daar is ooreenkomste tussen die ses hoopkomponente en sekere aspekte wat deur die oop vraag aangedui is. **Loopbaanontwikkeling** sluit aan by die aspek van akademiese prestasie, wat ook as 'n belangrike komponent na vore gekom het.

Dit wil dus voorkom asof die vraelys wat uit die literatuur daarvoor ontwikkel is, 'n goeie refleksie lewer van dit waarop adolessente hoop plaas. Die verskille wat wel gevind is tussen die oop vraag en die gestruktureerde vraelys (Snyder, 1995, asook die selfopgestelde hoopvraelys) kan aanduidend wees van die ongestruktureerdheid wat vrye keuse bied.

Wat die voorspelling van die verskillende komponente van psigologiese welstand (**lewenstevredenheid**, **fortaliteit** en **koherensiesin**) betref, is dit duidelik dat dit telkens die **stel** hoopkomponente is (en nie die **stel** biografiese veranderlikes nie) wat die grootste bydrae tot die verklaring van die variansies in al drie hierdie psigologiese welstandsfaktore lewer. Wat die spesifieke hoopkomponente betref, lewer al ses die komponente statisties beduidende bydraes tot die verklaring van die variansie vir al drie die psigologiese welstandsfaktore. Slegs enkele van hierdie ses komponente wat **statisties** beduidende bydraes lewer, toon egter groot effekgroottes.

Wat opval, is dat die komponent **hoop: werkbaar** in al drie die psigologiese welstandsfaktore 'n statistiese beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie lewer en 'n groot effekgrootte toon. By twee van die drie psigologiese welstandsfaktore, naamlik **fortaliteit** en **koherensiesin**, lewer die komponent **sosiaal** ook statisties 'n beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie, terwyl dit ook 'n groot effekgrootte toon.

By een van die psigologiese welstandsfaktore, naamlik **fortaliteit**, lewer die komponent **uitgebreide gesin** en **betekenisvolle ander** ook 'n statisties beduidende bydrae in die verklaring van die variansie, terwyl dit 'n groot effekgrootte toon. Hierdie bevindinge onderskryf Pretorius (1997) se konstruk "fortaliteit" wat konstateer dat die persoon met fortaliteit 'n positiewe konstruksie van die self, gesin/familie en sosiale omgewing sal hê. Hierdie navorsing bevind 'n beduidende bydrae van **sosiale** en **familiale** faktore tot die ervaring van **fortaliteit**.



Laastens is dit opvallend dat die biografiese veranderlike, **geslag**, ook ten opsigte van **lewenstevredenheid** en **fortaliteit** 'n statisties beduidende bydrae lewer tot die verklaring van die variansie. Dit toon egter 'n klein effekgrootte.

## HOOFSTUK 7

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 7.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal samevattende gevolgtrekkings gemaak word gegrond op die bevindinge van hierdie navorsing. Die bevindinge lewer kommentaar op die aard van hoop by adolessente, tot watter mate hoop teenwoordig is, hoe die adolessent lyk wat psigologiese welstand ervaar en wat die verband is tussen hoop en psigologiese welstand. Hierdie hoofstuk sal antwoorde gee op die spesifieke navorsingsvrae wat in Hoofstuk 1 uiteengesit is.

#### 7.2 Navorsingsvrae

Spesifieke vrae is die volgende:

##### 7.2.1 Hoe word hoop in die literatuur as 'n konstruk omskryf en hoe kan 'n teoretiese hoopmodel ontwikkel word?

Hoop is as 'n konstruk in Hoofstuk 2 teoreties ondersoek. Dit is 'n konstruk wat baie bekend is in die Sielkunde, maar deur verskeie skrywers as te vaag om empiries ondersoek te word, beskou is (Lazarus, 1999; Snyder & Forsyth, 1991b). Verskeie teorieë oor hoop (Averil et al., 1990; Lazarus, 1999; Snyder et al., 1991a) is wel ontwikkel en is in Hoofstuk 2 breedvoerig bespreek. Die aanwesigheid van hoop in verskeie kontekste soos spiritualisme is ook aangedui. In die Christelike religie is hoop, tesame met geloof en liefde, as een van die deugde toegelig. Die debat in die literatuur of hoop as 'n emosie of kognisie beskryf kan word, is aanduidend van hoe moeilik dit is om die konstruk as 'n spesifieke konsep te beskryf en binne 'n kategorie te plaas.

Die navorser het dus tot die gevolgtrekking gekom dat 'n hoopmodel ontwikkel kan word, wat hoop nie slegs tot sekere begrippe verklein nie, maar dit eerder as 'n ekistensiële fenomenologiese konstruk beskryf kan word, wat 'n wye betekenisveld vir die konstruk oopmaak. Die implikasie hiervan is dat verskillende mense hoop nie eenders ervaar nie en dat die betekenis daarvan van persoon tot persoon kan verskil. Die sosiale konstruksionistiese siening kom sterk na vore uit hierdie beskrywing, aangesien die mens as sosiale wese sy/haar hoop sosiaal sal konstrueer. Hoop dui 'n interaksie tussen die individu en omgewing aan. Daar is 'n affektiewe komponent in hoop teenwoordig. Hoop het 'n impak op verskeie aspekte van mense se lewens, naamlik spiritueel, op hul gedrag en emosies, asook op die kognitiewe vlak.

Die aanwesigheid van hoop word daarom as 'n kognitiewe hanteringsmeganisme beskryf wat negatiewe of moeilike situasies help hanteer of help oorkom. Verskeie navorsers is dit met mekaar eens dat hoop 'n doelgerigtheid impliseer, wat op toekomsverwagtinge gerig is (Jordaan, 2001; Menninger, 1959; Smith, 1983).

Uit die geraadpleegde literatuur is dit duidelik dat daar die volgende verbandhoudende bewussynstoestande bestaan: **Behoeft**e of **begeerte**, **optimisme**, **self-effektiwiteit**, **self-aktualisasie**, **lokus van kontrole** en **soeke na betekenis**. Die verskille en ooreenkomste tussen hierdie begrippe en hoop is volledig in Hoofstuk 2 beskryf.

### **7.2.2 Wat is die hoopproses soos wat dit in die literatuur na vore kom?**

Na aanleiding van die literatuurondersoek het die navorser 'n hoopproses ontwikkel wat hoop as 'n dinamiese proses omskryf, met verwagte uitkomst as doelwitte. Hoop word volgens dié model as 'n gemoedstoestand beskryf wat 'n aktiveringskomponent (konatief) wat aksie fasiliteer (kognitief), inhou. Hierdie

aksie bestaan uit die dualistiese komponente van **fasilitering** en **werkbaan**, wat van die mens vra om beplanning te doen vir die bereiking van toekomstige doelwitte. Dit is derhalwe 'n kognitiewe proses (Snyder et al., 1991a).

Daar is baie emosionele ervarings, wat as 'n gemoedstoestand deel is van die hoopervaring. So kan hoop as gemoedstoestand verskeie emosies by mense ontlok, byvoorbeeld determinasie, maar ook angstigheid. 'n Positiewe uitvoering en eindresultaat van die hoopproses, sal positiewe emosionele belewenis tot gevolg hê. 'n Onderskeid tussen ware en vals hoop kan dus gemaak word uit die aard van die kognitiewe proses en die eindresultate. Ware hoop sal 'n aktiewe dualisme van beide **fasilitering-** en **werkbaankomponente** inhou. Dit sal dan lei tot die uitvoer van doelwitte en gevolglike positiewe emosionele belewenis. Vals hoop sal ook verwagtinge inhou vir die toekoms, maar sal moontlik slegs positiewe emosies inhou, sonder die nodige kognitiewe prosesse. Die uiteinde van so 'n doelwitstelling sal nie noodwendige positiewe doelwitbereiking inhou nie en kan dan juis 'n verlaging in psigologiese welstand en hopeloosheid tot gevolg hê.

### 7.2.3 Wat is die aard van hoop van die adolessent?

In hierdie navorsing is van die veronderstelling uitgegaan dat die adolessent 'n hoë hooptelling mag behaal, maar dat die aard daarvan tussen persone sal verskil. Daar is derhalwe 'n hoopvraelys opgestel, wat spesifiek gefokus het op vier lewensdomeine wat volgens die literatuur belangrik is vir die adolessent. Hierdie domeine is **sosiaal, uitgebreide gesin en betekenisvolle ander, loopbaankeuse** en **ekonomie**. Daar is ook 'n oop vraag aan die adolessent gestel, waaruit afleidings gemaak is van dit waarop adolessente hoop plaas. Hierdie vraag het aan die adolessent die geleentheid gebied om sonder die beperkinge van 'n gestruktureerde vraelys sy/haar aspek waarop gehoop word, te noem.

#### 7.2.4 Wat is die aard van psigologiese welstand soos wat dit in die literatuur omskryf word?

In hierdie navorsing is die salutogenetiese beginsels van Antonovsky (1979, 1987) as 'n metateorie gebruik om psigofortologie as 'n wetenskap te fundeer. Psigofortologie fokus op die aard, manifestering, patrone, oorsprong, dinamika en verryking van sterktes op individuele, groeps- en gemeenskapsvlak (Wissing, 2000). Psigologiese welstand is 'n konstruk wat binne die wetenskaplike terrein van psigofortologie verskyn (Wissing, 2001). Psigologiese welstand is op die positiewe ekstreem van 'n kontinuum wat strek van minder tot beter welstand. Dit is 'n toestand wat 'n individu bereik, nadat daar deur 'n dinamiese weerbaarheidsproses beweeg is. Alhoewel psigologiese welstand en weerbaarheid nie as absolutes gesien word nie, is daar tog 'n neiging om weerbaarheidsprosesse as aanleidend tot welstand te sien, en welstand as 'n meer statiese toestand te beskryf.

Die mate waartoe 'n persoon psigologiese welstand ervaar, kan verander, aangesien nuwe blootstelling aan stressore nuwe weerbaarheidsprosesse vereis. Persone beskik oor bronne en beskermingsfaktore wat sal bepaal hoe daar met 'n stressor omgegaan word. Verskeie veranderlikes word in verband gebring met psigologiese welstand, naamlik interne persoonlikheidsfaktore, biologiese faktore en eksterne omgewingsfaktore. Faktore soos ouderdom, geslag en kultuur word as voorspellers van psigologiese welstand beskou.

Op mikrovlak is daar in die literatuur daarop gewys dat sekere teoretiese konstrunkte gekonseptualiseer is om sterktes te verklaar. Van hierdie konsepte is reeds empiries goed ondersoek. Die konstrunkte wat in Hoofstuk 3 bespreek is, is **koherensiesin, fortaliteit, lewenstevredenheid, coping, gehardheid, potensie en aangeleerde vindingrykheid.**

### **7.2.5 Wat is volgens die literatuur die rol van hoop en psigologiese welstand by die adolessent?**

Adolessensie is 'n periode van verandering en bied uitdagings wat deur 'n weerbaarheidsproses hanteer moet word om psigologiese welstand te ervaar. Die adolessent moet in interaksie met sy/haar omgewing deur 'n belangrike ontwikkelingsproses beweeg. 'n Suksesvolle interaksie tussen die omgewing en die self sal psigologiese welstand versterk. Die sosiale ekologieë van die adolessent wat in Hoofstuk 4 geïdentifiseer en bespreek is, dui aan wat die uitdagings op hierdie domeine is.

Om psigologiese welstand te ervaar, moet die uitdagings wat in hierdie lewensdomeine bestaan, met hoopvolheid hanteer word. Herintegrasies en veranderinge word so aangebring. Hoop is 'n onlosmaaklike deel van hierdie proses, aangesien dit op verskeie vlakke 'n rol speel in die weerbaarheidsproses, naamlik emosioneel, kognitief, spiritueel en ten opsigte van gedrag. Ten einde uitdagings suksesvol te hanteer moet die adolessent gemotiveerd wees om doelwitte te stel en strategieë uit te werk om dit te bereik. Daar is bevind dat 'n adolessent met hoë hoop vertrouwe sal hê in sy/haar wêreld en sodoende 'n kongruente identiteit sal vorm.

### **7.2.6 Wat is die empiriese verband tussen hoop en psigologiese welstand van die adolessent?**

Dit is bevind dat al ses die voorspeller veranderlikes positief met psigologiese welstand korreleer. Dit beteken dus dat 'n hoë telling op die hoop- subskale 'n hoë mate van psigologiese welstand beteken.

Die verband tussen die voorspeller veranderlikes en die afsonderlike kriterium veranderlikes, naamlik: **fortaliteit**, **koherensiesin** en **lewenstevredenheid** is ook bekyk.

### 7.2.6.1 Fortaliteit

Die resultate toon dat die **stel** hoopkomponente 'n beduidende bydrae lewer tot die verklaring van die variansie in fortaliteit. Die bydrae is ook aanduidend van 'n groot effekgrootte.

Wat die afsonderlike komponente aan betref, blyk dit dat **uitgebreide gesin en betekenisvolle ander** die grootste variansie in **fortaliteit** verklaar, terwyl die komponente **sosiaal en hoop: werkbaan** ook 'n beduidende variansie verklaar. Hierdie drie komponente toon ook 'n groot effekgrootte. Die ander hoopvoorspellers het 'n klein effekgrootte getoon. Die sterk impak wat **familie en betekenisvolle ander** op die individu se hantering en evaluering van sy/haar wêreld het, word deur die teoretiese beskrywing van fortaliteit onderskryf. Die huidige bevindinge sluit dus aan by die teoretiese omskrywing van Pretorius (1997) se konstruksie **fortaliteit**.

### 7.2.6.2 Koherensiesin

Soos met fortaliteit, dra die **stel** hoopkomponente beduidend by tot die totale model en variansie van **koherensiesin**. Dit dra ook by tot 'n aanduiding van 'n groot effekgrootte. Die twee komponente **hoop: werkbaan** en **sosiaal** verklaar op hul eie 'n groot deel (meer as 20%) van die variansie, terwyl **loopbaankeuse, hoop: fasiliteringsbaan** en **uitgebreide gesin en betekenisvolle ander** ook 'n bydraende verklaring tot die variansie in **koherensiesin** bied. Die **stel** hoopkomponente is aanduidend van 'n groot effekgrootte, terwyl die komponente **sosiaal en hoop: werkbaan** 'n unieke bydrae gelewer het tot die effekgrootte. Hierdie tendense kan bevestig word deur beskrywings in die literatuur wat **koherensiesin** beskou as 'n kwaliteit van die individu se kognitiewe en affektiewe evaluering of persepsie en dat die uitdagings wat vanuit die omgewing ontvang word (sosiaal), hanteerbaar en betekenisvol sal wees (Antonovsky,

1979). Uit hierdie beskrywing kom 'n sterk sosiale interaksie, asook die kognitiewe evalueringsproses (fasilitering), na vore.

### 7.2.6.3 Lewenstevredenheid

Soos met die vorige twee komponente het die stel hoopkomponente 'n beduidende bydrae gelewer tot die verklaring van variansie in **lewenstevredenheid** van adolessente. Die komponente wat die hoogste bydrae gelewer het, is **hoop: werkbaan**, gevolg deur **uitgebreide gesin en betekenisvolle ander**. **Hoop: fasiliteringsbaan** en **ekonomie** het die laagste persentasie van die variansie verklaar. Die stel hoopkomponente, asook die unieke bydrae van **hoop: werkbaan**, het nie alleenlik 'n groot persentasie van die variansie verklaar nie, maar was ook aanduidend van 'n groot effekgrootte.

In die literatuur word **lewenstevredenheid** as die individu se subjektiewe ervaring en evaluering van hul lewens beskryf (Diener et al., 1985). Lewenstevredenheid behels dus 'n kognitiewe proses, wat deur innerlike standaarde bepaal word en nie deur eksterne aspekte nie. Daar sou verwag word dat **hoop: fasilitering** 'n hoër persentasie van die variansie van **lewenstevredenheid** sou verklaar, aangesien hierdie komponent 'n interne evalueringsproses impliseer. **Hoop: werkbaan** se verklaring kan egter verstaan word in die lig van die hele hoopteorie wat hoop as 'n gepredisponeerde, interne proses verklaar, met spesifieke verwysing na die feit dat die ervaring van hoë hoop die oorkoming van negatiewe eksterne omstandighede moontlik maak. Ten spyte van negatiewe eksterne lewensgebeure kan hoë hoop ervaar word, wat dan tot groter **lewenstevredenheid** sal lei. Die komponent, **uitgebreide gesin en betekenisvolle ander**, impliseer 'n interne evaluering van die rol wat ander in die individu se lewe speel en sal derhalwe tot 'n subjektiewe ervaring van lewenstevredenheid kan lei.



**7.2.7 Is daar enige verskille tussen verskillende geslagte en taalgroepe betreffende die vlak van psigologiese welstand en hoop?**

Die biografiese veranderlike, **geslag**, dra betekenisvol by tot die verklaring van variansie van **fortaliteit**, **lewenstevredenheid** en **koherensiesin**. Geslagsverskille word in die literatuur as 'n bydraer tot psigologiese welstand aangedui (Briscoe, 1982; Crose et al., 1992). **Taalgroeperinge** lewer nie 'n beduidende bydrae in die verklaring van die variansie van die drie **psigologiese welstandsfaktore** nie.

Die **werkbaankomponent** van hoop toon geslagsverskille, met seuns wat 'n hoër mate van aktiwiteit in hierdie rigting toon. **Taalgroepverskille** het getoon dat die Afrikaanssprekendes 'n hoër vlak van hoop in die **werkbaankomponent** ervaar, maar dat die Afrikataalsprekendes se **fasiliteringsbaankomponent** hoër is as die ander twee groepe s'n. Daar kan hieruit afgelei word dat politieke veranderinge 'n sterk konatiewe (**fasiliterings-**) aspek by die Afrikataalsprekendes laat ontwikkel het, maar dat die wyse om hoop te verhoog (**werkbaankomponent**) nog moet ontwikkel. Hierdie aspek sluit aan by die bevindinge aangaande **loopbaanontwikkeling**, wat ook aanduidend is van laer hoop by die Afrikataalsprekende. Loopbaanontwikkeling kan as 'n **werkbaankomponent** beskou word, wat aksie sal impliseer ten einde korrekte besluite en strategieë te neem om doelwitte ten opsigte van 'n beroep te kies. Soortgelyke bevindinge is deur Stead (1996) gerapporteer.

**Geslagsverskille** en **taalgroepverskille** is ook getoon vir al vier die komponente van die hoopvraelys, wat deur die navorser self opgestel is.

### 7.2.8 Wat is die bydrae van hierdie navorsing?

Hierdie navorsing het inligting na vore gebring wat kan help om die adolessent in Suid-Afrika beter te kan verstaan, betreffende sy/haar psigologiese welstand. Die spesifieke bydraes wat deur hierdie navorsing gelewer is, kan soos volg opgesom word:

- In die bestaande literatuur aangaande hoop blyk daar steeds 'n gaping te wees omtrent 'n spesifieke omskrywing van die konstruk en 'n plasing daarvan binne die sielkunde. Die huidige literatuurondersoek het bestaande teorieë gekombineer en 'n wye teoretiese beskrywing na vore gebring wat 'n hoopmodel laat ontwikkel het. Hoop is binne die sielkunde as 'n gemoedstoestand beskryf. Die kognitiewe proses wat deur Snyder et al. (1991a, b, 1994) ontwikkel is, is verder uitgebrei en as 'n deel van die hoopproses beskryf.
- Die kritiek wat in die literatuur teen hoop uitgespreek word, naamlik dat die konstruk te vaag is om empiries ondersoek te word, is in hierdie navorsing onder die loop geneem. Hoop is empiries ondersoek en sodoende is 'n wetenskaplike omskrywing van die konstruk moontlik gemaak.
- Die hoopvlak van die adolessent in Suid-Afrika is ondersoek. Hierdie proses is belangrik in terme van die adolessent se algemene ontwikkelingstadium, wat vroeër deur 'n proses van aanpassing met betrekking tot sosio-politieke veranderinge moes gaan, maar wat ook andersyds toekomsverwagtinge moet hanteer.
- Hierdie navorsing het ook 'n bydrae gelewer tot die verdere empiriese beligting van psigofortologie, wat as 'n wetenskap binne die sielkunde begrond word. Dit voldoen dus aan 'n behoefte wat deur Wissing (2000)

uitgespreek is om te help met die wetenskaplike beskrywing van psigofortologie.

- Psigologiese welstand van die adolessent in Suid-Afrika kan belangrike kommentaar lewer oor hul psigiese staat. Terapeutiese implikasies kom hieruit na vore, ten einde die psigologiese welstand en hoop van die adolessent uit te brei. In die navorsing is bewys dat verhoogde hoop ook verhoogde psigologiese welstand beteken.
- Die hoopmodel en hoopproses wat deur hierdie navorsing ontwikkel is, kan suksesvol in terapie gebruik word as 'n evalueringsproses, sowel as 'n proses om hoop uit te brei.
- Die omskrywing van psigologiese welstand is gestruktureer deur die onderskeiding van die strukturele modelle (Croze et al., 1992; Eberst, 1984; Witmer & Sweeney, 1992) as 'n struktuur van psigologiese welstand en die weerbaarheidsmodel (Kumpfer, 1999) as 'n dinamiese prosesmodel wat tot die uitbreiding van welstand lei.
- 'n Oop vraag wat die navorser aan die adolessente gestel het, het die geleentheid gebied om vas te stel wat dit is waarop hulle hoop plaas, sonder die beperkinge wat 'n gestruktureerde vraelys op respondente kan plaas. Aspekte waarop gehoop is, is **intrapersoonlike ontwikkeling, finansiële sukses, sosiale verhouding/intimiteit, akademiese prestasie en erkenning van 'n goddelikheid.**
- Die empiriese bevindinge het getoon dat die adolessent in die huidige navorsing steeds in 'n **fasiliteringsproses** is, wat impliseer dat die ontwikkeling van strategieë om doelwitte uit te voer nodig is.

- Die bevinding dat **hoop: werkbaan en uitgebreide gesin en betekenisvolle ander** telkens die beduidendste bydrae tot psigologiese welstand lewer, is belangrike inligting vir die verdere uitbouing van welstand van die adolessent.

### 7.3 Aanbevelings vir verdere navorsing

Uit die navorsing kan die volgende aanbevelings vir verdere navorsing op hierdie terrein gemaak word:

- 'n Empiriese ondersoek van die hoopmodel- en proses wat in hierdie navorsing ontwikkel is, kan gedoen word om die model wetenskaplik te fundeer.
- 'n Verdere uitbreiding van die navorsing aangaande die aard van hoop by verskillende ouderdomsgroepe sal kommentaar lewer op dit waarop individue binne verskillende ontwikkelingsstadia hul hoop plaas.
- Die tendens dat adolessente se fasilitering hoër is as hul werkbaan, impliseer dat strategieë nog uitgewerk moet word om doelwitte uit te brei. 'n Program kan derhalwe ontwikkel word om psigologiese welstand en hoop by adolessente te verhoog deur die ander komponente van hoop, byvoorbeeld hoop: werkbaan, uit te brei.
- 'n Kwalitatiewe studie sal waardevolle inligting lewer om die aard van hoop by die adolessent verder te ondersoek.
- 'n Longitudinale studie sal waardevolle inligting lewer aangaande die konsepte van ware en vals hoop.

**BRONNELYS**

- Aalsama, M.C. & Lapsley, D.K. (1999). Religiosity and adolescent narcissism: Implications for values counselling. *Counselling and Values, 44*(1), 17-30.
- Abramson, L.Y., Alloy, L.B. & Metalsky, G.I. (1989). Hopelessness depression: A theory-based subtype of depression. *Psychological Review, 96*(2), 358-372.
- Adkins, B. (2000). Half of all teen boys doomed. *Eastern Province Herald, 16* September, p. 5.
- Adler, A. (1927). *Understanding human nature*. (W.B. Wolfe, Trans.). London: George Allen & Unwin.
- Adler, A. (1938). *Social interest: A challenge to mankind*. (J. Linton, Trans.). London: Faber & Faber.
- AIDS: Cutting life short. (1999, July 16). *The Star, p. 14*.
- Allport, G.W. (1937). *Personality: A psychological interpretation*. New York: Henry Holt.
- Anderson, H. (1995). Collaborative language systems: Toward a Postmodern therapy. In R.H. Mikesell, D. Lusterman & S.H. McDaniel (Eds), *Integrating Family Therapy* (pp. 27-44). Washington: APA.
- Anderson, H. & Goolishian, H.A. (1988). Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family Process, 27*(4), 371-394.

- Anthony, E.J. (1987). Risk, vulnerability and resilience: An overview. In E.J. Anthony & B. Cohler (Eds), *The invulnerable child* (pp. 3-48). New York: The Guilford Press.
- Antonovsky, A. (1979). *Health, stress and coping*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Antonovsky, A. (1987). *Unravelling the mystery of health: How people manage stress and stay well*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Antonovsky, A. (1991). The structural sources of salutogenic strengths. In C.L. Cooper & R. Payne (Eds), *Personality and stress: Individual differences in the stress process* (pp. 67-104). New York: Wiley & Sons.
- Antonovsky, A. (1993). *Salutogenesis: The sense of coherence newsletter*, 7. Beer-Sheva: BenGurion University of the Negev.
- Asmal maak stem dik teen geweldenaars by skole. (1999, Augustus 13). *Die Burger*, p. 2.
- Atkinson, D., Mortem, G. & Sue, D. (1983). *Counselling American minorities*. Dubuque, IA: Wm. C. Brown.
- Averill, J.R., Catlin, G. & Chan, K.K. (1990). *Rules of hope*. New York: Springer-Verlag.
- Ayman-Nolly, S. & Taira, L.I. (2000). Obsession with the dark side of adolescence: A decade of psychological studies. *Journal of Youth Studies*, 3(1), 35-49.
- Bandura, A. (1977). Self-efficacy: Toward a unifying theory of behavioral change. *Psychological Review*, 84, 191-215.

- Bandura, A. (1982). Self-efficacy mechanism in human agency. *American Psychologist*, 37(2), 122-147.
- Bandura, A. (1989). Human agency in social cognitive theory. *American Psychologist*, 44(9), 1175-1184.
- Barnes, E.J. (1991). The Black community as the source of positive self-concept for Black children: A theoretical perspective. In R.L. Jones (Ed.), *Black Psychology* (3<sup>rd</sup> edition) (pp. 667-692). California: Cobb and Henry Publishers.
- Barnum, D.D., Snyder, C.R., Rapoff, M.A., Mani, M.M. & Thompson, R. (1998). Hope and social support in the psychological adjustment of children who have survived burn injuries and their matched controls. *Children's Health Care*, 27(1), 15-30.
- BarOn, R. (1997). *BarOn Emotional Quotient Inventory Technical Manual*, Toronto, Canada: Multi-Health Systems Inc.
- Bateson, G. (1971). The cybernetics of "self": A theory of alcoholism. *Psychiatry*, 34, 1-18.
- Bays, B. (1999). *The Journey*. London: Thorsons.
- Bee, H. (1995). *The developing child* (7<sup>th</sup> edition). New York: Harper Collins.
- Bempechat, J. & Abrahams, S. (1999). 'You can't oppress yourself': Negotiating the meaning of opportunity in post-apartheid South Africa. *Teachers College Record*, 10(100), 4, 841-860.

- Benigna, R. (Director & Producer). (1998). *Life is Beautiful* (Film). Italy: Miramax Int.
- Ben-Sira, Z. (1985). Potency: A stress-buffering link in the coping-stress-disease relationship. *Social Science and Medicine*, 21, 397-406.
- Beukes, R.B.I. (1994). *Die geestesgesondheid van swart hoërskoolleerlinge in die Oranje Vrystaat*. Ongepubliseerde doktorsale tesis, Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.
- Bhengu, C. (1999). More than 8000 juveniles in jail. *Sowetan*, 23 February, p. 6.
- Blau, G.M. & Gullotta, T.P. (1996). *Adolescent dysfunctional behaviour: Causes, interventions, and prevention*. London: Sage.
- Bodibe, R.C. (1993). What is the truth? Being more than just a jesting pilate in South African psychology. *South African Journal of Psychology*, 23(2), 210-223.
- Botha, A. (2000). Munisipaliteite in VS het programme om Vigs te bestry. *Die Volksblad*, 10 Oktober, p. 4.
- Bowman, B.J. (1996). Cross-cultural validation of Antonovsky's sense of coherence. *Journal of Clinical Psychology*, 52(5), 547-549.
- Breznitz, S. (1983). *The denial of stress*. New York: International Universities Press.
- Bingle, M.L. (1990). *Despair: Sickness or sin? Hopelessness and healing in the Christian life*. Nashville: Abingdon Press.



- Briscoe, M. (1982). Sex differences in psychological well-being. *Psychological Medicine, Monograph Supplementary*. Cambridge: University Press.
- Brits, E. (2001). Dwelms al gewilder by jong mense. *Die Burger*, 10 Mei, p. 2.
- Bronfenbrenner, U. & Crouter, A.C. (1983). The evolution of environmental models in developmental research. In P.H. Mussen (Ed.), *Handbook of child psychology* (4<sup>th</sup> edition). New York: Wiley.
- Buechler, S. (1995). Hope as inspiration in psychoanalysis. *Psychoanalytic Dialogues*, 5, 63-74
- Bulhan, H.A. (1985). *Frantz Fanon and the psychology of oppression*. New York: Plenum.
- Buriel, R., Calzada, S. & Vaquez, R. (1982). The relationship of traditional Mexican American culture to adjustment and delinquency among three generations of Mexican American male adolescents. *Hispanic Journal of Behavioural Sciences*, 1(4), 41-55.
- Burns, M.O. & Seligman, M.E.P. (1991). Explanatory style, helplessness, and depression. In C.R. Snyder & D.R. Forsyth (Eds), *Handbook of social and clinical psychology: The health perspective* (pp. 267-284). USA: Pergamon Press.
- Byrne, J.M. & Sampson, J.R. (1986). *The social ecology of crime*. London: Springer-Verlag.
- Carlyn, I. & Farris, K.B. (2000). Hoping to maintain a balance: The concept of hope and the discontinuation of anorexiants medications. *Qualitative Health Research*, 10(2), 174-185.

- Cervone, D. (2000). Thinking about self-efficacy. *Behavior Modification*, 24(1), 30-57.
- Chubb, N. & Fertman, C.I. (1997). Adolescent self-esteem and locus of control: A longitudinal study of gender differences. *Adolescence*, 32(125), 113-120.
- Cicchetti, D. & Rogosch, F. (1997). The role of self-organization in the promotion of resilience in maltreated children. *Development and Psychopathology*, 9, 797-815.
- Clouse, B. (1985). *Moral development: Perspectives in psychology and Christian belief*. Michigan: Baker Book House.
- Cohen, J. (1988). *Statistical power analysis for the behavioral sciences* (2<sup>nd</sup> ed.). Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Coles, R. (1989). Moral energy in the lives of impoverished children. In T. F. Dugan & R. Coles (Eds), *The child in our times: Studies in the development of resiliency* (pp. 45-55). New York: Brunner/Mazel.
- Concern over high youth suicide rate. (2000, November 4). *The Leader*, p. 5.
- Conradie, E.M. (2000). *Hope for the Earth: Visit on a new century*. University of the Western Cape.
- Cowen, E.L. (1986). Primary prevention in mental health: A decade of retrospect and a decade of prospect. In M. Kessler & S.E. Goldstein (Eds), *Decade of progress in primary prevention* (pp. 3-45). Hanover: University of New England.

- Cramer, P. (1998). Coping and defense mechanisms: What's the difference? *Journal of Personality*, 66(6), 919-946.
- Crawford, J., Turtle, A. & Kippax, S. (1990). 'Student-favoured strategies for AIDS avoidance'. *Australian Journal of Psychology*, 42, 123-137.
- Cruse, R., Nicholas, D.R., Gobble, D.C. & Frank, B. (1992). Gender and wellness: A multidimensional systems model for counselling. *Journal of Counselling and Development*, 71, 149-156.
- Curry, L.A., Ruby, B.C., Rehm, M., Snyder, C.R. & Cook, D.L. (1997). Role of hope in academic and sport achievement. *Journal of Personality and Social Psychology*, 73(6), 1257-1267.
- Das, A.K. (1998). Frankl and the realm of meaning. *Journal of Humanistic Counselling, Education & Development*, 36(4), 199-213.
- Deane, N. & Maphumulo, N. (2000). 'It will not happen to us'. *Mail & Guardian*, 17 September, p. 10.
- DeCarvalho, R.J. (1996). James F.T. Bugental: Portrait of a humanistic psychologist. *Journal of Humanistic Psychology*, 36(4), 42-58.
- De Lange, J. (2001). Sterftes onder jonges in Jhb skiet die hoogte in: DA vra opnuut om goedkoper vigs-medisyne. *Beeld*, 21 Februarie, p. 5.
- Demos, E.V. (1989). Resiliency in infancy. In T.F. Dugan & R. Coles (Eds), *The children in our times: Studies in the development of resiliency* (pp. 3-22). New York: Brunner/Mazel.

- De Vos, H.M. (1987). 'n Eksistensiële benadering tot persoonlikheid. In A.T. Möller (Red.), *Persoonlikheidsielkunde* (pp. 162-178). Durban: Butterworth.
- Dickson-Tetteh, K. & Ladha, S. (2000). Youth Health. In *South African Health Review 2000*. Chapter 20. Retrieved November 23, 2001 from the World Wide Web: <http://www.hst.org.za/sahr/2000/chapter20.html>
- Diener, E. (1984). Subjective well-being. *Psychological Bulletin*, 95(3), 542-575.
- Diener, E., Emmons, R., Larsen R.J. & Griffin, S. (1985). The Satisfaction with Life Scale. *Journal of Personality Assessment*, 49(1), 71-75.
- Diener, E. (2000). Subjective Well-Being: The science of happiness and a proposal for a national index. *American Psychologist*, 55(1), 34-44.
- Dunn, D. (1994). *Resilient reintegration of married women with dependent children: Employed and unemployed*. Doctoral dissertation, Department of Health Education, University of Utah, Salt Lake City, Utah.
- Du Preez, L. (1997). Tienerseks: Die 'in' ding op partytjies. *Beeld*, 14 Junie, p. 8.
- Durban rugby stadium manager warns 'boozing, sex-crazed' pupils. (2001, March 26). *The Star*, p. 10.
- Dwelmsterfte. (2001, Mei 17). *Die Burger*, p. 10.
- Eberst, R.M. (1984). Defining health: A multidimensional model. *Journal of School Health*, 54(3), 99-104.

- Efran, J. & Lukens, M.D. (1985). The world according to Humberto Maturana. *Networker*, 9(3), 23-30.
- Elliot, T.R., Witty, T.E., Herrick, S. & Hoffman, J.T. (1991). Negotiating reality after physical loss: Hope, depression and desirability. *Journal of Personality and Social Psychology*, 61, 608-612.
- Erikson, E. (1963). *Childhood and society*. Harmondsworth, UK: Penguin.
- Erikson, E. (1968). *Identity: Youth and crisis*. New York: Norton.
- Farber, M.L. (1968). *Theory of suicide*. New York: Funk & Wagnalls.
- Feldman, D.B. & Snyder, C.R. (in press). *Hope, goals and meaning in life: Shedding new light on an old problem*. University of Kansas, Kansas.
- Ferguson, M. (2000). High times for SA teens. *Mail & Guardian*, 25-31 August, p. 11.
- Figures show South Africa is a violent society. (2001, August 9). *Daily Dispatch*, p. 1.
- Finchilescu, G. & Dawes, A. (1998). Catapulted into democracy: South African adolescents' sociopolitical orientations following rapid social change. *Journal of Social Issues*, 54(3), 563-583.
- Flach, F.F. (1988). *Resilience: Discovering new strength at times of stress*. New York: Ballantine Books.

- Foster, J.J. & Parker, I. (1999). *Carrying out investigations in psychology: Methods and statistics*. Leicester: BPS Books.
- Frank, J. (1965). *The role of hope in psychotherapy*. Paper read at the Kentucky Centennial Psychotherapy Symposium and Workshop, University of Kentucky, April 5-7.
- Frankl, V. (1964). *Man's search for meaning: An introduction to logotherapy*. London: Hodder and Soughton.
- Fredrickson, B.L. (2001). The role of positive emotions in positive psychology. The broaden-and-build theory of positive emotions. *American Psychologist*, 65(3), 218-226.
- Freedman, J. & Combs, G. (1996). *Narrative therapy: The social construction of preferred realities*. New York: W.W. Norton & Company, Inc.
- Freitas, A.L. & Downey, G. (1998). Resilience: A dynamic perspective. *International Journal of Behavioural Development*, 22(2), 263-285.
- Freud, A. (1937). *The ego and the mechanisms of defense*. London: The Hogarth Press and the Institute of Psychoanalysis.
- Garmezy, N. (1974). Children at risk: The search of antecedents of schizophrenia, conceptual models and research methods. *Schizophrenia Bulletin*, 8, 14-90.
- Garmezy, N. & Masten, A.S. (1986). Stress, competence and resilience: Common frontiers for therapist and psychopathologist. *Behavior Therapy*, 57(2), 159-174.

- Garnezy, N. & Masten, A.S. (1991). The protective role of competence indicators in children at risk. In E.M. Cummings, A.L. Greene & K.H. Karraker (Eds), *Life-span developmental psychology: Perspectives on stress and coping* (pp. 151-174). Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum Associates.
- Garnezy, N. & Neuchterlein, K. (1972). In vulnerable children: The fact and fiction of competence and disadvantage. *American Journal of Orthopsychiatry*, 42, 328-329.
- Gecas, V. & Seff, M.A. (1990). Families and adolescents: A review of the 1980's. *Journal of Marriage & the Family*, 52(4), 941-959.
- Gilbert, A. (1989). Things fall apart? Psychological theory in the context of rapid social change. *South African Journal of Psychology*, 19(2), 91-100.
- Gnaulti, E. & Heine, B. (2001). Separation-individuation in late adolescents: An investigation of gender and ethnic differences. *Journal of Psychology*, 135(1), 59-72.
- Goals set for Grade 9 school leavers: Curriculum 2005 revised. (2001, July 31). *Daily Dispatch*, p. 3.
- Gordon, E.W. & Song, L.D. (1994). In M.C. Wang & E.W. Gordon (Eds), *Educational resilience in inner city America* (pp. 27-43). Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Gormly, A.V. & Brodzinsky, D.M. (1993). *Lifespan human development* (5<sup>th</sup> edition). New York: Harcourt Brace Jovanovich.

- Gottfredson, G.D. (1987). American education: American delinquency. *Today's Delinquent*, 28, 197-226.
- Gouws, L.A., Louw, D.A., Meyer, W.F. & Plug, C. (1979). *Psigologiese woordeboek*. Suid-Afrika: McGraw-Hill Boekmaatskappy.
- Gray, J. (1992). *Men are from Mars, women are from Venus*. London: Thorsons.
- Grotberg, E.H. (1997). *The International resilience research project*. Unpublished paper, Civitan International Research Centre.
- Gunning, E. (2001). Rasse in SA bly sku vir mekaar. *Rapport*, 2 September, p. 17
- Hall, G.S. (1904). *Adolescence: Vol.1*. New York: D. Appleton and Company.
- Harju, B.L. & Bolen, L.M. (1998). The effects of optimism on coping and perceived quality of life of students. *Journal of Social Behavior and Personality*, 13(2), 185-196.
- Harris, C.B. (1988). *Hope: Construct definition and the development of an individual difference scale*. Doctoral dissertation, University of Kansas, Lawrence.
- Hartley, W. (2001). Common law proposed to fight HIV crime. *Bussiness Day*, 12 June, p. 2.
- Haste, H. (1994). *The sexual metaphor*. Cambridge, MA: Harvard University Press.



- Hauser, S.T., Vieyra, M.A.B., Jacobson, A.M. & Wertlieb, D. (1989). Family aspects of vulnerability and resilience in adolescence: A theoretical perspective. In T.F. Dugan & R. Coles (Eds), *The child in our times: Studies in the development of resiliency* (pp. 109-133). New York: Brunner/Mazel.
- Heaven, P.C.L. (1994). *Contemporary adolescence: A social psychological approach*. Australia: Charles Stuart University.
- Heaven, P.C.L. (1996). *Adolescent health: The role of individual differences*. New York: Routledge.
- Hinton-Nelson, M.D., Roberts, M.C. & Snyder, C.R. (1996). Early adolescents exposed to violence: Hope and vulnerability to victimization. *American Journal of Orthopsychiatry*, 66(3), 346-353.
- HIV/AIDS and STD Directorate South African Data. (2001). Retrieved November 23, from the World Wide Web: <http://education.pwv.gov.za>
- Hoffman, L. (1985). Beyond power and control: Toward a "second order" family systems therapy. *Family System Medicine*, 3, 381-396.
- Hosken, G. (2000). Teen rave death highlights availability of drugs. *The Daily News*, 18 February, p. 2.
- Huysamen, G.K. (1993). *Metodologie vir die sosiale en gedragwetenskappe*. Halfweghuis: Southern.
- Irving, L.M., Snyder, C.R. & Crowson, J.J. (1998). Hope and coping with cancer by college women. *Journal of Personality* 66(2), 194-214.
- Jackson, N. (1998). Geweld kultuur stomp jonges af. *Beeld*, 7 November, p. 4.

- Jacobs, J. & Wolin, S. (1991). *Resilient children growing up in alcoholic families*. Paper presented at National Consensus Symposium on Children of Alcoholics and Co-Dependence.
- James, W. (2001). *Manifesto on values, education and democracy*. Retrieved November 25, from the World Wide Web: <http://education.pwv.gov.za>
- Jennrich, R.I. & Sampson, P.F. (1966). Rotation for simple loadings. *Psychometrika*, 31, 313-323.
- Jessor, R., Donovan, J. & Costa, F. (1991). *Beyond adolescence: Problem behaviour and young adult development*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Johns, L. (2001). Kids driven to suicide bids. *Cape Argus*, 22 March, p. 1.
- Jones, M.J. (1991). Racism: A cultural analysis of the problem. In R.L. Jones (Ed.), *Black psychology* (3<sup>rd</sup> edition) (pp. 609-665). California: Cobb and Henry Publishers.
- Jonker-Bryce, T. (2001). Survey shows school crime most common in Eastern Cape, Kwazulu-Natal. *Daily Dispatch*, 13 June, p. 3.
- Jordaan, W. (2001, Januarie 18). *Telefoniese onderhoud*. Emeritus Professor UNISA.
- Kagan, J. (1991). 'Etiologies of adolescents at risk'. *Journal of Adolescent Health*, 12, 591-596.
- Kaiser, H.F. (1958). The varimax criterion for analytic rotation in factor analysis. *Psychometrika*, 23, 187-200.

- Kandel, D. (1975). Stages in adolescent involvement in drug use. *Science*, 190, 912-914.
- Kandel, D. & Yamaguchi, K. (1993). From beer to crack: Developmental patterns of drug involvement. *American Journal of Public Health*, 83, 851-855.
- Kaplan, H.I. & Sadock, B.J. (1988). *Synopsis of psychiatry: Behavioural sciences clinical psychiatry* (5<sup>th</sup> edition). London: Williams & Wilkens.
- Kaufman, J. & Zigler, E. (1989). The intergenerational transmission of child abuse. In D. Cicchetti & V. Carlson (Eds), *Child Maltreatment: Theory and research on the causes and consequences of child abuse and neglect* (pp. 129-150). Cambridge: Cambridge University Press.
- Kemp, Y. (2000). Figures show rise in W Cape's juvenile crime. *Cape Argus*, 20 June, p. 5.
- Kobasa, S.C. (1979). Stressful life events, personality, and health: An inquiry into hardiness. *Journal of Personality and Social Psychology*, 37(1), 1-11.
- Kohlberg, L. (1975). A cognitive-developmental approach to moral education. *Phi Delta Kappan*, 56 (10), 610-640.
- Kohlberg, L. (1984). *The psychology of moral development*. San Francisco: Harper & Row.
- Kotzé, E. (1994). *The social construction of a family therapy programme*. Doctoral dissertation, Rand Afrikaans University, Johannesburg.

- Kritzinger, M. (2001). Teenage depression is on the global increase. *Pretoria News*, 27 January, p. 13
- Kruger, D. (1984). On the way to an existential-phenomenological psychotherapy. In D. Kruger (Ed.), *The changing reality of modern man* (pp. 233-249). Kaapstad: Welton.
- Kühne, I. (1999). Tienselfmoord in SA "kan nie meer geïgnoreer word". *Beeld*, 15 April, p.15.
- Kulan, H. (1996). Locus of control in adolescence: A longitudinal study. *Adolescence*, 31(123), 721-730.
- Kumpfer, K.L. (1999). Factors and processes contributing to resilience. In M.D. Glantz & J.L. Johnson (Eds), *Resilience and development: Positive life adaptations* (pp. 179-224). New York: Kluwer Academic/Plenum Publishers.
- Kwon, P. (2000). Hope and dysphoria: The moderating role of defense mechanisms. *Journal of Personality*, 68(2), 199-223.
- Lauer, J.C. & Lauer, R.H. (1999). *How to survive and thrive in an empty nest*. USA: New Harbinger Publications.
- Lazarus, R.L. & Folkman, S. (1984). *Stress, appraisal and coping*. Springer: New York.
- Lazarus, R.S. (1983). The costs and benefits of denial. In S. Breznitz (Ed.), *The denial of stress* (pp. 1-30). New York: International University Press.

- Lazarus, R.S. (1999). Hope: An emotion and a vital coping resource against despair. *Social Research*, 66(2), 653-679.
- Lechte, J. (1994). *Fifty key contemporary thinkers: From structuralism to postmodernity*. London: Routledge.
- Leone, C. & Burns, J. (2000). The measurement of locus of control: Assessing more than meets the eye? *Journal of Psychology Interdisciplinary & Applied*, 134(1), 63-77.
- Lerner, J.V. & Vicary, J.R. (1984). Difficult temperament and drug use: Analyses from the New York longitudinal study. *Journal of Drug Education*, 4, 1-8.
- Levenson, H. & Miller, J. (1976). Multidimensional locus of control in sociopolitical activists of conservative and liberal ideologies. *Journal of Personality and Social Psychology*, 33, 199-208.
- Lopez, S.J., Floyd, K., Ulven, J.C. & Snyder, C.R. (2000). Hope therapy: Helping clients build a house of hope. In C.R. Snyder, *Handbook of hope: Theory, measures & applications* (pp. 123-150). New York: Academic Press.
- Lorion, R.P. & Saltzman, W. (1993). Children's exposure to community violence: Following a path from concern to research action. *Psychiatry*, 56, 55-65.
- Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (1998). *Human development* (2<sup>nd</sup> edition). Pretoria: Kagiso Tertiary.
- Louw, S. (2000). Daar is hoop vir X'ers...die hoop van die evangelie. *Die Kerkbode*, 15 Desember, p. 5.

- Luthar, S. (1991). Vulnerability and resilience: A study of high-risk adolescents. *Child Development, 62*, 600-616.
- Luthar, S.S. & Zigler, E. (1991). Vulnerability and competence: A review of research on resilience in childhood. *American Journal of Orthopsychiatry, 61*, 6-22.
- Luthar, S.S. & Zigler, E. (1992). Intelligence and social competence among high-risk adolescents. *Development and Psychopathology, 4*, 287-299.
- Maas, F. (1998). *Research methods and statistics in occupational therapy*. Queensland: University of Queensland, Australia.
- Macleod, C. (1999). The 'causes' of teenage pregnancy. *South African Journal of Psychology, 29*(1), 8-9.
- Madison, G.G. (1990). *The hermeneutics of postmodernity*. Bloomington: Indiana University Press.
- Madsen, K.B. (1988). *A history in meta-scientific perspective*. Amsterdam: North Holland.
- Magaletta, P.R. & Oliver, J.M. (1999). The hope construct, will and ways: Their relations with self-efficacy, optimism, and general well-being. *Journal of Clinical Psychology, 55*(5), 539-551.
- Mandela, N. (1994). *National Youth Policy 2000*, National Youth Commission.
- Mandela, N. (1994). *Long Walk to freedom*. London: Little, Brown and Company.

- Marcia, J. (1966). Development and validation of ego-identity status. *Journal of Personality and Social Psychology*, 3, 551-558.
- Marcia, J. (1980). Identity in adolescence. In J. Adelson (Ed.), *Handbook of Adolescent Psychology* (pp. 159-187). New York: Wiley.
- Marden, M.O. & Rice, M.J. (1995). The use of hope as a coping mechanism in abused woman. *Journal of Holistic Nursing*, 13(1), 70-83.
- Marks, L.I. (1998). Deconstructing locus of control: Implications for practitioners. *Journal of Counselling & Development*, 76(3), 251-261.
- Marshall, G.N., Wortman, C.M., Kusulas, J.W., Hervig, L.K. & Vickers, R.R. (1992). Distinguishing optimism from pessimism: Relations to fundamental dimensions of mood and personality. *Journal of Personality and Social Psychology*, 62(6), 1067-1074.
- Maslow, A.H. (1954). *Motivation and personality*. New York: Harper & Row.
- Maslow, A.H. (1971). *The farther reaches of human nature*. New York: Penguin.
- Masten, A.S. (1994). Resilience in individual development: Successful adaptation despite risk and adversity. In M.C. Wang & E.W. Gordon (Eds), *Educational resilience in inner city America* (pp. 3-25). Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Masten, A.S. & Coatsworth, J.D. (1998). The development of competence in favorable and unfavorable environments. Lessons from research on successful children. *American Psychologist*, 53(2), 205-220.

- Masten, A.S., Garmezy, N., Tellegen, A., Pellegrini, D.S., Larkin, K. & Larsen, A. (1988). Competence and stress in school children: The moderating effects of individual and family qualities. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 29, 745-764.
- Matyu, J. (2001). Warning on AIDS for youth. *Eastern Province Herald*, 11 April, p. 11.
- Mayer, J.D., DiPalo, M. & Salovey, P. (1990). Perceiving affective content in ambiguous visual stimuli: A component of emotional intelligence. *Journal of Personality Assessment*, 54(3-4), 772-781.
- McGee, R.F. (1984). Hope: A factor influencing crisis resolution. *Advances in Nursing Science*, July, 34-44
- McGoldrick, M. (1993). Ethnicity, cultural diversity and normality. In F. Walsh, (Ed.), *Normal family processes* (2<sup>nd</sup> edition) (pp. 331-360). New York: The Guilford Press.
- McKenry, P., Everett, J., Ramseur, H. & Carter, C. (1989). Research on black adolescents: A legacy of cultural bias. *Journal of Adolescent Research*, 4(2), 254-264.
- Mdolomba, P. (2001). Maclean urges new approach to fighting AIDS. *Daily Dispatch*, 28 June, p. 1.
- Mdolomba, P. (2001). HIV blamed for budget woes. *Daily Dispatch*, 27 June, p. 3.



- Meichenbaum, D. & Turk, D. (1982). Stress, coping and disease: A cognitive-behavioral perspective. In R.W.J. Neufeld (Ed.), *Psychological stress and psychopathology* (pp. 289-305). New York: Mc Graw-Hill.
- Menninger, K. (1959). The academic lecture: Hope. *The American Journal of Psychiatry*. December.
- Meyer, W.F. & Van Ede, D.M. (1998). Theories of development. In D.A. Louw, D.M. Van Ede & A.E. Louw (Eds), *Human development* (2<sup>nd</sup> edition) (pp. 41-148). Pretoria: Kagiso Publishers.
- Meyer, J. & Ndiyane, E. (2001). Rise in child suicide cases. Poverty, peer pressure and AIDS cited. *Daily News*, 10 Augustus, p. 3.
- Moon, C. & Snyder, C.R. (2000). Hope and the journey with AIDS. In C.R. Snyder (Ed.), *Handbook of hope: Theory, measures & applications* (pp. 341-353). New York: Academic Press.
- Moore, S. & Rosenthal, D. (1993). *Adolescent sexuality*. London: Routledge.
- Munusamy, R. (2001). Shock figures prove SA as violent as ever. *Sunday Times*, 10 June, p. 2.
- Murphy, D.A., Wilson, C.M., Durako, S.J., Muenz, L.R. & Belzer, M. (2001). Antiretroviral medication adherence among the REACH HIV-infected adolescent cohort in the USA. *AIDS Care*, 13(1), 27-41.
- Murphy, L.B. & Moriarty, A.E. (1976). *Vulnerability, coping and growth: From infancy to adolescence*. New Haven, CT: Yale University Press.

- Mzimba, S. (2001). AIDS killing off learners: Big drop in Transkei school numbers. *Daily Dispatch*, 11 June, p. 1.
- Mzobe, S. (1999). Invincibility of youth: It-won't-happen-to-me-syndrome, our duty to expose the minefield of AIDS. *The Daily News*, 17 August, p. 12
- Neethling, M.L. (1995). *VIGS-Voorligting binne 'n multikulturele onderwysbestel*. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.
- Nell, M.D. (1992). *Die invloed van die kruiskulturele onderwyssituasie op lektore en studente verbonde aan 'n tegniese kollege*. Ongepubliseerde M.Ed.-skripsie, Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.
- Nettles, S.M. & Pleck, J.H. (1994). Risk, resilience, and development: The multiple ecologies of black adolescents in the United States. In R.J. Haggerty, L.R. Sherrod, N. Garmezy & M. Rutter (Eds), *Stress, risk, and resilience in children and adolescents: Processes, mechanisms, and interventions* (pp. 1147-1181). Cambridge: University Press.
- Nyanzi, S. Pool, R. & Kinsman, J. (2000). The negotiation of sexual relationships among school pupils in south-western Uganda. *AIDS care*, 13(1), p. 83-97.
- Odendal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booyen, C.M. (1984). *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*. Johannesburg: Perskor Uitgewers.
- Oelofse, L. (2001). More city children go for crime. *Pretoria News*, 11 June, p. 3.

- Oetting, E.R. & Beauvais, F. (1990). Orthogonal cultural identification theory: The cultural identification of minority adolescents. Colorado State University, Fort Collins, CO. In press: *International Journal of the Addictions*.
- Owen, I.R. (1994a). Introducing an existential-phenomenological approach: Basic phenomenological theory and research - Part I. *Counselling Psychology Quarterly*, 7(3), 261-274.
- Owen, I.R. (1994b). Introducing an existential-phenomenological approach - Part 2 - Theory. *Counselling Psychology Quarterly*, 7(4), 347-359.
- Pavot, W. & Diener, E. (1993). Review of the Satisfaction with Life Scale. *Psychological Assessment*, 5, 164-172.
- Peters, M. (2000). Defeat of AIDS in young hands: Monster waits for fresh lives. *Independent on Saturday*, 15 July, p. 5.
- Peterson, C.P. & Bossio, L.M. (1991). *Health and optimism*. New York: Free Press.
- Phinney, J.S. (1989). Stages of ethnic identity development in minority group adolescents. *Journal of Early Adolescents*, 9(12), 34-49.
- Piaget, J. (1972). *Biology and knowledge*. Chicago: University of Chicago Press.
- Pieter, M. (1999). 'Sameloop van faktore' laat tieners selfmoord pleeg. *Beeld*, 3 Maart, p. 3.
- Pipher, M. (1994). *Reviving Ophelia: Saving the selves of adolescent girls*. USA: First Ballantine Books.

- Platt, J.J., Belding, M.A. & Husband, S.D. (in press). Competency building in adolescents. In K. L. Kumpfer (Ed.), *Promoting AOD resiliency in high risk youth*. Submitted to Office of Substance Abuse Prevention, Rockville, MD.
- Pretorius, T.B. (1997). *Salutogenic resistance resources: The role of personal and environmental characteristics in stress-resistance*. Doctoral dissertation, University of the Orange Free State, Bloemfontein.
- Quatman, T. & Watson, C.M. (2001). Gender differences in adolescent self-esteem: An exploration of domains. *Journal of Genetic Psychology*, 162(1), 93-118.
- Quinton, D., Pickles, A., Maughan, B. & Rutter, M. (1993). Partners, peers, and pathway: Assortative pairing and continuities in conduct disorder. *Development and Psychopathology*, 4, 763-783.
- Raasch, S. (2001). 'Planning needed to curb AIDS'. *Daily Dispatch*, 31 July, p. 5.
- Roberts, J. (1999). Alarming increase in teenage suicides. *The Sunday Independent*, 11 April, p. 7.
- Roe, A. (1953). A psychological study of eminent psychologists and anthropologists and a comparison with biological and physical scientists. *Psychological Monographs: General and Applied*, 67(2), 1-55.
- Rogers, C.R. (1947). *Counselling and psychotherapy: Newer concepts in practice*. Boston, MA: Houghton Mifflin.

- Rogers, C.R. (1951). *Client-centered therapy: Its current practice, implications, and theory*. Boston, MA: Houghton Mifflin Co.
- Rogers, C.R. (1961). *On becoming a person: A therapist's view of psychotherapy*. Boston, MA: Houghton Mifflin Co.
- Rotter, J.B. (1954). *Social learning and clinical psychology*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- Rotter, J.B. (1966). Generalized expectancies for internal versus external control of reinforcement. *Psychological Monographs: General and Applied*, 80(1).
- Rutter, M. (1987). Psychosocial resilience and protective mechanisms. *American Journal of Orthopsychiatry*, 57,316-331.
- Rutter, M. (1995). Psychological adversity: Risk, resilience and recovery. *Southern African Journal of Child and Adolescent Psychiatry*, 7(2), 75-88.
- SA 'hopeful' about future: Survey finds more racial harmony than expected. (2001, June 12). *Daily Dispatch*, p. 1.
- Sage, T. (2001). Drug-laced tattoos. *Citizen*, 12 July, p. 6.
- Salovey, P. & Mayer, J.D. (1990). Emotional intelligence. *Imagination-Cognition-and-Personality*, 9(3), 185-211.
- Sarrel, L. & Sarrel, P. (1981). 'Sexual unfolding'. *Journal of Adolescent Health Care*, 2, 93-99.

- SAS Institute. (1985). *SAS user's guide: Statistics version (5<sup>th</sup> edition)*. Cary: Author.
- Schepers, J.M. (1990). *Faktorontleding*. Johannesburg: RAU-Drukpers.
- Scheier, M.F. & Carver, C.S. (1992). Effects of optimism on psychological and physical well-being: Theoretical overview and empirical update. *Cognitive Therapy and Research*, 16(2), 201-228.
- Schissel, B. (1993). Coping with adversity: Testing the origins of resiliency in mental health. *The International Journal of Social Psychiatry*, 39(1), 34-46.
- Schwartz, J.M., Jacobson, A.M., Hauser, S.T. & Dornbush, B.B. (1989). Explorations of vulnerability and resilience: Case studies of diabetic adolescents and their families. In T.F. Dugan & R. Coles (Eds), *The child in our times: Studies in the development of resiliency* (pp. 134-156). New York: Brunner/Mazel.
- Shechter, A.S. (1999). The psychodynamics of a clinician's hope: A delicate balance. *Clinical Social Work Journal*, 27(4), 371-382.
- Selfmoord onder tieners wek wêreldwyd al meer kommer. (1999, Maart 8). *Die Burger*, p. 5.
- Seligman, M. (1975). *Helplessness: On depression, development and death*. San Fransisco: Freeman.
- Seligman, M.E.P. & Csikszentmihalyi, M. (2000). Positive psychology: An introduction. *American Psychologist*, 55(1), 5-14.

- Sluzki, C.E. & Ransom, D.C. (1976). *Double bind: The foundation of the communicational approach to the family*. New York: Grune & Stratton.
- Smith, C. & Carlson, B.E. (1997). Stress, coping, and resilience in children and youth. *Social Service Review*, 71(2), 231-256.
- Smith, L. (1954). *The Journey*. New York: Norton.
- Smith, M.B. (1983). Hope and despair: Keys to the socio-psychodynamics of youth. *American Orthopsychiatric Association*, 53(3), 388-399.
- Smith, T.B. & Stones, C.R. (1999). Identities and racial attitudes of South African and American adolescents: A cross-cultural examination. *South African Journal of Psychology*, 29(1), 23-30.
- Snyder, C.R. (1995). Conceptualizing, measuring, and nurturing hope. *Journal of Counselling & Development*, 73, 355-359
- Snyder, C.R. (1998). A case for hope in pain, loss and suffering. In J.H. Harvey, J. Omarzu & E. Miller (Eds), *Perspectives on loss: A sourcebook* (pp. 63-79). Washington, DC: Taylor & Francis, Ltd.
- Snyder, C.R. (2000, September 16). *Re: Research Hope*. (e-pos aan I. Pienaar) (Online), Beskikbare e-pos: [janida@iafrica.com](mailto:janida@iafrica.com)
- Snyder, C.R. (in press). Hostility and hope in combat-related post traumatic stress disorder: A look at combat as compared to today. *Cognitive Therapy & Research*.

- Snyder, C.R., Cheavens, J. & Sympson, S.C. (1997). Hope: An individual motive for social commerce. *Group Dynamics: Theory, Research and Practice*, 1(2), 107-118.
- Snyder, C.R. & Forsyth, D.R. (1991b). *Handbook of clinical and social psychology: The health perspective*. USA: Pergamon Press.
- Snyder, C.R., Harris, C., Anderson, J.R., Holleran, S.A., Irvin, L.M., Sigmon, S.T., Yoshinobu, L., Gibb, J., Langelle, C. & Henry, P. (1991a). The will and the ways: Development and validation of an individual-differences measure of hope. *American Psychological Association*, 60(4), 570-585.
- Sobering facts in sex survey of SA young. (2001). *Sunday Tribune*, 1 April, p. 8.
- Spencer, L. & Dornbush, S. (1990). Challenges in studying minority youth. In S. Feldman & G. Elliot (Eds), *At the threshold: The developing adolescent*, (pp. 123-146). Cambridge, M: Harvard University Press.
- Spiegelberg, H. (1970). Phenomenology. *Encyclopedia Britannica*, 17(14), 810-812.
- Spivak, G.C. (1976). Translator's preface. In *Derrida, of grammatology*. Baltimore: The John Hopkins University Press.
- SPSS Incorporated. (1983). *SPSS user's guide*. New York: Author.
- Stead, G.B. (1996). Career development of black South African adolescents: A developmental-contextual perspective. *Journal of Counselling and Development*, 74(3), 270-276.



- Steinberg, M., Kinghorn, A., Söderlund, N., Schierhout, G. & Conway, S. (2000). *HIV/AIDS – facts and figures*. Chapter 15. Retrieved November 23, 2001 from the World Wide Web: <http://www.hst.org.sa/sahr/2000/chapter15.html>
- Sternberg, R.J. (1997). *In search of the human mind*. New York: Harcourt Brace College Publishers.
- Stevens, G. & Lockhat, R. (1997). "Coca-Cola Kids" – Reflections on black adolescent identity development in post-apartheid South-Africa. *South African Journal of Psychology*, 27(4), 250-256.
- Steyn, H.S. (1999). *Praktiese beduidendheid: Die gebruik van effekgroottes*. Potchefstroom: Publikasiebeheer Komitee, PU vir CHO.
- Stotland, E. (1969). *The psychology of hope*. San Fransisco: Josey Bass.
- Strümpfer, D.J.W. (1990). Salutogenesis: A new paradigm. *South African Journal of Psychology*, 20(4), 265-276.
- Strümpfer, D.J.W. (1995). The origins of health and strength: From 'salutogenesis' to 'fortigenesis'. *South-African Journal of Psychology*, 25(2), 81-89.
- Strümpfer, D.J.W. (2000). *Psychofortology: Review of a new paradigm marching on*. Unpublished manuscript, Department of Human Resources Management, Rand Afrikaans University, Johannesburg.
- Stuart, B. (1999). Shocking figures of crimes on children. *The Citizen*, 29 September, p. 3.

- Summerlin, J.R. (1997). Self-actualization and hope. *Journal of Social Behavior and Personality*, 12(4), 1101-1110.
- The lowdown on an Ecstasy high. (2001, April 17). *Cape Argus*, p. 10.
- The war on drugs. (2001, May 16). *Cape Times*, p. 8.
- Thoits, P.A. (1994). Stressors and problem-solving: The individual as psychological activist. *Journal of Health and Social Behaviour*, 35, 143-159.
- Thom, D.P., Louw, A.E. Van Ede, D.M. & Ferns, I. (1998). Adolescence. In D.A. Louw, D.M. Van Ede & A.E. Louw (Eds), *Human development* (2<sup>nd</sup> edition). Pretoria: Kagiso Publishers.
- Thoresen, C.E. & Eagleston, J.R. (1985). Counselling for health. *The Counselling Psychologist*, 13, 15-87.
- Thorson, J.A. & Powell, F.C. (1993). Relationship of death anxiety and sense of humor. *Psychological Reports*, 72,1364-1366.
- Tiet, Q.Q., Bird, H.R., Davies, M., Hoven, C., Cohen, P., Jensen, P.S. & Goodman, S. (1998). Adverse life events and resilience. *Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry*, 37(11), 1191-1200.
- Tillich, P. (1965). The right to hope. *University of Chicago Magazine*. 58, 16-22.
- Toovey, S. (2001). Beware of rape drug. *Sowetan Sunday World*, 21 January, p. 10.

- Udelman, D.L. & Udelman, H.D. (1985). A preliminary report on anti-depressant therapy and its effects on hope and immunity. *Social Science Medicine*, 20, 1069-1072.
- Van der Voort, D.J. & Luis, P.K. (1997). Some correlates of health locus of control among multicultural individuals. *Current Psychology*, 16(2), 167-179.
- Van der Walt, H.S. (1980). Die wetenskaplike gebruik van inligting by voorligting en keuring vir vakleerlingopleiding. *Humanitas*, 6(2), 85-96.
- Van der Westhuizen, G.J., Monteith, J.L. & Steyn, H.S. (1989). Relative contribution of different sets of variables to the prediction of the academic achievement of black students. *South African Journal of Education*, 9(4), 769-773.
- Van Eeden, C. (1996). *Psigologiese welstand en koherensiesin*. Ongepubliseerde proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Potchefstroom.
- Venter, A. (2000). *Developmental paediatrics within the South African context*. Inaugural lecture.
- Venter, L. (2001). Sex, drug shock at teenage club. *Citizen*, 5 March, p. 1.
- Von Foerster, H. (1984). On constructing a reality. In P. Watzlawick (Ed.), *The invented reality* (pp. 41-61). New York: Norton.
- Vygotsky, L.S. (1962). *Thought and Language*. (Trans. E. Haufmann and G. Vakar). Cambridge, MA: MIT Press.

- Vygotsky, L.S. (1978). *Mind in society*. In M. Cole, V. John-Steiner, S. Scribner & E. Souberman, (Eds). Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Walker, H.J. (1999). *Clarifying the affective component of psychological wellbeing*. Masters thesis, University of Potchefstroom, Potchefstroom.
- Wandersman, A. & Nation, M. (1998). Urban neighborhoods and mental health: Psychological contributions to understanding toxicity, resilience and interventions. *American Psychologist*, 53(6), 647-656.
- Warby, V. (2000). Juvenile criminals becoming more vicious. *Pretoria News*, 19 July, p. 11.
- Warby, V. (2000). Watch out: These teens are frightening. *The Star*, 17 July, p. 11.
- Waterman, A. (1985). Identity in the context of adolescent psychology . In A. Waterman (Ed.), *Identity in adolescence: Process and contents* (pp. 5-24). San Francisco: Jossey-Bass.
- Weisz, J.R., Rothbaum, E.M. & Blackburn, T.C. (1984). Standing out and standing in: The psychology of control in America and Japan. *American Psychologist*, 39, 955-969.
- Wenzel, S.L. (1993). Gender, ethnic group and homelessness as predictors of locus of control among job training participants. *Journal of Social Psychology*, 133, 495-505.
- Werner, E.E. (1985). Stress and protective factors in children's lives. In A.R. Nicol (Ed.), *Longitudinal studies in child psychology and psychiatry* (pp. 335-355). New York: John Wiley and Sons.

- Werner, E.E. (1986). Resilient offspring of alcoholics: A longitudinal study from birth to age 18. *Journal of Studies on Alcohol*, 47, 34-40.
- Werner, E.E. & Smith, R.S. (1982). *Vulnerable but invincible: A longitudinal study of resilient children and youth*. New York: McGraw-Hill.
- White, J.L. (1991). Toward a black psychology. In L. Jones (Ed.), *Black psychology* (pp. 5-14). California: Cobb and Henry Publishers.
- White, J.L., Moffit, T.E. & Silva, P.A. (1989). A prospective replication of the protective effects of IQ in subjects at high risk for juvenile delinquency. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 57, 719-724.
- White, M. & Epston, D. (1990). *Narrative means to therapeutic ends*. London: Norton & Company.
- Wiggett, D. (2001). Kids active in sex. *The Citizen*, 24 August, p. 2.
- Williams, P.G., Wiebe, D.J. & Smith, T.W. (1991). The issue of sex bias in DSM-III: A critique of "A woman's view of DSM-III". *American Psychologist*, 799-803.
- Wissing, M.P. (2000). *Wellness: Construct clarification and a framework for future research and practice*. Paper delivered at the First South African National Wellness Conference in Port Elizabeth, 2-5 May 2000.
- Wissing, M.P. (2001). *Lesing oor psigologiese welstand aangebied aan Universiteit van Bloemfontein, Junie*.

- Wissing, M.P. & Van Eeden, C. (1998). Psychological well-being: A fortogenic conceptualization and empirical clarification. In L. Schlebusch (Ed.), *South Africa beyond transition: Psychological well-being* (pp. 379-393). Proceedings of the 3rd Annual Congress of the Psychological Society of South Africa. PsySSA: Pretoria.
- Witmer, J.M & Sweeney, T.J. (1992). A holistic model for wellness and prevention over the life span. *Journal of Counselling and Development*, 71, 140-148.
- Wolin, S.I. (1991). *Paper presented at the Protecting Vulnerable Children Project, Children of Alcoholics Foundation, Inc.* Princeton University, Princeton, New Jersey, November.
- Wolin, S.J. & Wolin, S. (1993). *Bound and determined: Growing up resilient in a troubled family*. New York: Villard Press.
- Wolin, S. & Wolin, S. J. (1996). Beating the odds. *Learning*, 25(1), 66-68.
- Wong, P.T.P. & Sproule, C.E. (1984). An attributional analysis of the locus of control construct and the Trent Attribution Profile. In H.M. Lefcourt (Ed.), *Research with the locus of control construct* (pp. 309-369). New York: Academic Press.
- Woods, P. (1990). Humor. In R.M. Thomas (Ed.), *The encyclopedia of human development and education theory, research, and studies* (pp. 304- 308). New York: Pergamon Press.

Zika, S. & Chamberlain, K. (1992). On the relation between meaning in life and psychological well-being. *British Journal of Psychology*, 83(1), 133-146.

## BYLAAG A

Aanwysings: Lees elke item deeglik. Besluit hoe jy oor elke stelling voel en omkring die nommer op die skaal wat jou respons aandui.

1=Definitief Vals

2=Meestal Vals

3=Onseker

4=Grotendeels Waar

5=Definitief Waar

1.	Ek is seker daarvan dat ek goeie punte sal behaal in die volgende eksamen	1	2	3	4	5
2.	Ek sal goed in 'n buitemuurse aktiwiteit presteer	1	2	3	4	5
3.	Ek is seker daarvan dat ek matrikulasievystelling sal kry	1	2	3	4	5
4.	Ek kan aan baie maniere dink om my studies na skool voort te sit	1	2	3	4	5
5.	Ek sal 'n leiersposisie kan beklee	1	2	3	4	5
6.	Ek sal eendag 'n hoë posisie in my werk beklee	1	2	3	4	5
7.	Ek het gewoonlik suksesvolle verhoudinge	1	2	3	4	5
8.	Dit is maklik om by ander gewild te wees	1	2	3	4	5
9.	Dit is maklik om baie vriende te maak	1	2	3	4	5
10.	Dit is vir my belangrik om met die onderwysers oor die weg te kom	1	2	3	4	5
11.	Dit is vir my maklik om 'n goeie verhouding met my ouer(s) te hê	1	2	3	4	5
12.	Ek kan 'n goeie verhouding met my broer(s) en/of suster(s) hê	1	2	3	4	5
13.	Ek wil graag hê dat my vriende suksesvol moet wees na skool	1	2	3	4	5
14.	Ek kan aan 'n aantal maniere dink om ryk te word	1	2	3	4	5
15.	Ek weet ek sal eendag in 'n situasie wees waar ek alles kan koop wat ek begeer	1	2	3	4	5
16.	Ek vind altyd maniere om my persoonlike probleme suksesvol op te los om gelukkig te wees	1	2	3	4	5